

**FRANCOIS BLOEMHOF SE *SLINGER-SLINGER*: 'N LESERKUNDIGE
EVALUERING MET VERWYSING NA AFRIKAANSLESENDE TIENERS**

Magrita Nicolene Wiggill

B.Bibl. (UNISA)

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister
Bibliothecologiae in Inligtingstudies aan die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Me. U. Eiselen

Mede-studieleier: Prof. G.F. de J. de Wet

2001

POTCHEFSTROOM

BEDANKINGS

Ek wil graag my opregte dank teenoor die volgende persone uitspreek:

My studieleier, **Uca Eiselen**: vir u ongelooflike kennis van, insig in, en entoesiasme oor u vakgebied; vir u bekwame studieleiding; en vir geduld en vriendskap - dankie, my liewe dosent.

My mede-studieleier, **Professor Gideon de Wet**: dankie vir u hulp met die empiriese studie en dat u die verwerking van statistiek vir my só lékker gemaak het.

Professor Johnna Kruger: dankie vir u waardevolle hulp en raad met veral die vraelys - ek het sóveel by u geleer. Baie dankie ook vir u aanmoediging.

Professor Faans Steyn en **Doktor Lienki Viljoen** van die Statistiese Konsultasiediens: dankie vir u hulp en raad met die opstel van die vraelys en die verwerking van die statistiek.

Die **skoolhoofde en onderwyseresse** van die hoërskole wat aan die studie deelgeneem het: baie dankie vir u samewerking.

Al die **tieners** wat aan die studie deelgeneem het: baie dankie vir jul wonderlike entoesiasme en samewerking - daarsonder sou die studie nie kon slaag nie.

Mnr. Tom Larney, Direkteur Biblioteekdienste: dankie vir die studiegeleentheid en aanmoediging.

My **kollegas**: Ria, Erika, Gerda, Christine, Elize en Louise, baie dankie vir jul belangstelling en aanmoediging - ek sou die studie nie sonder jul ondersteuning kon voltooi nie.

My **ouers, skoonouers, familie en vriende**: dankie vir jul voortdurende aanmoediging, belangstelling en voorbidding.

My wonderlike man, **Tobie**: baie, baie dankie vir jou aanmoediging, geduld en liefde - sonder jou kán ek nie.

En bowenal, my dank aan God - Soli Deo Gloria!

***Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.
Fil. 4:13***

IN LIEFDE OPGEDRA AAN MY WONDERLIKE MAN, TOBIE

ABSTRACT

HOOFSTUK 1

Inleiding, probleem- en doelstellings

1. Inleiding	1-3
1.2 Probleemstelling	4
1.3 Doelstellings	4-5
1.4 Sentrale teoretiese stellings	5
1.5 Terreinafbakening	5-6
1.6 Navorsingsmetode	6
1.6.1 Literatuurstudie	6
1.6.2 Empiriese studie	6
1.6.2.1 Teksevaluering	6-7
1.6.2.2 Vraelys	7
1.6.2.3 Ondersoekgroep	7
1.6.3 Verwerking en interpretasie van die data	7
1.7 Begripsomskrywings	7
1.7.1 Die tiener	7-8
1.7.2 Tienerfiksie	8-9
1.8 Navorsingsplan	9-10

HOOFSTUK 2

Navorsingsmetodologie

2.1 Inleiding	11
2.1.1 Navorsingsontwerp	11
2.1.1.1 Inleiding	11
2.1.1.2 Navorsingsvrae in hierdie studie	11-12
2.1.1.3 Doelstellings	12
2.1.1.4 Sentrale teoretiese stellings	12
2.2 Navorsingsmetodes	13
2.2.1 Kwantitatiewe navorsing	13-14
2.2.2 Kwalitatiewe navorsing	14-15
2.2.3 Keuse van navorsingsmetode vir hierdie studie	15
2.3 Metode van ondersoek	16

2.3.1 Literatuurstudie	16-17
2.3.2 Empiriese studie	17
2.3.2.1 Fases van die empiriese studie	17-18
2.3.2.2 Ontledingseenhede	18
2.3.2.2.1 Francois Bloemhof se <i>Slinger-Slinger</i>	18
2.3.2.2.2 Lesers	18
2.3.3 Geldigheid en betroubaarheid van instrumente	19-20
2.4 Teksevaluering	20
2.5 Vraelys	20
2.5.1 Tydsbepaling van studie	21
2.5.2 Die navorsingskonteks	21-22
2.5.3 Verloop van die empiriese navorsing met betrekking tot die vraelys	23
2.5.3.1 Dekbrief	23
2.5.3.2 Onderzoekgroep	24-25
2.5.3.3 Struktuur van die vraelys	25-26
2.5.3.4 Data-analise van die vraelyste	27
2.5.3.4.1 Demografiese inligting	27
2.5.3.4.2 Metodes van data-analise	27
2.6 Gevolgtrekking	28

HOOFSTUK 3

Tieners se ontwikkelingstake en leesbehoefes

3.1 Inleiding	29-31
3.2 Wie is die tiener?	31-32
3.2.1 Havighurst se ontwikkelingstake vir tieners in aansluiting by tienerfiksie	32
3.2.1.1 Bereiking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met vriende van dieselfde ouderdom van beide geslagte	33
3.2.1.2 Aanvaarding van 'n manlike of vroulike sosiale rol	33-34
3.2.1.3 Aanvaarding van die fisiese voorkoms en die effektiewe gebruik van die liggaam	34-35
3.2.1.4 Emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes	35
3.2.1.5 Voorbereiding vir die huwelik en gesin	35-36
3.2.1.6 Strewe na ekonomiese selfstandigheid	36
3.2.1.7 Verwerping van persoonlike waardes, etiek en ideologieë	36-37
3.2.1.8 Die begeerte tot, en bereiking van sosiaal verantwoordelike gedrag	37
3.2.1.9 Samevatting	37-38
3.3 Wat is die tiener se behoefte? (Hatt, 1976:21)	38-42
3.3.1 Moontlike bydrae van fiksie tot die ontwikkeling van tieners	42-43

3.3.2	Samevatting	43-44
3.4	Realisme in tienerfiksie	44
3.4.1	Ontstaan van realisme in tienerfiksie	44-46
3.4.2	Die probleemverhaal	46-47
3.4.3	Realisme in hedendaagse tienerfiksie	47-49
3.4.4	Seksualiteit in realistiese tienerfiksie	49-50
3.4.5	Samevatting	50
3.5	Gevolgtrekking	51-52

HOOFSTUK 4

'n Leserkundige evalueringsmodel vir tienerfiksie met 'n seksuele tema

4.1	Inleiding	53
4.2	Identifisering van elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie	53-54
4.2.1	Elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie	54
4.2.1.1	Intrige	54-56
4.2.1.2	Tema	56-57
4.2.1.3	Karakterisering	57-59
4.2.1.4	Vertelinstansie en perspektief	59-60
4.2.1.5	Agtergrond (ruimte en tyd)	61-62
4.2.1.6	Taalgebruik en skryfstyl	63-64
4.2.1.7	Samevatting	64-65
4.3	Vereistes gestel aan die hantering van die seksuele tema in tienerfiksie	65
4.3.1	Weergee van korrekte feite	65-66
4.3.2	Beskrywing van gevoel en emosies	66
4.3.3	Beskrywing van seksuele gedrag	66-67
4.3.4	Onbevooroordeeldheid	67-68
4.3.5	'n Wye leesspyskaart	68
4.3.6	Realisme	68-69
4.4	Gevolgtrekking	69

HOOFSTUK 5

Leserkundige ontleding en evaluering van Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*

5.1	Inleiding	70-71
5.2	Leserkundige evaluering van Francois Bloemhof se <i>Slinger-slinger</i>	71
5.2.1	Intrige	71-72
5.2.1.1	Stephan en Derek se vriendskap	73-74

5.2.1.2 Die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa	74-78
5.2.1.3 Die fietswedren	78
5.2.1.4 Ander subintriges	79
5.2.1.5 Samevatting	80
5.2.2 Tema	80-82
5.2.3 Karakterisering	82
5.2.3.1 Stephan du Toit	82-84
5.2.3.2 Lisa Stassen	84-86
5.2.3.3 Derek Britz	86
5.2.3.4 Newekarakters	87
5.2.3.4.1 Ouers	87-90
5.2.3.4.2 Die ander tienervriende	90-91
5.2.4 Vertelinstantie en perspektief	91-92
5.2.5 Agtergrond	92-93
5.2.6 Taalgebruik en skryfstyl	93-94
5.2.7 Weergee van korrekte feite	95
5.2.8 Beskrywing van gevoel en emosies	95
5.2.8.1 Stephan se gevoelens rondom die seksdaad	95-97
5.2.8.2 Stephan en Lisa se gevoelens rondom Lisa se seksuele misbruik	97-100
5.2.8.3 Derek se gevoelens en emosies rondom sy homoseksualiteit	100-101
5.2.8.4 Stephan se gevoelens en emosies rondom Clive Robertson en Nolene Britz se egbreuk	101-102
5.2.9 Beskrywing van seksuele gedrag	102-103
5.2.10 Onbevooroordeeldheid	103-104
5.2.11 'n Wye leesspyskaart	104-105
5.2.12 Realisme	105
5.3 Gevolgtrekking	105-106
5.4 Ander menings oor <i>Slinger-slinger</i>	106
5.4.1 Kommentaar oor die temas	106-109
5.4.1.1 Samevatting	109
5.4.2 Kommentaar oor karakterisering	110-111
5.4.2.1 Samevatting	111
5.4.3 Kommentaar oor die taalgebruik	111-112
5.4.3.1 Samevatting	112
5.5 Gevolgtrekking	113

HOOFSTUK 6

Tienerlesers se persepsies van *Slinger-slinger*

6.1 Inleiding	114
6.2 Analise van die vraelys	114-115
6.2.1 <u>Navorsingsvraag 1:</u> In watter mate slaag <i>Slinger-slinger</i> wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?	115-116
6.2.1.1 Tema	116-120
6.2.1.2 Karakterisering	120-121
6.2.1.3 Taalgebruik en skryfstyl	121-122
6.2.1.4 Samevatting	122-123
6.2.2 <u>Navorsingsvraag 2:</u> In watter mate slaag <i>Slinger-slinger</i> as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?	123
6.2.2.1 Beskrywing van gevoel en emosies	124-125
6.2.2.2 Beskrywing van seksuele gedrag	125-126
6.2.2.3 Onbevooroordeeldheid	126-127
6.2.2.4 Realisme	128
6.2.2.5 Hantering van Lisa se seksuele molestering	128-130
6.2.2.6 Derek se homoseksualiteit	130-131
6.2.2.7 Samevatting	131-132
6.2.3 <u>Navorsingsvraag 3:</u> Beskou tienerlesers <i>Slinger-slinger</i> as geslaagde tienerfiksie?	132-134
6.2.3.1 Samevatting	134-135
6.2.4 <u>Navorsingsvraag 4:</u> Wat is die implikasies van die studie vir die evaluering van <i>Slinger-slinger</i> en van tienerfiksie in die algemeen?	135
6.2.4.1 Tieners se leesvoorkeure	136-137
6.2.4.1.1 Implikasies van die resultate oor leesvoorkeure	137-138
6.2.4.2 Tieners se leesbelangstellings	138-141
6.2.4.2.1 Implikasies van die resultate oor leesbelangstellings	141
6.2.4.3 Weerbaarheidseffek van <i>Slinger-slinger</i>	142-144
6.2.4.3.1 Implikasies van die resultate ten opsigte van die weerbaarheidseffek van tienerfiksie	144-145
6.2.4.4 Leesbehoefte rakende seksualiteit en realistiese tienerfiksie	145-147
6.2.4.4.1 Implikasies van die resultate oor leesbehoefte rakende seksualiteit en realistiese tienerfiksie	147-148
6.2.4.5 Samevatting	148-149
6.3 Gevolgtrekking	149-152

HOOFSTUK 7

Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings

7.1 Inleiding	153
7.2 Samevatting	153-158
7.2.1 Ander bevindinge uit die studie	158-159
7.3 Gevolgtrekking	159-160
7.4 Aanbevelings	160-161
7.5 Verdere navorsing	161-162
7.6 Slotgedagte	162-163

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Tydsbepaling van studie: vraelyste	21
Tabel 2: Respondentverspreiding in skole	22
Tabel 3: Aanduiding van die interessantste temas in <i>Slinger-slinger</i> , volgens ouderdom van respondente	117
Tabel 4: Aanduiding van die interessantste temas in <i>Slinger-slinger</i> , volgens geslag van respondente	118
Tabel 5: Aanduiding van die interessantste temas in <i>Slinger-slinger</i> , volgens bevolkingsgroep	118
Tabel 6: Realistiese karakterisering	121
Tabel 7: Verband tussen kru en realistiese taalgebruik	122
Tabel 8: Behoeftes aan meer uitvoerige omskrywings van gevoelens en emosies, volgens geslag	124
Tabel 9: Tieners se ervaring van die openlike beskrywings van seks, volgens geslag	126
Tabel 10: Begrip vir die redes vir Lisa se losbandigheid	129
Tabel 11: Gemotiveerdheid van Derek se homoseksualiteit, volgens geslag	130
Tabel 12: Geslaagdheid van Francois Bloemhof se <i>Slinger-slinger</i>	133
Tabel 13: Tieners se leesvoorkeure, volgens geslag en bevolkingsgroep	136
Tabel 14: Tieners se <u>leesbelangstellings</u> , volgens ouderdomsgroepe	139
Tabel 15: Tieners se <u>leesbelangstellings</u> , volgens geslag	140
Tabel 16: Tieners se leesbehoefte ten opsigte van die seksuele, volgens geslag	146

BYLAES

Bylae A: Dekbrief aan skoolhoofde (Afrikaans)

Bylae B: Dekbrief aan skoolhoofde (Engels)

Bylae C: Toestemmingsbrief (Afrikaans)

Bylae D: Toestemmingsbrief (Engels)

Bylae E: Vraelys

BIBLIOGRAFIE

ABSTRACT

Francois Bloemhof's *Slinger-slinger*: a reader study with reference to Afrikaansreading teenagers.

Keywords:

TEENAGERS/YOUTH/YOUNG ADULTS/ADOLESCENTS
LITERATURE/FICTION
READING PREFERENCES
READING NEEDS
SEX

SEXUAL ABUSE
PROMISCUITY
HOMOSEXUALITY
DRUG AND ALCOHOL ABUSE

Research problem

In 1996 Francois Bloemhof's teenage fiction, *Slinger-slinger*, was a prizewinner in the beginners' category of the Sanlam competition for fiction for youth. The book was acclaimed because of the open manner in which the author wrote about sensitive themes such as hetero- and homosexuality, promiscuity, divorce, incest, tense family relationships, and drug and alcohol abuse. The main theme of *Slinger-slinger* is teenage sexual aspects, such as the sexual awakening and identity of teenagers.

In 1998 a sensation was caused in the media as upset parents, teachers and other adults protested against the inclusion of *Slinger-slinger* in the ATKV's Children's Book Award, category 13-15 years of age. Two conflicting opinions about *Slinger-slinger* could be distinguished: one group was of the opinion that the sexual theme and strong language were not suited for teenage fiction, while the other group was of the opinion that teenagers needed to read about realistic themes to prepare them for the real world. No comments were published about the opinions of the supposed readers, namely teenagers.

Steenberg (1988:168-172), Van der Westhuizen (1989:5-7) and Van Zyl (1990:17) wrote that teenagers read to fulfil their needs. Teenagers' reading needs are directly connected to their emotional, cognitive and physical developmental stages.

The aim of the study

The aim of this study is firstly to evaluate *Slinger-slinger* according to the elements of the reader study model to determine whether it addresses the reading needs and interests of teenage readers; and secondly to ascertain whether teenagers liked *Slinger-slinger*.

Research procedures and methodology

A study of the literature was done in order to determine the reading needs and developmental tasks of teenagers, and the role that teenage fiction can play in their development to adulthood. Together with this background study, an evaluation model, containing story elements viewed from a reader study perspective, as well as criteria for the evaluation of the handling of sexual aspects in teenage fiction, was developed to determine whether *Slinger-slinger* is successful teenage fiction.

In the empirical study the above-mentioned evaluation model for teenage fiction were applied to *Slinger-slinger*. In the second part of the empirical study a questionnaire was compiled to obtain the opinions of teenage readers about the success of *Slinger-slinger* as a whole, as well as the success of the handling of the sexual aspects. The questionnaire also served to obtain information about the reading needs of teenage readers in regard to realistic teenage fiction and teenage fiction with a sexual theme.

Conclusion

It is concluded that Francois Bloemhof's *Slinger-slinger* succeeds as realistic teenage fiction because it answers to the reading needs of teenage readers. Bloemhof succeeded in his handling of the sexual aspects in *Slinger-slinger* and in doing so fulfils teenager's reading and information needs, and thus assists them on their way to maturity.

The questionnaire ascertained that the teenage readers who participated in the study were of the opinion that *Slinger-slinger* is a successful and interesting teenage book, and that they would like to read more realistic Afrikaans teenage fiction such as *Slinger-slinger*.

Furthermore, it is concluded that parents, teachers, librarians, authors, and publishers should know teenager's needs and interests in order to provide them with well-written fiction. The study determined that Afrikaans reading teenagers have an expressed need for realistic teenage fiction, and that they will read it if it fulfils their reading needs and interests.

HOOFSTUK 1

Inleiding, probleem- en doelstellings
--

2. Inleiding

Francois Bloemhof se tienerverhaal, *Slinger-slinger* (1997), was in 1996 'n pryswenner in die beginnerkategorie van Sanlam se wedstryd vir jeuglektuur. Temas wat in hierdie tienerverhaal aangebied word, is hetero- en homoseksualiteit, promiskuiteit, egskeiding, bloedskande, gespanne gesinsverhoudings en drank- en dwelmmisbruik. Die klem val op die seksuele ontwaking en identiteit van tieners. Die openlikheid waarmee die skrywer bogenoemde temas behandel het, het groot lof van literêre kritici ingeoes en dit het die tienerboek 'n voorloper in Afrikaanse realistiese tienerfiksie gemaak (Müller, 1997:5).

In 1998 het *Slinger-slinger* ongekende opspraak verwek nadat dit vir die ATKV se Kinderboektoekenning vir die kategorie 13-15 jaar ingeskryf is. Na geweldige teenkanting van veral ouers, is die boek van die ATKV se leeslys onttrek. Verskeie artikels en lesersbriewe het in tydskrifte en dagblaaie verskyn oor die geskiktheid van die boek vir tieners. Twee menings kon onderskei word: een groep was van mening dat die temas, en die kras, grafiese taalgebruik, nie by tienerfiksie hoort nie; terwyl die ander groep van mening was dat tieners juis fiksie nodig het waarin hierdie temas waarmee hulle daaglik gekonfronteer word, voorkom, sodat hulle daarop voorbereid kan wees. Leserkundiges, ouers, onderwysers en ander volwassenes se standpunte oor *Slinger-slinger* was volop in die literatuur, maar byna geen kommentaar is egter van tieners, wat die veronderstelde lesers van die boek is, ontvang nie.

Hedendaagse tieners word meer as voorheen blootgestel aan sosiale probleme soos seksuele promiskuiteit, alternatiewe lewenstyle en -norme, drank- en dwelmmisbruik, egskeiding, en molestering. Omdat tieners besig is om te midde van al hierdie veranderlikes na volwassenheid te ontwikkel, hul eie identiteit te vind en uit te bou, het hulle inligting nodig om hierdie proses te verstaan en as gebalanseerde volwassenes daaruit te ontwikkel (Schmidt-Dumont, 1994:10). Hierdie inligting kan uit 'n verskeidenheid bronne verkry word, onder andere ouers, skole, die portuurgroep, boeke, eksperimentering, tydskrifte, films en ander media en dit is in

hierdie opsig dat tienerfiksie 'n rol te speel het (Eiselen, 1993:45-47; Farrell, 1997:51; Fenwick, 1994:6-9).

Steenberg (1988:168-172), Van der Westhuizen (1989:5-7) en Van Zyl (1990:17) noem dat tieners lees om in hul behoeftes te voorsien. Volgens genoemde Suid-Afrikaanse skrywers het tieners die volgende behoeftes: die behoefte aan kennis van die self en eie identiteit, waardesisteme en lewensfilosofieë; die oorgang van adolessensie na volwassenheid; die behoefte aan kennis van en begrip vir ander mense en sosiale verhoudings; en 'n behoefte aan ontvlugting, fantasie en ontspanning. Genoemde skrywers, asook buitelandse skrywers soos Nilsen en Donelson (1993), het kriteria vir die evaluering van tienerfiksie uit tieners se leesbehoefte en -belangstellings saamgestel.

Dit is uit bogenoemde duidelik dat tieners se leesmotivering spruit uit hul belangstellings en behoeftes. Dit is om hierdie rede dat tieners verkies om realistiese verhale te lees waarin karakters en situasies voorkom waarmee hulle hulself kan vereenselwig en waaruit hulle moontlike lewenswaarhede kan leer. Dit is egter ook nodig dat dit voldoen aan die elemente waarvolgens tienerfiksie evalueer word (Nilsen & Donelson, 1993:58-94; Eiselen, 1993:37-41).

Die realistiese probleemverhaal wat gedurende die sestigjare in Noord-Amerika ontstaan het, het oral vinnig veld gewen, omdat dit direk tot tieners en hul probleme gespreek het (Nilsen & Donelson, 1993:104). Die realistiese probleemverhaal het ook 'n rol te speel rakende seksualiteit, aangesien daar by tieners 'n behoefte is aan inligting omtrent hul ontwakende seksualiteit, wat met hul liggame gebeur, hoe die seksdaad verloop, en hoe om hul seksualiteit en die gepaardgaande emosies en vrese te hanteer (Eiselen, 1993:34-35).

Wanneer tienerfiksie die seksuele as hooftema het, is dit nodig dat hierdie tema met groot omsigtigheid hanteer word om aan die tiener se lees- en inligtingsbehoefte insake seksualiteit te voldoen. Eiselen (1993:48-51) het kriteria saamgestel waaraan tienerfiksie moet voldoen indien tienerseksualiteit die hooftema is. Sy beveel aan dat korrekte feite weergegee word, gevoel en emosies asook seksuele gedrag beskryf word, seksuele vraagstukke onbevooroordeeld vanuit 'n wye verskeidenheid standpunte aangebied word en dat die verhale realisties moet wees. Hierdie kriteria is in pas met neigings wêreldwyd waarin tienerseksualiteit in tienerfiksie openlik en in al sy kompleksiteit beskryf word (Bjorn et al., 1994:16-19; Ehriander, 1999:17-21;

Hendrickson, 1994:20-24; Schmidt-Dumont, 1994:10-15; Vold, 1999:22-27). In Suid-Afrika het realistiese Afrikaanse tienerfiksie wat tieners se probleme onomwonde aanspreek eers onlangs die lig gesien. Maretha Maartens se *'n Pot vol winter* was in 1989 waarskynlik die eerste tienerboek waarin tienerseksualiteit aangeraak is deur die seksdaad grafies te beskryf, en nie net te suggereer nie. *Slinger-slinger* neem hierdie aspek heelwat verder deur beskrywings en besprekings deur die karakters.

Navorsing het bewys dat tieners wat aan seksopvoeding blootgestel is, deelname aan seksuele aktiwiteit uitstel (Farrell, 1997:51). Die funksie van tienerfiksie in hierdie opsig is dat die gevare verbonde aan onoordeelkundige seksuele aktiwiteite uitgelig kan word, en dat tienerlesers kan leer hoe om situasies wat tot seksuele aktiwiteit aanleiding kan gee, te identifiseer en na behore te hanteer. Nog 'n belangrike funksie van realistiese tienerfiksie is dat dit aan ouers die geleentheid bied om lewenskwessies met hul tienerkinders te bespreek en hulle so van die nodige leiding te voorsien (Farrell, 1997:51).

In hierdie lig gesien, is dit nodig dat daar voortdurende ontwikkeling op die gebied van realistiese tienerfiksie is, ook in Afrikaans. In 'n land soos Suid-Afrika waar tienerswangerskappe, losbandigheid, molestering, drank- en dwelmmisbruik 'n groot omvang toon (Ferguson, 2000:11 ; Govender, 1999:5 ; Jensen, 2001:10 ; Mokoena, 1999:24 ; Mufweba, 2000:4 ; Ridyard, 1999:24 ; Stucky, 1999:1 ; Woodgate, 2000:18), het tieners realistiese en betroubare inligting nodig wat hulle kan help om op volhoubare wyse verantwoordelike en ingeligte keuses uit te oefen, probleme op te los en traumahantering te vergemaklik. In hierdie opsig kan tienerfiksie, soos *Slinger-slinger*, 'n onmisbare rol speel om tieners op die volwasse lewe voor te berei.

2.2 Probleemstelling

Die fokus van hierdie studie is om te bepaal of Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* geslaagde tienerfiksie is, en wat tienerlesers se mening oor *Slinger-slinger* is. Om hierdie probleem aan te spreek, gaan *Slinger-slinger* eerstens leserkundig beoordeel word, en tweedens gaan die menings van tienerlesers oor die geslaagtheid van *Slinger-slinger* deur middel van 'n vraelys ingewin word.

Uit die voorafgaande kan die volgende vrae nou gestel word:

1. In watter mate slaag *Slinger-slinger* wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?
2. In watter mate slaag *Slinger-slinger* as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?
3. Beskou tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie?
4. Wat is die implikasies van die studie vir die evaluering van *Slinger-slinger* en van tienerfiksie in die algemeen?

Die subvrae, *In watter mate voldoen Slinger-slinger aan tieners se algemene leesbehoefte?* en *In watter mate voldoen Slinger-slinger aan tieners se lees- en inligtingsbehoefte insake seksualiteit?*, wat ook uit die probleemstelling ontstaan, word in die eerste drie vrae ondervang deurdat leserkundige kenmerke van tienerfiksie in die algemeen en tienerfiksie wat seksualiteit as tema het, tieners se algemene en spesifieke lees- en inligtingsbehoefte in ag neem, en omdat tienerlesers se beskouing van tienerfiksie impliseer dat dit aan hul behoeftes voldoen of nie voldoen nie. Om hierdie rede word slegs bogenoemde navorsingsvrae gestel.

1.3 Doelstellings

Hierdie studie beoog:

1. Om 'n leserkundige evaluering en ontleding van *Slinger-slinger* aan die hand van kriteria vir tienerliteratuur te doen.
2. Om te bepaal in watter mate die hantering van tienerseksualiteit in Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* aansluit by die voorgestelde kriteria vir 'n suksesvolle tienerboek met seksualiteit as hooftema in Afrikaans.
3. Om te bepaal of tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie beskou.

4. Om die implikasies van hierdie leserkundige evaluering vir *Slinger-slinger* en ander soortgelyke tienerfiksie uit te spel.

1.4 Sentrale teoretiese stellings

- *Slinger-slinger* slaag omdat dit aan die kriteria vir die evaluering van tienerfiksie voldoen.
- *Slinger-slinger* slaag omdat dit aan die kriteria vir die evaluering vir die hantering van seksualiteit in tienerfiksie, voldoen.
- *Slinger-slinger* word deur tienerlesers as geslaagd beskou.
- Die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* kan bydra tot 'n beter begrip van die opbouende waarde van *Slinger-slinger* en ander soortgelyke tienerfiksie.

1.5 Terreinafbakening

Aangesien *Slinger-slinger* as realistiese tienerfiksie beskou word, gaan die aard van realistiese tienerfiksie met die verband tussen tieners se ontwikkelingsbehoefte, hul leesbelangstellings en die kenmerke van goeie realistiese tienerfiksie as agtergrond ondersoek word. In die lig hiervan gaan die teks van Francois Bloemhof se tienerboek, *Slinger-slinger*, evalueer word om die intrinsieke leserkundige waarde en geslaagdheid daarvan te bepaal.

Tweedens gaan *Slinger-slinger* aan geselekteerde Afrikaanslesende tieners in Potchefstroom gegee word om te lees, waarna hulle 'n vraelys gaan voltooi om te bepaal of hulle van die boek gehou het en wat hul leesbehoefte ten opsigte van realistiese tienerfiksie sowel as tienerfiksie met seksualiteit as tema is.

Volgens Francois Bloemhof het hy *Slinger-slinger* vir tienerlesers tussen sestien en agtien jaar (Truter, 1999:27), of vir lesers in graad 11 en 12 (Louw, 1998:137) geskryf, terwyl die ATKV dit vir die Kinderboektoekenning, kategorie 13-15 jaar ingeskryf het. Leserkundiges beveel aan dat die ouderdom van moontlike lesers bepaal word deur die ouderdom van die hoofkarakter(s), aangesien tieners graag wil lees oor karakters wat ouer as hulle is (Charbonneau, 1995:par. 10). In die geval van *Slinger-Slinger* is die hoofkarakter 17-18 jaar oud. Tieners is dus in hierdie studie persone tussen die ouderdom van 13 tot 18 jaar (graad 8-12), en die vraelys gaan aan tieners uit hierdie ouderdomsgroep voorgelê word.

1.6 Navorsingsmetode

1.8.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie word onderneem:

- Om die huidige nasionale en internasionale standpunte oor tienerlesers se leesbehoefte en die wyse waarop realistiese tienerfiksie aan hierdie behoeftes voldoen, te bepaal.
- Om die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie te identifiseer en 'n leserkundige evalueringsmodel vir tienerfiksie daarvolgens te ontwerp.
- Om te bepaal wat die huidige neigings wêreldwyd is rakende die tieners se behoefte aan tienerfiksie met seksualiteit as tema, en die evalueringskriteria waaraan voldoen moet word indien tienerseksualiteit die hooftema van tienerfiksie is.

1.8.2 Empiriese studie

1.8.2.1 Teksevaluering

Die teks van *Slinger-slinger* word leserkundig geëvalueer:

- Om te bepaal in watter mate die temas in Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* aansluit by die algemene leesbehoefte van tienerlesers, en of dit die bereiking van tieners se ontwikkelingstake stimuleer.
- Om te bepaal of *Slinger-slinger* slaag as tienerfiksie wanneer dit beoordeel word volgens die evalueringskriteria gestel vir tienerfiksie.
- Om te bepaal of *Slinger-slinger* slaag as tienerfiksie wanneer dit beoordeel word volgens die evalueringskriteria gestel vir die hantering van seksualiteit in tienerfiksie.

1.8.2.2 Vraelys

Om vas te stel in welke mate *Slinger-slinger* voldoen aan die leesbehoefte van Afrikaanslesende tieners tussen 13 en 18 jaar (graad 8-12), en om te bepaal wat dié tieners se standpunte en ervaring is met betrekking tot die geslaagdheid van *Slinger-slinger*, word van 'n vraelys as data-insamelingstegniek gebruik gemaak. Die vraelys

gaan deur die navorser, in samewerking met die Statistiese Konsultasiediens en ander kenners, saamgestel word.

1.8.2.3 Onderzoekgroep

Die onderzoekgroep by wie die empiriese gegewens vasgestel word, word saamgestel uit 'n gerieflikheidsteekproef van 100 van Afrikaanslesende seuns en dogters tussen die ouderdomme 13 en 18 jaar (graad 8-12) uit 6 hoërskole in Potchefstroom. Die respondente sal per skool op 'n gegewe tydstip as groep versoek word om *Slinger-slinger* te lees binne bestek van 'n week, waarna die vraelys dan ingevul moet word.

1.8.3 Verwerking en interpretasie van die data

Die resultate wat met die empiriese ondersoek verkry word, word deur middel van beskrywende statistiese tegnieke en interpretasies aangebied.

1.9 Begripsomskrywings

1.9.1 Die tiener

Dit is uit die literatuur duidelik dat hierdie ontwikkelingsfase van die mens moeilik vasstelbare grense het. Daar is verskillende beskouinge oor die duur van adolessensie, maar verskeie skrywers is dit eens dat adolessensie 'n aanvang neem met puberteit wanneer geslagsrypheid by seuns en dogters bereik word. Die aanvangsouderdome van puberteit verskil by seuns en dogters en volgens Rice (soos aangehaal deur Postma, 1988:55) begin puberteit by seuns teen die ouderdom van ongeveer 11,5-13 jaar en by dogters teen 10-11 jaar. Die bereiking van volwassenheid word as die beëindiging van adolessensie beskou, maar die vasstelling van 'n ouderdomsgrens vir die verwerwing van volwassenheid is baie moeilik (Monteith, 1988:16-17), aangesien dit aan die bemeestering van ontwikkelingstake gekoppel word en dit by elke individu verskil (Eiselen, 1993:4).

Skrywers op die gebied van tienerlektuur poog om binne bepaalde grense 'n ouderdom aan tienerlesers te koppel: Le Roux (1986:24) is van mening dat die aanvangstydperk van die tienerjare tussen 11 en 13 lê, en die einde daarvan tussen 17 en 21 jaar; Fourie (1998:16) is van mening dat adolessensie die tydperk tussen puberteit en 18 tot 20 jaar is; Van der Westhuizen (1989:5-6) onderskei tussen

vroeë-adolescente (twaalf tot vyftien jaar) en laat-adolescente (ouer as vyftien jaar); Carlsen (1967:25-29) beskou 11-18 jariges as tienerlesers terwyl Nilsen en Donelson (1993:6) tienerlesers as persone tussen die ouderdom van twaalf en twintig jaar beskou. Die ouderdom van tieners vir die doel van hierdie studie is reeds bepaal op 13 tot 18 (graad 8-12) jaar.

Die begrip "tiener" word in hierdie studie gebruik om verwarring wat ander begrippe kan meebring, uit te skakel. Die leserkundige, Ghesquiere (1982:10-11), gebruik die term "jeugdige", maar vir enigeen tussen die ouderdom van 8 tot 22 jaar. "Adolescent" word meestal in die sielkunde gebruik; terwyl Amerikaanse leserkundiges die term "jong volwassene" verkies (Nilsen & Donelson, 1993:5-6). Eiselen (1993:4) noem dat "jong volwassene" in die Suid-Afrikaanse konteks egter as 'n ouer adolescent of jongmens wat reeds die skool verlaat het, beskou word, en dat "tiener" in die Suid-Afrikaanse leserkundige konteks verkieslik is.

Vir die doel van die studie word "tiener" en "tienerleser" dus verkies, maar "adolescent" word wel gebruik waar dit om die psigologiese ontwikkelingsstake handel en waar spesifieke skrywers dit as kategoriserende begrip gebruik.

1.9.2 Tienerfiksie

Tienerfiksie is volgens Visser (1995:8) gemik op jeugdige lesers met ouderdomme wat wissel tussen twaalf en negentien jaar. Die verhaal is nie te ingewikkeld nie, die sentrale karakters is meestal tieners en die verhaal moet handel oor onderwerpe waarby die moderne jeug aanklank vind. Van Zyl (1990:9) onderskei tussen jeugletterkunde wat literêr gestruktureerd is en wat lesers tussen die ouderdomme van ongeveer 11 tot ongeveer 15 jaar as teikengroep het; en letterkunde vir jong volwassenes wat literêr gestruktureerd is en wat lesers tussen die ouderdomme van ongeveer 16 tot ongeveer 21 jaar as teikengroep het.

Carlsen (1967:45) en Van der Westhuizen (1989:7) is van mening dat tienerlektuur werke is wat geskryf is met die tienerleser in gedagte. Wiehahn (1991:10, 12) wys egter daarop dat die term "*tienerlektuur*" 'n minderwaardige konnotasie het, en daarom verkies sy die term "*tienerliteratuur*" wat dui op fiksie wat uit die belewenisveld van die jong mens geskryf is. Laasgenoemde definisie word as definisie vir tienerfiksie in hierdie studie aanvaar.

In hierdie studie sluit tienerfiksie alle verhalende literatuur in, maar vakliteratuur uit. Die begrip "tienerboek" word soms as sinoniem vir "tienerfiksie" gebruik.

1.10 Navorsingsplan

Na die uiteensetting van die doelstellings en sentrale teoretiese stellings van die studie in Hoofstuk 1, volg Hoofstuk 2 waarin die navorsingsmetodologie van hierdie studie ten opsigte van die literatuurstudie asook die empiriese studie in besonderhede bespreek word.

In Hoofstuk 3 word Havighurst se ontwikkelingstake wat tieners moet voltooi ten einde volwassenheid te bereik in verband gebring met tieners se leesbehoeftes. Die rol wat realistiese tienerfiksie speel in die voorsiening van tieners se behoefte aan inligting oor seksualiteit word ook in Hoofstuk 3 bespreek.

In Hoofstuk 4 word die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie geïdentifiseer, en die addisionele kriteria vir die evaluering van die hantering van die seksuele tema in tienerfiksie bespreek.

Francois Bloemhof se tienerboek *Slinger-slinger* gaan in Hoofstuk 5 aan die hand van die kriteria wat in Hoofstuk 4 identifiseer is, geëvalueer word. Voorts gaan die hantering van seksualiteit as tema in *Slinger-slinger* beoordeel word volgens die gestelde kriteria soos dit in Hoofstuk 4 bespreek is. Daar word ook 'n kort vergelyking getref tussen die menings van volwassenes oor *Slinger-slinger* soos dit in die pers verskyn het, en die bevindinge van die leserkundige evaluering deur die navorser. Sodoende word die verskillende standpunte van ouers, onderwysers en ander volwassenes oor *Slinger-slinger* teenoor dié van leserkundiges toegelig.

Om te bepaal of tienerlesers *Slinger-slinger* in geheel, sowel as die hantering van die seksuele tema daarvan, as geslaagd beskou, word 'n steekproef gemaak waarna die gekose tieners *Slinger-slinger* lees en 'n vraelys daaromtrent voltooi. In Hoofstuk 6 word die vraelys en die bevindings daarvan geanaliseer en bespreek.

Hoofstuk 7 bevat die samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings wat uit die bevindinge van die studie volg.

HOOFSTUK 2

Navorsingsmetodologie

2.1 Inleiding

In hierdie afdeling kom die ontwerp, beplanning en verloop van die studie onder die loep. Die doel van hierdie hoofstuk is om die navorser in staat te stel om die studie planmatig te benader, te voltooi en te rapporteer. Die navorsingsontwerp en -metodes; literatuur- en empiriese studie as metodes van ondersoek; en die empiriese metodes van teksevaluering en die vraelys word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

2.1.1 Navorsingsontwerp

2.1.1.1 Inleiding

In 'n studie word die navorsingsprobleme, doelstellings en sentrale teoretiese stellings gestel sodat die verloop van die studie daarvolgens gerig word. Die hoofprobleem van hierdie studie is om te bepaal of Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* geslaagde tienerfiksie is. Om dit te bepaal, gaan *Slinger-slinger* eerstens leserkundig beoordeel word, en tweedens gaan die menings van tienerlesers oor die geslaagtheid van *Slinger-slinger* ingewin word. Hierdie hoofprobleem gee aanleiding tot die volgende navorsingsvrae, doelstellings en sentrale teoretiese stellings:

2.1.1.2 Navorsingsvrae in hierdie studie:

1. In watter mate slaag *Slinger-slinger* wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?
2. In watter mate slaag *Slinger-slinger* as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?
3. Beskou tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie?
4. Wat is die implikasies van die studie vir die evaluering van *Slinger-slinger* en van tienerfiksie in die algemeen?

Die subvrae, *In watter mate voldoen Slinger-slinger aan tieners se algemene leesbehoefte?* en *In watter mate voldoen Slinger-slinger aan tieners se lees- en inligtingsbehoefte insake seksualiteit?*, wat ook uit die probleemstelling ontstaan, word in die eerste drie vrae ondervang deurdat leserkundige kenmerke van tienerfiksie in die algemeen en tienerfiksie wat seksualiteit as tema het, tieners se algemene en spesifieke lees- en inligtingsbehoefte in ag neem, en omdat tienerlesers se beskouing van tienerfiksie impliseer dat dit aan hul behoeftes voldoen of nie voldoen nie. Om hierdie rede word slegs bogenoemde navorsingsvrae gestel.

2.1.1.3 Doelstellings

Hierdie studie beoog:

Om 'n leserkundige evaluering en ontleding van *Slinger-slinger* aan die hand van kriteria vir tienerliteratuur te doen.

Om te bepaal in watter mate die hantering van tienerseksualiteit in Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* aansluit by die voorgestelde kriteria vir 'n suksesvolle tienerboek met seksualiteit as hooftema in Afrikaans.

Om te bepaal of tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie beskou.

Om die implikasies van hierdie leserkundige evaluering vir *Slinger-slinger* en ander soortgelyke tienerfiksie uit te spel.

2.1.1.4 Sentrale teoretiese stellings

- *Slinger-slinger* slaag omdat dit aan die kriteria vir die evaluering van tienerfiksie voldoen.
- *Slinger-slinger* slaag omdat dit aan die kriteria vir die evaluering vir die hantering van seksualiteit in tienerfiksie, voldoen.
- *Slinger-slinger* word deur tienerlesers as geslaagd beskou.
- Die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* kan bydra tot 'n beter begrip van die opbouende waarde van *Slinger-slinger* en ander soortgelyke tienerfiksie.

2.2 Navorsingsmetodes

Aangesien hierdie studie uit kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsing bestaan, sal daar, alvorens voortgegaan word met die navorsingsmetodologie, eers 'n kort oorsig verskaf word oor die onderskeie navorsingsmetodes.

2.2.1 Kwantitatiewe navorsing

Leedy (1993:243) beskryf kwantitatiewe navorsing as 'n wyse waarop data numeries gemeet en beskryf kan word. Kwantitatiewe navorsing veronderstel teoretiese toetsing, die vasstelling van feite, statistiese beskrywing, aantoon van verbande tussen veranderlikes en voorspellings (Van der Merwe, 1996:290). Groot klem word op metodologie geplaas en metodes en tegnieke soos eksperimente, opnames, gestruktureerde waarneming en onderhoud word gebruik. In kwantitatiewe navorsing is dit belangrik om oorsaaklikheid tussen konsepte te bepaal, asook om navorsingsresultate te veralgemeen sodat dit onder enige omstandighede met dieselfde resultate herhaal kan word (Bryman, 1988:30-37). Dit impliseer dat die navorsing onder streng gekontroleerde omstandighede geskied (Leedy, 1993:144). Slegs bepaalde veranderlikes word deur die navorser gekies en geïsoleer om bestudeer te word (Leedy, 1993:144). Kenmerkend van kwantitatiewe navorsing is die afstand tussen die navorser en die navorsingssubjek om objektiwiteit te verseker. Deduktiewe logika, duidelik geformuleerde hipoteses, tegnieke van operasionalisering en statistiese analisetegnieke is belangrik vir kwantitatiewe navorsing (Van der Merwe, 1996:291). Leedy (1993:142-143) sê tereg dat daar in kwantitatiewe navorsing slegs met "koue" feite en onpersoonlike eksperimente gewerk word. Betroubare en geldige resultate is baie belangrik, maar kwantitatiewe navorsing neig om meer op betroubaarheid te fokus aangesien die navorser in staat moet wees om die bevindinge te herhaal (Leedy, 1993:144).

Deduktiewe logika is nodig vir kwantitatiewe navorsing in die sin dat dit beteken dat navorsing begin word vanuit 'n teorie wat op 'n redelik rigiede wyse die konseptualisering, operasionalisering en data-insameling lei en die verwysingsraamwerk vir die ontleding en interpretasie daarvan vorm (Van der Merwe, 1996:286-287). Die uiteindelijke interpretasie van die data dien as bevestiging of verwerping van die teorie (Van der Merwe, 1996:287).

2.2.2 Kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing veronderstel die ontwikkeling van teorieë oor en begrip van menslike gedrag en ervaring (Van der Merwe, 1996:291). Kwalitatiewe metodologie sluit in direkte of deelnemende waarneming, 'n studie van dokumente en artefakte, en oop-einde, ongestruktureerde onderhoudvoering wat dan empiries gemeet word

(Van der Merwe, 1996:292). In kwalitatiewe navorsing word daar van laer vlakke van meting gebruik gemaak as in kwantitatiewe navorsing, aangesien data in sommige gevalle verklarend geanaliseer word sodat teorieë ontwikkel kan word (Sarantakos, 1998:55, Leedy, 1993:140). Die fokus van kwalitatiewe navorsing is op die volledige of holistiese werklikheid en daarom word 'n wye verskeidenheid data versamel en ontleed (Leedy, 1993:144). Kwalitatiewe navorsing is dus 'n buigsame, dinamiese proses wat deur respondente beïnvloed word (Sarantakos, 1998:55) en in die konteks van natuurlike omstandighede plaasvind (Leedy, 1993:144). Kwalitatiewe navorsing berus op verskillende teoretiese uitgangspunte soos onder andere die fenomenologiese benadering, simboliese interaksie, etnografie, etnometodologie en kulturele studies (Van der Merwe, 1996:292). In kwalitatiewe navorsing is die navorser nie 'n buitestander nie, maar 'n binnestander met 'n intersubjektiewe ingesteldheid (Van der Merwe, 1996:292), wat 'n aktiewe rol in die navorsing speel (Sarantakos, 1998:54). Betroubare en geldige resultate is baie belangrik, maar kwalitatiewe navorsing neig om meer op geldigheid te fokus aangesien die data 'n getroue en volledige weerspieëling moet wees van dit wat die navorser ondersoek (Leedy, 1993:144).

In kwalitatiewe navorsing word daar meestal van induktiewe logika gebruik gemaak in die sin dat daar gewoonlik vanaf spesifieke ervarings na algemene waarhede, vanaf feite na teorie geredeneer word (Van der Merwe, 1996:287). Dit beteken dat die navorsingsprojek met geen eksplisiete konseptuele raamwerk begin word nie, maar dat die navorsing gelei word deur algemene vraagstellings, teoretiese stellings of vermoedens (Van der Merwe, 1996:287). Induktiewe navorsing is minder gestruktureerd en die navorser moet probeer om verbande of patrone in die ingesamelde data bloot te lê (Van der Merwe, 1996:287). Induktiewe navorsing is veral hipotese-genererende studies en studies met 'n meer verkennende aard (Van der Merwe, 1996:287), waarvan die doel is om meer kwantitatief te werk te gaan.

2.2.3 Keuse van navorsingsmetode vir hierdie studie

Hierdie studie word eerstens kwalitatief benader aangesien daar vanuit bepaalde breë teoretiese stellings navorsing gedoen word. Die studie is *verkennd* van aard omdat daar gepoog gaan word om die leserkundige geslaagdheid van 'n tienerboek in verband te bring met tieners se ontwikkelingstake en hul leesbehoefes.

Die volgende *kwalitatiewe metodes* is in die studie gebruik:

- Literatuurstudie;
- Identifisering van elemente vir die ontwerp van 'n leserkundige evalueringsmodel vir tienerfiksie;
- Teksevaluering.

In die empiriese studie is 'n teksevaluering van Francois Bloemhof se tienerboek *Slinger-slinger* gedoen aan die hand van die leserkundige evalueringsmodel wat na 'n literatuurstudie opgestel is. In kwalitatiewe navorsing val die klem ook op die verklaring van onder andere menslike ervaring, en daarom is data deur middel van vraelyste ingesamel om te bepaal hoe tienerlesers *Slinger-slinger* ervaar. Daar is dus gepoog om begrip te ontwikkel vir die genot en waarde van tienerfiksie, veral tienerfiksie met seksualiteit as tema. Die data wat deur die vraelys ingesamel is, is grootliks kwalitatief aangewend ter ondersteuning van die teksevaluering van *Slinger-slinger*.

Die studie is tweedens ook *kwantitatief* benader aangesien 'n kwantitatiewe datainsamelingsmetode (vraelys) in die studie gebruik is. Die ingesamelde data is kwantitatief ontleed, maar soos reeds genoem, kwalitatief aangewend.

2.3 Metode van ondersoek

2.3.1 Literatuurstudie

Dit is nodig om 'n literatuurstudie oor die navorsingsonderwerp te doen aangesien die navorsingsprobleem met groter insig aangepak sal kan word indien die navorser bewus is van wat alreeds deur ander navorsers op die gebied gedoen is (Leedy, 1993:87). Leedy (1993:87-88) noem die volgende voordele van 'n deeglike literatuurstudie:

- Verwante navorsing oor die onderwerp kom aan die lig;
- Dit mag probleemoplossingsmetodes wat deur ander navorsers in soortgelyke studies gevolg is, uitwys, om sodoende lig te werp op wyses waarop die navorser moontlike probleme kan aanpak;
- Onbekende inligtingsbronne word ontdek;
- Belangrike navorsers op die gebied word ontdek;
- Dit stel die navorser in staat om die studie in 'n historiese konteks te plaas en kennis te neem van vroeëre navorsing op die gebied;
- Dit kan lei tot nuwe idees en benaderingswyses waaraan die navorser moontlik nie voorheen gedink het nie;
- Dit vergemaklik die evaluering van die navorsing deurdat dit met vorige en/of soortgelyke studies vergelyk kan word.

In Hoofstuk 3 gaan gekyk word na wat leserkundige evaluering is, en hoe dit in die keuringsproses van fiksie in biblioteke toegepas word. Wanneer leserkundige evaluering in die keuringsproses van tienerfiksie toegepas word, impliseer dit dat die keurder moet weet wie tieners is, in watter ontwikkelings stadium hulle is en wat hul leesbehoefte is sodat die tienerleser en die teks bymekaar aansluiting sal vind. Tieners ontwikkel na volwassenheid deur die bereiking van sekere ontwikkelingsstake. Die navorser het om redes wat in Hoofstuk 3, afdeling 3.3 uiteengesit word, besluit om Havighurst se ontwikkelingsstake vir die doeleinde van hierdie studie te gebruik. Die verband tussen tieners se ontwikkeling en ontwikkelingsstake en hul leesbehoefte gaan hierna aangedui word. Aangesien Francois Bloemhof se realistiese tienerboek, *Slinger-slinger*, die onderwerp van hierdie studie is, word 'n literatuurstudie oor die aard van realisme in tienerfiksie, en veral die hantering van seksualiteit in realistiese tienerfiksie, gedoen.

Na aanleiding hiervan word 'n leserkundige evalueringsmodel vir tienerfiksie met die seksuele as tema geïdentifiseer. Leserkundige riglyne vir die hantering van elke element word in Hoofstuk 4 gegee. Die wyse waarop hierdie kriteria aansluit by tieners se ontwikkelingstage en hul leesbehoefte gaan uitgewys word.

2.3.2 Empiriese studie

Nadat die literatuurstudie voltooi is, word die empiriese studie van die navorsing aangepak. Die empiriese studie gaan in twee fases aangepak word.

2.3.2.1 Fases van die empiriese studie

- **Fase 1:** Hoofstuk 5: Leserkundige ontleding en evaluering van Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*.
 - Die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie wat in Hoofstuk 4 identifiseer is, is eerstens op *Slinger-slinger* toegepas sodat die eerste navorsingsvraag, naamlik "In watter mate slaag *Slinger-slinger* wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?" beantwoord kan word.
 - Tweedens is *Slinger-slinger* geëvalueer aan die hand van die kriteria vir die beoordeling van die hantering van die seksuele tema in tienerfiksie. Hiermee word die tweede navorsingsvraag, naamlik "In watter mate slaag *Slinger-slinger* as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?" beantwoord.
 - Hierdie ontledings dra ook by tot 'n antwoord op die vierde navorsingsvraag ten opsigte van die implikasies van die studie.
- **Fase 2:** Hoofstuk 6: Vraelys analise.
 - In hierdie hoofstuk is die vraelys geanaliseer en die resultate daarvan bespreek. Die doel van die vraelys is om die derde navorsingsvraag, naamlik "Beskou tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie?" te beantwoord, asook om die volgende subprobleme te ondersoek, naamlik: *In watter mate voldoen Slinger-slinger aan tieners se algemene leesbehoefte?* en *In watter mate voldoen Slinger-slinger aan tieners se lees- en inligtingsbehoefte insake seksualiteit?* Die vierde navorsingsvraag, naamlik "Wat is die implikasies van die studie vir die evaluering van *Slinger-slinger* en van tienerfiksie in die algemeen?" gaan gedeeltelik deur die vraelys beantwoord word.

2.3.2.2 Ontledingseenhede

Ontledingseenhede is dit wat in die empiriese studie bestudeer en ontleed word. In die geval van hierdie studie is dit Francois Bloemhof se tienerboek, *Slinger-slinger*, en die menings van die groep tieners wat *Slinger-slinger* gelees en die vraelys daarna voltooi het.

2.3.2.2.1 Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*

Die elemente waarvolgens die leserkundige evaluering van en die hantering van die seksuele temas in tienerfiksie gedoen word, word in die literatuurstudie in Hoofstuk 4 geïdentifiseer en in 'n evalueringsmodel uiteengesit. Francois Bloemhof se tienerboek, *Slinger-slinger*, gaan aan die hand van die leserkundige model geëvalueer word om te bepaal of dit geslaagd is vir die veronderstelde lesergroep, en of die hantering van die seksuele temas geslaagd is. Hierdie ontleding en evaluering gaan in Hoofstuk 5 plaasvind.

2.3.2.2.2 Lesers

Vraelyste gaan aan Afrikaanslesende tieners tussen die ouderdom van 13 en 18 jaar (graad 8-12) gegee word om in te vul nadat hulle *Slinger-slinger* gelees het. Die doel van die vraelyste is om die tieners se mening omtrent die geslaagdheid van *Slinger-slinger* te bepaal. Die resultate van die vraelyste gaan in Hoofstuk 6 geanaliseer en bespreek word.

2.3.3 Geldigheid en betroubaarheid van instrumente

Geldigheid van meetinstrumente berus op die veronderstelling dat akkurate resultate uit navorsing verkry word omdat die meetinstrumente meet wat gemeet behoort te word (Sarantakos, 1998:78).

In die geval van die teksevaluering van *Slinger-slinger* is die bepaalde elemente vir die leserkundige evalueringsmodel van tienerfiksie gebaseer op literatuur van byvoorbeeld Steenberg (1988:168-172), Van der Westhuizen (1989:5-7), Nilsen en Donelson (1993:58-90), en Lukens en Cline (1995). Die addisionele kriteria vir die hantering van seksualiteit in tienerfiksie is deur Eiselen (1993:47-49) geïdentifiseer en dit word ondersteun deur internasionale literatuur van onder meer Hendrickson (1994:20-24), Bjorn *et al.* (1994:16-19), en Schmidt-Dumont (1994:10-15). Daarby besit beide stelle kriteria eksterne geldigheid omdat dit op tienerfiksie in die algemeen toegepas kan word.

Die geldigheid van die vraelys berus op interne geldigheid aangesien daar gepoog word om vooroordele uit te skakel sodat die veranderinge in die afhanklike veranderlikes die gevolg is van die invloed van die onafhanklike veranderlikes daarop. Die nominale geldigheid van die vraelyste is verhoog deur die hulp wat deur Professor J.E. Kruger as senior navorser verleen is met die formulering en opstel van die vrae, sowel as deur Professor F. Steyn en Dr. L. Viljoen van die Departement Statistiese Konsultasiediens aan die PU vir CHO. 'n Loodstudie is gebruik om moontlike probleme met die vraelys uit te wys en sodoende ook die geldigheid van die vraelys te verhoog, waarna veranderinge aangebring is aan vrae B16 en B27. Die betroubaarheidsaspek is verder versterk deurdat dit deeglik verreken is deur 'n senior navorser wat in 'n raadgewende hoedanigheid opgetree het, asook deur gebruik te maak van standaard tekste soos Leedy (1993) en Sarantakos (1998).

Die navorser het probeer om die betroubaarheid van die navorsingsresultate te verseker deur verbandhoudendheid, met ander woorde, deur meetinstrumente te gebruik wat die doelstellings van die studie kan nakom (Sarantakos, 1998:85). Betroubaarheid word verder verseker deurdat die navorser die samestelling van die steekproef, data-insameling en analise van die data duidelik omskryf sodat veralgemening van die navorsingsbevindinge kan geskied.

2.4 Teksevaluering

Na 'n deeglike literatuurstudie is Havighurst se ontwikkelingstake wat tieners moet bemeester ten einde volwassenheid te bereik, in verband gebring met tieners se leesbehoefte, en spesifiek hul leesbehoefte rakende seksualiteit. Hierna is die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie bepaal, en tesame met die addisionele kriteria vir die evaluering van die hantering van seksualiteit as tema in tienerfiksie, soos deur Eiselen (1993:47-50) saamgestel, is dit in 'n leserkundige evalueringsmodel vir tienerfiksie saamgevat. Hierdie model is in verband gebring met tieners se ontwikkelingstake en hul leesbehoefte.

Francois Bloemhof se tienerboek, *Slinger-slinger*, is in Hoofstuk 5 leserkundig geëvalueer aan die hand van die elemente soos vervat in die evalueringsmodel om te bepaal of *Slinger-slinger* voldoen aan tieners se leesbehoefte en of dit die bereiking van tieners se ontwikkelingstake sou stimuleer. Die seksuele tema in *Slinger-slinger* is ook leserkundig beoordeel om die suksesvolheid van die hantering daarvan te bepaal.

2.5 Vraelys

Die vraelys het ten doel om te bepaal of tienerlesers van *Slinger-slinger* hou en of hulle van mening is dat die skrywer die seksuele tema geslaagd aangebied het of nie, en terselfdertyd tieners se werklike leesbehoefte en -belangstellings te bepaal.

'n Loodstudie is gedoen deur *Slinger-slinger* aan 2 tieners te gee om te lees en daarna die vraelys te voltooi. Sodoende is bepaal of die vrae duidelik en verstaanbaar gestel is en of die vraelys binne 20 minute voltooi kan word. Die doel van 'n loodstudie is om moontlike probleme in die vraelys uit te wys en om sodoende die interne betroubaarheid van die instrument aan te spreek.

2.5.1 Tydsbepaling van studie

Die vraelyste wat vir hierdie navorsing aan tienerlesers gegee is, is 'n kruisseksionele studie aangesien tieners binne die bestek van ongeveer 'n week nadat hulle die boeke ontvang het om te lees, die vraelys moes invul om hul menings oor *Slinger-slinger* te toets. Die onderstaande tabel gee die datums waarop die tieners *Slinger-slinger* ontvang het om te lees, asook die datums waarop hulle die vraelyste moes voltooi, weer.

Tabel 1: Tydsbepaling van studie: vraelyste

SKOOL	SLINGER-SLINGER AAN TIENERS	VRAELYSDE DEUR TIENERS
	GEFEE OM TE LEES	VOLTOOI
High School for Girls	20/07/2001	25/07/2001
Hoërskool Ferdinand Postma	26/07/2001	03/08/2001
High School for Boys	06/08/2001	13/08/2001
Hoërskool Gimnasium	13/08/2001	20/08/2001

2.5.2 Die navorsingskonteks

Met navorsingskonteks word bedoel *waar* die navorsing plaasvind. In die geval van hierdie studie is die vraelyste aan tieners in hoërskole in Potchefstroom gegee. Die deelnemende hoërskole in Potchefstroom is dus die konteks waarin die navorsing plaasvind.

Die hoërskole in Potchefstroom het 'n breë spektrum van leerders: dagskoliers en koshuisinwoners uit verskillende kulture, ekonomiese en opvoedkundige agtergronde, taalgroepe en geografiese agtergrond wat beteken dat die moontlikheid van breë verteenwoordiging bestaan. Daar is ses hoërskole wat Afrikaanslesende tieners het, naamlik Hoërskool Ferdinand Postma, Hoërskool Gimnasium, Hoër Volksskool, Hoër Tegniese Skool Potchefstroom, High School for Girls en die High School for Boys.

Die vraelyste staan onafhanklik van die skole as konteks, maar die gebruik van die skole was nuttig in die steekproeftrekking en om die tieners almal gelyktydig te bereik om die boeke uit te deel en om die vraelyste te voltooi.

Hoër Volksskool en die Hoër Tegniese Skool Potchefstroom het besluit om vanweë die seksuele aard van *Slinger-slinger* nie aan die navorsing deel te neem nie. By Hoër Volksskool het onderwysers *Slinger-slinger* gelees en besluit dat die skool nie aan die navorsing verbind wil word nie. By die Hoër Tegniese Skool Potchefstroom het die skoolhoof aanvanklik ingestem dat die skool as platform om tieners te bereik, gebruik kan word. Daar is begin om 'n steekproef van tieners te selekteer, maar daarna het die skool besluit om nie aan die navorsing deel te neem omdat die onderwyseres wat as hulp vir die navorser toegewys is, besluit het dat *Slinger-slinger* "pervers" is, en die skoolhoof daarvan oortuig het. Die betrokke skoolhoofde en onderwysers het die besluit geneem sonder om die toestemmingsbriewe aan die ouers te gee sodat hulle self oor hul kinders se deelname kon besluit.

Die vraelyste is aan geselekteerde tieners in die volgende hoërskole in Potchefstroom gegee:

Tabel 2: Respondentverspreiding in skole

HoëRSKOOL	HOEVEELHEID LESERS/RESPONDENTE
High School for Boys	19 respondente
High School for Girls	24 respondente
Hoërskool Gimnasium	25 respondente
Hoërskool Ferdinand Postma	20 respondente

Die skole is gebruik as platform om groot getalle tieners te bereik. Die tieners kon wel aan die studie deelneem sonder om afhanklik van die skoolomgewing te wees, maar dit sou die bepaling van 'n steekproef bemoeilik het. Die gebruik van die skole as navorsingskonteks het verder verseker dat die vraelyste onmiddellik nadat dit voltooi is, terug ontvang is.

2.5.3 Verloop van die empiriese navorsing met betrekking tot die vraelys

2.5.3.1 Dekbrief

'n Brief (Bylae A) op die amptelike briefhoof van die Departement Kommunikasiestudies aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys waarin die navorser aan die hoofde van die ses hoërskole in Potchefstroom bekend gestel is, is aan elke skoolhoof gegee tydens 'n afspraak wat die navorser met elk gemaak het. Tydens die afspraak is die aard van die navorsing verduidelik en toestemming is gevra om die skool as platform vir die navorsing te gebruik. By elke skool is 'n onderwyseres, wat gewoonlik verantwoordelik is vir die vak Afrikaans, aan die navorser toegewys om behulpsaam te wees met die steekproefsamstelling.

Tydens die onderhoude is dit aan die onderwyseresse duidelik gestel dat hulle slegs 'n ondersteunende rol ten opsigte van die bepaling van die steekproef, die uitdeel van die boeke en die koördinering van die groep respondente om die vraelys te voltooi, hoef te speel. Dit is ook aan die onderwyseresse duidelik gemaak dat hulle geensins die deelnemende leerlinge se sienswyses oor *Slinger-slinger* mag beïnvloed deur die boek met die leerlinge te bespreek en sodoende hul eie mening oor die boek te lug nie. Dit sou moontlik die subjektiewe menings van die tienerlesers oor *Slinger-slinger* kon beïnvloed. Die navorser het self die vraelyste aan die respondente uitgedeel en was tydens die voltooiing daarvan voortdurend teenwoordig. Dit het aan die respondente die versekering gegee dat slegs die navorser hul voltooide vraelyste sal sien, en dit het eerlikheid en openhartigheid met die voltooiing van sensitiewe vrae aangemoedig. Tydens die voltooiing van die vraelyste was die onderwyseresse wel teenwoordig om hulp te verleen indien daar vrae sou ontstaan, maar dit is aan die respondente duidelik gemaak dat die vraelyste anoniem is en dat slegs die navorser insae in die resultate sal hê.

2.5.3.2 Onderzoekgroep

Die onderzoekgroep by wie die empiriese gegewens vasgestel word, is saamgestel uit 'n gerieflikheidssteekproef van 88 Afrikaanslesende seuns en dogters tussen die ouderdomme van 13 en 18 jaar uit 4 hoërskole in Potchefstroom. 'n Gerieflikheidssteekproef is getrek omdat dit feitlik onmoontlik sou wees om alle tieners in Potchefstroom te bereik. Dit sou die studie tydrowend en duur maak. Die gerieflikheidssteekproef is op nie-waarskynlikheid gegrond omdat die metode minder streng is.

Ten einde die steekproef te bepaal, het die navorser by elke skool vir klaslyste van elke standerd gevra, en daaruit is 40 leerlinge se name lukraak gekies. Aan die 40 leerlinge is toestemmingsbriewe (Bylae B) waarin die aard en belangrikheid van die navorsing aan hul ouers verduidelik is, en die ouers moes die toestemmingsbriewe teken om toestemming te verleen dat hul kinders aan die navorsing mag deelneem. Dit is belangrik dat die ouers toestemming moes verleen weens die moontlike teenkanting van ouers oor die inhoud van *Slinger-slinger* en om die navorser sodoende te beskerm. Uit die groep leerlinge wie se ouers toestemming gegee het, sou 25 leerlinge per skool lukraak gekies word. Dit het egter nie gerealiseer nie, en wel om die volgende redes:

- Drie van die deelnemende skole, naamlik High School for Boys, High School for Girls en Hoërskool Ferdinand Postma het besluit dat die leerlinge in graad 8 en 9 te jonk is om aan die navorsing deel te neem vanweë die seksuele aard van *Slinger-slinger*. Tog het sommige graad 9 seuns uit die High School for Boys aan die navorsing deelgeneem met toestemming van die onderwyseres.
- By die High School for Girls en die High School for Boys het die onderwyseresse vir vrywilligers gevra om aan die projek deel te neem. Dit kan, volgens mnr. Cartwright, skoolhoof van die High School for Boys, toegeskryf word aan sommige Engelse leerlinge se negatiewe teenoor die lees van Afrikaanse fiksie.
- By die High School for Boys het die leerlinge se ouers nie toestemmingsbriewe geteken nie aangesien die hele groep leerlinge in die koshuis woonagtig is. Die skoolhoof het namens die ouers toestemming verleen.
- By die High School for Girls het die skoolhoof net voordat die leerlinge die boeke moes ontvang om te lees, besluit dat graad 12 leerlinge as gevolg van hul

akademiese werkslading nie aan die navorsing kan deelneem nie. Gevolglik het slegs graad 10 en graad 11 leerlinge aan die navorsing deelgeneem.

- By die Hoërskool Ferdinand Postma het die onderwyseres om onbekende redes besluit om die gekose steekproef grootliks te ignoreer en die boeke uit te deel aan sommige leerlinge op die steekproeflys, sowel as aan vrywillige lesers.
- By die Hoërskool Gimnasium het die onderwyseres 'n steekproef getrek waarin leerlinge met leesprobleme uitgelaat is. Sy het gepoog om die steekproef so verteenwoordigend moontlik te maak deur die respondente ewekansig te kies (uitsluitend diegene met leesprobleme). In hierdie steekproef het leerlinge uit graad 8 tot 12 aan die navorsing deelgeneem.

Dit is dus uit bogenoemde duidelik 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef beplan is, maar dat dit verander het in 'n *gerieflikheidssteekproef*.

2.5.3.3 Struktuur van die vraelys

Die vrae is in samewerking met Professor J.E. Kruger, 'n sosioloog en kenner in die opstel van vraelyste, saamgestel. Hy het die navorser bygestaan in die sorgvuldige opstelling van die vraelys omdat seksualiteit 'n sensitiewe onderwerp vir tieners is, en dit kon gebeur dat hulle nie hul ware siening oor sake in *Slinger-slinger* sou weergee nie. Hy het ook gehelp om duidelike, relevante vrae wat aansluit by die taal- en denkvermoë van hoërskoolleerlinge, te konstrueer.

Die vraelys het 'n gemengde formaat omdat die vrae eers oor algemene sake handel en dan spesifiek na die evaluering van *Slinger-slinger* beweeg. In Afdeling A word vrae 1 tot 4 gestel om 'n demografiese profiel van die respondente te verkry sodat bepaal kan word of daar ooreenstemming of verskille in die verskillende groepe se response is. Vrae 5 tot 9 van Afdeling A poog om vas te stel wat die respondente lees en wat hul leesbelangstellings is. Die vrae in Afdeling B handel oor *Slinger-slinger* en dit toets die respondente se mening oor die verhaal en die geslaagdheid daarvan. Dié vrae sluit aan by tieners se ontwikkelingstake, leesbehoefte en -belangstellings, die leserkundige evalueringsmodel soos dit in die literatuurstudie uitgelig is, asook die kommentaar op *Slinger-slinger* wat in die pers verskyn het. Die inhoud van en die response op die vrae word in Hoofstuk 6 breedvoerig bespreek.

Die vraelys bestaan uit 47 vrae. Die vraelys kon nie te lank wees nie, aangesien dit deur tieners tussen die ouderdomme van 13 en 18 jaar (graad 8-12) ingevul moes word, en die navorser was van mening dat 'n te lang vraelys die respondente sou

verveel. Die navorser moes ook in gedagte hou dat die vraelyste gedurende skoolpouse ingevul moes word wat tussen 25 en 40 minute lank is.

In die vraelys is primêre vrae gestel aangesien die vrae direk verband hou met die navorsingsonderwerp (Sarantakos, 1998:229). Slegs vier van die vrae was oop vrae en die res was vooraf gekodeerde vrae met vaste response (Sarantakos, 1998:229). Die navorser het besluit om vooraf gekodeerde vrae te stel om die volgende redes:

- Oop vrae is nie baie geskik vir sensitiewe sake soos seksualiteit nie aangesien dit kon gebeur dat die respondente nie hul ware siening daarvoor sou beskryf nie;
- Die verwerking van die data sou vergemaklik word;
- Die navorser was besorg oor die uitdrukkingsvermoë van veral die jonger respondente;
- Die beantwoording van oop vrae neem meer tyd in beslag as vooraf gekodeerde vrae en daarom was laasgenoemde meer geskik aangesien die vraelyste binne 'n skoolpouse voltooi moes word.

Die statistiese analyses wat deur die PU vir CHO se Departement Statistiese Konsultasiediens vir die verwerking van die data gebruik is, staan as "Proc Freq" en "Proc Means" prosedures bekend. Vir die doeleindes van hierdie studie is die data by wyse van beskrywende statistiek deur middel van frekwensies, persentasies en rekeningkundige gemiddeldes hanteer. Die beskrywende statistiek word as eerstevlak ontledings op 'n kwalitatiewe wyse aangewend ten einde die konteks van die respondente binne 'n bepaalde raamwerk te plaas. Hoewel die data in kruistabel- of tweerigtingtabelformaat aangebied word, is dit belangrik om te verstaan dat dit nie as klassieke kruistabelontledings gesien moet word nie aangesien hier slegs beskrywende kwalitatiewe aanwending van die data ter sprake is. Daarom die klem op slegs frekwensies, persentasies en waar van toepassing, rekeningkundige gemiddeldes.

2.5.3.4 Data-analise van die vraelyste

2.5.3.4.1 Demografiese inligting

Op aanbeveling van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO is die respondente in die ouderdomsgroepe jonger as 13 jaar, 13 jaar, 14 jaar en 15 jaar in een groep saamgegroepeer. Dit is gedoen omdat die onderskeie ouderdomsgroepe

te min respondente bevat het, wat vergelykende analises sou bemoeilik het. Die onderskeie groepe het min respondente bevat omdat, soos reeds onder afdeling 2.5.3.2 bespreek is, sekere hoërskole nie wou toelaat dat graad 8 en 9 leerlinge aan die navorsing deelneem nie.

Verder is om dieselfde redes as bo, aanbeveel dat die respondente wat aangedui het dat hulle onder die bevolkingsgroepe Swart, Kleurling, Indiër en Asiaat resorteer, in een groep saamgevoeg word ten einde statistiese analise te vergemaklik. Die groep sal in Hoofstuk 6 as "Gekleurde" respondente aangedui word.

2.5.3.4.2 Metodes van data-analise

In hierdie studie is eerstens T-toetse gebruik om die interval-ratio-skaalvrae te meet omdat die vraelysstatistieke vergelyk kan word met populasieparameters (Sarantakos, 1998:420; Leedy, 1993:40).

Kruistabelle is tweedens gebruik om eerstevlak data kwalitatief aan te wend om die breë konteks van die respondente se belewenis en verstaan van *Slinger-slinger* te omskryf. Die data is dus by wyse van beskrywende statistiek deur middel van frekwensies, persentasies en rekeningkundige gemiddeldes as eerstevlak ontledings op 'n kwalitatiewe wyse aangewend. Sien ook 2.5.3.3 ter ondersteuning van hierdie werkswyse.

2.6 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie wat in die studie gevolg is, uiteengesit sodat die verloop van die studie gerapporteer kan word. Eerstens gaan die literatuurstudie wat as agtergrondinligting vir die empiriese studie dien, in Hoofstukke 3 en 4 voltooi word. Na aanleiding daarvan is die elemente vir die evalueringsmodel van tienerfiksie geïdentifiseer, en Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* word in Hoofstuk 5 aan die hand daarvan leserkundig evalueer. In Hoofstuk 6 is die analise van die data wat deur die vraelys gegenereer is, hanteer sodat bepaal kan word of die respondente *Slinger-slinger* as geslaagd beskou het.

In Hoofstuk 7 gaan die afleidings wat gemaak kan word uit die bevindinge van die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger*, asook die resultate van die vraelys wat die menings van tienerlesers oor die geslaagdheid van *Slinger-slinger* weergee, bespreek word. Daarna gaan die finale gevolgtrekking en aanbevelings oor die studie gemaak word.

HOOFSTUK 3

Tieners se ontwikkelingstake en leesbehoefte

3.1 Inleiding: Leserkundige evaluering

Die beantwoording van die eerste twee navorsingsvrae van hierdie studie behels die leserkundige evaluering van die teks ten opsigte van die geslaagdheid van *Slinger-slinger* as tienerfiksie en ten opsigte van die geslaagdheid in die hantering van die seksuele tema daarin.

Leserkundige evaluering van leesstof het uit die keuringsaktiwiteite van biblioteke ontwikkel, wat moet voorsien in die leesbehoefte van die gemeenskap wat hulle bedien. 'n Kort oorsig oor Leserkunde dien as oriëntasie tot die studie, aangesien Francois Bloemhof se tienerboek, *Slinger-slinger*, leserkundig beoordeel word.

Om te voorsien in die inligtings-, opvoedkundige, kulturele en ontspanningsbehoefte van die gemeenskap wat deur die biblioteek bedien word, word 'n evaluerende proses, naamlik keuring, gebruik om 'n keuse te maak uit die oorvloed beskikbare leesstof (Oosthuizen, 1982:64). Die keuringsproses geskied aan die hand van kriteria gegrond op die leesbehoefte en -belangstellings van die onderskeie lesersgroepe (Spiller, 1991:29). Om in die leesbehoefte van die gemeenskap te voorsien, is 'n grondige kennis van die lesersgroepe en elkeen se behoeftes en belangstellings nodig (Oosthuizen, 1982:64).

Die keuringsproses bestaan uit twee elemente, naamlik die evaluering of beoordeling van die intrinsieke waarde van die materiaal; en die keuring of seleksie wat die vasstelling is of die materiaal in die behoeftes van die individuele gebruikers voorsien (Fourie, 1989:188). Literêre evaluering van fiksie kan nie as die enigste maatstaf by die beoordeling van fiksie in die biblioteek dien nie, aangesien literêre kwaliteit nie noodwendig ooreenstem met lesersbehoefte nie (Oosthuizen, 1994:86). Uit hierdie standpunte het die leserkundige evaluering van tekste ontwikkel.

"Leserkunde bestudeer die mens, individueel sowel as in sy onderskeie groeperinge, binne sowel as buite biblioteekverband, as leser en vertolker van alle tipes en vorme

van boodskapoordrag en rekords waarin menslike ervaring, kennis en kunsuitinge vasgelê is, ongeag die doel waarvoor en die situasie waarin dit gebruik word" (Gericke, 1994:114).

Bogenoemde impliseer dat die mens as leser bestudeer word, hetsy daar vir ontspanning, inligtingsverkryging of binne beroepsverband gelees word. Binne die Leserkunde word ook nielesers, met ander woorde persone met leesprobleme of ongeletterdes, sowel as mense wat onwillig is om te lees, bestudeer.

Hatt (1976:21) het ses vrae geformuleer wat as vertrekpunte kan dien om die kernprobleme van Leserkunde te bestudeer:

1. Wie is die leser?
2. Wat is die leser se behoefte?
3. Wat is die aard van die teks?
4. Hoe kom die leser en die teks bymekaar?
5. Wat is die aard van die leeshandeling?
6. Wat is die uitwerking van lees?

In hierdie studie word die eerste twee vrae in Hoofstuk 3 behandel, naamlik wie die tienerleser is en wat tieners se leesbehoefte is. In Hoofstuk 4 word die elemente vir die evaluering van tienerfiksie bepaal en in Hoofstuk 5 word die evaluering van *Slinger-slinger* aan die hand van die bepaalde elemente gedoen, wat die derde en vierde vrae van Hatt behandel. Die vraelys het ten doel om ook vraag 4 te behandel, naamlik hoe tienerlesers *Slinger-slinger* ervaar. Vrae 5 en 6 is nie van toepassing vir hierdie studie nie.

In leserkundige evaluering van tienerlektuur moet die keurder dus presies weet wie tienerlesers is, in watter ontwikkelingsstadium hulle is, en wat hul leesbehoefte en -belangstellings is. Tieners as lesersgroep lees om spesifieke redes, en het spesifieke leesbehoefte wat parallel loop met hul ontwikkeling (Van der Westhuizen, 1989:5), en daarom moet 'n tienerboek aan die leesbehoefte van die tiener voldoen om te slaag. Verskeie leserkundiges beklemtoon dit dat 'n grondige kennis van die tiener as leser nodig is alvorens tienerfiksie beoordeel kan word.

Michael Cart (1996:7) sê dat "while adolescence is only a small chronological part of the normal life span (less than a decade in duration), it is enormous in developmental terms and in the breadth of interests, sophistication, emotional capacities, and cognitive abilities which separate its youngest and oldest members". Tieners se weg

na volwassenheid word gekenmerk deur die bereiking van spesifieke ontwikkelingsake wat saamhang met hul emosionele, verstandelike en fisiese ontwikkeling.

In aansluiting by Hatt (1976:21) moet daar dus eerstens bepaal word wie die tienerleser is voordat verdere navorsing na die aard van die teks gedoen kan word, en voor bepaal kan word of die teks en leser by mekaar gaan aansluiting vind. Om dus vas te stel of *Slinger-slinger* slaag as tienerfiksie, is dit nodig om eers vas te stel wie die tienerleser is deur te kyk na hul ontwikkeling tot volwassenheid, hul leesbehoeftes en -belangstellings.

3.2 Wie is die tiener?

Adolesensie as ontwikkelings stadium is 'n verskynsel wat deur die ontstaan van 'n verstedelike en geïndustrialiseerde samelewing, met veral die beklemtoning van gespesialiseerde arbeid en die gepaardgaande verlengde periode van voorbereiding daarvoor, teweeggebring is (Monteith, 1988:17). Die hedendaagse verskynsel van 'n verlengde periode van adolesensie is daaraan toe te skryf dat die eietydse jeug vroeër geslagsryp word en dat hulle deur 'n langer periode van voorbereiding op die volwasse lewe en 'n beroep moet gaan (Monteith, 1988:17-18).

Daar is verskillende beskouinge oor die duur van adolesensie, maar verskeie skrywers is dit eens dat adolesensie 'n aanvang neem met puberteit wanneer geslagsrypheid by seuns en dogters bereik word. Die aanvangsouderdome van puberteit verskil by seuns en dogters en volgens Rice (soos aangehaal deur Postma, 1988:55) begin puberteit by seuns teen die ouderdom van ongeveer 11,5-13 jaar en by dogters teen 10-11 jaar.

Gedurende adolesensie ontwikkel die tiener op liggaamlike, emosionele en verstandelike vlak tot volwassenheid, en die stappe daartoe word deur Robert J. Havighurst "ontwikkelingsake" genoem. Havighurst se ontwikkelingsake word in hierdie navorsing gebruik omdat verskeie leserkundiges, soos Lukens en Cline (1995:181-187) en Nilsen en Donelson (1993:41), sowel as opvoedkundiges soos Thom (1990:396), ook daarvan gebruik maak. Carlsen (1967:11-15) het basiese stappe wat tieners na volwassenheid neem, geïdentifiseer, en dit stem baie ooreen met Havighurst se ontwikkelingsake. Grams (1980:18-26) bespreek in sy artikel sekere veranderinge waardeur tieners se persoonlikhede gaan gedurende hul

ontwikkeling na volwassenheid en dit sluit ook nou aan by die ontwikkelingstake van Havighurst. Le Roux (1986:31) maak ook die volgende stelling: " 'n Positiewe leeshouding en leesgewoonte kan slegs teweeggebring word deur aansluiting te vind by die [...] ontwikkelingstake van die tiener". Havighurst se ontwikkelingstake word voorts gebruik om die verwantskap tussen die evalueringskriteria van tienerfiksie en tieners se ontwikkelingseienskappe te verduidelik.

3.2.1 Havighurst se ontwikkelingstake vir tieners in aansluiting by tienerfiksie

Volgens Havighurst (1972:5-6) moet mense ontwikkelingstake dwarsdeur hul lewe bemeester ten einde 'n "successful human being" te wees. Hierdie ontwikkelingstake het 'n drieledige oorsprong, naamlik in die fisiese ryping en groei in elke mens se lewe, soos om te leer loop en praat; as gevolg van druk van die gemeenskap, soos om te leer lees en sosiale vaardighede aan te leer; en derdens in die individu se persoonlike waardes en ambisie wat deel is van sy/haar persoonlikheid. Havighurst het ontwikkelingstake vir elke ouderdomsgroep, vanaf die kleinkinderjare, deur die middelkinderjare, adolessensie, vroeë volwassenheid, middeljare tot laat volwassenheid geïdentifiseer. Die navorser het slegs belang by die ontwikkelingstake vir adolessensie, en dit gaan vervolgens bespreek word.

3.2.1.1 Bereiking van nuwe en meer volwasse verhoudinge met vriende van dieselfde ouderdom van beide geslagte

Die aard van hierdie ontwikkelingstaak vir tieners is om seuns en dogters te begin sien as mans en vroue. Tieners moet leer om volwasse op te tree in 'n groep, asook om saam met die groep te streef na 'n gemeenskaplike doel. Daarby moet die tiener leer om in 'n groep leiding te neem sonder om te domineer (Havighurst, 1972:45).

Wanneer tieners in gemengde groepe verkeer, leer hulle hoe om met lede van die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer. Wanneer tieners ouer begin word, behoort hulle die sosiale vaardighede aangeleer het om met selfvertroue in kleiner groepe te sosialiseer. Dit is belangrik dat tieners hierdie ontwikkelingstaak bemeester aangesien dit hul toekomstige sosiale verkeer en hul huwelik gaan beïnvloed (Havighurst, 1972:46-47).

Die uitbeelding van die verskeie soorte verhoudings; sosiale sensuur of goedkeuring vir optrede; en vriendskappe in tienerfiksie, kan as voorbeeld vir tieners dien. Volwasse verhoudings kan onder andere in tienerfiksie in karakterontwikkeling en deur middel van dialoog uitgebeeld word.

3.2.1.2 Aanvaarding van 'n manlike of vroulike sosiale rol

Hierdie ontwikkelingstaak impliseer dat die tiener 'n sosiaal aanvaarbare manlike of vroulike rol moet aanleer. Die vroulike rol het oor die afgelope paar dekades verander van die tradisionele huisvrou en moeder na 'n vrou wat moederskap, 'n loopbaan en 'n huwelik hanteer. Vroue beklee tradisioneel "manlike" beroepe en neem aan "manlike" sportsoorte soos boks deel (Lukens & Cline, 1995:182). Die feministiese beweging het 'n groot rol in die bevryding van die vrou gespeel. Dit is dus belangrik dat tienermeisies moet leer dat hulle keuses ten opsigte van die huwelik, moederskap en hul loopbaan het (Havighurst, 1972:49-51). Dit is ook nie net die tradisionele vroulike rol wat veranderinge ondergaan het nie, maar ook manlike rolle het verander in die opsig dat baie mans nie meer die slegs tradisionele rol van broodwinner beklee nie en dat hulle soms selfs tuisbly en na die kinders omsien (Lukens & Cline, 1995:182). Daarby is homoseksuele mans en vroue baie meer openlik omtrent hul leefstyl. Tieners moet dus uit 'n breë spektrum van

geslagsrolle soos dit in die hedendaagse samelewing aanvaar word, 'n keuse maak en daarvolgens optree.

Al die veranderinge bring mee dat tieners verward is oor die sosiale rol wat hulle moet aanvaar aangesien daar nie meer duidelike grense tussen manlike en vroulike rolle bestaan nie. Indien hierdie veranderinge in tienerfiksie weerspieël word, kan dit tieners meer insig in alternatiewe houdings teenoor geslagsrolle gee en sodoende kan dit hulle help om hul eie rolle makliker te vind en te aanvaar.

3.2.1.3 Aanvaarding van die fisiese voorkoms en die effektiewe gebruik van die liggaam

Die doel van hierdie ontwikkelingstaak is dat tieners moet leer om trots te wees op hul eie liggame, en om hul liggame effektief en met persoonlike tevredenheid te gebruik en op te pas (Havighurst, 1972:51).

Groot liggaamlike ontwikkeling en veranderinge vind gedurende adolessensie plaas, en aangesien tieners nie almal teen dieselfde tempo as ander tieners van hul ouderdom ontwikkel nie, veroorsaak die fisiese verandering geweldige emosionele druk op die tiener. Hulle wonder gedurig of hulle "normaal" is. Tienermeisies ontwikkel as 'n reël vinniger as tienerseuns wat ook veroorsaak dat hulle vroeër seksuele rypheid bereik (Havighurst, 1972:51-52). Adolessensie is dan die tydperk in 'n mens se lewe wat gekenmerk word deur 'n groot belangstelling in en besorgdheid oor liggaamlike ontwikkeling.

Effektiewe gebruik van die liggaam sluit ook verantwoordelike seksuele praktyke in, wat deesdae met die VIGSpandemie 'n wesenlike gevaar inhou. Dus is die aanleer van verantwoordelike en toepaslike seksuele gedrag belangrik.

Tienerfiksie wat oor normale fisiese ontwikkeling asook liggaamlike gebreke soos blindheid, siektes soos epilepsie, vetsug of dieetsiektes handel, kan 'n positiewe rol speel in tieners se aanvaarding van hul voorkoms wanneer hulle met die karakters in die tienerboek identifiseer. Hierdie temas in tienerfiksie kan tieners help om hul eie voorkoms, positiewe kwaliteite sowel as gebreke, of die van 'n vriend of vriendin, te verstaan en te aanvaar (Lukens & Cline, 1995:182-183).

3.2.1.4 Emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes

Tieners moet leer om emosioneel onafhanklik van hul ouers en ander volwassenes te word en om selfstandig te dink en op te tree. Hulle moet leer om verhoudings met volwassenes te hê en om hulle te respekteer sonder om emosioneel afhanklik van hulle te wees (Havighurst, 1972:55). Hierdie ontwikkelingstaak lei tot spanning tussen ouers en tieners aangesien tieners onafhanklik wil wees en ouers bang is om hul kinders daardie onafhanklikheid toe te laat. Dit lei gewoonlik daartoe dat tieners teen hul ouers, en soms ook ander volwassenes, rebelleer.

Tieners moet leer om self besluite te neem en veral om morele standpunte in te neem. Dit is in die hedendaagse samelewing baie belangrik aangesien tieners aan groot groepsdruk blootgestel word. Tieners wat nie emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes bereik nie, funksioneer moeilik as volwassenes in die gemeenskap en in 'n huwelik (Havighurst, 1972:56).

Alhoewel emosionele onafhanklikheid hoofsaaklik in gesinsverband aangeleer word, kan tienerfiksie waarin tienerkarakters verantwoordelikheid vir hul probleme aanvaar en dit self oplos, tienerlesers tot begrip in verband met die selfstandige neem van besluite en die gevolge van hul optredes te dra, gelei word.

3.2.1.5 Voorbereiding vir die huwelik en gesin

Aangesien die huwelik en gesin een van die boustene van die gemeenskap is, is dit belangrik dat tieners 'n positiewe houding daarteenoor ontwikkel (Havighurst, 1972:59). Dit word egter bemoelik omdat baie huwelike in die skeihof beland en gesinne sodoende verbrokkel. Enkelouergesinne is aan die orde van die dag en kindermishandeling neem wêreldwyd toe (Lukens & Cline, 1995:185). Tieners moet leer hoe om 'n huishouding te hanteer en hoe om kinders groot te maak (Havighurst, 1972:59). Sonder positiewe rolmodelle kan tieners nie hierdie ontwikkelingstaak bemeester nie.

Tienerfiksie kan hiertoe 'n bydrae lewer deur die realistiese voorstelling van gesinslewe sodat tieners kan lees oor skadelike, asook opbouende, optredes binne 'n huwelik, gesin, en enkelouergesin (Lukens & Cline, 1995:185).

3.2.1.6 Strewe na ekonomiese selfstandigheid

Die doel van hierdie ontwikkelingstaak is dat die tieners hulle moet voorberei om 'n loopbaan te volg en sodoende ekonomies onafhanklik van ouers of ander volwassenes te wees (Havighurst, 1972:62). Die strewe na onafhanklikheid is een van die sterkste dryfvere vir tieners, maar dit raak al hoe moeiliker om te bereik as gevolg van die moderne tegnologiese samelewing wat min geleenthede vir ongeskoolde werkers bied. Tieners bly lank afhanklik van hul ouers aangesien die meeste eers tersiêre of ander opleiding moet ontvang ter voorbereiding vir 'n suksesvolle beroep (Havighurst, 1972:65). Lukens en Cline (1995:184-185) noem dat hoewel loopbane nie dikwels die tema van tienerboeke is nie, dit meer aandag van skrywers behoort te kry aangesien baie volwassenes probleme ervaar met werksetiek en bevrediging binne 'n beroep.

3.2.1.7 Verwerwing van persoonlike waardes, etiek en ideologieë

Die verwerwing van persoonlike waardes, etiek en ideologieë is een van die belangrikste ontwikkelingsake wat tieners moet bemeester aangesien dit deel is van hul identiteit. Dit is gewoonlik gedurende die tienerjare dat 'n belangstelling in filosofiese, politiese en godsdienstige vraagstukke ontstaan. Die samelewing is vol teenstrydige waardes, etiek en ideologieë en te midde hiervan moet volwassenes 'n eie identiteit alreeds as tiener gevorm het om te weet waarin hulle glo (Havighurst, 1972:70).

Dit is belangrik dat skrywers van tienerfiksie etiese motivering vir karakters se optrede verskaf sodat tieners daarmee kan identifiseer. Sodoende kan tienerfiksie tieners help om insig te verkry uit die verskillende keuses en standpunte van fiksiekarakters (Lukens & Cline, 1995:186).

3.2.1.8 Die begeerte tot, en bereiking van sosiaal verantwoordelike gedrag

Tieners moet 'n sosiale ideologie ontwikkel sodat hulle as volwassenes 'n verantwoordelike bydrae tot die gemeenskap, omgewing en burgerlike samelewing kan maak. Dit is ook belangrik om gedrag by die waardes van die gemeenskap aan te pas (Havighurst, 1972:75). Die individu vorm 'n band met sy/haar sosiale groep van geboorte af. Reeds in die funksionering van die gesin leer die kind dat die welsyn van die groep belangriker is as die belange van die individu. Hierdie leerproses word dwarsdeur adolessensie tot in volwassenheid voortgesit. Die tiener is gereed om in die gemeenskap opgeneem te word, en om die proses suksesvol te

maak, is dit noodsaaklik dat die tiener moet leer om sekere "regte" op te offer in belang van die gemeenskap. As beloning daarvoor ontvang die tiener sosiale goedkeuring en aanvaarding, asook die voorregte wat volwassenes geniet (Havighurst, 1972:75-76).

Lukens en Cline (1995:185-186) noem dat dit belangrik is dat tieners leer om negatiewe groepsdruk te weerstaan. Tienerfiksie kan tieners voorberei op moeilike vraagstukke wanneer hulle met die karakters in 'n tienerboek identifiseer en hul woorde en optrede probeer verstaan (Lukens & Cline, 1995:185). Die vermoë om negatiewe groepsdruk te weerstaan is veral belangrik ten opsigte van dwelmgebruik en onverantwoordelike seksuele praktyke wat tot VIGSbesmetting kan lei. Sodoende dink hulle oor moeilike en omstrede kwessies en neem, soms onbewustelik, standpunt in.

3.2.1.9 Samevatting

Die tienerjare, of adolessensie, is 'n tydperk van geweldige liggaamlike, emosionele en verstandelike ontwikkeling. Havighurst se ontwikkelingstake moet as 'n voortdurende proses, wat tot in vroeë volwassenheid kan voortduur, gesien word. Die belangrikheid van die bereiking van die doelwitte van die ontwikkelingstake om goed aangepaste volwassenes te word, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Havighurst se ontwikkelingstake vind ook neerslag in tieners se leesbehoefte en leesbelangstellings en hang ten nouste daarmee saam. In die volgende afdeling word tieners se leesbehoefte, die redes waarom hulle lees, en hul leesbelangstellings, bespreek.

3.3 Wat is die tienerleser se behoefte? (Hatt, 1976:21)

Leserkundiges beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat tienerfiksie aan die leesbehoefte van tienerlesers moet voldoen ten einde te slaag. Kennis van tienerlesers se leesbehoefte en -belangstellings is dus nodig om te bepaal of 'n teks 'n sinvolle leeservaring verskaf.

Die twee terme, leesbehoefte en leesbelangstellings, word dikwels verwar, maar daar kan 'n onderskeiding getref word. Fourie (1989:117) noem dat kinders drie basiese leesbehoefte het, naamlik genot, nut en ontvlugting. Hierdie standpunt

word deur Marshall (1988:220, 222-226) ondersteun maar sy is van mening dat die basiese leesbehoefte van kinders eerstens die behoefte aan inligting en tweedens aan genot is. Oosthuizen (1991:302) noem weer dat die lees van fiksie leesbehoefte soos intellektuele en emosionele genot, estetiese belewenis, boeiende storielyn, vermaaklikheid, kwasi-belewenis van interessante gebeure, geselligheid, afleiding en rekreasie bevredig.

Marshall (1988:224) tref 'n onderskeid tussen leesbehoefte en -belangstelling deur te sê dat leesbelangstelling in die volgende stelling manifesteer: "Ek hou van boeke oor..." Leesbelangstelling dui dus op boeke wat op 'n spesifieke stadium vir die leser interessant is omdat dit 'n behoefte bevredig. Leesbelangstellings korreleer volgens Marshall (1988:224) meestal met die basiese behoefte aan leesgenot. Hierdie behoeftes bepaal tieners se leesbelangstelling en daarom verkies hulle leesstof met sekere temas op 'n sekere tydstip van hul ontwikkeling.

Steenberg (1988:167-172) noem drie groepe leesbehoefte, naamlik behoeftes wat te doen het met die self, met ander wat die self beïnvloed, en met 'n drang om nie-realistiese dimensies te verken. Hierdie behoeftes sluit aan by die ontwikkelingstake vir tieners soos dit deur Havighurst gestel word, en daarom word dit by die evaluering van *Slinger-slinger* en in die vraelys gebruik. Die drie groepe behoeftes is soos volg:

♦ **Self**

- tieners wil hul eie identiteit, seksualiteit en seksuele identiteit ontdek, en voorkoms en liggaamlike of geestelike gebreke word uiters belangrik.
- tieners wil waardesisteme, lewensfilosofieë, en verset teen die establishment ondersoek; en die sin van die lewe ontdek;
- tieners wil tot insig kom oor drank- en dwelmmisbruik.

♦ **Ander**

- die verhouding met die gesin word dikwels in leesstof aangeraak omdat dit uiters belangrik is en tieners se karakters ingrypend kan beïnvloed;
- die aard van die portuurgroep en die tiener se plek daarin;
- verhouding tussen geslagte is vir tieners uiters belangrik;
- verhouding/konflik met ander rasse is vir tieners 'n verwarrende saak en daarom het hulle behoefte aan boeke wat hulle tot insig in en aanvaarding van ander rasse kan lei.

♦ **Verkenning van nie-realistiese dimensies**

- tieners het behoefte aan ontvlugting, veral as daaglikse eise te oorweldigend word;
- wetenskapsfiksie stimuleer die behoefte aan intelligente, toekomsgerigte leesstof wat intellektuele samewerking van die leser vereis;
- fantasieverhale belig kernwaarhede en die stryd tussen goed en kwaad word sodoende verhelder;
- verhale oor die bo-natuurlike fassineer tieners omdat hulle 'n behoefte het om ondersoek in te stel na alle moontlike en onmoontlike lewensdimensies – dit sluit dikwels 'n religieuse soeke in.

Carlsen (1967:25-33), Fourie (1998:16-18) en Van der Westhuizen (1989:3-18) lig leesbehoefte soortgelyk aan Steenberg uit, maar hul onderskeiding word getref tussen vroeë-adolessente, wat gewoonlik elf tot vyftien jaar oud is, en laat-adolessente, wat ouer as sestien is. Carlsen (1967:28-29) en Fourie (1998:17) onderskei verder ook middel-adolessente wat ongeveer tussen veertien en sestien jaar oud is. 'n Onderskeid word tussen groepe tieners getref omdat hulle spesifieke leesbehoefte en gevolglike leesbelangstellings het wat ten nouste saamhang met hul intellektuele, psigologiese, sosiale en fisiese ontwikkelingsvlak (Van der Westhuizen, 1989:5).

- Vroeë-adolessente het 'n behoefte aan humor, 'n ongesofistikeerde verwondering oor hul wêreld, vriendskapsverhoudings met tydgenote, innerlike onsekerheid en vrese, en 'n ontdekking van die wese van dinge (Van der Westhuizen, 1989:5). Dit is dan om hierdie redes dat vroeë-adolessente 'n belangstelling het in leesstof wat hul nuutontdekte intellek en gevoelslewe sal bevredig, en hulle lees dan graag diere-, avontuur-, raaisel-, en sportverhale, asook verhale oor die bonatuurlike, verhale wat in die verlede afspeel en verhale oor tieners in ander wêrelddele (Van der Westhuizen, 1989:5-6). Hulle het behoefte aan leesstof wat sal help om die werklikheid, en hulself, beter te verstaan en wat aan hulle emosionele ontlading sal bied (Carlsen, 1967:25-28). Navorsing deur Wicks (1995:14) bevestig bogenoemde en beklemtoon dat humoristiese verhale die meeste byval vind, terwyl daar ook baie belangstelling in magiese verhale, mites en legendes onder hierdie ouderdomsgroep is.
- Gedurende die middel-adolessentiejare verdiep vroeë-adolessente se leesbehoefte (Carlsen, 1967:28) en ontwikkel hul taalvermoë sodanig dat hulle abstrak kan dink (Fourie, 1998:17). Dit gee daartoe aanleiding dat tieners belangstel in nie-fiksie verhale oor ware avonture, oorlogsverhale, historiese en

romantiese verhale, fantasie asook realistiese verhale oor tienerlewe (Carlsen, 1967:28-29; Fourie, 1998:18-19).

- Laat-adolessente het behoefte om meer te wete te kom oor die volwasse leefwêreld waarvan hulle gaan deel word. Daar is dus 'n belangstelling in leesstof waarin daar gedeel kan word in tydgenote se ervarings tydens hul oorgang na volwassenheid. Verder stel laat-adolessente belang in leesstof wat handel oor persoonlike waardes, vreemde of ongewone ervarings, en die betekenis van sosiale erkenning (Van der Westhuizen, 1989:6; Carlsen, 1967:29-33; Fourie, 1998:19).

Ter wille van volledigheid word 'n lys van tieners se leesbelangstellings saamgestel uit die voorstelle van Campbell (1996:776), Spencer (1990:23-28 ; 1992:163-168) en Van der Westhuizen (1989:10-16). Hierdie belangstellings bepaal dus ook die temas en onderwerpe wat in tienerfiksie aangeraak behoort te word. Verder is 'n vraag (A9) oor tieners se leesbelangstellings ook in die vraelys (Bylae E) ingevoeg:

- Avontuurverhale;
- Verhale wat gesinsverhoudinge uitbeeld;
- Verhale wat verhoudinge met maats en ander individue uitbeeld;
- Liefdesverhoudinge en romanse;
- Verhale oor rasseverhoudinge;
- Verhale waarin die onderwerp die fisiese voorkoms of ontwikkelende liggaam van die adolessent is;
- Seksualiteit en seksuele verhoudinge;
- Verhale oor siektes of gebreke sodat die adolessent empatie daarmee kan ontwikkel – hierdie tipe verhale vind aanklank by enige ouderdomsgroep;
- Verhale oor sosiale probleme en sosiale waardes is veral vir die laat-adolessent van waarde;
- Christelike fiksie;
- Bende-verhale wat oorvleuel met temas soos avontuur en sosiale probleme is veral vir die vroeë-adolessent interessant;
- Ruimtefiksie, wat veral hedendaags in Afrikaans begin verskyn;
- Natuur- en natuurbewaring;
- Diere- en jagverhale is veral gewild by jonger lesers;
- Skool- en koshuisverhale omdat adolessente se lewens rondom die skool gesentreer is;
- Toekomsfantasieë wat dikwels aansluit by temas soos avontuur en ruimte-reise;

- Historiese fantasieë en tydreise ("time traveling");
- Humoristiese verhale;
- Speurverhale ("mysteries") en rillers;
- Verhale met 'n historiese agtergrond;
- Verhale waarin stokperdjies as tema of newetema voorkom;
- Sportverhale wat gewoonlik gewild is by vroeë- en middeladolescente;
- Wetenskapsfiksie wat aansluit by ruimtefiksie en toekomsfantasieë, is veral gewild by vroeë- en middeladolescente omdat die tipe verhaal die intellek, verbeeldingskrag en kreatiwiteit stimuleer;
- Verhale oor die bonatuurlike is veral vir die vroeë-adolescent boeiend;
- Beroepsverhale sluit dikwels morele en sosiale waardes in, en is daarom gewild onder laat-adolescente.

3.3.1 Moontlike bydrae van fiksie tot die ontwikkeling van tieners

Eiselen (1993:44-45) sonder twee redes uit waarom tieners fiksie lees, naamlik vir ontspanning en ontvlugting, en om inligting te verkry. Sy beklemtoon dat inligtingsoordrag nie die primêre funksie van tienerfiksie is nie, maar dat feitelike inligting op 'n toevallige wyse oorgedra word in die verhaalgegewe. Dit is daarom belangrik dat die korrekte feite oorgedra word aangesien tieners nog nie genoeg kennis, insig of lewenservaring het om dit na behore te bevraagteken nie (Eiselen, 1993:44).

Marshall (1988:224-225) sluit by bogenoemde aan deur te sê dat mense hoofsaaklik fiksie lees omdat hulle dit geniet. Hierdie genot word verkry wanneer lesers hulself in die verhaal en karakters inleef; wanneer lesers sien hoe ander mense, al is dit in fiktiewe formaat, probleme/situasies hanteer; en wanneer inligting uit fiksie verkry word.

Emans en Patyk (1973:61) stel dit dat tieners lees omdat hulle inligting wil verkry oor hul probleme en idees; om te identifiseer met gebeure en karakters wat hulle as interessant of lekker beskou; vir die estetiese en vir ontspanning. Hulle bevind verder in hul ondersoek dat tieners hoofsaaklik lees vir ontspanning, tweedens om inligting te verkry en laastens ter wille van die estetiese (Emans & Patyk, 1973:63).

Nilsen en Donelson (1993:44-45) is van mening dat goeie tienerfiksie lesers kan help om emosioneel en intellektueel volwasse te word deurdat tienerlesers met die karakters kan identifiseer, veral omdat hulle kan lees oor die karakters se gedagtes. In goeie tienerfiksie ontwikkel die karakters in so 'n mate dat daar 'n duidelike groei na volwassenheid waargeneem kan word. Eiselen (1993:45) sluit hierby aan deur te sê dat tieners kan kompenseer vir hul eie tekortkominge deur met karakters in tienerfiksie te identifiseer. Hierdie karakters kan die probleme oplos en die tekortkominge waarmee tieners in die werklikheid sukkel, oorkom.

Lukens en Cline (1995:x) noem dat tieners lees omdat hulle op soek is na selfherkenning en 'n begrip vir ander mense. Hulle is dus van mening dat die funksie van tienerfiksie is om plesier te verskaf en begrip te bevorder. Hierdie bevordering van begrip en die toevallige inligtingsoordrag is veral ten opsigte van die seksuele in tienerfiksie belangrik (Eiselen, 1993:46). Dit word gedoen deurdat menslike motiewe blootgelê word sodat fiksie "ondervinding" aan die leser verskaf (Lukens & Cline, 1995:2). Fiksie wys die leser daarop dat dit nie altyd blyk asof die lewe 'n geheel vorm nie, maar dat dit uit soms verwarrende eenhede/fragmente bestaan. Om sin uit die verwarring te maak, moet tieners leer om op die essensiële te konsentreer en prioriteite te bepaal. Lukens en Cline (1995:3-4) noem ook dat die verdere voordele van tienerfiksie is om lesers bekend te stel aan sosiale instellings; om die natuur as 'n krag in die mens se lewe bloot te stel; en om lesers die kans te gee om hulself in situasies of karakters in fiksie te projekteer.

Ter bereiking van hul ontwikkelingstake en veral ten opsigte van die seksuele sou tienerfiksie onder andere kon bydra tot tieners se begrip van volwasse verhoudings; die aanvaarding van 'n manlike of vroulike sosiale rol; aanvaarding van hul fisiese voorkoms en verantwoordelike gebruik van hul liggame en seksualiteit; en die versterking van hul persoonlike waardes wat kan lei tot weerstand teen negatiewe groepsdruk en selfstandige optrede.

Dit is duidelik dat tieners fiksie lees om hul leesbehoefte aan ontspanning en ontvlugting, sowel as om inligting te kry, te bevredig. Toevallige inligtingsoordrag deur die lees van 'n goeie, interessante stuk fiksie kan dus bydra tot tieners se bereiking van hul ontwikkelingstake.

3.3.2 Samevatting

Tieners stel belang om te lees oor dinge wat aansluit by hul behoeftes, ontwikkelingstake en -eienskappe. Dit sluit die volgende in:

- Aspekte van hulself, hul volwassewording op fisiese, geestelike en emosionele vlak, 'n eie identiteit, eie waardesisteme en hul plek in die wêreld en samelewing;
- Aspekte van die mense en wêreld om hulle: verhoudinge met ouers, vriende, seksuele maats, rasse; landsake, morele kwessies, omgewingsake; en die doen en late van ander individue, volke en groepe.

3.4 Realisme in tienerfiksie

Uit bogenoemde is dit duidelik dat baie van die leesbehoefte en -belangstellings te doen het met die uitbeelding van die lewe waarin tieners hul bevind en dus met die realiteit. Realisme in tienerfiksie sluit nie net die uitbeelding van die werklike in nie, maar ook die uitbeelding van die negatiewe en soms skokkende.

Realisme in tienerfiksie kan omskryf word as die sensitiewe hantering van omstrede onderwerpe deur die skep van betroubare karakters wat geloofwaardig optree in ernstige situasies sonder om didakties voor te kom (Cart, 1996:214). Die doel van realistiese tienerfiksie is om tieners 'n groter insig in hedendaagse probleme te gee en om hulle voor te berei indien hulle dalk met sulke probleme, soos wat dit in die boek voorkom, te kampe mag kry (Visser, 1995:8).

Francois Bloemhof se tienerboek, *Slinger-slinger*, se hooftema is tienerseksualiteit. Dit het uit die navorsing wat Eiselen (1993:84) oor seksualiteit in Afrikaanse tienerfiksie gedoen het, duidelik geblyk dat die hantering van hierdie tema nie na behore in die behoeftes van tienerlesers voldoen het nie. Daar bestaan dus 'n behoefte aan realistiese Afrikaanse tienerfiksie waarin tienerseksualiteit volledig voorkom, en dit is om die rede dat realistiese tienerfiksie in hierdie afdeling bespreek gaan word.

In die bespreking van realisme in tienerfiksie word gekyk hoe dit ontstaan het, die voorkoms daarvan in hedendaagse tienerfiksie en die rol wat dit speel om aan tienerlesers se behoeftes en belangstellings ten opsigte van die seksuele te voldoen.

3.4.1 Ontstaan van realisme in tienerfiksie

Realistiese tienerfiksie het in 1942 in Amerika ontstaan (Cart, 1996:13) met die verskyning van Maureen Daly se tienerboek, *Seventeenth summer* (Cart, 1996:16; Carlsen, 1967:47-48). *Seventeenth summer* was die eerste boek wat uitsluitlik oor 'n tiener, vanuit die perspektief van 'n tiener, gehandel het. Gedurende die sestigjare het skrywers soos S.E. Hinton met *The outsiders* (1967), Robert Lipsyte met *Contender* (1967) en Paul Zindel met *The pigman* (1968) en *My darling, my hamburger* (1969), realisme in tienerfiksie verder gevoer deur hoofkarakters uit laer klasse wat in baie moeilike omstandighede leef, in hul boeke uit te beeld (Cart, 1996:42-62). Die realisme het nie net beslag gekry in die situasies waarin die karakters hul bevind het nie, maar ook in die lewensgetroue en soms kru taalgebruik van die karakters (Cart, 1996:63; Nilsen & Donelson, 1988:275). Onderwerpe wat daar gedurende die sestigjare in tienerfiksie voorgekom het, sluit dwelmmisbruik, aborsie, en homoseksualiteit in. Die probleemverhaal, wat later in die hoofstuk breër bespreek gaan word, het ook gedurende die sestigjare in Amerika ontstaan.

Cart (1996:76) is van mening dat die realistiese tienerverhaal gedurende die sewentigerjare 'n bloeitydperk in Noord-Amerika beleef het. Van die onderwerpe wat in tienerverhale verskyn het, was immigrante en swart Amerikaners as buitestaanders, homoseksuele verhoudings, dwelmmisbruik, verkragting, seksuele eksperimentering, alkoholisme van ouers, die dood, en die aanvaarding van verantwoordelikheid deur tieners (Cart, 1996:82, 85-86). Die verskyning van Robert Cormier se *The chocolate war* (1974) het 'n nuwe dimensie tot realistiese tienerfiksie gevoeg, naamlik wanhoop en vertwyfeling in tieners se lewens (Cart, 1996:84).

Gedurende die tagtigerjare was daar 'n terugkeer na romantiese tienerfiksie, en Engelse reekse soos die "Sweet Valley High"-boeke was, en is steeds, baie gewild onder tienermeisies (Cart, 1996:99, 105). Uitgewers het vir die eerste keer marknavorsing oor tieners se voorkeure gedoen, en dit het onder andere beslag gekry in bekostigbare slapbandboeke met besonder mooi omslae en met reekstitels soos "Wildfire", "Sweet Dreams" en "First Love" (Cart, 1996:99, 104), waarin daar oor hedendaagse verhoudings geskryf word. Hoewel die romantiese tienerfiksie nie realisties was nie, was dit die begin van publikasie in slapbandformaat (Cart, 1996:106). Realisme het in die tagtigerjare in verhale oor multikulturele samelewings en die hantering van multikulturaliteit tot uiting gekom (Cart, 1996:109).

Na die kort oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van realisme in tienerfiksie, gaan daar eerstens, ter wille van duidelikheid, 'n onderskeid getref word tussen realistiese

tienerfiksie en die probleemverhaal of "problem novel". Tweedens sal huidige tendense in realistiese tienerfiksie wêreldwyd, asook in Suid-Afrika, uitgelig word, en derdens sal die rol wat realistiese tienerfiksie in die voorsiening van tieners se leesbehoefte ten opsigte van seksualiteit speel, toegelig word.

3.4.2 Die probleemverhaal

Baie skrywers, soos Nilsen en Donelson (1993:100-112) gebruik die term "probleemverhaal" of "problem novel" as sinonieme vir realistiese tienerfiksie. Cart (1996:64-68) en Sutton (1982:33) voel egter dat die probleemverhaal wat gedurende die sestigerjare in Noord-Amerika ontstaan het, van die realistiese tienerboek verskil in die opsig dat dit nie die hoofkarakter is wat die fokus van die verhaal is nie, maar 'n spesifieke onderwerp of sosiale bekommernis/besorgdheid. Sommige skrywers het ook oorboord gegaan met die didaktiese moontlikhede van tienerfiksie, en die probleemverhaal het "'n verhaal met 'n les" geword. Sutton (1982:33-35) wys daarop dat die probleemverhaal gekenmerk word deur 'n spesifieke probleem waarvoor daar baie inligting verskaf word, en wat dan met 'n klinkklare oplossing opgelos word. Die probleemverhaal verskaf opwinding aan die tienerleser, maar dit laat die tienerleser nie *dink* oor die boek en moontlike oplossings vir die probleme nie. Sutton (1982:34) sê tereg dat realistiese tienerfiksie die tiener daarop moet wys dat probleme in die werklike lewe nie maklik opgelos kan word of net verdwyn nie, maar dat die tienerleser geleer word dat mens alle opsies nugter moet oorweeg, ingeligte keuses moet maak, en dan daarmee moet saamleef. Die verskil tussen 'n probleemverhaal en goeie realistiese tienerfiksie lê dan daarin dat tienerlesers hulself in laasgenoemde in die hoofkarakter se situasie moet indink en self vir oplossings moet soek. Goeie realistiese tienerfiksie bied geen kitsoplossings vir probleme nie, maar die doel van realistiese tienerfiksie is om lesers aan onbekende situasies/probleme bloot te stel sodat hulle daarop voorbereid is.

Hoewel die probleemverhaal as 'n genre van realistiese tienerfiksie beskou kan word, kan dit gebeur dat die probleemverhaal maklik in didaktisme kan verval en daarom word die begrip "realistiese tienerfiksie" verkies vir die doel van hierdie studie.

3.4.3 Realisme in hedendaagse tienerfiksie

Hedendaagse tieners word meer as voorheen blootgestel aan seksuele promiskuiteit, alternatiewe lewenstyle en -norme, drank- en dwelmmisbruik,

egskeiding, molestering, verskillende godsdienste, tale en rasse. Tieners word met al bogenoemde dinge oorweldig deur die massamedia, veral die televisie. Nilsen (1994:31) noem dat dit deesdae nie meer vir tieners nodig is om 'n tienerboek te lees om te weet dat hulle nie die enigstes met 'n spesifieke probleem of in 'n spesifieke situasie is nie. Sy sonder veral die Amerikaanse geselsprogramme soos dié van Oprah Winfrey, Ricki Lake en andere uit wat veral deur sensasionale onderwerpe groot gehore trek. Hierdie geselsprogramme word tans ook in Suid-Afrika uitgesaai, en die onderwerpe is werklik soms kru en skokkend. In sepies is daar byna geen sprake van waardes soos selfbeheersing, kuisheid en lojaliteit teenoor huweliksmaats nie. In sommige sepies is daar vier tot agt keer meer bedtonele tussen ongetroudes as tussen getroude pare, en daar is selde verwysings na voorbehoedmiddels of die gevolge van onverantwoordelike seksuele gedrag (Snyman, 2001:89). Tieners identifiseer maklik met die aantreklike mense wat in sepies optree, en hulle besef nie altyd dat die inligting wat hulle kry nie gebalanseerd is nie (Snyman, 2001:89). Dit is juis in hierdie opsig dat realistiese tienerfiksie 'n belangrike rol kan speel. Realistiese tienerfiksie kan geloofwaardige karakters en situasies skep wat die tienerleser wys hoe die werklike lewe lyk, en daaruit kan hulle leer dat mens slegs aan 'n situasie kan ontkom deur volwasse op te tree en ingeligte keuses te maak.

Die realistiese tienerboek maak nie meer net op 'n skokkende tema staat om lesers te trek nie, maar die boeke fokus eerder op meer opwinding, romanse en optimisme (Nilsen & Donelson, 1993:110). Lesers kry ook meer van 'n wêreldbeskouing in tienerboeke, wat juis hul leesbelangstellings aanvul (Nilsen & Donelson, 1993:112). 'n Meer gebalanseerde siening van ouers en ander volwassenes word gegee, en stereotipering van karakters, intrige en ruimte word vermy (Nilsen & Donelson, 1993:110). Karakterisering word sielkundig betroubaar, en met subtiliteit en sensitiwiteit gedoen. Rassisme en etniese probleme word op 'n meer gesofistikeerde wyse hanteer. Soms kom meer as een tema in 'n tienerboek voor, en dit word ook verweef met romanse, historiese fiksie of avontuur sodat die grense tussen spesifieke genres verweef raak (Nilsen & Donelson, 1993:111). Ehriander (1999:18) sê dat die grense tussen tiener- en volwasse fiksie vervaag omdat tienerfiksie al meer kompleks raak: die inhoud en tema word nie meer eksplisiet aangebied nie; gevorderde verteltegnieke word gebruik; verhale word gekenmerk deur verskeie vlakke van betekenis en intriges is nou verweef.

Ehriander (1999:18-19) noem verder dat probleme waarmee tienerkarakters in tienerfiksie te doene kry, nie meer maklik en oppervlakkig opgelos word nie, maar dat die volle kompleksiteit van die lewe aan die tienerleser bekendgestel word. Die kompleksiteit van die lewe kom ook tot uiting in die verandering dat tienerboeke nie meer noodwendig 'n gelukkige einde het nie. 'n Gevoel van hopeloosheid en pessimisme kom wel ook in veral Noord-Amerikaanse, Britse en Europese tienerboeke voor (Cart, 1999:248 ; Ehriander, 1999:18-19). Sodoende weet lesers dat hulle nie onrealistiese verwagtinge van die lewe moet hê nie (Visser, 1995:10). Tieners word hierdeur geleer dat hulle individue is wat self keuses kan maak en sodoende verandering kan meebring (Ehriander, 1999:19). Daar is selfs tienerboeke waarin tieners selfmoord pleeg omdat hulle dit as die enigste oplossing vir hul probleme beskou (Cart, 1999:248 ; Ehriander, 1999:19 ; Schmidt-Dumont, 1994:13). Visser (1995:10) sê dat die tragiese eindes van tienerfiksie nie noodwendig 'n pessimistiese lewensuitkyk by tieners sal vestig nie, aangesien tieners weet dat mense se lewens nie sonder probleme of ongelukkigheid is nie. Ehriander (1999:19) huldig dieselfde mening as sy dit beklemtoon dat pessimisme nie dieselfde betekenis as hopeloosheid het nie, en dat hoop in hedendaagse tienerfiksie na vore kom in die geloof in die individu se krag om op te tree en verandering mee te bring. Die hantering van groepsdruk is steeds 'n belangrike tema aangesien dit tieners leer hoe om selfstandig op te tree (Reid & Stringer, 1997:par. 9). 'n Meer gebalanseerde beskouing van ouers en die probleme in hul verhoudings berei tieners voor op die huwelikslewe (Nilsen & Donelson, 1988:278-279). Nog 'n nuwe neiging wat in tienerfiksie te bespeur is, is dat tienerfiksie 'n meer filosofiese en godsdienstige inslag toon (Ehriander, 1999:20).

Cart (1996:164) sê dat hedendaagse tieners baie vrese het: vrees vir armoede en werkloosheid, geweld, dwelmmiddels, misbruik deur ouers en ander volwassenes, verkragting en nog vele ander. Suid-Afrikaanse tieners ervaar dieselfde vrese as die wat Cart noem. Die belangrikheid van realistiese tienerfiksie kom tot uiting in die gesegde "kennis is mag" (Reid & Stringer, 1997:par. 3). Hedendaagse tieners moet bemagtig word om in die moderne wêreld te "oorleef" deur situasies te voorsien en te hanteer. Tieners moet leer hoe om ingeligte keuses te maak, en hulle moet weet dat hulle probleme kan oorkom. Dit is om hierdie rede dat die moderne tienerboek temas soos dwelm- en alkoholmisbruik, seksualiteit, verkragting, bloedskaande, homoseksualiteit en armoede bevat. Hierdie temas word eksplisiet en sonder illusies aan die tiener geskets.

3.4.4 Seksualiteit in realistiese tienerfiksie

Tienerfiksie is 'n ideale medium om 'n realistiese beeld omtrent seksualiteit aan tieners oor te dra. Soos alreeds bespreek in die afdelings oor Havighurst se ontwikkelingstake en die leesbehoefte van tienerlesers, is aspekte rakende die self, die ontwikkelende liggaam en verhoudings baie belangrik vir tieners. Tieners het baie vrese, onsekerhede en vrae rondom hierdie aspekte.

Eiselen (1993:47-49) het in haar studie bevind dat tienerlesers tienerfiksie behoort te lees waarin die korrekte feite oor seks aan hulle oorgedra word, en dat seksuele gedrag genoegsaam beskryf moet word. Tieners behoort ook te lees oor die gevoelens en emosies wat die seksuele in mens kan ontketen sodat hulle hul eie gevoelens en vrese kan begryp en verwerk. Tienerlesers behoort 'n wye verskeidenheid van onderwerpe en standpunte rakende seksualiteit, wat sonder vooroordeel in tienerfiksie voorkom, te lees. Sodoende kan die volle realiteit van die seksuele aan tieners voorgestel word. Hierdie standpunt word ook deur Fenwick (1994:6-9), Farrell (1997:51) en Polese (1989:86-87) gehuldig.

Internasionaal is daar die tendens om baie openlik oor seksualiteit in tienerfiksie te skryf. Bjorn *et al.* (1994:16-19) noem dat daar in Deense kinder- en tienerfiksie geskryf word oor die seksdaad en hoe babas gemaak word; dat kinders die reg het om "Nee" te sê vir seksuele misbruik; menstruasie en tienerseksualiteit. In Swede word daar ook openlik oor seksuele aspekte soos die vrees vir 'n moontlike swangerskap en aborsie geskryf (Westin, 1996:42). In Noorweegse tienerfiksie kom etiese aspekte rondom die volwasse lewe en die soeke na 'n eie identiteit sterk na vore (Vold, 1999:25, 27).

In die bekroonde Australiese tienerboek van Kate Walker, *Peter*, word openlik oor 'n tienerseun se soeke na 'n seksuele identiteit geskryf en word 'n realistiese, onbevooroordeelde homoseksuele rolmodel geskep (Walker & Bauer, 1994:25-28). In Amerika word een uit elke drie tienerselfmoorde gepleeg omdat tieners vrees dat hulle kan homoseksueel wees en daarom is openlike, realistiese tienerfiksie oor homoseksualiteit nodig (Walker & Bauer, 1994:28-30). In Duitse tienerfiksie kom temas soos seksuele misbruik en die blywende sielkundige skade wat dit die slagoffers berokken, probleme om ontwikkelende en veranderende liggame te hanteer, veranderende geslagsrolle, karakters wat met homo- sowel as

heteroseksuele eksperimente probeer om 'n eie seksuele identiteit te bepaal, en die volle realiteit van VIGS voor (Schmidt-Dumont, 1994:112-15).

Wanneer daar na die veranderinge en temas in hedendaagse realistiese tienerfiksie gekyk word, word dit duidelik dat die temas aansluiting vind by huidige sosiale tendense, Havighurst se tienerontwikkelingstake, sowel as die leesbehoefte van tieners. Hierdie tendense is ook in Afrikaanse tienerfiksie, soos Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*, te bespeur.

3.4.5 Samevatting

Realistiese tienerfiksie sluit nou aan by tieners se leesbehoefte en -belangstellings wat te doen het met die uitbeelding van hedendaagse tienerlewe en -probleme, soos groepsdruk, dwelm- en drankmisbruik, seksualiteit, VIGS, verkragting, homoseksualiteit, armoede, en geweld. Deur te lees oor die wyse waarop geloofwaardige tienerkarakters probleme oorkom, verkry tienerlesers groter insig sodat hulle soortgelyke probleme as dié waarvan hulle in tienerfiksie gelees het, makliker in die werklikheid sal kan hanteer.

3.5 Gevolgtrekking

Tieners het verskillende leesbehoefte gedurende die verskillende stadiums van hul ontwikkeling. Soos in hierdie hoofstuk aangedui, hou tieners se leesbehoefte verband met hul ontwikkelingstake. Benewens die funksie van ontspanning dien realistiese tienerfiksie as 'n middel om tieners op die realiteite van die volwasse lewe voor te berei. Goeie realistiese tienerfiksie wys tieners daarop dat wanneer keuses in 'n spesifieke situasie gemaak is, die probleme daaromtrent nie noodwendig verdwyn nie, maar dat kennis hulle meer in beheer van die situasie plaas.

Die literatuurstudie in hierdie hoofstuk het oor die volgende aspekte gehandel:

- tieners se eienskappe en ontwikkeling na volwassenheid deur die bereiking van ontwikkelingstake;
- tieners se leesbehoefte en die verband met hul ontwikkelingstake;
- die rol wat realistiese tienerfiksie speel om te voldoen aan tieners se leesbehoefte, veral ten opsigte van die seksuele.

Tieners se ontwikkelingstake is om nuwe en meer volwasse verhoudings met vriende van dieselfde ouderdom van beide geslagte te bereik; om 'n manlike of vroulike sosiale rol te aanvaar; om hul fisiese voorkoms te aanvaar en hul liggame effektief te gebruik; om emosioneel onafhanklik van ouers en ander volwassenes te word; om voor te berei vir die huwelik en 'n gesin, sowel as vir 'n ekonomiese loopbaan; om persoonlike waardes, etiek en ideologieë te verwerf; en om sosiaal verantwoordelike gedrag te bereik.

Die drie basiese groepe leesbehoefte van tieners, naamlik behoeftes wat te doen het met die self, met ander wat die self beïnvloed, en met 'n drang om nie-realistiese dimensies te verken, manifesteer in leesbelangstellings soos gesins-, liefdes- en rasseverhoudinge, seksualiteit, sosiale probleme, toekomsfantasieë en wetenskapsfiksie, en dit sluit aan by hul ontwikkelingstake. Fiksie wat aan die leesbehoefte en -belangstellings van tieners voldoen, kan die bereiking van hul ontwikkelingstake stimuleer. Realistiese tienerfiksie kan in tieners se ontspannings- en inligtingsbehoefte voldoen deur dié dinge wat hulle moet bemeester om volwasse te word, op 'n korrekte, interessante en plesierige wyse aan hulle te bied. Verally die seksuele aspekte wat redelik taboe vir geselskap of inligtingsoordrag is,

kan op dié wyse aanvaarbaar oorgedra word, soos dit ook wêreldwyd in tienerfiksie gedoen word.

Tieners lees fiksie vir ontspanning, ontvlugting en om inligting te kry. Hul leesbehoefte en -belangstellings hang saam met hul ontwikkelingsvlak en ontwikkelingsstadium, en daarom is 'n grondige kennis hiervan nodig om 'n tienerboek leserkundig te kan evalueer; dit is noodsaaklik dat skrywers dit in ag neem wanneer daar vir tieners geskryf word; ouers, onderwysers, en bibliotekaris moet die nodige kennis daarvoor hê om boeke vir elke ontwikkelingsfase waardeur tieners gaan, voor te stel; en verder moet tienerlesers ook bewus gemaak word van die waarde van goeie fiksie vir ontspanning en inligtingverkryging.

Bogenoemde literatuurstudie, tesame met die verdere literatuurstudie om die elemente waarvolgens tienerfiksie evalueer word, te identifiseer, gaan in 'n evalueringsmodel vir tienerfiksie met seksualiteit as tema, vervat word.

HOOFSTUK 4

'n Leserkundige evalueringsmodel vir tienerfiksie met 'n seksuele tema

4.1 Inleiding

Ghesquiere (1982:174) stel die standpunt dat 'n tienerboek aan sekere kriteria of maatstawwe gemeet moet word om uit te styg bo blote voorkeur of smaak, en daarom is dit nodig om vir hierdie studie ook die elemente vir leserkundige evaluering te identifiseer. Om Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* leserkundig te evalueer moet vasgestel word of dit gepas is vir die bedoelde lesersgroep deur die elemente vir leserkundige evaluering te identifiseer en dit in verband te bring met die ontwikkelingstake en leesbehoefte van tieners soos dit in Hoofstuk 3 bespreek is.

Wanneer seksualiteit die tema van 'n tienerboek is, behoort die hantering van die seksuele tema ook te voldoen aan sekere vereistes om te voldoen aan tieners se lees- en inligtingbehoefte insake seksualiteit. Eiselen (1993:48-51) het elemente geïdentifiseer wat gebruik kan word om die hantering van die seksuele tema in tienerfiksie te beoordeel. Hierdie elemente word ook in verband gebring met die reeds bepaalde ontwikkelingstake en leesbehoefte van tieners.

Op hierdie wyse word die agtergrond gestel waarteen Hatt (1976:21) se derde en vierde leserkundige vrae, naamlik "Wat is die aard van die teks?" en "Hoe kom die leser en die teks bymekaar?" in Hoofstuk 4 en 5 behandel word.

4.2 Identifisering van elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie

Verskeie leserkundiges en keurders soos Nilsen en Donelson (1993:58-94), Lukens en Cline (1995:7-148), Fourie (1989:231-234) en Oosthuizen (1991:304-313) is dit eens dat die verhaalelemente van fiksie ook die basis vorm vir die leserkundige evaluering van fiksie, en spesifiek ook tienerfiksie. Hierdie elemente is intrige, tema, karakterisering, vertelinstansie en perspektief, agtergrond, taalgebruik en skryfstyl. Fourie (1989:231) beklemtoon dat dit belangrik is dat skrywers die elemente op 'n konsekwente en geloofwaardige wyse hanteer sodat elke element ooreenstem met die ware aard van die besondere leefwêreld wat deur die skrywer geskep word.

ongeach die fiksie-kategorie of gebruikersgroep vir wie dit bedoel is. In die geval van tienerfiksie moet die skrywer elke element egter ook vanuit die beleweniswêreld van die tienerleser benader, want slegs indien die verhaalelemente aansluiting vind by die leesbehoefte van tieners sal die verhaal aanklank vind by tienerlesers.

Dit is dus belangrik dat die leefwêreld wat in die tienerboek geskep word, geloofwaardig moet wees én dat die verhaal vanuit tieners se perspektief vertel moet word, en dat die verhaalelemente so deur leserkundiges benader moet word. Die verhaalelemente gaan vervolgens leserkundig bespreek word sodat die behoeftes wat tienerlesers ten opsigte van elke element het, identifiseer kan word. Dit is nodig vir die latere evaluering van *Slinger-slinger*.

4.2.1 Elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie

Die elemente wat in hierdie afdeling leserkundig bespreek gaan word, is die verhaalelemente intrige, tema, karakterisering, vertelinstansie en perspektief, agtergrond (ruimte- en tydsebeelding), en taalgebruik en skryfstyl.

4.2.1.1 Intrige

In 'n teks word intrige gevorm wanneer verskillende gebeure op 'n logiese, lewensgetroue wyse ontvou tot 'n verhaal (Lukens & Cline, 1995:31). Die skrywer kies sekere gebeure om te beskryf en dit word tot 'n verhaal gekombineer (Brink, 1987:45-47). Gebeure in 'n verhaal staan nooit apart nie, maar vorm 'n reeks, met ander woorde, die verteller organiseer die gebeure in reekse sodat 'n verhaal/storie daaruit gevorm kan word (Brink, 1987:54). Gebeure, wat bymekaar pas, word eers in klein groepies gegroepeer. Hierdie klein groepies gebeure vorm dan 'n reeks of 'n storielyn.

Ghesquiere (1982:162-165) noem dat tieners 'n goeie, sterk storielyn wat vinnig ontwikkel, verkies. Die skrywer moet 'n fyn balans handhaaf tussen te veel beskrywing wat die leser kan verveel, en te min beskrywing wat die leser geen insig in die verhaal bied nie. Tienerlesers wil alreeds in die eerste paar bladsye van die verhaal weet dat iets opwindends gaan gebeur en dat daar 'n konfliktsituasie gaan voorkom (Nilsen & Donelson, 1993:58). Maniere om tienerlesers se aandag

onmiddellik vas te vang, is 'n treffende titel wat vrae in lesers se gemoedere ontketen en hulle as't ware dwing om die boek te lees (Nilsen & Donelson, 1993:59).

Tienerlesers se aandag word geboei deur die manier waarop die protagonis op die konfliktsituasies reageer en hoe dit opgelos word (De Gale, 1993:27). Daar is hoofsaaklik vier soorte konfliktsituasies wat in 'n verhaal uitgebeeld kan word, naamlik persoon-teen-self of innerlike konflik, persoon-teen-persoon, persoon-teen-samelewing, en persoon-teen-natuur. Tieners wil nie bloot oor 'n probleem lees nie, maar eerder hoe om op te tree om 'n probleemsituasie te oorkom. 'n Goeie tienerverhaal gaan die leser dwing om vrae te vra, soos: wat doen die protagonis in die spesifieke situasie, wat moes hy/sy gedoen het, en wat sou *ek* doen? Die belangrikste aspek is dat die tienerleser *self* moet standpunt inneem oor 'n spesifieke kwessie of probleem en sodoende deur die tienerverhaal tot groei en ontwikkeling gelei te word (Sutton, 1982:34-35).

Die manier waarop gebeure verwerk word tot 'n verhaal, en hoe ander intriges daarby ingewerk word, dra by tot die sukses van 'n verhaal. Die tienerleser is in staat om versteuring in die chronologiese aanbieding van 'n verhaal, deur byvoorbeeld terugflitse en vooruitskouinge, asook die parallelle ontwikkeling van verskillende storielyne, te hanteer.

Ghesquiere (1982:163-164) en Wiehahn (1991:14) noem verder dat die slot van 'n verhaal 'n baie belangrike rol te speel het aangesien tienerfiksie 'n weerspieëling van die werklikheid behoort te wees, en daarom kan die slot van tienerboeke nie altyd 'n gelukkige einde hê nie. Dit is egter belangrik dat die einde nie uitsigloos moet wees nie en dat oplossingsmoontlikhede moet oorbly.

Lukens en Cline (1995:51-54) noem dat indien intrige in tienerfiksie geëvalueer word, moet daar veral gelet word op die volgende moontlike leemtes: gebeure wat toevallig plaasvind sonder dat daar 'n voorafbeduidenis daarvan was; sentimentaliteit; gebrek aan konflik; 'n onwaarskynlike gelukkige einde; en sensasiewekkende gebeure en storielyne.

Die tienerverhaal is kort, gewoonlik nie meer as 200 bladsye nie, en dit speel gewoonlik in 'n tydperk van minder as 'n jaar af (Small, 1992:282).

4.2.1.2 Tema

Tienerlesers stel daarin belang om te lees oor dinge wat met hulle, en om hulle, gebeur. Die tema van 'n verhaal verbind alle elemente en beantwoord die vrae: Wat beteken die verhaal? Waaroor gaan die verhaal? (Nilsen & Donelson, 1993:67). Lukens en Cline (1995:60) definieër tema as die betekenisvolle en samebindende waarheid/waarhede van 'n verhaal of die idee wat die kern van 'n verhaal vorm.

Twee soorte temas kan in 'n verhaal voorkom, naamlik eksplisiete en implisiete temas. 'n Eksplisiete tema word duidelik in woorde in 'n verhaal gestel, terwyl 'n implisiete tema nie direk en duidelik uitgespel word nie (Lukens & Cline, 1995:61). Tienerlesers moet die tema van die verhaal stelselmatig ontdek - dit mag nie op hulle afdwing word nie anders verval dit in moralisering (Nilsen & Donelson, 1993:67). Fourie (1989:232-233) stem daarmee saam as sy waarsku dat wanneer tienerprobleme die tema van 'n tienerverhaal is, die tema dikwels te deursigtig is, en dat dit verkieslik is dat tieners so by die verhaal betrokke raak dat hulle eers by nadenke die tema van die verhaal werklik sinvol ervaar.

Lukens en Cline (1995:63-77) verwys na verskeie temas wat algemeen in tienerfiksie voorkom, byvoorbeeld die bewuswording van innerlike krag en aanvaarding van verantwoordelikheid vir mens se eie lewe; begrip vir die huwelik en ouerskap; hoopvolheid ten spyte van verskille; en nog vele meer. Dit word egter duidelik uit hul voorbeelde van temas vir tienerfiksie dat dit aansluiting vind by Havighurst se ontwikkelingstake vir tieners en by tieners se leesbehoeftes.

Sensitiewe temas soos seks, selfmoord, egskeiding, dwelmmiddels en geweld, behoort met omsigtigheid, verantwoordelikheid en integriteit deur skrywers hanteer te word (Wiehahn, 1991:14) sodat sensasionaliteit vermy kan word en die temas by die beleweniswêreld van die tiener kan pas.

By die evaluering van tema as verhaalelement, is dit belangrik om in gedagte te hou dat tieners fiksie nodig het wat aan hulle ontspanning bied, maar hulle ook blootstel aan ander idees en leefwêreldes wat beide realisties en hoopvol is (Lukens en Cline, 1995:77). Die tema van 'n tienerverhaal mag dus nie so simplisties wees dat tieners se begrip van die mens en die wêreld nie toeneem nie (Lukens en Cline, 1995:79). Die tema van 'n tienerverhaal mag ook nooit didakties of prekerig wees nie aangesien die verhaal dan nie meer deur tienerlesers as geloofwaardig beskou word nie (Lukens en Cline, 1995:79) en hulle belangstelling verloor.

4.2.1.3 Karakterisering

Karakterisering in die literatuur beteken dat 'n karakter of fiktiewe "persoon" met unieke psigologiese, emosionele en sosiale eienskappe deur die skrywer geskep word. Karakters moet in alle komplekse fasette van menswees geskets word sodat hulle lewensgetrou kan wees. Dit is belangrik sodat tienerlesers met die karakters in 'n tienerboek kan identifiseer (Lukens & Cline, 1995:7).

Die karakters in 'n tienerverhaal bestaan uit die protagonis, wat die hoofkarakter is waarmee die leser identifiseer, die antagonis, wat teen die protagonis optree, en verskeie newekarakters. Die skrywer moet poog om 'n dinamiese, ronde en komplekse protagonis te skep wat deur verandering groei en ontwikkel (Nilsen & Donelson, 1993:71). Skrywers moet daarteen waak om nie die protagonis te "goed" te maak nie, maar om 'n geloofwaardige tienerkarakter met sterk en swak karaktereienskappe te skep (De Gale, 1993:28). Die tienerleser moet bewus wees van die karakters se gevoelens en gedagtes om die motivering vir hul handeling te verstaan (Ghesquiere, 1982:166). Wanneer 'n karakter hom/haar wangedra, moet die leser kan begryp waarom hy/sy op die spesifieke manier optree (De Gale, 1993:28), met ander woorde die karakter en sy optredes moet ooreenstem.

Dit is nodig om hier onderskeid te tref tussen argetipe (of plat) en stereotipe karakters. Argetipe karakters kom in byna elke verhaal voor, byvoorbeeld as die wyse en hulpvaardige ouer persoon wat die protagonis onder sy/haar vlerk neem, die skurk of vyand, en die onsimpatieke ouer of stiefouer (Nilsen & Donelson, 1993:72). Argetipe karakters is gewoonlik belangrike karakters wat 'n simboliese en aktiewe rol in die verhaal speel (Nilsen & Donelson, 1993:72). Argetipe of plat karakters word minder omvattend rakende hul karaktereienskappe geskets, en leser "ken" hierdie tipe karakters nie so goed soos die protagonis nie (Lukens en Cline, 1995:16, Nilsen & Donelson, 1993:71). Stereotipe karakters is 'n tipe plat karakter wat 'n sekere groep voorstel deur daardie groep se eienskappe in 'n karakter te beliggaam (Lukens en Cline, 1995:17). Stereotipe karakters is bruikbaar as newekarakters wat tot die aksie bydra of 'n sekere gedagte of idee versterk (Lukens en Cline, 1995:17), byvoorbeeld in 'n tienerverhaal wat oor multikulturaliteit handel kan daar stereotipe karakters wat gekant is teen sekere rasse, voorkom. Stereotipe karakters is gewoonlik in die agtergrond en hulle ondergaan geen of min karakterontwikkeling, byvoorbeeld die neulende ma (Nilsen & Donelson, 1993:72). Soms lê die beperkte

omvang van die tienerboek optimale karakterisering aan bande, en die newekarakters bly dikwels staties (Ghesquiere, 1982:166 ; Nilsen & Donelson, 1993:71).

Karakters se eienskappe word op verskeie maniere aan die leser openbaar, byvoorbeeld deur die goeie of slegte optrede van 'n spesifieke karakter; deur die tipe taalgebruik en die manier waarop 'n karakter praat; deur hoe die karakter lyk en aantrek; deur die kommentaar wat ander karakters op 'n spesifieke karakter lewer; en ook die kommentaar wat die skrywer op 'n spesifieke karakter lewer (Lukens en Cline, 1995:9-12). Tienerlesers verkies dat karakteruitbeelding eerder uit aksie en dialoog ontwikkel as uit lang beskrywende gedeeltes of subtiele simboliek (Fourie, 1989:232).

Karakters moet ongeveer dieselfde ouderdom of 'n jaar of twee ouer as die tienerleser wees, en die karakters moet met dieselfde probleme as die tienerleser worstel (Eiselen, 1993:39 ; Charbonneau, 1995:par. 9). Tienerlesers hou daarvan om fiksie te lees waarin die hoofkarakters effens ouer as hulself is, want hulle projekteer hulself in die lewens van die hoofkarakters (Charbonneau, 1995:par. 10; De Gale, 1993:28).

Name van karakters kan 'n belangrike karakteriserende rol ten opsigte van identiteitskepping speel. Lang name word dikwels afgekort en gevarieër, byvoorbeeld Elizabeth wat Lisa vir haar ouers is, Liz vir haar maats, en Elizabeth vir haar onderwyseres. Oorspronklike byname kan ook tekenend van 'n spesifieke karakter wees (De Gale, 1993:24), en kan sodoende dien as deel van die bepaling van 'n eie identiteit vir tieners.

Ouers en ander volwassenes speel gewoonlik 'n klein rol in tienerverhale omdat die verhaal oor tieners handel (Zindel, 1979:43). Atkinson (1988:314) beklemtoon egter dat hoewel ouers nie 'n groot rol in tienerfiksie speel nie, hulle wel die tienerkarakters positief of negatief beïnvloed. Dit gebeur selde dat ouers of ander volwassenes die protagonis help om probleme te oorkom, en soms is dit juis hulle wat die oorsaak van probleme is (Small, 1992:283). Burner (1989:42) noem dat ouers soms as afwesig en/of selfgesentreerd in tienerfiksie uitgebeeld word, maar dat daar tog uitbeeldings is van liefdevolle ouers.

Realistiese karakterisering gaan nie net groei en ontwikkeling by die protagonis teweeg bring nie, maar ook by die tienerleser wat saam met die protagonis deur 'n probleem of moeilike situasie worstel en uiteindelik tot selfaanvaarding en selfvertroue gelei word (Sutton, 1982:34). Karakterisering is dus 'n baie belangrike element in 'n tienerverhaal, want deur die lewens van geloofwaardige karakters te "leef" (identifisering), word lesers se begrip van hulself, ander mense en die samelewing verhoog (Lukens & Cline, 1995:23).

4.2.1.4 Vertelinstantie en perspektief

Die vertelinstantie in 'n tienerverhaal kan 'n alwetende, eerstepersoons- of derdepersoonsverteller wees. Die alwetende verteller bied aan die skrywer die grootste vryheid omdat die leser aan al die karakters, goed of sleg, bekend gestel kan word. Die alwetende verteller is dus nie 'n karakter in die verhaal nie (Du Plessis, 2000:56). Die derdepersoonsverteller verskil effens van die alwetende verteller in die opsig dat die derdepersoonsverteller baie na aan die karakters in die verhaal beweeg, en nie al die karakters se innerlike motiewe en gedagtes ken nie (Van der Westhuizen, 1989:9). Die derdepersoonsverteller kan een van die karakters in die verhaal wees, maar nie noodwendig die hoofkarakter nie (Du Plessis, 2000:56). Tieners verkies dikwels die eerstepersoonsverteller omdat die tiener totaal met die hoofkarakter kan identifiseer omdat sy/haar bewussyn en innerlike monoloë met die tienerleser gedeel word (Ghesquiere, 1982:165 ; Charbonneau, 1995:par. 9 ; Zindel, 1979:44 ; De Gale, 1993:30 ; Du Plessis, 2000:57). Die eerstepersoonsverteller beperk egter die skrywer omdat die gedagtes van ander karakters verborge vir die leser is en omdat die verteller tyduimtelik net so beweeglik is as wat die karakter is (Nilsen & Donelson, 1993:77 ; Du Plessis, 2000:57). Hierdie probleem kan grootliks oorkom word deur gebruik te maak van dialoog waarin ander karakters hul gevoelens uitdruk (De Gale, 1993:30).

Om te onderskei tussen die verteller en die fokalisator/perspektiewelike hoek, moet die volgende vrae gestel word: wie sê en wie sien? Die een wat sê of vertel is die verteller en die een wat sien wat gebeur, is die fokalisator of die een uit wie se perspektief die verhaal vertel word (Du Plessis, 2000:57). Lukens en Cline (1995:101) definieër perspektief in die literatuur as die een deur wie se gedagtes die leser die verhaal sien. Die tienerverhaal kan vanuit 'n eksterne of interne perspektief aangebied word. Eksterne fokalisasie vind plaas wanneer die waarnemer nie self deel is van die verhaal nie, en dit gaan gewoonlik gepaard met 'n alwetende verteller.

Die skrywer wat gebruik maak van 'n alwetende verteller en eksterne fokalisasie moet daarop let om die verhaal vanuit 'n tiener se ervaringsveld te vertel om tienerlesers se aandag te behou (De Gale, 1993:31). Interne fokalisasie vind plaas wanneer die waarnemer òf na aan die karakter van wie vertel word, is, òf die bepaalde karakter self is (Van der Westhuizen, 1989:9). Interne fokalisasie van 'n eerstepersoonsverteller bied aan die leser die subjektiewe belewenis van die hoofkarakter, en dit bring mee dat die leser met die hoofkarakter identifiseer (Nilsen & Donelson, 1993:77 ; De Gale, 1993:31). Indien tienerlesers bewus word van karakters se gevoelens, emosies en gedagtegang of denkprosesse, bring dit mee dat hulle met die karakters kan identifiseer en sodoende begrip vir die karakters se situasie ontwikkel. Tienerlesers leer ook van die verskillende emosies, verskeie morele standpunte, asook probleemoplossings wat in situasies kan voorkom.

4.2.1.5 Agtergrond (ruimte en tyd)

Agtergrond word deur die fisiese en geestelike omgewing waarin 'n verhaal ontvou, gevorm. Dit bestaan uit die elemente geografiese plek, die natuurlike dekor, algemene omgewing en atmosfeer en kan in die verlede, hede of toekoms wees (Fourie, 1989:233). Die beskrywende elemente vir agtergrond in 'n verhaal is dus ruimte en tyd. Ghesquiere (1982:166-167) noem dat ruimte en tyd die "dekor" is waarin karakters tot lewe kom.

Ruimte is die plek waar die verhaal hom afspeel, en tieners verkies bekende omgewings soos die skool en die stad, of onbekende, avontuurlike plekke soos oerwoude, die see of die buitenste ruimte (Van der Westhuizen, 1989:8).

Tyd as verhaalelement kan onderskei word in vertelde tyd en verteltyd. Vertelde tyd impliseer die tyd wat in 'n verhaal gedek word, met ander woorde die tyd-binne-die-werk of die tydsduur van die verhaal (Keuris, 1992:544): dit kan 2 weke of 'n jaar in die lewe van die karakters wees. Die tydperk kan eietyds wees, maar dit kan ook in die verlede of in die toekoms afspeel (Van der Westhuizen, 1989:8) omdat die tienerleser in staat is om terugflitse, vooruitskouings en die oormekaarskuif van tyd te hanteer (Van der Westhuizen, 1989:8 ; Ghesquiere, 1982:163). Die verteltyd is die tyd wat geneem word om die verhaal te lees (Keuris, 1992:544). Weens tieners se vol programme en wisselende belangstellings wil hulle graag kort, opwindende verhale lees.

Ruimte en tyd kan 'n integrale deel van die verhaal uitmaak, of dit kan net die blote agtergrond vir die verhaal vorm (Nilsen & Donelson, 1993:81). 'n Verhaal het 'n integrale agtergrond indien ruimte en tyd die karakters, tema en handeling so beïnvloed dat die karakters in sekere omstandighede, in 'n spesifieke tyd en plek op 'n sekere manier optree (Lukens & Cline, 1995:87). Ruimte en tyd speel 'n integrale funksie in byvoorbeeld historiese verhale en fantasieë, verhale wat in spesifieke streke afspeel, soos in tropiese Afrika, en avontuurverhale waar die protagonis in stryd met die natuur is (Nilsen & Donelson, 1993:81-82). Wanneer 'n verhaal in 'n dorp, stad, skool, of in 'n ander bekende omgewing, afspeel, vorm ruimte soms net blote agtergrond vir die verhaal (Nilsen & Donelson, 1993:83). Lukens en Cline (1995:97) sluit by bogenoemde aan deur te waarsku dat veral die harde werklikheid van die omgewing, soos byvoorbeeld 'n swak woonbuurt in 'n stad, nie die aandag

van die tema van die verhaal moet aftrek nie, want die interne konflik wat karakters in realistiese tienerverhale ervaar, kan gewoonlik op enige soortgelyke plek afspeel. Gewoonlik vorm ruimte en tyd blote agtergrond vir die verhaal as die fokus van die verhaal op iets, of iemand, anders val (Lukens & Cline, 1995:87).

Al wil tieners graag verhale lees wat kontemporêr voorkom en in die mode is, raai De Gale (1993:25-26) skrywers aan om nie unieke eietydse gebeure, mense en neigings, soos koninklike skandale, popmusiek en modes, spesifieke regerings en staatshoofde, en kontroversiële vraagstukke van die tyd soos rook in openbare ruimtes, in verhale in te skryf nie aangesien dit 'n verhaal vinnig kan laat verouder. Tienerverhale moet dus eerder universeel wees, maar moet tog voldoen aan die eise van kontemporêr wees sonder om die verhaal te dateer.

Die agtergrond van 'n verhaal kan verskeie funksies hê, byvoorbeeld om die konflik wat die protagonis ervaar te verklaar en te versterk; om as antagonis op te tree indien die konflik in die verhaal bestaan uit persoon-teen-natuur; om die karaktereienskappe van die karakters uit te lig en te versterk; om aan die verhaal 'n sekere stemming te verleen, byvoorbeeld 'n gespanne stemming as gevolg van voortdurende droogte en die gevolglike moontlike verliese; en om simboliese betekenis aan die leser oor te dra, byvoorbeeld donkerte wat boosheid simboliseer (Lukens & Cline, 1995:91-96).

Lukens en Cline (1995:96-97) beklemtoon dat indien die agtergrond as verhaalelement geëvalueer word, daar eerstens bepaal moet word of die ruimte en tyd 'n integrale deel van die verhaal vorm en of dit as blote agtergrond dien. Indien dit 'n integrale deel van die verhaal uitmaak, is dit belangrik dat die agtergrond deur sig, gehoor en reuk aan die leser bekend gestel word. Wanneer ruimte en tyd blote agtergrond vir die verhaal vorm, mag die beskrywing daarvan nie die fokus van die sentrale tema/konflik laat verskuif nie (Lukens & Cline, 1995:23).

4.2.1.6 Taalgebruik en skryfstyl

'n Tienerverhaal moet nie in stram taal vertel word nie. Die moeilikheidsgraad van 'n tienerverhaal word nie net deur lang woorde en sinne bepaal nie, maar ook deur moeilike, abstrakte en lang woorde (Ghesquiere, 1982:167). Eiselen (1993:39) noem dat tienerlesers informele taalgebruik en 'n reguit vertellende styl verkies aangesien dit die praat- en denkpatroon van tieners volg. Sy sê voorts dat losstaande woorde, dialoog, gebroke sinne en 'n verrassende bladuitleg en tipografie tienerlesers interesseer. Charbonneau (1995:par. 12) en Zindel (1979:45) sluit hierby aan deur te sê dat die tienerverhaal kort en op die man af moet wees.

Taal kan in tienerverhale gebruik word om spanning, opwinding en humor te skep aangesien dit elemente is wat tieners baie geniet (Ghesquiere, 1982:167 ; Van der Westhuizen, 1989:9 ; Charbonneau, 1995:par. 13). Zindel (1979:44) beklemtoon dat tienerlesers van teenstrydige en absurde begrippe hou. Hy sê voorts dat skrywers "delicious language" moet gebruik om tienerverhale te skryf omdat dit 'n eietydse gevoel aan die verhaal gee sonder dat die woorde sal verouder. Skrywers moet daarteen waak om humor nie geforseerd te laat klink nie, aangesien dit tienerlesers eerder sal irriteer as vermaak (De Gale, 1993:32).

Tieners gebruik slengtaal en vloekwoorde, en dit moet op 'n sensitiewe wyse in realistiese tienerverhale ingebou word. De Gale (1993:41-42) beveel aan dat slengtaal spaarsaam gebruik moet word omdat dit vinnig verouder. Skrywers moet probeer om woorde te gebruik wat nie outyds klink nie, maar wat tog "blywende" slengtaal is. Verder beveel sy aan dat skrywers vloekwoorde wat nie te aanstootlik is nie, in dialoog kan gebruik sonder om dit aanvaarbaar te laat klink. Die vertelling kan gebruik word om aanstootlike vloekwoorde te vermy, byvoorbeeld: ".. hy loop vloekend verder ..." of "... hulle vloekte word al meer obsees soos hulle kwater word ...".

Elke skrywer het 'n unieke skryfstyl wat beïnvloed word deur byvoorbeeld die bedoelde lesersgehoor en die skrywer se doel met die boek. 'n Skrywer kan besluit om 'n humoristiese of dramatiese skryfstyl te handhaaf, of om die lesers met logiese feite te konfronteer (Nilsen & Donelson, 1993:88). Daar bestaan verskeie stylhulpmiddels wat 'n skrywer kan gebruik om 'n verhaal vir sy lesers lewendig en toeganklik te maak, byvoorbeeld beeldspraak, figuurlike taalgebruik, simboliek, konnotasie, hiperbole, verkleining, toespeeling en dialek (Lukens & Cline, 1995:117-

124). Figuurlike taalgebruik soos byvoorbeeld metafore, simboliek, alliterasie, rym en ritme, kan die tienerleser op 'n subtile wyse leer om taal te geniet en waardeer (Nilsen & Donelson, 1993:91). Goeie taalgebruik en 'n meesleurende skryfstyl laat die verhaal op verskillende vlakke ontvou, skep tyd, plek en gemoedstemming, laat die karakters ontwikkel en laat die gebeure voortstu (Sebestyen, 1995:par 4).

Die gebruik van dialoog in 'n tienerverhaal is baie belangrik aangesien dit die tempo van die verhaal verhoog en die tienerlesers insig in newekarakters se gedagtes en gevoelens gee. Dialoog skep 'n gevoel van intimiteit vir tienerlesers aangesien hulle "persoonlik" betrokke is by die karakters se gesprekke. Die manier waarop 'n persoon praat, gee mens ook 'n idee van die omstandighede waaruit hy/sy kom. Skrywers van tienerverhale kan dialoog gebruik om realistiese, lewendige karakters te skep, en om 'n swaar, donker luim te verlig. Dialoog moet egter realisties wees, en pas by tienertaalgebruik (De Gale, 1993:38-39).

Tienerfiksie kan 'n didaktiese funksie hê, maar skrywers moet daarteen waak om nie in 'n didaktiese, lerende skryfstyl te verval nie. Wanneer 'n skrywer 'n didaktiese houding in neem, ervaar tieners dit as dat die skrywer geen respek vir hulle as lesers het nie (Charbonneau, 1995:par. 4). Tieners wil realistiese verhale lees, sonder dat 'n standpunt op hulle afgedwing word (Eiselen, 1993:43). Wiehahn (1991:14) huldig die standpunt dat tieners tienerverhale moet geniet en subtiel gelei moet word tot 'n beter begrip van die werklike lewe. Ciupak (1992:par. 12) noem 'n belangrike punt wat skrywers in gedagte moet hou: tienerfiksie bou nie waardesisteme nie - dit is die taak van ouers. Tienerfiksie mag ander waardes en norme stel as die waaraan 'n tienerleser gewoond is, en dit sal daartoe lei dat die tienerleser sy eie waardes in oënskyn neem.

4.2.1.7 Samevatting

Die verhaalelemente intrige, tema, karakterisering, vertelinstansie en perspektief, agtergrond (ruimte- en tydsbeelding), en taalgebruik en skryfstyl wat in enige fiktiewe werk voorkom, is hier vanuit die beleweniswêreld van die tiener beskou om vereistes daar te stel waarvolgens tienerfiksie leserkundig evalueer kan word.

Omdat *Slinger-slinger* die seksuele as hooftema het, behoort daar ook gekyk te word na die addisionele vereistes wat leserkundiges aan tienerfiksie met hierdie tema stel.

Vervolgens word die addisionele kriteria, spesifiek vir die evaluering van die hantering van die seksuele tema in tienerfiksie bespreek.

4.3 Vereistes gestel aan die hantering van die seksuele tema in tienerfiksie

Eiselen (1993) het in 'n studie oor die voorkoms van seksuele aspekte in Afrikaanse tienerfiksie gedoen en sy het bevind dat die volgende elemente in tienerfiksie met 'n seksuele tema behoort voor te kom: die weergee van die korrekte feite, beskrywing van gevoel en emosies, beskrywing van seksuele gedrag, onbevooroordeeldheid, 'n wye leesspyskaart, en realisme. Hierdie bevinding word ondersteun deur verskeie internasionale skrywers soos Bjorn et al. (1994:16-19), Hendrickson (1994:20-23), Polese (1989:86-87), Schmidt-Dumont (1994:112-15), Walker en Bauer (1994:25-28), en Westin (1996:42).

4.3.1 Weergee van korrekte feite

Verkeerde feite oor die seksuele kan tieners verwar vanweë hul beperkte lewenservaring. Korrekte feite oor alle aspekte van menslike seksualiteit moet in tienerfiksie voorkom, byvoorbeeld oor fisieke ontwikkeling, seksuele gedrag, voorbehoeding, VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes, homoseksualiteit, die seksdaad en seksuele misdrywe (Eiselen, 1993:48). Polese (1989:86-87) sluit hierby aan, maar noem dat dit onnodig is om grafiese beskrywings van onstellende seksuele aktiwiteite soos molestering te gee. Dit is belangrik dat tieners die korrekte feite insake seksualiteit kry sodat dit hulle kan voorberei op die realiteit van die volwasse lewe.

Hierdie vereiste sluit aan by tieners se leesbehoefte insake hulself, hul liggame, en die bepaling van hul eie en seksuele identiteit. Dit sluit ook nou aan by die volgende van Havighurst se ontwikkelingstake, naamlik die bereiking van nuwe en meer volwasse verhoudings met vriende van dieselfde ouderdom van beide geslagte; die aanvaarding van 'n manlike of vroulike sosiale rol; die aanvaarding van die fisiese voorkoms en die effektiewe gebruik van die liggaam; en voorbereiding vir die huwelik en gesin.

4.3.2 Beskrywing van gevoel en emosies

Tienerfiksie is die ideale medium om die hewige emosies, verwarring, vrese en onkunde wat deur die seksuele in die mens ontketen word, aan tienerlesers te beskryf sodat hulle 'n begrip daarvoor kan ontwikkel (Eiselen, 1993:48 ; Fenwick, 1994:9). Omdat tieners beperkte lewenservaring het, besef hulle dikwels nie dat seks nie net uit die seksdaad bestaan nie, maar dat emosies, verwarring en vrese daarmee saamgaan. Realistiese verhale mag nie pynlike ervarings soos byvoorbeeld die dilemma waarin 'n swanger tiener haarself bevind, romantiseer nie, maar moet die ware vraagstukke openlik en sonder vooroordeel stel (Fenwick, 1994:9).

Wanneer molestering en seksuele misbruik in tienerverhale voorkom, moet dit met groot omsigtigheid hanteer word. Polese (1989:86-87) beveel aan dat so 'n verhaal vanuit die tiener se perspektief vertel moet word sodat die negatiewe emosies wat die karakter ervaar, soos skuldgevoelens, selfhaat, die effek van die verbreking van vertroue in 'n ouer of ander volwassene, emosionele isolasie en hartseer aan die tienerleser duidelik word sonder om in die sensasionele te verval.

Hierdie vereiste sluit ten nouste aan by tieners se behoefte aan inligting oor die opbou van verhoudings tussen die geslagte, en dit vind aansluiting by Havighurst se ontwikkelingsstaak waarin tieners moet leer om meer volwasse verhoudings aan te knoop waar die gevoelens van ander mense 'n belangrike rol speel.

4.3.3 Beskrywing van seksuele gedrag

Tieners hou daarvan om lewendige en realistiese beskrywings van seksuele aktiwiteite te lees om hul nuuskierigheid te bevredig (Nilsen & Donelson, 1993:132), aangesien die verloop van verhoudings tussen die geslagte een van tieners se leesbehoefte is. Hierdie beskrywings dien enersyds om seksuele spanning te verlig en andersyds om die tienerleser in te lig oor die wyse waarop sekere aktiwiteite plaasvind, watter optrede geverg word en watter emosie daarmee gepaard gaan (Eiselen, 1993:48). Nilsen & Donelson (1993:135-136) sê verder dat alhoewel min tieners met negatiewe seksuele aspekte soos verkragting, molestering, homoseksualiteit en ernstige siektes in die werklike lewe gekonfronteer word, elke tiener insig verlang oor die morele en sosiale implikasies van seksuele eksperimentering, en of dit tot seksuele omgang gaan lei. Daar word min openlik oor seks gepraat, aangesien die samelewing dit steeds as 'n taboe onderwerp beskou, en daarom is dit vir tieners belangrik om te lees oor hoe seksuele gedrag plaasvind.

Hierdie vereiste vind aansluiting by verskeie van Havighurst se ontwikkelingstake, naamlik die smee van meer volwasse verhoudings met vriende, die effektiewe gebruik van die liggaam, en die begeerte tot sosiaal verantwoordelike en veilige gedrag.

4.3.4 Onbevooroordeeldheid

In die werklike lewe word tieners voortdurend met seksuele kwessies gekonfronteer en hulle moet leer om morele standpunte in te neem. Tienerlesers behoort daarom in tienerfiksie in aanraking te kom met 'n wye verskeidenheid aspekte rakende seksualiteit. 'n Skrywer moet nie 'n moraliserende en lerende houding inneem en maklike oplossings vir die protagonis verskaf nie, maar moet hom/haar die vryheid gee om self morele besluite te neem (Eiselen, 1993:48-49). Daaruit sal die tienerleser tot die besef kom dat hy self sy eie besluite moet neem.

Dit is belangrik dat tieners weet dat elke mens die verantwoordelikheid moet dra vir besluite rakende seksualiteit, en dat ander mense op ander maniere persoonlike en seksuele geluk kan vind wat nie noodwendig met hul eie oortuigings ooreenkom nie (Fenwick, 1994:8). Veral homoseksuele tieners ervaar baie wroeging oor hul seksualiteit, en dit vereis dat hierdie tema met openlikheid en sensitiwiteit hanteer word (Cart, 1999b:1810 ; Slayton & Vogel, 1986:8-10 ; Walker & Bauer, 1994:26-29).

Hierdie vereiste is veral belangrik vir die bereiking van Havighurst se ontwikkelingsstaak rakende die verwerwing van persoonlike waardes, etiek en ideologieë. Tieners moet leer dat alle mense nie dieselfde waardes, etiek en ideologieë deel nie, en dat die ander persoon, met verskillende waardes, etiek en ideologieë, nie noodwendig daarom verkeerd of sleg is nie.

4.3.5 'n Wye leesspyskaart

Eiselen (1993:49) maak dit duidelik dat daar 'n verskeidenheid van onderwerpe en standpunte, al is dit kontroversieel, in tienerfiksie behoort voor te kom, aangesien dit alles dinge waarvan hulle kennis behoort te dra.. Sy sê voorts dat tieners kennis moet dra van alternatiewe seksvoorkeure (soos homoseksualiteit) en -praktyke (soos voorhuwelikse seks), sonder dat dit noodwendig goedgepraat of afgemaak word.

Moontlike nuwe oplossings vir moderne morele kwessies moet aan tieners gestel word aangesien tradisionele oplossings nie altyd meer geld nie (Eiselen 1993:49).

Hierdie vereiste vind ook weerklank in Havighurst se ontwikkelingstake want om volwasse verhoudinge met ander aan te knoop vereis dat 'n persoon kennis moet dra van ander se standpunte en praktyke en begrip daarvoor moet ontwikkel. Hierdie vereiste is ook belangrik om tieners behulpsaam te wees in die aanvaarding van 'n manlike of vroulike sosiale rol en die vorming van 'n eie seksuele identiteit. Dit dien ook as versterking of hulp by die vorming van persoonlike waardes, etiek en ideologieë. Op sy beurt sluit hierdie vereiste ook ten nouste aan by tieners se leesbehoefte.

4.3.6 Realisme

Tieners wil graag die volle werklikheid van seksualiteit begryp, maar dit word dikwels in tienerfiksie verswyg. Dit verwar tieners en maak hulle juis nuuskierig oor seks. Eerlike, realistiese beskrywings bevredig tienerlesers se inligting- en leesbehoefte, sonder dat dit noodwendig sensasioneel is (Eiselen, 1993:49). Fenwick (1994:9) sluit hierby aan, en noem verder dat tienerlesers van romanse hou, maar dat hulle moet leer dat 'n verhouding nie net uit romanse bestaan nie.

Temas soos homoseksualiteit, verkragting, die blywende psigologiese en emosionele skade as gevolg van seksuele misbruik, pre-puberteitsliefde, sensualiteit, eksperimentering met beide hetero- en homoseksuele seks ter bepaling van seksuele oriëntasie, en ouers se probleme met hul verhoudings word eksplisiet en openlik in internasionale tienerfiksie behandel (Ehriander, 1999:20; Schmidt-Dumont, 1994:14-15). Dit is ook nodig dat die gevare van VIGSbesmetting in realitiese tienerfiksie uitgewys word sodat tieners seksualiteit met verantwoordelikheid benader en dwelmgebruik vermy.

Hierdie vereiste voldoen aan al die leesbehoefte van tienerlesers en dit sal tieners help in die bereiking van al die ontwikkelingstake van Havighurst aangesien die werklike wêreld aan tieners voorgehou word.

4.4 Gevolgtrekking

Die literatuurstudie in hierdie hoofstuk het die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie geïdentifiseer. Leserkundiges en keurders is dit eens dat

die literêre elemente wat in alle verhale voorkom as basis vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie gebruik kan word, mits dit van toepassing gemaak word op die beleweniswêreld van die tiener. Die vereistes vir die seksuele in tienerfiksie is spesifiek deur Eiselen opgestel met die behoeftes van tieners in gedagte.

Vir die empiriese evaluering van die teks van *Slinger-slinger* wat voorts gedoen word, word die bogenoemde elemente in 'n leserkundige **evalueringsmodel** saamgevat. Die model sal bestaan uit die verhaalelemente intrige, tema, karakterisering, vertelinstansie en perspektief, agtergrond (ruimte- en tydsbeelding), taalgebruik en skryfstyl, toegepas op tienerbehoefte; en die vereistes vir die hantering van die seksuele in tienerfiksie (die weergee van die korrekte feite, beskrywing van gevoel en emosies, beskrywing van seksuele gedrag, onbevooroordeeldheid, 'n wye leesspyskaart, en realisme).

HOOFSTUK 5

Leserkundige ontleding en evaluering van Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*

5.1 Inleiding

In Hoofstuk 3 is Havighurst se ontwikkelingstake bespreek en die verband wat dit met tieners se leesbehoefte en -belangstellings het, is aangedui. Realistiese tienerfiksie is ook uitgewys as die ideale medium om aan tieners se behoefte aan lees vir ontspanning en vir inligting te voldoen. In Hoofstuk 4 is die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie asook die addisionele kriteria spesifiek vir die evaluering van die hantering van die seksuele tema in tienerfiksie bespreek. Verbande tussen die onderskeie elemente, Havighurst se ontwikkelingstake sowel as tieners se leesbehoefte is uitgewys en sodoende is 'n leserkundige evalueringsmodel vir tienerfiksie met die seksuele as hooftema opgestel.

Hierdie evaluering van die teks hoop om die navorsingsvraag 1 (In watter mate slaag *Slinger-slinger* wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?) en navorsingsvraag 2 (In watter mate slaag *Slinger-slinger* as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?) te beantwoord. Die evaluering sluit ook aan by Hatt se kernprobleme van die Leserkunde, vraag 3 (Wat is die aard van die teks?) en vraag 4 (Hoe kom die leser en die teks bymekaar?).

Francois Bloemhof se tienerboek *Slinger-slinger* word vervolgens aan die hand van bogenoemde leserkundige evalueringsmodel (intrige, tema, karakterisering, vertelinstansie en perspektief, agtergrond (ruimte- en tydsbeelding), taalgebruik en skryfstyl, weergee van korrekte feite ten opsigte van die seksuele, beskrywing van gevoel en emosies rondom die seksuele, beskrywing van seksuele gedrag, onbevooroordeeldheid, 'n wye leesspyskaart rakende seksualiteit en realisme) geëvalueer. Naas die leserkundige evaluering van die teks word 'n kort oorsig oor die menings van ander volwassenes, soos dit in die pers verskyn het, ook gegee aangesien dit die oorspronklike motivering vir en belangstelling in hierdie studie gevorm het. Die navorser sal ook dié menings vergelyk met die leserkundige bevindings van hierdie hoofstuk.

5.2 Leserkundige evaluering van Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*

5.2.1 Intrige

Die titel van die boek, *Slinger-slinger*, word ontleen aan die name van die vakansiehuise waarin 'n groep vriende al vir jare tuisgaan. Die mans het een aand tydens 'n braai te veel gedrink en na 'n gesamentlike waterafslaansessie in die bosse het hulle die vakansiehuise name gegee. Stephan-hulle gaan tuis in "Krom Slinger", Derek en sy ma, Nolene, in "Stout Slinger", die Robertsons in "Dik Slinger", die Stassens in "Jollie Slinger", en meneer Barkley, wat gedurende die jaar oorlede is, het altyd in "Regop Slinger" tuisgegaan.

Die huisename het 'n humoristiese inslag, maar die definitiewe seksuele konnotasies reflekteer ook op die inwoners se verhoudings: Stephan en sy ouers, met wie se verhouding hy dink daar fout is, bly in "Krom Slinger"; Derek en sy ma, Nolene, wat in 'n buite-egtelike verhouding betrokke is (en moontlik ook haar oorlede man aangesien dit hy was wat vir die huisie se naam gesorg het), bly in "Stout Slinger"; Nolene het 'n verhouding met Clive Robertson, wat in "Dik Slinger" bly; in die Stassens se "Jollie Slinger" huisie word Lisa seksueel misbruik en dit is alles behalwe "jollie"; en oorlede meneer Barkley se "Regop Slinger" is die plek waar Stephan sy maagdelikheid verloor.

Die titel van die boek dui ook op tieners heen-en-weer soeke na liefde, aanvaarding, wat reg en verkeerd is in die deurmekaar-realiteit waar hulle nie altyd bewus is van die rigting wat hulle moet inslaan en die keuses waarvoor hulle te staan kom nie. Die titel suggereer verder die tema van die boek en beklemtoon die gebeure wat die belangrikste in die verhaal gaan wees.

Slinger-slinger is die verhaal van Stephan du Toit en sy vriend, Derek Britz, wat saam met hul onderskeie gesinne 'n Desember vakansie in Suikerstrand deurbring. Hulle hou al jare lank saam vakansie en ontmoet gewoonlik dieselfde mense daar. Stephan en Derek oefen vir 'n fietswedren wat op Welwillendheidsdag gaan plaasvind.

Tydens die vakansie ontmoet Stephan vir Lisa Stassen, wat deur haar pa seksueel gemolesteer word. Hy raak verlief op haar en hul liefdesverhouding ontwikkel tot 'n

seksuele verhouding. Stephan word tydens die vakansie meer volwasse as hy tot die besef kom dat 'n verhouding meer is as net seks, en dat 'n seksuele verhouding ook verantwoordelikhede meebring.

Stephan en Lisa se verhouding noodsaak Derek om teenoor Stephan te bekén dat hy homoseksueel is en verlief is op hom. Derek moet sy eie seksuele identiteit erken en Stephan moet besluit wat Derek se vriendskap vir hom werd is.

In *Slinger-slinger* staan drie intriges/gebeure sentraal tot die verhaal: die ontwikkeling en groei van Stephan en Derek se vriendskap; die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa; en die fietswedren. Hierdie drie reekse gebeure staan sentraal in die verhaal en die ander gebeure, soos die vleisbraai van al die inwoners van die vakansiehuise, die dans in die stadsaal wat deur al die tienervriende bygewoon word, en die daaglikse doen en late van die tieners en volwassenes, vloei daaruit en lei saam tot 'n volledige verhaal.

Tienerlesers is in staat om storielyne wat parallel met mekaar ontwikkel, soos dié in *Slinger-slinger*, te hanteer. *Slinger-slinger* is 'n chronologiese verhaal wat logies verloop, met 'n paar verbrekings van die chronologie deur terug- en vooruitskouings. Daar is sterk kousale motivering in die verhaal veral ten opsigte van Lisa se seksuele losbandigheid wat die gevolg van haar pa se molestering is.

Voorts word die sentrale intriges bespreek in die volgorde waarin dit in die boek verskyn, waarna die subintriges opsommenderwys bespreek sal word.

5.2.1.1 Stephan en Derek se vriendskap

Stephan du Toit en Derek Britz is reeds vanaf standerd 3 [graad 5] saam in 'n klas, is goeie vriende en hou die afgelope sewe jaar saam vakansie op Suikerstrand (p. 8). Hul vriendskap is diep en opreg en hulle ken mekaar baie goed. Hulle hou daarvan om dinge saam te doen, soos fietsry. Tienerslesers sal met dié karakters kan identifiseer aangesien baie tieners vriende het saam met wie hulle grootgeword het, óf hulle kan so 'n vriendskap begeer.

Stephan ontmoet vir Lisa Stassen by Suikerstrand, en hy is onmiddelik verlief op haar. As hy sukkel om 'n aanknopingspunt met haar te kry, bied Derek aan om namens Stephan met Lisa te praat, want "Dalk kan ek jou saak bevorder" (p. 27) omdat hy " 'n slag met die girls" het (p. 27), en dit laat Stephan bedreig voel. Selfs toe Derek vir Stephan 'n ontmoeting met Lisa reël voel hy steeds dat Lisa eerder in die aantreklike en welsprekende Derek sal belangstel. Die uitbeelding van Stephan se onsekerheid sluit aan by tieners se behoefte ten opsigte van die ontdekking van hul eie identiteit en persoonlikheid.

Derek waarsku Stephan oor sy verhouding met Lisa, omdat sy "nogal [...] gewillig" is met seuns (p. 51). Hoewel Stephan baie kwaad word, hou Derek by sy waarskuwing want "jy's my pal" (p. 51) en dit versterk Stephan se vermoede dat Derek self in Lisa belangstel. Stephan en Derek se vriendskap het tot op so 'n vlak ontwikkel dat Derek die vrymoedigheid het om Stephan te waarsku teen Lisa se losbandigheid, maar Stephan twyfel so aan homself dat hy Derek steeds as 'n bedreiging beskou.

Toe Stephan uitvind dat Derek hom en Lisa na die partytjie gevolg het en gesien het dat hulle seks het, konfronteer hy vir Derek daaroor tydens 'n fietsry-oefensessie. Stephan dink steeds dat Derek ook op Lisa verlief is, en sy bekentenis dat hy eintlik op hom, Stephan, verlief is, kom dus as 'n geweldige skok (p. 67). Stephan en Lisa se verhouding noodsaak Derek om sy eie seksuele identiteit te erken en aan sy beste vriend te openbaar. Wanneer Stephan 'n ontstelde en skaam Derek na die erkenning vashou, besef hy dat hy nie sy jarelange vriend wil verloor net omdat hul seksuele oortuigings verskil nie. Stephan bevestig die waarde wat hy aan die vriendskap heg wanneer hy na die oefensessie steeds saam met Derek gaan stort (p. 77).

Tienerlesers kan hulle met Stephan en Derek vereenselwig omdat baie tieners vriende het wat saam met hulle grootgeword het. Die skrywer skets hier 'n situasie waarvoor baie tieners, en ook volwassenes, moontlik gestel kan word, naamlik die homoseksualiteit van 'n vriend(in). Die skrywer gee implisiete aanduidings dat Derek nie in meisies geïnteresseerd is nie, soos toe Stephan hom vra waarom hy nie 'n meisie het nie en Derek antwoord: "Moet nou nie 'n doos wees nie" (p. 27), asook wanneer Stephan vra of Derek nie in Angelica belangstel nie, en Derek antwoord "sy's nie my tipe nie" (p. 51). Hoewel Stephan geskok is na Derek se onthulling, is hy volwasse genoeg om te beseef dat Derek se vriendskap te kosbaar is om te verloor net omdat Derek 'n ander seksuele ingesteldheid as hyself het. Die vraag bestaan egter of Derek werklik sy homoseksualiteit so goed sou kon wegsteek, en of die skrywer 'n ongemotiveerde verwickeling laat plaasvind het. Dit kon ook 'n poging van die kant van die skrywer wees om uit te wys dat homoseksuele persone nie sonder meer geëtiketteer kan word nie. Stephan hanteer die situasie op so 'n wyse dat tienerlesers saam met hom kan besluit hoe hulle die situasie sou hanteer.

Die uitbeelding van Stephan en Derek se vriendskap spreek verskeie behoeftes van tieners aan, soos die ontdekking van hul eie identiteit en waardes, meer volwasse verhoudings met vriende, die realistiese uitbeelding van gevoelens en emosies van onsekerheid wanneer verhoudings betrokke is (Stephan wat op Derek staatmaak vir 'n afspraak met Lisa, sowel as Derek se gevoelens vir Stephan), en die onbevooroordeelde wyse waarop alternatiewe seksvoorkeure (homoseksualiteit) aan die leser gestel word. Die uitbeelding van Stephan en Derek se vriendskap slaag dus leserkundig.

5.2.1.2 Die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa

Stephan sien Lisa die eerste keer op die 16de Desember, twee dae nadat hulle op Suikerstrand aangekom het. Hy sien haar net vir 'n paar sekondes, maar hy weet dat hy haar beter sal wil leer ken.

Sy eerste ontmoeting met haar verloop egter nie voorspoedig nie. Hy gaan eet by die restaurant waar sy werk, maar toe hy haar vra om haar weer te sien om met haar te gesels, jak sy hom af met: "Kak. Julle ouens dink net aan een ding." (p. 24). Stephan vertel Derek van die rampspoedige ontmoeting, en Derek bied aan om Stephan se saak te bevorder deur met Lisa te gaan praat (p. 27). Tienerlesers sal

hier met Stephan kan identifiseer aangesien meeste tieners probleme ervaar met verhoudings met, en selfbewus is teenoor die teenoorgestelde geslag.

Derek reël vir hulle 'n ontmoeting op die strand en Stephan besef gou dat hy verlief is op Lisa. Hy kom hier reeds agter dat sy nie 'n goeie verhouding met haar pa het nie, en dat sy voel dat haar toekoms uitsigloos is.

Wanneer Stephan na Lisa en haar pa, Koert Stassen, se vakansiehuis gaan om hulle vir ete te nooi, besef hy weereens dat haar verhouding met haar pa baie sleg is en dat sy bang is vir hom. Dit kom ook tydens die vleisbraai na vore as Lisa vir haar pa moet kos opskep. Koert Stassen hou haar boonop heeltyd onder oog, en toe hy gaan slaap, gaan sy sonder teëstribbeling saam. Dit blyk dus uit hierdie optrede dat Koert Stassen vir Lisa in die rol van sy vrou plaas soos dit later in die verhaal duidelik word.

Tydens Stephan se tweede besoek aan Lisa by die restaurant, soengroet sy hom. Hulle gesels 'n ruk lank omdat die bestuurder van die restaurant nie daar is nie. Lisa sê aan Stephan dat "[...] jy is mooi van binne" en "Jy weet nie wat dit vir my beteken dat 'n ou kan kom ... en nét" (p. 49). Sy begin besef dat Stephan nie net, soos ander, seksueel in haar belangstel nie, maar dat hy haar as mens wil leer ken, en sy hou daarvan.

Dwarsdeur die verhaal is daar seksuele ondertone in hul gesprekke en optredes omdat sy seuns/mans so ervaar en omdat Stephan seksueel tot haar aangetrokke is. Dit sluit by tieners se leesbelangstelling aan omdat seks 'n belangrike deel van hul lewens is.

Derek waarsku Stephan dat Lisa redelik losbandig is en deur die kinders beskinder word. Hoewel dit hom ontstel, besef hy dat hy haar desondanks beter wil leer ken en daarom ontmoet hulle mekaar by die dans in die stadsaal. Terwyl hulle dans, word hy seksueel so geprikkel dat hy 'n ereksie kry. Hulle gaan stap en Stephan onthou dat die Regop Slinger huisie se agterdeur nie behoorlik kan sluit nie, waarheen hulle dan gaan en mekaar liefkoos, en die eerste keer seks het. Stephan besef hier dat Lisa seksueel ervare is.

Die volgende dag, Kersdag, probeer Stephan vir Lisa te sien kry, maar sy en haar pa kom glad nie uit die vakansiehuis nie. Toe hy sien dat Koert Stassen die huis sluit

en ry, klim hy deur die oop kombuisvenster, loop verby die eerste kamer met 'n netjies opgemaakte bed, en kry vir Lisa nakend in haar bed. Nadat Lisa eers orale seks op Stephan toepas, het hulle seks nadat sy vir hom vra: "Laat my beter voel." (p. 73). Daarna vra sy hom kortaf om te gaan, en na 'n woordewisseling sê Lisa vir Stephan: "My pa is al jare lank my boy friend." (p. 75). 'n Erg geskokte Stephan vlug uit die huis uit. Dit is hieruit duidelik dat sy erg getraumatiseer is deur haar pa se optrede en dat sy probeer beter voel deur seks te hê.

Later dieselfde aand vra Stephan se ma dat hy die Stassens moet gaan vra of hulle saam wil vleisbraai. Toe hy daar kom, hoor hy dat Lisa en haar pa 'n woordewisseling het. Dit maak hom so woedend dat hy by die deur inbars en in 'n geveg met Lisa se pa betrokke raak. Later, tydens die vleisbraai, gesels Lisa en Stephan oor haar pa wat haar al jare lank molesteer. Sy erken dat sy nie die molestering wil aanmeld nie, omdat sy bang is dat sy in 'n kinderskool gaan beland. Sodoende word dit aan lesers duidelik dat daar nie maklike oplossings vir seksuele misbruik is nie, en dat die oplossings soms die slagoffer nog meer traumatiseer. Die emosionele skade by Lisa word deur haar siniese, uitsiglose lewensuitkyk geïllustreer en dit laat lesers besef dat seksuele misbruik iets is wat veel dieper as die liggaamlike is.

Die 26ste Desember sou Stephan aan die fietswedren deelgeneem het, maar Koert Stassen het sy bande in weerwraak stukkend gesny sodat hy nie kan deelneem nie. Stephan vlug strand toe, waar hy nadink oor Lisa se situasie en begryp dat sy losbandig is om beter oor haarself te voel. Toe Lisa hom later op die strand kry, sê sy dat sy nie weer gaan toelaat dat haar pa haar molesteer nie. Die oorblywende paar dae kuier hulle openlik met mekaar. Wanneer Stephan vir Lisa kom groet met hul vertrek huis toe, laat hy haar belowe om oor die misbruik te praat, en iets aan die situasie te doen, waarop Lisa belowe dat sy met 'n simpatieke onderwyseres daaroor sal gaan praat.

Daar kom twee tipes konfliktsituasies in die verhouding tussen Stephan en Lisa voor, naamlik innerlike en persoon-teen-persoon konflik. Stephan ervaar innerlike konflik wanneer hy besin oor sy seksualiteit en sy verhouding met Lisa. Hy ervaar konflik teenoor Koert Stassen wat vir Lisa seksueel misbruik. Die tienerleser ervaar saam met Stephan die onsekerhede wat sy ontluikende verhouding met Lisa in hom ontketen, asook die woede teenoor Koert Stassen wat sy eie dogter misbruik. Die skrywer tree nêrens didakties op nie, en lesers moet self standpunt inneem oor die

seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa, en Lisa se seksuele molestering. Dit dwing die lesers om hieroor na te dink en te besluit hoe hulle in sekere situasies sou optree en hulle kan saam met die hoofkarakter tot 'n standpunt kom.

Die skrywer hanteer Lisa se molestering goed en hy gee nie maklike oplossings vir die moeilike probleem nie. 'n Leemte in die verhaal is dat daar nie by Lisa 'n katarsis plaasvind nie, en die leser kry 'n gevoel dat die misbruik, en haar losbandigheid, nie maklik sonder verdere ondersteuning gaan ophou nie. Hierdie indruk word versterk deurdat haar pa geen berou toon nie, en selfs Stephan wonder of die misbruik werklik gaan ophou (p. 92).

Regdeur die verhaal is daar 'n seksuele ondertoon in Stephan en Lisa se gesprekke en optrede. Stephan se seksuele aangetrokkenheid tot haar en hul seksuele verhouding sluit aan by dit wat ook in die tienerleser se lewe 'n belangrike rol speel.

Die uitbeelding van die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa slaag leserkundig omdat dit die vele fasette waaruit 'n verhouding bestaan, uitlig. Stephan voel wel seksueel aangetrokke tot Lisa, maar hy wil haar as mens beter leer ken deur met haar te gesels. Sodoende word daar aan tieners se leesbehoefte rakende verhoudings, die vorming van waardes en die verskillende verhoudings binne die gesin, voldoen. Gevoelens en emosies in 'n ontwikkelende en seksuele verhouding, asook beskrywing van seksuele gedrag kom na vore in die beskrywing van Stephan en Lisa se verhouding. Hierdie elemente sluit aan by lesers se belangstelling in seksuele- en liefdesverhoudings.

5.2.1.3 Die fietswedren

Stephan en Derek oefen elke oggend saam om aan die fietsrykompetisie wat op Welwillendheidsdag gaan plaasvind, deel te neem. Die prysgeld vir die wenner van die kompetisie is R500-00.

Dit is alreeds op die voorblad en die titelblad van *Slinger-slinger* duidelik dat fietsry 'n belangrike onderwerp in die verhaal is. In hoofstuk 3 word die leser bekendgestel aan die fietsrysport as Stephan besig is om sy beenhare te skeer, en om sy duur fietsryklere en tekkies aan te trek. Sy mooi rooi resiesfiets herinner hom aan die lyn tussen 'n meisie se bors en heup.

Nadat Lisa vir Stephan van haar molestering vertel het, verplaas hy sy frustrasie rakende die hantering van Lisa se molestering na sy fietsryery as hy hoop dat hy met 'n oorwinning in die fietswedren Lisa se probleme sal laat verdwyn. Hierdie optimisme word egter die volgende oggend verpletter toe hy by sy fiets kom en sien dat iemand - Koert Stassen - sy fiets se bande stukkend gesny het. Dit laat hom besef dat ernstige probleme, soos molestering, nie 'n maklike oplossing het nie. Hy besef ook dat Lisa self haar probleem moet probeer oplos, en dat hy dit nie namens haar kan doen nie. Die skrywer slaag hier om tienerlesers daarop te wys dat probleme nie altyd maklik oplosbaar is nie, maar dat daar eerder hoop is as mens probeer om self iets aan jou situasie te doen.

Die fietsryery vorm die onderbou in die storielyne want dit is tydens die oefensessies dat Stephan en Derek oor Stephan se verhouding met Lisa gesels, en tydens 'n ruskans Derek sy homoseksualiteit aan Stephan openbaar. Die skrywer slaag daarin om die intriges aan mekaar te knoop deur middel van die fietsryery en die wedren.

5.2.1.4 Ander subintriges

Ander gebeure wat in die verhaal voorkom, behels eerstens die tienerbedrywighede op vakansie, soos strand toe gaan, swem en sonbaai; partytjies bywoon; rook, drink, en dagga gebruik; hoop op vakansieromanses; en algemene tieneraktiwiteite soos skinder, "snaakswees" en tienerklets.

Op die partytjie in die stadsaal kom baie van die tieners se ongure bedrywighede na vore. Angelica is vroeg reeds beskonke en almal word redelik maklik deur Graham omgepraat om daggakoekies te eet.

By die vleisbraai van die ouers raak al die ouers self besope ten aanskoue van die tieners, wat agteraf rook en drink. Voor die ander is die Robertsons baie vryerig met mekaar, maar net na die braai kom Stephan op Clive Robertson en Nolene Britz se owerspel af.

Dit is duidelik dat daar ooreenkomste in die optrede van die volwassenes en die tieners is ten opsigte van die drankmisbruik en seks. Die skrywer skets duidelik volwassenes wat ook struikel en bevestig daardeur die feit dat tieners selfstandig moet besluite neem en nie net volwassenes se optredes naboots nie. Uit die beskrywing van die vleisbraai blyk dit duidelik dat die ouers nie besef dat hulle aan die tieners, wat juis op 'n stadium in hul lewens is waar hulle na die regte waardes soek, 'n slegte voorbeeld stel nie. Dit is verder ontstellend dat die ouers nie besef dat hul kinders rook, drink en moontlik ook dwelmmiddels gebruik nie.

Die rol van die subintriges is om die storielyn te laat vloei en tot die aksie in die verhaal by te dra; en om aan die verhaal interessante elemente van realisme te verskaf wat die tienerleser met die verhaalgebeure laat identifiseer. Bloemhof gebruik dit ook om die hoofintriges te ondersteun en te versterk deur kontrasterende en ooreenstemmende elemente daarin uit te beeld.

5.2.1.5 Samevatting

Die spanningslyn in die verhaal word goed opgebou deur die verwikkeling van die intriges en subintriges. Leserkundig slaag die skrywer se hantering van die verhaalelement intrige omdat daar geen toevallige gebeure plaasvind nie; die storielyne verval nie in sentimentaliteit of sensasie nie; daar is genoeg konflik in die verhaal; en daar is nie 'n onwaarskynlike gelukkige einde nie.

Die intriges spreek direk tot tieners se leesbehoefte en -belangstellings omdat die verhaal oor verhoudinge tussen vriende, liefdes- en seksuele verhoudinge, sport, en dwelm- en drankmisbruik handel. Tienerlesers moet besluit hoe hulle oor elk van die verhaalintriges voel en standpunt inneem oor al die kwessies wat in *Slinger-slinger* aangeraak word. Sodoende ondersteun *Slinger-slinger* tienerlesers om meer volwasse verhoudinge met vriende aan te knoop, om emosioneel onafhanklik van hulle ouers te word en om hul eie waardes te verwerf.

5.2.2 Tema

Die tema van *Slinger-slinger* is seksuele ontwaking en die vind van 'n seksuele identiteit deur tieners. Stephan en Lisa se liefdes- en seksuele verhouding staan sentraal tot die tema, met Derek se erkenning van sy homoseksualiteit, Koert Stassen se seksuele misbruik van Lisa, Angelica se onbeantwoorde liefde vir Derek, Jack en Amanda du Toit se oënskynlike kil verhouding in teenstelling met Clive en Pam Robertson se "warm" verhouding, en Clive Robertson en Nolene Britz se buite-egtelike seksuele verhouding as newetemas. Die volwassenes se verhoudinge dien as agtergrond vir en staan parallel tot die tienerkarakters se verhoudinge.

Slinger-slinger se tema vind aansluiting by tieners se ontwikkelingstake. Die tieners in die verhaal begin om mekaar as mans en vroue te sien, en hulle moet dus leer om meer volwasse verhoudings met mekaar aan te knoop. Stephan en Lisa se verhouding wys tienerlesers op die onsekerhede en vrees vir verwerping tydens die aanvang van 'n verhouding wat tieners ervaar.

Stephan leer gedurende die vakansie om sy fisiese voorkoms te aanvaar - al is hy nie modelmooi nie en skaam oor sy slegte vel, besef hy dit is sy innerlike skoonheid wat vir Lisa die belangrikste is. Derek aanvaar en erken dat hy homoseksueel is, en

in die proses besef Stephan dat 'n persoon 'n ander seksuele identiteit as hyself kan hê, en dat dit nie noodwendig 'n vriendskap negatief hoef te beïnvloed nie.

Die tieners in *Slinger-slinger* leer om emosioneel onafhanklik van hul ouers te wees en self oplossings vir hul probleme te soek. Dit word duidelik geïllustreer as Stephan en Lisa besef dat daar geen maklike oplossing vir haar seksuele molestering is nie, maar dat sy self die verantwoordelikheid vir haar lewe moet neem deur met 'n verantwoordelike, betroubare persoon te praat om die situasie op te los.

Stephan, en tienerlesers, leer uit sy ouers se verhouding dat 'n goeie huweliksverhouding nie noodwendig seksueel demonstratief is nie, maar dat dit nie beteken dat die huweliksmaats nie vir mekaar lief is nie. Die tieners in *Slinger-slinger* is positief oor die huwelik as instelling, ten spyte daarvan dat van die volwassenes, wat hulle 'n voorbeeld behoort te stel, so amoreel optree, en Stephan en Lisa fantaseer selfs oor 'n huwelik en hul droomhuis. Die skrywer hanteer alle aspekte van die tema op so 'n wyse dat tienerlesers daaroor besin en besluit of die karakters se optrede aansluit by hul eie waardes. Tieners word gedwing om daaroor na te dink aangesien die skrywer nie didakties geskryf het nie.

Newetemas soos dwelm- en drankmisbruik, sport en verhoudinge met vriende en ouers kom in *Slinger-slinger* voor. Die volwassenes misbruik drank sonder om ag te slaan op die slegte voorbeeld wat hulle aan hul kinders stel. Die tieners volg hul ouers se voorbeeld en drink en rook vryelik. Dit is veral die 15-jarige Angelica wat rook, drink en moontlik dwelmmiddels gebruik. Die skrywer wys deur die subtema hoe maklik drank en dwelmmiddels, soos dagga, vir tieners beskikbaar is, en dat hulle maklik voor groepsdruk swig om dit te gebruik. Tieners behoort in hierdie newetema belang te stel omdat dit voldoen aan hul behoefte omtrent drank- en dwelmmisbruik, sowel as die vorming van waardesisteme.

Die fietsrytema sluit aan by tieners se belangstelling in sport, en dien in die verhaal as geleentheid vir Stephan om oor sy verhouding met Lisa te gesels en te dink, en vir Derek om sy homoseksualiteit aan Stephan te erken.

Die onderlinge verhoudinge tussen die tieners, die volwassenes en tussen die tieners en hul ouers word in 'n verhaal saamgeveg waarin tieners meer te wete kan kom oor die kompleksiteit van verhoudings.

Die hooftema, sowel as die newetemas, sluit ten volle aan by tieners se leesbehoefte aangesien die verhaal handel oor verhoudings tussen die geslagte en in die gesin, die vind van 'n eie identiteit, en die ondersoek van waardesisteme.

Aangesien seksualiteit die hooftema van die verhaal is, word die hantering en die spesifieke elemente daarvan meer uitvoerig bespreek in afdelings 5.2.7 - 5.2.12, wat oor die wyse waarop die seksuele in tienerfiksie behoort voor te kom, handel.

5.2.3 Karakterisering

Die hoof- en newekarakters in *Slinger-slinger*, hul onderlinge verhouding en die funksie van elk met betrekking tot die hooftemas, gaan bespreek word.

5.2.3.1 Stephan du Toit

Stephan du Toit is die sewentienjarige protagonis/hoofkarakter in *Slinger-slinger* wie se ervaring van die gebeure, belewenis van die ander karakters en besinning oor die dinge waarmee hy in aanraking kom, die verhaal vorm. Hy het pas standaard nege (graad elf) voltooi en is deel van 'n gewone Afrikaanse gesin. Hy het vaalblonde hare en grys oë, en net soos die meeste tieners het hy velprobleme, maar is redelik aantreklik. Hy is ook fiks en sy liggaam het 'n geoefende voorkoms, omdat hy kompetend fietsry. Hy is intellektueel gemiddeld, het 'n goeie humorsin en hou baie van lag. Stephan kommunikeer nie maklik met meisies nie en hy ervaar dit as 'n frustrasie. Tienerlesers kan met hom identifiseer omdat hulle baie van dieselfde probleme as hy ervaar.

Stephan se bedagsaamheid kom na vore as hy Angelica, sy jonger suster wat hom dikwels irriteer, teen Graham se skerp tong beskerm (p. 47) en hy oor haar bekommerd is tydens die dans. Wanneer hy en sy ma woorde het oor Lisa, en hy haar doelbewus met woorde kwets, voel hy baie sleg daarvoor en vra sy ma om verskoning. Ook sy optrede teenoor sy vriend se bekentenis en sy meisie se donker geheim getuig van bedagsaamheid.

Derek Britz is Stephan se jarelange vriend, hulle ken mekaar baie goed en vertrou mekaar met hul gevoelens. Dit is vir Stephan 'n skok as Derek onthul dat hy homoseksueel is en op hom verlief is, maar hy heg soveel waarde aan Derek se

vriendskap dat hy dit nie wil verloor nie. Die skrywer slaag daarin om tienerlesers daarop te wys dat mense steeds vriende kan wees al verskil mens van mekaar.

Stephan het nog nooit 'n vaste verhouding met 'n meisie gehad nie, en het ook nog nooit seks gehad nie. Gedurende die Desember vakansie raak hy verlief op Lisa Stassen. Baie tieners het teen graad elf nog nie 'n vaste verhouding gehad nie, en ook nog nie seks beoefen nie. Net soos Stephan wonder tieners oor die seksdaad, maar hulle dink nie altyd daaraan dat so 'n intieme verhouding verantwoordelike is nie. Tienerlesers kan hulle met Stephan vereenselwig omdat hulle ook onseker voel oor verhoudings, selfbewus is en nie maklik met die teenoorgestelde geslag kan gesels nie. Saam met Stephan kan tienerlesers sy sosiale ontwikkeling meemaak.

Hy rook nes ander tieners en ervaar groepsdruk om te drink en dwelmmiddels te gebruik. Sonder dat die skrywer didakties klink, wys hy tienerlesers op die gevare van rook as Stephan rus tydens 'n fietsrit en hy vir Derek sê: " 'As ek nou rook, pak my longe op.' Shit, hoe het dít gebeur: hier is hy, sewentien, en hy probeer al om op te hou met rook?" (p. 16). Hy swig voor die groepsdruk tydens 'n dans en eet daggakoekies saam met sy vriende, want "... hy sal vrek eerder as om outyds te lyk voor Lisa" (p. 56). Deur die kinderagtige optrede van die bedwelmdes tieners en Stephan se vrees dat hy nie beheer oor homself het as hy bedwelmd is nie, bring die skrywer die realiteit oor dwelmgebruik subtiel onder die lesers se aandag.

Net soos enige ander tiener bevraagteken Stephan lewenskewessies, veral die vreugdelose lewens van sommige volwassenes. Wanneer hy na sy ouers kyk, wonder hy oor die sin van die huwelik want dit lyk asof hulle koel en afwesig teenoor mekaar is. Daarby is heelwat van die onderwysers by sy skool, asook ander volwassenes wat hy ken, ongelukkig en geskei. Die optredes van die Slingerinwoners, hul sekskapades en drankmisbruik word ook oordink. Stephan bevraagteken ook apartheid, en hy wonder of bruin- en swartmense nie nog steeds onwelkom voel op die strand nie omdat die *No dogs allowed* net oor die *Whites only* geveerf is. In die laat-adolessensie bevraagteken tieners die lewe en sosiale gewoontes en instellings. Hulle let veral op die lewens van volwassenes, en word, net soos Stephan, dikwels ontnugter deur wat hulle sien.

Die skrywer slaag daarin om 'n geloofwaardige, veelkantige tienerkarakter met goeie en slegte eienskappe te skep. Sy karakterisering kom suksesvol na vore deur geloofwaardige optrede, dialoog en gedagtegang. Stephan groei as karakter as hy

begin om positief en met deernis na sy ouers te kyk, om die blywende waarde van vriendskap te besef, en om vir Lisa as méns, en nie net as 'n seksobjek, te sien en te waardeer. Leserkundig gesien slaag die karakterisering van Stephan baie goed.

5.2.3.2 Lisa Stassen

Lisa is ook sewentien en het pas standerd nege (graad elf) voltooi. Sy is 'n baie aantreklike meisie met lang, donkerbruin hare, en donkerbruin oë wat effens optrek aan die kante sodat hulle vaagweg Oosters lyk. Sy trek stemmiger aan as ander tienermeisies en dra ook nie veel grimering nie.

Stephan, en die lesers, kom agter dat sy iets wegsteek, veral wat haar pa betref. Deur haar kras taalgebruik word dit duidelik dat sy onderdrukte woede koester, en dat sy voel dat seuns net seksueel in haar belangstel. Tienerlesers se nuuskierigheid word geprikkel deur haar ontwykende gedrag, die skinderstories oor haar en haar wisselende buie. Stephan, en die lesers, kom agter dat daar waarheid in die skinderstories steek aangesien Lisa beslis seksueel ervare is.

Lisa en haar pa, Koert Stassen, woon in Mosselbaai. Haar ma het sowat vier jaar gelede weggeloop. Haar pa misbruik haar seksueel, en hy rand haar waarskynlik ook aan aangesien sy baie bang is vir hom. Die molestering het minder gereeld plaasgevind voordat haar ma weggegaan het, maar nou gebeur dit gereeld. Sy wil nie die molestering aanmeld nie omdat sy bang is dat sy na 'n kinderskool moet gaan. Die molestering het haar selfbeeld sodanig geknou dat sy voel sy moet "goedkeuring" kry deur by seuns te slaap. Wanneer sy ongelukkig is, wil sy hê iemand moet haar "beter laat voel" en die enigste manier wat sy ken, is deur seks. Lisa het aanvanklik geen toekomsvisie nie; sy voel dat haar lewe heeltemal uitsigloos is: "En hier is ek, en ek is nêrens heen op pad nie" (p. 33). Later, deur Stephan se aanmoediging, kan sy tog belowe om hulp te gaan soek.

Die skrywer het die ontstellende werklikheid van Lisa se molestering baie goed aan die lesers oorgedra sonder om dit grafies te beskryf. Toe Stephan in die Stassens se vakansiehuis kom, loop hy by Koert se kamer verby en "... die bed is netjies opgemaak, só netjies dat dit nie lyk asof iemand daarin geslaap het nie" (p. 71). Lisa lê kaal in haar bed, en sy hou "... 'n hele klomp kondome ..." in die laai (p. 74) langs haar bed. Die skrywer berei die leser voor op die ontstellende onthulling dat haar pa haar al jare lank seksueel molesteer.

Leserkundig oortuig die karakterisering van Lisa nie heeltemal nie, veral ten opsigte van die redes vir haar losbandigheid. Tienerslesers wil lees van oorsaak en gevolg, en in Lisa se geval word die oorsaak van haar losbandigheid nie duidelik genoeg gestel nie en die leser moet haar reaksies op die misbruik probeer begryp deur suggesties en afleidings te interpreteer, wat sonder voorkennis van misbruik vir hulle moeilik is. Lisa kon dalk tydens 'n gesprek met Stephan verduidelik het dat sy minderwaardig voel en dat sy rondslaap om aanvaar te word, want haar losbandigheid het hom gepla en hy sou moontlik 'n verduideliking wou hê. As gevolg van hierdie tekortkominge ontwikkel Lisa nie tot 'n volkome ronde, meervlakkige karakter nie. Daar vind ook nie werklik groei by haar plaas nie, want hoewel sy aan Stephan belowe dat sy sal gaan hulp soek, voel Stephan, en die lesers, nie oortuig daarvan dat die misbruik en haar losbandigheid beëindig gaan word nie.

Lisa se seksuele misbruik spreek tieners se leesbelangstelling aan omdat dit 'n verskynsel is wat al meer voorkom en tieners moontlik nie weet hoe om dit te hanteer nie. Deur Lisa se karakterisering kan tienerslesers meer insig en empatie verkry in die emosionele lyding wat slagoffers ondergaan en kan hulle sodoende sosiaal verantwoordelike gedrag ontwikkel.

5.2.3.3 Derek Britz

Derek Britz is Stephan se beste vriend. Sy pa is vier jaar gelede in 'n motorongeluk dood, en sy ma, Nolene, maak hom alleen groot. Derek is 'n kranige sportman, en hy blink uit in rugby en fietsry. Daarby het hy 'n ekstroverte persoonlikheid en hy gesels maklik met mense.

Derek rook, en met sy kakieklere lyk hy meestal soos die tipiese Camel-advertensiemans. Verder drink hy saam met sy vriende en eet ook van die daggakoekies. Derek se onthulling dat hy homoseksueel is, kom as 'n skok vir Stephan want hy het sy homoseksualiteit so goed weggesteek dat niemand dit agtergekom het nie. Stephan het voortdurend geglo dat Derek in Lisa belangstel, en hy was baie bang dat sy eerder in Derek sou belangstel as in hom. Angelica is weer verlief op Derek, en sy het ook nooit agtergekom dat Derek nie in haar belangstel nie.

Leserkundig beskou slaag die karakter van Derek. Soos reeds genoem in 5.2.1.1 bestaan die moontlikheid dat sommige lesers kan voel dat Derek se homoseksualiteit ongemotiveerd is, maar daar is tog tieners wat homoseksualiteit so goed wegsteek dat niemand dit agterkom nie. Bloemhof kon Derek se emosies en ervarings rondom sy homoseksualiteit meer omskryf het sodat meer karakterontwikkeling kon plaasvind. Al is Derek een van die hoofkarakters bly hy redelik onbekend en word slegs enkele van sy karaktereienskappe genoem en dien hy grootliks as 'n gespreksgenoot vir Stephan en Lisa om hul karaktereienskappe uit te beeld. Die skrywer slaag tog daarin om nie 'n stereotipe beeld van 'n homoseksuele karakter te skep nie, maar om uit te wys dat 'n homoseksuele persoon net soos enige iemand anders lyk, optree en voel. Die karakterisering van Derek spreek tot die ontwikkelingstake en leesbehoefte van tieners omdat sy homoseksualiteit tienerlesers 'n keuse ten opsigte van geslagsidentifikasie daarstel en hulle daarop voorberei dat mens op 'n volwasse manier, sonder vooroordeel, vriendskap moet beoordeel sodat dit steeds aansluit by persoonlike waardes.

5.2.3.4 Newekarakters

5.2.3.4.1 Ouers

Jack en Amanda du Toit is Stephan se ouers. Hulle het nie 'n demonstratiewe verhouding nie, en dit laat Stephan wonder of hulle nog werklik lief is vir mekaar. Hulle is beleef teenoor mekaar en "sê nooit vir mekaar iets leliks nie" (p. 39), en dit kom vir Stephan voor asof hulle mekaar op 'n afstand hou.

Amanda du Toit is 'n klein vroultjie, put vreugde uit haar huis en ook die vakansiehuis, want beide is "vol sigbare tekens van haar teenwoordigheid: die blou tafeldoek, die blommetjiesrige prente teen die mure..." (p. 20). Sy probeer haar bes om haar kinders goed op te voed en toon begrip vir tienerwees: sy gee vir Angelica goeie tienerromans om te lees (p. 7); en sy probeer vir Stephan waarsku dat Lisa nie die regte meisie vir hom is nie (p. 45), maar toe Stephan desondanks besluit om sy verhouding met Lisa voort te sit, tree sy beleef teenoor Lisa op (p. 84). Dit wys daarop dat sy Stephan se keuse nie goedkeur nie, maar dit tog respekteer.

Jack du Toit is 'n stil man wat materieel goed vir sy gesin sorg en wat Stephan probeer leer hoe om met geld te werk deur self vir sy resiesfiets te spaar (p. 13) en sy duur fietsry-uitrusting te kry as 'n gekombineerde verjaarsdag- en Kersgeskenk.

Hy toon begrip vir Stephan se verliefdheid op Lisa, want toe Angelica vir Stephan daaroor terg, glimlag hy net, want "Hy weet maar te goed" (p. 70).

Ten spyte van hul begrip sukkel Stephan om met sy ouers te praat, net soos vele ander tieners. Stephan voel tog die behoefte om sekere sake, en veral sy verhouding met Lisa, met hulle te bespreek, "maar hy weet nie hoe om te begin nie" (p. 34). Wanneer sy ouers hom uitvra, laat dit hom ongemaklik voel. Tienerslesers kan dus ook in hierdie opsig met Stephan identifiseer.

Stephan kyk met waardering na sy ouers na al die ontnugterings wat hy gedurende die Desember vakansie moes beleef. Hy is dankbaar dat sy pa Angelica nie molesteer nie, en bowenal is hy dankbaar dat sy ouers lief is vir mekaar, al lyk dit asof hul verhouding seksueel afgekoel het. Wanneer hy sien hoe Clive Robertson, wat voor ander mense oënskynlik baie verlief op sy vrou is, seks het met Nolene Britz, besef hy dat mense mekaar kan liefhê en respekteer sonder om dit voortdurend te demonstreer.

Ouers speel gewoonlik 'n klein rol in tienerverhale en *Slinger-slinger* is geen uitsondering nie. Jack en Amanda du Toit word baie subtiel geskets sodat veral die verhouding tussen hulle en hul kinders beklemtoon word. Hul rol in die verhaal is om 'n positiewe beeld van volwassenes, verhoudings, en die huwelik uit te dra sodat tienerlesers hulself kan voorberei op die huwelik en 'n gesin. Die skrywer slaag daarin om die ouers so voor te stel dat die leser kan begryp dat ouers vir hul tieners omgee, maar dat 'n gebrek aan kommunikasie 'n wesentlike probleem tussen ouers en tieners is. Die uitbeelding van Jack en Amanda du Toit en die verhouding tussen hulle en hul kinders slaag leserkundig baie goed omdat dit voldoen aan tieners se leesbehoefte om meer omtrent die funksionering van 'n gesin te wete te kom, sonder om volwaardige karakters in die verhaal te wees.

Die ouers van die ander tieners is stereotipe newekarakters wat nie in die verhaal ontwikkel nie en bloot bydra tot die opbou van die intrige.

Nolene Britz is al vier jaar 'n weduwee nadat haar man in 'n motorongeluk oorlede is. Nolene het 'n verhouding met Clive Robertson, haar vriendin Pam se man en dit blyk dat die verhouding al geruime tyd aan die gang is. Indien mens na die naam van die Britzse se vakansiehuis let - Stout Slinger, kom dit voor asof Derek se pa moontlik ook buite-egtelike verhoudings gehad het.

Clive en Pam Robertson is oënskynlik baie gelukkig getroud want hulle gee mekaar voortdurend drukkies en soentjies. Hulle lyk so gelukkig dat Stephan sy ouers se verhouding met hulle s'n vergelyk en dan wens dat sy ouers ook so 'n warm verhouding kon hê. Dit kom dus vir Stephan as 'n groot skok wanneer hy vir Clive Robertson en Nolene Britz betrap. Hy voel teleurgesteld en verraai.

Koert Stassen is Lisa se pa. Sy vrou het vier jaar gelede weggeloop, waarskynlik omdat hy toe alreeds vir Lisa seksueel misbruik het, want Lisa sê vir Stephan dat haar pa "... nie so erg [was] voor tóé nie" (p. 85). Hy is 'n aggressiewe man wat vir Lisa totaal intimideer. Sy aggressie kom ook tot uiting in sy uiterlike: sy hare is kort geskeer en hy frons voortdurend kwaai (p. 35). Hy verbied Lisa om vriende, veral seunsvriende, te hê, en niemand mag by haar aan huis kom kuier nie. Koert gee vir Lisa geen sakgeld nie, en sy moet werk om vir haarself klere te koop. Hy versorg dus sy dogter glad nie. Koert slaap waarskynlik snags by Lisa, want sy "... bed is netjies opgemaak, só netjies dat dit nie lyk asof iemand daarin geslaap het nie" (p. 71). Hy dring ook daarop aan dat Lisa in alle opsigte die tradisionele rol van 'n vrou moet oorneem deur byvoorbeeld vir hom kos in te skep en die huis netjies te hou.

Die ouers in *Slinger-slinger* verteenwoordig verskillende "soorte" ouers en skep 'n realistiese spektrum van volwasse karakters: Jack en Amanda du Toit is "gewone" mense, Nolene Britz is die seksueel gefrustreerde weduwee, Clive en Pam Robertson is die oënskynlik gelukkige paartjie maar Clive bedrieg sy vrou deur 'n verhouding met Nolene Britz te hê, en Koert Stassen is 'n seksueel afwykende ouer wat sy dogter molesteer. Omdat die klem in *Slinger-slinger* op die seksuele val, is die funksie van die ouers as karakters om aan te dui dat daar in 'n huwelik, sowel as tussen ander volwassenes, verskillende seksuele verhoudings kan bestaan. Stephan, en tienerlesers, leer dat alles nie altyd is soos wat dit lyk nie, byvoorbeeld die oënskynlike gelukkige huwelik van die Robertsons en die verraad van Clive en Nolene Britz teenoor Pam. Die uitbeelding van die verskillende soorte volwassenes kan bydra tot die bereiking van Havighurst se ontwikkelingstake ten opsigte van die bereiking van emosionele onafhanklikheid van ouers aangesien tienerlesers tot die besef kom dat ouers nie volmaak is nie. Die realistiese uitbeelding van opbouende sowel as skadelike gesinsverhoudings berei tienerlesers voor op die huwelik en 'n gesin. Die belangrikste bydrae wat die uitbeelding van die ouers in *Slinger-slinger* lewer, is dat tienerlesers gehelp word om vergelykings te tref tussen die verskillende verhoudings. So kan sosiaal verantwoordelike gedrag aangeleer word as hulle lees

van die teleurstellende en skokkende effek van huweliksontrou en molestering op die lewens van tieners en volwassenes.

Dit word in *Slinger-slinger* duidelik dat ouers moet let op die voorbeeld wat hulle aan hul kinders stel: al die ouers in die verhaal gebruik heeltemal te veel alkohol tydens partytjies en hul kinders doen dieselfde. Verder word dit ook duidelik dat ouers nie altyd weet dat hul kinders rook, drink en dwelmmiddels gebruik nie. 'n Gebrek aan kommunikasie tussen ouers en tieners word duidelik in *Slinger-slinger* uitgebeeld, en tienerlesers kan daarmee identifiseer.

Soos reeds genoem in afdeling 4.2.1.3 speel ouers 'n klein rol in tienerfiksie en moet hulle as karakters in die agtergrond bly en nie ten koste van die tienerkarakters ontwikkel nie (Zindel, 1979:43). Leserkundig beskou slaag die uitbeelding van die ouers as karakters in *Slinger-slinger* dus goed omdat dit die tieners se leesbehoefes omtrent gesinsverhoudinge, waardesisteme, en drank- en dwelmmisbruik aanraak.

5.2.3.4.2 Die ander tienervriende

Angelica is Stephan se vyftienjarige suster. Sy het pas standerd sewe (graad nege) voltooi. Haar naam, Angelica, is in totale teenstelling met haar geaardheid: sy rook, drink, gebruik moontlik dwelmmiddels en flankeer op 'n baie seksuele wyse met Derek, op wie sy verlief is.

Angelica is 'n stereotipe newekarakter wat nie karakterontwikkeling ondergaan nie. Die doel van haar karakter is hoofsaaklik om die realiteit van rook, drank, dwelmmiddels en seks in tieners se lewens uit te wys. Deur Stephan se bekommernis word die tienerleser bewus van die vrylike beskikbaarheid van drank en dwelmmiddels en hoe maklik dit is om daarin verstrengel te raak. Uit Angelica se dialoog en optrede word dit duidelik dat sy baie graag wil inpas by haar ouer broer se vriende, en om dit reg te kry, misbruik sy sigarette, drank en moontlik ook dwelmmiddels. Leserkundig beskou slaag Angelica as karakter omdat tienerlesers met haar kan identifiseer òf omdat hulle self die jonger broer of suster in 'n gesin is, òf omdat hulle 'n jonger broer of suster het wat graag by hulle wil inpas.

Graham is Clive en Pam Robertson se seun. Hy lyk soos sy pa: lang gesig en krulhare. Hy probeer altyd snaaks wees, en wil alles in die oortreffende trap doen. Hy drink tot hy bly lê, het 'n ringetjie deur sy linkerwenkbrou en ook deur sy

linkertepel (p. 41). Hy gee die daggakoekies aan sy vriende tydens die dans (p. 56) en hy terg vir Stephan nadat Stephan en Lisa seks gehad het (p. 63). Stephan hou glad nie van Graham nie. Dit is moontlik dat Graham al hierdie dinge doen omdat hy teen sy ouers, veral teen sy pa wat sy ma verkul, rebelleer. Hy probeer moontlik om sy onsekerheid te verbloem deur goedkeuring en erkenning van sy tienermaats kry deur "cool" te wees.

Suné, Angelica se vriendin, is verlief op Stephan. Hy stel glad nie in haar belang nie, maar hy is bedagsaam teenoor haar, en stem byvoorbeeld in om met haar te dans, "anders voel sy sleg" (p. 57).

Bogenoemde karakters is stereotipe newekarakters wat net tot die aksie en milieuskepping in die verhaal bydra en geen ontwikkeling ondergaan nie. Gewone, alledaagse tieners word as newekarakters gebruik om 'n identifiseerbare, bekende milieu te skep.

5.2.4 Vertelinstantie en perspektief

'n Derdepersoonsverteller tree as vertelinstantie in *Slinger-slinger* op en die verhaal word vanuit die perspektief van die hoofkarakter, Stephan, vertel. Hy is dus die interne fokalisator met wie tienerlesers goed kan identifiseer omdat hulle presies weet wat hy ervaar, hoe hy voel en wat hy dink. *Slinger-slinger* word uit die perspektief van slegs die hoofkarakter vertel, en daarom is die ander karakters se gedagtes verborge vir tienerlesers. Lisa en Derek wat direk met Stephan te doen het, se gedagtes word wel effektief en realisties deur eietydse dialoog asook deur hul optrede aan die lesers oorgedra, soos Lisa wat haar wrewel teenoor mans in skeltaal uitdruk ("Nie dat jy sal omgee as ek kaalgat rondloop, sal jy?" (p. 32)) en Derek se ongemak oor sy bekentenis aan Stephan ("[...] hoe lyk dit dan nou asof hy gaan tjank?" (p. 67)). Die ander tieners word deur hul optrede en Stephan se besinning daaroor, aan die leser bekendgestel. Sodoende word die verhaal deur die hoofkarakter en sy ervaring van die gebeure en van die ander karakters vertel. Hierdie perspektief is vir tienerlesers aanvaarbaar, want dit gee nie volwasse insigte oor sake, waarmee tieners nie kan identifiseer nie.

Die gebruik van die hoofkarakter as fokalisator in *Slinger-slinger* dra by tot die trefkrag van die verhaal aangesien tienerlesers sy onsekerhede en vrese, sy opgewondenheid oor sy verhouding met Lisa, sy woede en magteloosheid teenoor

Koert Stassen, en die waarde van sy vriendskap met Derek direk saam met hom kan beleef. Sodoende word aan die leserkundige vereiste dat lesers die volle spektrum van emosies en gedagtes oor 'n belewenis/gebeurtenis behoort te hê, voldoen.

5.2.5 Agtergrond

Slinger-slinger begin in die bekende ruimte van die skool. Die kinders wag dat dit tienuur moet word sodat hulle saal toe kan gaan en die laaste skooldag kan eindig. Hierdie ruimte is vir alle kinders bekend. Die skrywer gebruik hier die ruimte en tyd om 'n gevoel van afwagting by die leser te skep, aangesien die omgewing wat vir lesers bekend is, verruil gaan word vir 'n onbekende vakansieplek, sowel as onbekende ervarings wat voorlê.

Ruimte en tyd dien as blote agtergrond in *Slinger-slinger*, en vorm nie 'n integrale deel van die verhaal nie. Die skrywer hanteer agtergrond as sodanig baie goed aangesien die beskrywing daarvan nooit die fokus van die tema laat verskuif nie.

Die fiktiewe naam van die vakansiedorp waar die verhaal afspeel, naamlik Suikerstrand, lei daartoe dat tienerlesers hulle makliker met die ruimte kan vereenselwig en hulself in die karakters se situasie kan indink. Die keuse van 'n vakansiedorp as ruimtelike agtergrond slaag omdat dit vir meeste tieners sinoniem met opwindning en ontspanning is. Die keuse van die vakansiedorp as ruimte gee aan die skrywer die geleentheid om karakters uit verskillende omgewings met mekaar in aanraking te bring. Die gelaaide emosies rondom die seksuele vraagstukke en ervarings van die tieners in die verhaal staan in kontras met die veronderstelde "ligte" atmosfeer van 'n vakansiedorp, vakansie en vakansieromanses. Die seksuele tema word vroeg reeds bevestig in die verduideliking van die vakansiehuise se suggestiewe name.

Die verhaal het 'n chronologiese tydsverloop en speel af oor 'n tydperk van drie weke, vanaf 14 Desember tot 3 Januarie. Die kort tydperk voldoen aan tieners se leesbehoefte aan 'n kort, opwindende tienerverhaal waarin baie dinge vinnig gebeur. Die gekose tydperk waarin die verhaal afspeel dra by tot die gevoel van opwindning, aangesien Kersfees sowel as Nuwejaar hierin voorkom. In hierdie opsig sluit ruimte en tyd goed bymekaar aan.

Die gebruik van fiktiewe popgroepe en -liedjies veroorsaak dat die verhaal nie vinnig sal verouder nie, en dit sal gevolglik vir 'n langer tydperk eietyds bly en deur tieners geniet kan word.

5.2.6 Taalgebruik en skryfstyl

Reeds met die eerste paragraaf van die verhaal word die leser se nuuskierigheid geprikkel deur die reguit taalgebruik as Stephan dagdroom oor hoe hy 'n meisie se borste liefkoos en "... die tepels hard word ..." (p. 1). Lesers kan ook hier reeds besluit of hulle wil voortgaan om die boek te lees of nie aangesien die eerste sin 'n aanduiding is van wat gaan volg. Francois Bloemhof slaag uitstekend daarin om *Slinger-slinger* in gemaklike, vloeiende taal te vertel. Die verhaal is kort en die maklike taalgebruik en dialoog help die leser om *Slinger-slinger* vinnig te lees. Dit dra by tot die emosionele trefkrag van die verhaal.

Die reguit vertelstyl sluit aan by lesers se praat- en denkpatrone. Die skrywer maak gebruik van slengtaal soos "after all", "bike" (p. 10), "no kidding" (p. 14), "bôls praat" (p. 15), "girtjie" (p. 17), "stupid" en "okay" (p. 18), "obvious", "common" (p. 22), "casual" en "sexy" (p. 26), "bogger" (p. 27), "thanks" en "bad" (p. 40), "jip" (p. 41), "pal" (p. 42), "Shot!", "blow-job" (p. 51), "... ou bal ..." (p. 52), "crack" (p. 57), "safety" en "neuk" (p. 62), "case" (p. 67), "partner" (p. 76), "voel horrel" (p. 79), "heavy" (p. 85), en "bemousterend" (p. 93). Dit is duidelik uit die voorbeelde dat die skrywer "gewone" slengtaal gebruik wat nie dateer nie. Die meeste van die slengtaal kom voor in dialoog, en dit lei daartoe dat die dialoog maklik en vlot lees.

Slinger-slinger was omstrede deels as gevolg van die kru taalgebruik. Heelwat vloekwoorde kom voor en voorbeelde van meer *ligte* vloekwoorde is "poephol" (p. 2), "donners" (p. 5), "blerrie" (p. 7), "shit" (p. 16), "gatvol" (p. 31), "kaalgat" (p. 32), "vuilgat-pal" (p. 51) en "drol" (p. 58). Baie kru vloekwoorde soos "fok jou" (p. 21), "kak" (p. 24), en "doos" (p. 27), of kru taal soos "moerig" (p. 54) "gesteek" (p.7), "voël" (p. 44), en "pissessie" (p. 39) kom voor. Hoewel die skeltaal die leser aanvanklik skok, dra dit by tot die realisme in die verhaal omdat dit funksioneel is, aangesien tieners wel so praat, en lesers dus met die karakters in die verhaal kan identifiseer. Daar kom ook nie soveel vloekwoorde in die verhaal voor dat dit hinderlik is nie. Meeste van die vloekwoorde kom ongeforseerd in die dialoog voor, en dit word meestal gebruik om die karakters se gevoelens duidelik oor te dra. Die

suggestiewe vuilbekname van die vakansiehuise, soos "Regop Slinger", "Stout Slinger", en "Dik Slinger" dra by tot die tema van die verhaal.

Daar is wel twee geleenthede waar die woordkeuse nie heeltemal slaag nie, naamlik op p. 10 waar gesê word dat Lisa 'n "jogger" aanhet. Dit is 'n oudmodiese woord wat eerder met "drafbroek" of "kortbroek" vervang kon wees. Die tweede voorbeeld is op p. 91 waar Stephan vir Lisa antwoord met "Issit", nadat sy aan hom sê dat sy nie weer gaan toelaat dat haar pa haar molesteer nie. Hierdie woord het 'n negatiewe, smalende effek wat in hierdie geval onvanpas is.

Francois Bloemhof spreek met sy skryfstyl direk tot sy lesersgehoor. Hy slaag daarin om die verhaal met humor te vertel, maar pas sy skryfstyl aan by die situasie om byvoorbeeld nie Lisa se misbruik te vereenvoudig of ligsinnig te maak nie.

Die gebruik van dialoog en realistiese taalgebruik laat die verhaal vinnig verloop en gee die tienerlesers insig in die gedagtes en gevoelens van al die karakters.

'n Tienerverhaal wat oor seksualiteit handel, kan maklik in die didaktiese verval. Bloemhof weerhou hom heeltemal daarvan en hy dwing geen van sy standpunte op sy lesers af nie. Hy gee ook die seksuele 'n nie-didaktiese kleur deur kleurryke taal te gebruik wanneer hy daaroor skryf, al is die seksuele feite korrek, logies en realisties. In hierdie opsig slaag *Slinger-slinger* omdat tieners glad nie voor gepreek wil word oor die seksuele nie.

Samevattend kan daar dus gesê word dat die realistiese taalgebruik en meesleurende skryfstyl in *Slinger-slinger* uitstekend slaag omdat dit direk tot tienerlesers spreek.

5.2.7 Weergee van korrekte feite ten opsigte van die seksuele

Die korrekte feite rondom alle aspekte van die seksuele word in *Slinger-slinger* gegee. Die skrywer hanteer seksuele fantasieë, verwysings na geslagsdele, en homoseksualiteit nugter, korrek en op 'n natuurlike wyse sonder prekerigheid of sensasie. Die korrekte feite rondom die seksdaad en voorbehoeding word as deel van die verhaaldebeure gegee, byvoorbeeld die gebruik van kondome en jellie (p. 62; 74). Koert Stassen se seksuele misbruik van sy dogter, Lisa, word in al sy ontstellende fasette geskets maar sonder om grafiese beskrywings te gee en daardeur kry die leser inligting daaroor sonder ontstellende detail.

Slinger-slinger slaag leserkundig omdat dit aansluit by tieners se leesbehoefte insake hulself, hul liggame, seksualiteit en die bepaling van hul seksuele identiteit. Die weergee van die korrekte seksuele feite kan tieners help om nuwe en meer volwasse verhoudings met vriende van beide geslagte aan te knoop, 'n manlike of vroulike sosiale rol te aanvaar, om hul fisiese voorkoms te aanvaar en om hul liggame effektief te gebruik, en om vir die huwelik en 'n gesin voor te berei. *Slinger-slinger* sluit ook aan by tieners se leesbelangstellings in verhoudings en seks en kan 'n opvoedende rol speel omdat die korrekte feite rakende seksualiteit aangebied word.

5.2.8 Beskrywing van gevoel en emosies

5.2.8.1 Stephan se gevoelens rondom die seksdaad

Stephan voel voortdurend onseker oor sy verhouding met Lisa omdat hy nog nooit 'n vaste verhouding met 'n meisie gehad het nie. Sy onsekerheid kom duidelik na vore wanneer hy die eerste keer na die restaurant gaan waar Lisa werk (p. 22). Hy gee baie aandag aan sy voorkoms, maar wanneer hy eindelik in die restaurant sit, voel hy selfbewus. Sy senuweeagtigheid kom na vore in sy gesprek met Lisa en die hele aand is 'n mislukking. Tienerlesers kan met Stephan identifiseer omdat almal bang en onseker voel tydens sulke eerste ontmoetings en ontwikkelende verhoudings.

Stephan voel voortdurend bedreig deur die oënskynlik meer gewilde, gemakliker en spraaksamer Derek. Hy besef nog nie dat mens se innerlike meer werd is as die uiterlike nie. Stephan se onsekerheid en gevoel van onbeholpenheid word verder

verhoog as Lisa vreemd en aggressief optree as gevolg van die misbruik deur haar pa sowel as ander seuns. Stephan het aanvanklik net seksueel aangetrokke tot Lisa gevoel, maar wanneer hy introspeksie hou op soek na die redes vir sy aangetrokkenheid, kom hy tot die gevolgtrekking dat hy verlief is op haar (p. 30). Dit veroorsaak dat hy aanvanklik nie wil glo dat Lisa losbandig is nie (p. 51). Wanneer hy besef dat hy werklik vir Lisa omgee, wil hy haar beter leer ken deur met haar gesels (p. 40; 55). Sy seksuele aangetrokkenheid verander in 'n dieper gevoel van liefde vir Lisa.

Stephan se onervarenheid op seksuele gebied word duidelik wanneer hy paniekerig voel wanneer hy en Lisa die eerste keer seks het en hy dink: "As sy maar net weet hy het geen idee wat nou nie!" (p. 60). Sy vrees en angstigheid oor die seksdaad laat tienerlesers besef dat die seksdaad verantwoordelikheid meebring en nie iets is wat ligtelik opgeneem moet word nie. Die effek van losbandigheid op 'n verhouding word ook duidelik as Stephan voortdurend tydens die seksdaad aan Lisa se seksuele ervaring dink en dit hom pla dat sy nie 'n maagd is nie. Hy besef ook dat wanneer hy met Lisa seks het, hy nooit weer 'n kind sal wees nie, en dat dit verantwoordelikheid meebring.

Stephan se emosionele wroegings kom na vore tydens 'n oefensessie die volgende dag. Hy het nog nie die geleentheid gehad om met Lisa te praat nie, en dit ontstel hom geweldig omdat hy wil weet wat sy dink en hoe sy voel (p. 66), want hy self voel onseker oor die daad sowel as oor haar gevoelens vir hom. Hy probeer sy gedagtes keer deur so hard moontlik fiets te ry, maar "die wêreld wil nie agterbly nie" (p. 65).

Wanneer hy en Lisa vir die tweede keer seks het in die Stassens se vakansiehuis, pla die wete dat Lisa nie 'n maagd was nie, hom weer. Die onthulling dat haar pa haar misbruik, skok vir Stephan ook sodanig dat hy weghardloop (p. 75). Sy gevoel van magteloosheid en frustrasie teenoor Koert Stassen word raak beskryf, asook die besef dat slegs Lisa iets omtrent haar situasie kan doen. Hy kan haar bystaan en ondersteun, maar hy kan nie 'n maklike oplossing optower nie.

Stephan se groei van 'n onseker en seksueel onervare tiener tot 'n jongman wat weet dat mens verantwoordelik is vir jou eie lewe, word baie goed beskryf. Daar is wel 'n groot leemte in die verhaal as Stephan se gevoelens en emosies oor die seksdaad, sowel as sy gedagtes oor die gevolge van die daad, nie meer omvattend beskryf word nie. Dit kan moontlik wees dat die skrywer bang was om didakties te klink,

maar dit sou tog moontlik gewees het om dit oor te dra sonder om in die didaktiese te verval. Behalwe vir die genoemde leemte, slaag Bloemhof daarin om Stephan se gevoelens en emosies rondom verhoudings en sekere aspekte van die seksuele te beskryf.

Die grafiese beskrywings van byvoorbeeld hoe Lisa aan Stephan se ereksie vat en hy oor haar tepels streef, beskryf die emosies en gevoelens tydens seks en voldoen aan tieners se belangstelling in die opwinding en lekkerte van liefkosings en seks, asook hoe die seksdaad verloop, maar omdat Bloemhof nie te veel uitbrei op die beskrywings nie, raak dit nooit eroties nie. Die beskrywing van Stephan se gevoelens rondom sy verhouding met Lisa en hul seksdaad, voldoen aan tieners se behoefte aan en belangstelling in inligting oor verhoudings en seks. Dit behoort tieners meer insig te gee in optredes in verhoudings en seksuele situasies.

5.2.8.2 Stephan en Lisa se gevoelens rondom Lisa se seksuele misbruik

Dit pla Stephan baie dat gerugte oor Lisa se losbandigheid die rondte doen. Tydens hul eerste seksdaad besef hy dat sy seksueel ervare is en beslis nie meer 'n maagd is nie. Hy het egter glad nie verwag Lisa seksueel deur haar pa misbruik word nie. Wanneer sy hom daarvan vertel, is dit vir hom so 'n groot skok dat hy van haar af weghardloop. Aanvanklik voel hy verbitterd omdat Lisa "almal s'n" (p. 76) is, maar later besef hy dat sy goedkeuring en liefde op 'n verkeerde wyse soek. Hy word met dankbaarheid vervul omdat sy pa nie sy suster, Angelica, misbruik nie.

Stephan besef ook dat dit nie sal help as hy polisie toe gaan nie, want Lisa moet sê iets aan haar situasie doen. Tog voel hy dat indien hy die fietswedren kan wen, sal al Lisa se probleme vanself weggaan. Toe Koert Stassen sy fiets se bande stukkend sny, en Stephan nie aan die fietswedren kan deelneem nie, kom hy tot die besef dat daar vir sommige probleme geen maklike oplossings is nie. Hy besef ook dat slegs Lisa die bese kringloop van seksuele misbruik kan verbreek, en dat hy haar slegs kan ondersteun deur haar te aanvaar ten spyte van die misbruik omdat dit nie haar skuld is nie.

Bloemhof slaag daarin om Stephan se magteloosheid uit te beeld, veral deur sy poging om Lisa se probleme deur fietsry op te los. In tienerverhale moet tieners bemagtig word om self hul probleme op te los, en die skrywer slaag daarin om Stephan te laat besef dat Lisa self verantwoordelik is vir 'n oplossing vir die

molestering deur haar pa, en dat sy die hulp van 'n volwassene daarvoor nodig sal hê.

Hoewel Stephan die interne fokalisator is, en Lisa se innerlike gevoelens dus nie aan die leser bekend is nie, word haar gevoelens en emosies rondom haar misbruik duidelik deur haar optrede en dialoog.

Reeds met hul eerste ontmoeting word dit duidelik dat Lisa aggressiewe gevoelens rondom manlike belangstelling in haar het, want sy beantwoord Stephan se uitnodiging om met haar te gesels, met: "Kak. Julle ouens dink net aan een ding." (p. 24). Dit is 'n aanduiding vir die leser dat iets met Lisa skort. Aggressie teenoor haar pa kom na vore tydens hul tweede ontmoeting as Lisa sê: "My pa is 'n poephol" en sy vol bitterheid vir Stephan sê dat terwyl hy sakgeld van sy ouers ontvang, moet sy werk om klere en ander benodighede te koop. Weereens verwys sy aggressief na seks: "Nie dat jy sal omgee as ek kaalgat rondloop nie, sal jy?" (p. 32). Stephan kom agter dat Lisa baie buierig is en dat haar emosies wipplank ry tussen woede en vreugde. Haar uitsiglose uitkyk op die lewe kom tot uiting as sy sê: "En hier is ek, en ek is nêrens heen op pad nie." (p. 33).

Lisa se swak selfbeeld kom na vore as Stephan in die restaurant by haar kuier en sy opmerk dat Stephan innerlik mooi is, terwyl sy nie is nie. Tienerlesers kom onder die besef dat Lisa nie gewone en gesonde verhoudings ken nie, as sy vir Stephan sê: "Jy weet nie wat dit vir my beteken dat 'n ou kan kom en ... en nét ..." (p. 49). Sy verwys daarna dat seuns net vir seks in haar belangstel. Lisa se innerlike pyn en minderwaardigheidsgevoel word duidelik geskets as Stephan skelm by haar kuier nadat haar pa dorp toe gaan. Hy kry haar nakend in haar bed, en dit is duidelik dat sy gehuil het. Voortdurend vra sy hom om haar "beter" te laat voel deur middel van seks, en sy wil aan "gevat" word. Deur Stephan se oë "sien" die leser dat Lisa glad nie beter voel nie, en dat sy hartseer lyk. Haar onthulling dat haar pa "al jare lank [haar] boy friend" (p. 75) is, kom vir Stephan, en die leser, as 'n groot skok.

Wanneer Stephan en Lisa oor die misbruik praat, word dit duidelik vir die leser dat daar geen maklike oplossings hiervoor is nie. Die redes waarom Lisa nie die misbruik by die polisie aangemeld het, word duidelik gegee, naamlik dat sy nie ander familie het nie en dat sy nie kans sien om na 'n kinderhuis te gaan nie. Deur Stephan se gedagtes oor die misbruik besef die leser hoe magteloos Lisa moet voel want indien sy haar pa by die polisie sou aangee, sal almal weet wat hy gedoen het en wonder oor haar aandeel daarin (p. 80). Haar gevoel van verwerping het

ontstaan toe haar ma, wat haar moontlik kon beskerm, eerder van die huis weggeloop het en haar daar gelos het. Die misbruik het Lisa aggressief en woedend teenoor ander mense wat oënskynlik normale lewens lei, gemaak. Sy voel vasgevang in 'n net van misbruik en sy besef nie dat sy self die kringloop moet verbreek nie. Sy het so 'n lae selfbeeld dat sy nie besef dat niemand anders behalwe syself haar kan laat "goed" voel oor haarself nie. Deur Stephan se konfrontasie met haar pa kom sy tot die besef dat hy nie almagtig is nie, en dat sy hom kan teenstaan. Hierdie wete gee haar innerlike krag om te weier dat haar pa haar verder molesteer. Deur Stephan se liefde, ondersteuning en aanmoediging om met 'n volwassene oor die molestering te praat, verander Lisa se uitsiglose lewe in 'n hoopvolle lewe. Die oop einde van die verhaal maak dit duidelik aan die leser dat daar geen maklike oplossings vir probleme is nie, maar dat elkeen die innerlike krag en vermoë het om probleme die hoof te bied.

Dit is duidelik dat Francois Bloemhof Stephan en Lisa se gevoelens en emosies rondom haar seksuele molestering baie subtiel, maar treffend aan die leser oordra. Hy slaag veral om die leser onder die besef te bring dat niemand anders jou probleme kan oplos nie en dat elkeen vir sy eie geluk verantwoordelik is. Stephan se aanvaarding van Lisa ten spyte van die misbruik is belangrik, sodat tieners wat gemolesteer word kan besef dat hulle nie skuld dra nie en ook normaal hanteer moet word. Dit wys lesers op die verreikende gevolge van seksuele misbruik en help hulle om met empatie teenoor slagoffers op te tree.

Uit die beskrywing van Lisa en Stephan se emosies en gevoelens rakende Lisa se seksuele molestering deur haar pa, besef tienerlesers dat daar ook baie moeilike probleme in meer volwasse verhoudings tussen die geslagte kan voorkom. Tienerlesers leer dat 'n verhouding nie net uit seks bestaan nie, maar ook uit liefde, aanvaarding en ondersteuning. In hierdie opsig voldoen die beskrywing van Lisa en Stephan se emosies en gevoelens rakende Lisa se seksuele molestering aan tieners se leesbehoefte rakende verhoudings en hul leesbelangstelling in seks, asook die ontwikkelingstaak waarin tieners moet leer om meer volwasse verhoudings aan te knoop.

5.2.8.3 Derek se gevoelens en emosies rondom sy homoseksualiteit

Derek se homoseksualiteit is nie die hooftema van *Slinger-slinger* nie, maar die skrywer lug Derek se vrees vir verwerping wanneer hy aan Stephan onthul dat hy

homoseksueel is. Wanneer Derek aan Stephan sê dat hy gevoelens vir hom, Stephan, het, is hy so emosioneel dat dit klink asof hy gaan huil (p. 67). Dit is 'n aanduiding van Derek se geweldige emosies want selfs toe sy pa in 'n motorongeluk dood is, het Derek nie voor sy maats gehuil nie. Die enigste manier hoe Derek sal weet dat Stephan hom nie verwerp nie, is om dit tasbaar te voel: hy vra Stephan om hom vas te hou. Eers wanneer Stephan nie sy rug op Derek draai terwyl hulle stort nie, weet hy dat Stephan hom as vriend aanvaar ten spyte van sy homoseksualiteit.

Hoewel Derek se onthulling aanvanklik vir Stephan 'n skok is, is hy volwasse genoeg om te beseef dat Derek vir hom 'n ware vriend is. Hy is nie bereid om die vriendskap weg te gooi net omdat Derek 'n ander seksuele voorkeur as hyself het nie. Deur Derek se vrees vir verwerping en Stephan se skok oor sy se homoseksualiteit aan tienerlesers te beskryf, lig Bloemhof 'n ander aspek van verhoudings toe, naamlik om 'n volwasse, onbevooroordeelde besluit oor vriendskap te neem en 'n persoon te aanvaar ongeag sy seksuele voorkeure.

Die onbevooroordeelde, nie-stereotipe beeld van Derek sou by lesers 'n gevoel van aanvaarding, selfs respek, vir homoseksuele tieners kon skep en as rolmodel vir homoseksuele tieners kon dien wat hulle tot selfaanvaarding help, maar dis egter nie diepgaande genoeg behandel nie.

In hierdie opsig sou *Slinger-slinger* tienerlesers kon help om hul ontwikkelingstake te bereik waarin hulle meer volwasse verhoudings met vriende van dieselfde geslag moet opbou, asook om persoonlike waardes, met ander woorde, of jy bereid is om met 'n homoseksuele persoon bevriend te wees, te bepaal. Leserkundig word daar aan tieners se leesbehoefte oor die aard van menslike verhoudings en vriendskappe, asook waardesisteme voldoen. Dit is belangrik dat tieners beseef dat Derek nie *sleg* is net omdat hy homoseksueel is nie, maar dat hy nog dieselfde mens is as voor sy erkenenis.

5.2.8.4 Stephan se gevoelens en emosies rondom Clive Robertson en Nolene Britz se egbreuk

Stephan worstel met die geldigheid van die huwelik as instelling wanneer hy sien hoeveel volwassenes geskei is en ongelukkige lewens lei (p. 3). Sy ouers se koel en passielose verhouding laat hom wonder of sy huwelik ook eendag so gaan lyk (p. 19). Hy glo tog dat nie alle huwelike so hoef te wees nie, veral as hy na Clive en

Pam Robertson kyk wat nog ooglopend verlief is. Wanneer hy dus een aand per ongeluk op Clive Robertson en Nolene Britz afkom waar hulle agter die muur by die woonwapark se stortarea seks het, is hy geweldig geskok en teleurgesteld. Hy voel verraaï, want die huweliksverhouding wat hy geïdealiseer het, is niks meer as 'n leuen nie (p. 46). Dit laat vir Stephan sinies en ontnugter (p. 80-81), maar dit leer hom ook om dieper as net die oppervlak te kyk en om sy ouers meer te waardeer.

Francois Bloemhof lei die tienerleser om nie net krities na ouers te kyk nie, maar ook om hulle te waardeer. Hy wys tienerlesers daarop dat dit nie altyd beter gaan met ander mense nie, en dat mens soms geskok en teleurgestel word deur mense van wie jy dit nie verwag het nie. Sodoende skep hy 'n ware beeld van volwassenes en wys daardeur dat 'n wye spektrum van volwasse verhoudings bestaan. Hierdeur kan tieners hul persoonlike waardes bepaal en sosiaal verantwoordelike gedrag aanleer, omdat tienerlesers self moet besluit hoe hulle die egbreuk voel en hoe dit hul toekomstige gedrag gaan beïnvloed. Die beskrywing van die seksdaad sluit by tieners se belangstelling aan omdat dit hul nuuskierigheid oor volwassenes se sekslewe bevredig, maar terselfdertyd, deur Stephan se skok, wys dit hulle op die verraad van egbreuk.

5.2.9 Beskrywing van seksuele gedrag

Slinger-slinger was omstrede juis as gevolg van die grafiese seksuele beskrywings. In hierdie opsig slaag die verhaal leserkundig ten volle, want feitlik alle aspekte van seks word eksplisiet en objektief, sonder sensasie, beskryf: van seuns se seksuele fantasieë en masturbasie tot die seksdaad. Tieners se leesbehoefte rakende die werking van hul liggame, intieme verhoudings, liefkosings en seks word hierdeur bevredig.

Die seksuele sy van die verhouding tussen Stephan en Lisa word taamlik eksplisiet beskryf, van waar hulle dans en Stephan 'n ereksie kry tot by die seksdaad. Later by die leë vakansiehuis, word hul liefkosings beskryf: Lisa plaas haar hand op Stephan se ereksie en hy streel oor haar borste, totdat die tepels verhard. Stephan soen vir Lisa: "Hy maak haar lippe met sy tong oop" (p. 60). Daarna volg daar 'n beskrywing van orale seks as Lisa dit op Stephan toepas. Die seksdaad word nie verder omskryf as "En toe hy by haar ingaan en sy haar arms om sy skouers slaan" (p. 62) nie, maar daar is reeds genoeg inligting aan die leser verskaf.

Ook die tweede sekstoneel word taamlik duidelik bespreek. Weereens gee Lisa vir Stephan orale seks, en daar word beskryf hoe Stephan 'n kondoom "aanrol" en dan jellie aansmeer nadat Lisa hom daarvan sê (p. 74). Sy seksuele onervarenheid in die vinnige klimaks is baie realisties: "Dit duur nie lank nie. Hy wil nie so gou nie, maar hy is sonder remme" (p. 74).

Die sekstoneel tussen Clive Robertson en Nolene Britz word ook breedvoerig beskryf: hulle "sis soos woedende katte"; sy "sweeptakbroek hang om sy enkels" en sy "het haar rok opgetrek"; sy "agterstewe pomp ritmies, en hy steun en blaas asof hy die vrou teen die muur vas wil spyker" (p. 46). Die leser het geen illusie oor hoe die seksdaad hier plaasvind nie, en die kru beskrywing pas by die verraad wat die twee mense pleeg.

Francois Bloemhof slaag daarin om die tienerleser in te lig oor die wyse waarop die seksdaad plaasvind, watter optrede geverg word by byvoorbeeld liefkosings, soene en kondoomgebruik, en die emosies wat daarmee saamgaan. Hy gee die inligting eksplisiet, maar sonder om in die sensasionele te verval. Hy wys beslis vir tienerlesers op "what it's like", soos Nilsen & Donelson (1993:135-136) vereis.

Sy hantering van Lisa se molestering is uitstekend, want sonder om ooit na enige daad te verwys of om dit te beskryf, kom die leser onder die besef van wat en hoe dit gebeur, en van die vernietigende invloed daarvan op Lisa se lewe. Die ontknoping van die molestering is ietwat simplisties en Lisa kon meer daadwerklik optree, maar die skrywer het wel daarin geslaag om nie maklike, onrealistiese oplossings vir die probleem te gee nie.

'n Tekortkoming is dat daar glad nie verwys word na die morele en sosiale implikasies van Stephan en Lisa se seksuele verhouding en Lisa se losbandigheid nie. Dit is nodig, veral in die lig van die VIGSgevaar. Soos reeds genoem, is dit moontlik dat die skrywer prekerigheid wou vermy.

5.2.10 Onbevooroordeeldheid

Die feit dat Bloemhof op 'n onbevooroordeelde wyse na seksuele kwessies kyk, laat *Slinger-slinger* slaag. Tienerlesers word deur die skrywer toegelaat om self morele besluite rakende Stephan en Lisa se seksuele verhouding te neem. Die skrywer stel dit duidelik aan tienerlesers dat die seksdaad nie sonder verantwoordelikhede kom

nie as Stephan tydens die daad dink: "Want hy besef skielik hy is nog nie reg hiervoor nie. Vir die daad, ja, maar nie vir alles wat daarop gaan volg nie. Want hy weet nie wat dit alles kan wees nie" (p. 61). Hierdeur wys die skrywer die leser daarop dat seks nie net liggaamlik van aard is nie, maar dat dit ook baie emosioneel is en verdere (onbekende) implikasies inhou, al noem hy dit nie.

Sonder om die buite-egtelike verhouding eksplisiet te veroordeel, bring Bloemhof tienerlesers onder die indruk van die negatiewe invloed van so 'n selfsugtige daad deur die negatiewe beskrywing van hul seksdaad en sy kru woordkeuse.

Bloemhof se hantering van Derek se homoseksualiteit geskied ook sonder vooroordeel. Stephan verwys na sy en Derek se eksperimentering in standerd vier (p. 68), en dit stel moontlik sommige tienerlesers wat dieselfde gedoen het, en wat nou skuldig daarvoor voel, gerus. Bloemhof wys daarop dat homoseksuele persone nie gestereotipeer kan word nie, en dat hulle gewone mense met gewone behoefte aan liefde en aanvaarding is.

In hierdie opsig sou *Slinger-slinger* tienerlesers kon help hul persoonlike waardes, etiek en ideologieë te bepaal. *Slinger-slinger* voldoen aan tieners se leesbehoefte rakende verhoudings asook die ondersoek van waardesisteme. Bloemhof skets die seksuele kwessies onbevooroordeeld aan tienerlesers, hy laat hulle nie skuldig voel oor hul belangstelling in seksualiteit nie en sodoende word tienerlesers aangemoedig om self besluite te neem rakende moeilike kwessies in die verhaal, en daardeur wys hy dat hy tienerlesers respekteer.

5.2.11 'n Wye leesspyskaart

Slinger-slinger slaag in hierdie opsig uitstekend want 'n verskeidenheid van seksuele voorkeure en praktyke kom in die verhaal voor, soos seksuele fantasieë, masturbasie, seksuele eksperimentering tussen seuns, die seksdaad tussen 'n seun en meisie, buite-egtelike seks tussen volwassenes, seksuele misbruik en moontlike oplossings daarvoor, asook homoseksualiteit. Al hierdie onderwerpe is kontroversieel in Afrikaanse tienerfiksie, en omdat die skrywer dit nooit veroordeel of goedpraat nie, word nog meer kontroversie geskep.

Die hantering van 'n wye leesspyskaart rakende seksualiteit vind weerklank in tieners se ontwikkeling na volwassenheid want om volwasse verhoudinge met ander mense

aan te knoop vereis dat 'n persoon kennis moet dra van uiteenlopende standpunte en praktyke en begrip daarvoor moet ontwikkel. Hierdie kennis is nodig om tieners behulpsaam te wees in die aanvaarding van 'n manlike of vroulike sosiale rol en die vorming van 'n eie seksuele identiteit. Dit dien ook as versterking of hulp by die vorming van persoonlike waardes, etiek en ideologieë, en die aanvaarding van ander. Die verskeidenheid seksuele voorkeure, praktyke en onderwerpe, en die breë spektrum van inligting bevredig tieners se nuuskierigheid rakende seksualiteit en voldoen sodoende aan hul leesbehoefte, en dit lei hulle tot selfstandige morele keuses ten opsigte van die seksuele.

5.2.12 Realisme

In *Slinger-slinger* maak tienerlesers kennis met die volle werklikheid van seksualiteit. Francois Bloemhof skryf eerlik en reguit oor alle aspekte rakende seksualiteit (soos reeds genoem in bogenoemde bespreking), en dit voldoen volledig aan tienerlesers se inligtingsbehoefte. Tienerlesers kom onder die besef dat die lewe vir baie mense, soos Lisa, baie moeilik is, en dat mens nie te gou oor ander moet oordeel nie. Dit word in *Slinger-slinger* beklemtoon dat seksualiteit veelkantig is, en dat dit veel meer behels as die blote seksdaad.

5.3 Gevolgtrekking

Dit is uit bogenoemde duidelik dat hierdie tienerverhaal daarin slaag om in tieners se leesbehoefte te voldoen aangesien dit aan die evalueringsmodel vir tienerfiksie, soos vroeër bepaal, voldoen. *Slinger-slinger* kan 'n besliste rol speel om tieners voor te berei op verskeie aspekte van die moderne tieners se lewens, en hulle te laat besef dat hulle nie die enigstes is wat met die probleme worstel nie.

Dit is egter die hantering van seksualiteit wat hierdie verhaal laat uitstaan bo enige ander in Afrikaans. Die skrywer hanteer die seksuele tema baie goed en die boek voldoen in die behoeftes van die tienerleser rakende seksualiteit. *Slinger-slinger* sluit ten nouste aan by tieners se leesbehoefte aan realisme, volledige inligting en korrekte feite rondom die seksuele en kan die bereiking van Havighurst se ontwikkelingstake stimuleer. In *Slinger-slinger* word vele seksuele kwessies sonder omhaal bespreek, en sodoende is hierdie Afrikaanse tienerverhaal in pas met die voorste tienerfiksie wêreldwyd en maak dit 'n groot bydrae tot die Afrikaanse tienerfiksiegenre.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat *Slinger-slinger* volgens leserkundige evaluering as realistiese tienerfiksie slaag. Ander menings wat in die pers verskyn het, verskil egter hiervan en daarom moet daarvan kennis geneem word.

5.4 Ander menings oor *Slinger-slinger*

In 1998 het *Slinger-slinger* ongekende opspraak verwek nadat dit vir die ATKV se Kinderboektoekenning vir die kategorie 13-15 jaar ingeskryf is. Na geweldige teenkanting van veral ouers, is die boek van die ATKV se leeslys onttrek. Verskeie artikels en lesersbriewe het in tydskrifte en dagblaaie verskyn oor die geskiktheid van die boek vir tieners. Wisselende menings is oor veral drie aspekte rakende *Slinger-slinger* gepubliseer, naamlik die realistiese tema en newetemas van *Slinger-slinger*, die karakterisering en die taalgebruik. Die kommentaar van die ouers, onderwysers en ander volwassenes wat in die pers verskyn het, en die bevindinge van hierdie studie gaan voorts oor elk van bogenoemde aspekte bespreek en vergelyk word. Die respondente wat *Slinger-slinger* gelees en die vraelys ingevul het, se menings sal in Hoofstuk 6 gegee word.

5.4.1 Kommentaar oor die temas

- **Negatiewe kommentaar**

Slinger-slinger is veral gekritiseer oor die openlike wyse waarop omstrede temas soos tienerseksualiteit, seksuele molestering en drank- en dwelmmisbruik hanteer is. Skerp kritiek is ook teen die ATKV gelewer oor die insluiting van *Slinger-slinger* in die kategorie 13-15 jaar aangesien daar gemeen is dat tieners uit hierdie ouderdomsgroep te jonk is om oor seksualiteit en drank- en dwelmmisbruik te lees.

Visser (1998:8) beskryf *Slinger-slinger* as "riollektuur" wat "aangevuur deur 'n permissiewe moraliteit, oorboord gegaan het", en daarom was die Stellenbosch tak van Vriende van Afrikaans van mening dat *Slinger-slinger* nie geskik is om aan skole geskenk te word vir die toekenning van boekpryse nie. Pretorius (Fourie, 1998:15), akademikus en letterkundige wat in die keurderspaneel vir die Hertzogprys dien, sluit by Visser aan as sy dit stel dat jong lesers nie aan permissiwiteit behoort blootgestel te word nie omdat die permissiewe tekste, "kenmerkend van die "vryheidsroes" waarin die Afrikaanse letterkunde nou verkeer, kinders op 'n onrype ouderdom kan

prikkel om self te eksperimenteer" (Anon., 1998:3). Janzen van Vuuren (1998:8) beskou *Slinger-slinger* as 'n "vulgêre boek" wat van jeug weggehou moet word.

Sommige ouers het by die ATKV gekla dat die suggestiewe titel en padtekens op die voorblad aandui dat die boek oor " 'verbode' dinge" handel soos die ontluikende seksualiteit van twee matriekseuns (Fourie, 1998:15).

Van Rooijen (Anon., 1998b:3), 'n onderwyseres, is van mening dat *Slinger-slinger* faal as gevolg van die "platvloerse, blatante en onsensitiewe uitbeelding van die buite-egtelike verhoudings, bloedskanie, molestering en tienerseks". Hierdie mening is ook by onderwysers van twee skole in Potchefstroom waargeneem wat besluit het om weens die seksuele aard van *Slinger-slinger* nie aan die navorsing vir hierdie studie deel te neem nie. Een onderwyseres het *Slinger-slinger* tydens die reëlings vir die empiriese navorsing (Junie 2001) onder meer as "pervers" aan die navorser beskryf.

'n Leserkundige, Le Roux (1997:17), is van mening dat die oordad omstrede temas een van die swak punte van *Slinger-slinger* is aangesien dit nie volledig uitgebou en na behore ontgin word nie en daartoe lei dat die probleme van die sommige tienerkarakters onafgerond bly.

- **Positiewe kommentaar**

Francois Bloemhof se hantering van die onderskeie temas word deur Müller (Anon., 1998:3) beskryf as " 'n absoluut eerlike, selfs skokkende openbaring van jong mense se ontnugterde en ontheiligde siening van die lewe soos hulle dit ervaar". Spaarwater (1998:11) bepleit 'n meer openlike beskrywing van omstrede temas soos die wat in *Slinger-slinger* voorkom, aangesien hy glo dat openheid bydra tot 'n "gebalanseerde, vooruitstrewende jong bevolking".

Van Lill (1998:10) het *Slinger-slinger* as "'n besondere realistiese verhaal en verteenwoordigend van vandag se tiener" gevind. Hy glo dat tienerfiksie met realistiese temas tieners op 'n veilige manier aan die harde werklikheid van die lewe bekendstel. Beaufort (1998:14) sluit hierby aan deur te sê dat mens nie kan ontken dat tieners 'n seksuele identiteit het nie en daarom 'n behoefte het aan fiksie met 'n seksuele tema . Sy sê voorts dat dit ironies is dat Afrikaanse tienerfiksie met 'n seksuele tema gekritiseer word terwyl Suid-Afrikaanse tieners (en kinders) reeds jare

lank na Amerikaanse tienerreekse op televisie kyk wat al die omstrede kwessies behandel.

Frits Kok, besturende direkteur van die ATKV en Louise Steyn, van Tafelberg-uitgewers (Anon., 1998:3), asook Hans du Plessis (Fourie, 1998:15) noem dat die voorkoms van omstrede temas in tienerboeke vereis dat ouers meer betrokke by hul kinders moet wees en oor omstrede kwessies met hul tieners moet kommunikeer. Leserkundiges soos Le Roux (1997:17) en Snyman (1998:8) stem saam met bogenoemde skrywers en voeg by dat volwassenes sinvolle, ingeligte gesprekke oor omstrede kwessies met tieners moet voer sodat tieners op 'n positiewe, onbevooroordeelde wyse tot volwassenheid begelei kan word.

Snyman (Louw, 1998:137) sê voorts dat ouers wat van mening is dat kinders van dertien tot vyftien jaar teen die die uitbeelding van seksualiteit beskerm moet word, geen besef het van kinders se leefwêreld nie. Sy sê ook dat ouers moet besef dat hulle nie "dinge" vir hul kinders moet wegsteek nie, maar dit vir hulle in perspektief moet stel. Du Plessis (Nieuwoudt, 1999:13), destydse keurder van jeugboeke by die Gautengse Provinsiale Biblioteek-en-Inligtingsdiens sê dat tieners wil lees oor taboes soos seks en dwelmgebruik, en dat dit moontlik daartoe sal lei dat ouer tienerlesers meer tienerfiksie sal lees. Kok van die ATKV sluit hierby aan en sê dat "kinders se leessmaak [by vyftien] ál meer volwasse raak" (Louw, 1998:137).

Bloemhof (Anon., 1998c:15) het op die vraag of hy nie eerder minder probleme met meer oplossings in *Slinger-slinger* moes aanbied nie, gesê dat geen probleem per formule opgelos kan word nie. Hy wil in plaas daarvan om maklike oplossings vir probleme te verskaf, jongmense eerder verseker dat hulle nie die enigste is wat met sekere probleme worstel nie.

- **Navorsers se kommentaar**

Die navorser het in die leserkundige evaluering van die verhaalelemente tema bevind dat die temas in *Slinger-slinger* ten volle aansluit by tieners se leesbehoefte en -belangstellings aangesien die verhaal handel oor die vind van 'n eie seksuele identiteit, die ondersoek van waardesisteme, verhoudings tussen die geslagte en in die gesin. Die voorkoms van drank- en dwelmmisbruik onder die tieners in *Slinger-slinger* voldoen ook aan die leesbehoefte en -belangstellings van tienerlesers. Die skrywer het nie 'n didaktiese inslag ten opsigte van enige van die temas openbaar nie, en het die tienerlesers self laat besluit oor hoe hulle in sekere situasies sou optree en sodoende sou *Slinger-slinger* tieners kon lei om tot volwassenheid te ontwikkel.

Die inleidende paragraaf van die boek sê juis direk aan die leser wat die trant van *Slinger-slinger* is en dat eksplisiete beskrywings van seks gaan volg. Dit bied aan die sensitiewe leser die geleentheid om die boek eerder nie verder te lees nie.

5.4.1.1 Samevatting

Dit is uit bogenoemde bespreking duidelik dat hoewel sommige volwassenes besware het teen die hantering van omstrede temas in tienerfiksie, daar baie volwassenes is wat van mening is dat *Slinger-slinger* aan tieners se leesbehoefte voldoen. Die meeste van hierdie volwassenes beklemtoon ook die belangrikheid van openlike gesprekke met tieners oor omstrede kwessies en wys daarop dat realistiese tienerfiksie tot sulke gesprekke kan lei. Die bevindinge van die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* se tema kom ooreen met laasgenoemde menings.

5.4.2 Kommentaar oor karakterisering

- **Negatiewe kommentaar**

Le Roux, 'n leserkundige, is van mening dat karakterisering en karakterontwikkeling nie goed plaasvind in *Slinger-slinger* nie omdat daar 'n gebrek aan innerlike spanning en emosionele konflik en groei is en 'n oordadige temas is waaraan aandag gegee moet word (1997:17). Sy sê verder dat die volwassenes almal as vals, egoïstiese swakkeringe uitgebeeld word. Hough (1997:33) sluit hierby aan deur te sê dat die karakters nie volledig en diep genoeg in hul konfliktsituasies uitgebeeld word nie en dat hulle as leeg en oppervlakkig ervaar word.

Van Rooijen (1998:3) is van mening dat die karakterontwikkeling vlak en onoortuigend is sodat tieners wat met die karakters identifiseer, "se gevoelsput [...] dieper en donkerder" sal word.

- **Positiewe kommentaar**

Van Lill (1998:10) skryf dat hy van die karakters in *Slinger-slinger* hou omdat hulle nie onkundige en onhandige "ekskuus-myself karakters" is nie, maar ingeligte tieners "wat weet waaroor die lewe gaan en hulself kan handhaaf".

- **Navorser se kommentaar**

Die navorser het in die leserkundige evaluering bevind dat die realistiese uitbeelding van Stephan as karakter slaag en dat tienerlesers met hom sal kan identifiseer. Lisa se karakterisering oortuig wel nie heeltemal nie, veral ten opsigte van die redes vir haar losbandigheid. Die karakterisering van Derek Britz slaag volgens die navorser goed. Die navorser het voorts bevind dat die uitbeelding van die ouers as karakters slaag omdat volwassenes in tienerfiksie net randfigure wat bydra tot die gebeure, behoort te wees; 'n verskeidenheid tipes ouers geskets word; en dat die uitbeelding van die ouers en gesinslewe voldoen aan tieners se leesbehoefte en belangstellings omtrent gesinsverhoudinge, waardesisteme, en drank- en dwelmmisbruik. Daar is ook bevind dat Angelica du Toit en die ander nuwekarakters nie nodig het om karakterontwikkeling te ondergaan nie, aangesien die doel van hul

karakters hoofsaaklik is om die realiteit van rook, drank, dwelmmiddels en seks in tieners se lewens uit te wys by te dra tot die aksie in die verhaal.

5.4.2.1 Samevatting

Hoewel sommige kritici die karakterisering in *Slinger-slinger* nie as geslaagd beskou nie, het die navorser in die leserkundige evaluering bevind dat dit by uitsondering na geslaagd aangebied is.

5.4.3 Kommentaar oor die taalgebruik

- **Negatiewe kommentaar**

Nadat Francois Bloemhof die prys in die beginnerskategorie van die Sanlam Jeuglektuurwedstryd gewen het, word daar in die pers berig dat hy veral lof ingeoes het vir die manier waarop hy die tema in die taal van die tiener hanteer het (Anon., 1996:4 ; Louw, 1998:136). Hough (1997:33) skryf egter hierna in 'n resensie dat die kragwoorde in *Slinger-slinger* nooit werklik deel van die spraakpatroon word nie, en dat hy die indruk gekry het dat Bloemhof dit "net een of twee keer gebruik het om te wys dit kan gedoen word".

Van Rooijen, 'n onderwyseres, is van mening dat die taalgebruik banaal en kru is (Anon., 1998b:3).

- **Positiewe kommentaar**

Soos reeds genoem, is daar, nadat Francois Bloemhof die prys in die beginnerskategorie van die Sanlam Jeuglektuurwedstryd gewen het, in die pers berig dat hy veral lof ingeoes het vir die manier waarop hy die tema in die taal van die tiener hanteer het (Anon., 1996:4 ; Louw, 1998:136). Neethling, 'n ouer van 'n standerd 9-dogter, het nadat sy Hough (1997:33) se resensie oor *Slinger-slinger* in Rapport gelees het, gereageer deur te skryf dat haar dogter van mening is dat die taalgebruik realisties en reguit is. Dit wys vir haar daarop dat Bloemhof "tieners verstaan en oor hulle skryf soos hulle is, sonder om te veroordeel". Bloemhof self sê dat as skrywers wil hê dat karakters soos tieners moet klink, kan hulle nie met beleefde taal praat nie (Louw, 1998:137). 'n Ouer stem hiermee saam en voeg by

dat tieners beslis so praat en dat hulle dit by hul ouers en maats leer (Anon., 1998b:3).

Le Roux (1997:17) is van mening dat Bloemhof die seksuele tema in *Slinger-slinger* openlik en blatant in reguit taal verwoord het, en dat vloekwoorde nie "kwasi-vroom verhul agter sedige beletselttekens" is nie.

'n Groep leerders van die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch het by 'n seminaar oor die jeugboek en tiener as leser gesê dat die taalgebruik in meeste Afrikaanse jeugboeke onaanvaarbaar is omdat dit nie klink soos wat daar in die alledaagse lewe gepraat word nie (Malan, 1999:4). Hulle sonder *Slinger-slinger* uit as 'n voorbeeld van 'n Afrikaanse jeugboek waarvan hulle hou.

- **Navorsers se kommentaar**

In die leserkundige evaluering is bevind dat Bloemhof daarin slaag om die verhaal in gemaklike, vloeiende taal te vertel wat aansluit by tieners se praat- en denkpatrone. Daar is bevind dat die vloekwoorde nie hinderlik is nie omdat dit funksioneel is in die opsig dat tieners met die karakters in die verhaal kan identifiseer. Daarby dra die taalgebruik by tot die realisme in *Slinger-slinger*. Die taalgebruik slaag veral omdat dit direk tot tienerlesers spreek.

5.4.3.1 Samevatting

Die kommentaar wat in die pers oor die taalgebruik verskyn het, was meestal positief vanweë die realistiese aard daarvan. Hierdie mening word ook deur die navorsers gehuldig in die leserkundige evaluering van die taalgebruik in *Slinger-slinger*.

5.5 Gevolgtrekking

Dit is uit die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* duidelik dat die tienerboek geslaagd is omdat dit aan tieners se leesbehoefte voldoen, die bereiking van hul ontwikkelingstake stimuleer en die verhaalelemente, soos in die leserkundige model uiteengesit, suksesvol hanteer is.

Met die voltooiing van die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* word twee navorsingsvrae, naamlik of *Slinger-slinger* slaag wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie, en of *Slinger-slinger* slaag as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is, beantwoord. Vervolgens word tienerlesers se persepsies van *Slinger-slinger* onder die loep geneem in die analise van die vraelys wat deur 'n groep tienerlesers beantwoord is.

HOOFSTUK 6

Tienerlesers se persepsies van *Slinger-slinger*

6.3 Inleiding

Die menings van leserkundiges en ander volwassenes oor die geslaagdheid van *Slinger-slinger* is weliswaar belangrik, maar Hatt se vraag, "Hoe kom die leser en die teks bymekaar?" kan nie werklik beantwoord word as daar nie ook ondersoek ingestel word na tienerlesers se mening oor *Slinger-slinger* nie. In Hoofstuk 6 gaan daar 'n antwoord gesoek word op die derde navorsingsvraag, "Beskou tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie?" deur 'n vraelysopname aan geselekteerde tienerlesers te gee.

Die vraelys is so saamgestel dat tienerlesers se mening oor die leserkundige geslaagdheid van *Slinger-slinger*, sowel as wyse waarop die seksuele tema hanteer is, ingewin kan word en sodoende kan die eerste twee navorsingsvrae gedeeltelik beantwoord word. Die inligting wat uit die vraelys verkry word, kan ook 'n bydrae lewer tot die beantwoording van die vierde navorsingsvraag wat betrekking het op die implikasies van die studie vir *Slinger-slinger* sowel as vir tienerfiksie in die algemeen.

Die volledige vraelys soos aan Afrikaanslesende tieners gegee, word in Bylae E gevind.

6.4 Analise van die vraelys

Die vraelys staan aanvullend tot die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* om die navorsingsvrae te beantwoord, en die analise van die vraelys word volgens die navorsingsvrae georganiseer.

Ter inleiding is sekere demografiese inligting van die respondente gevra. Hierdie inligting word benodig om by sekere vrae te bepaal of daar verskille in mening tussen seuns en dogters, en tussen wit en gekleurde (Kleurling, Swart, Indiër, Asiaat) tieners is, aangesien daar gewoonlik in Leserkunde aangedui word dat die verskillende groepe se leespatrone en -belangstellings verskil. Die resultate word veral gebruik in

die beantwoording van die vierde navorsingsvraag. Die resultate van die demografiese vrae is soos volg:

Ouderdom: 14 jaar:	3
15 jaar:	14
16 jaar:	24
17 jaar:	24
18 jaar:	23

Soos reeds in afdeling 2.5.3.4.1 genoem, is die 13-, 14- en 15-jariges op aanbeveling van die Statistiese Konsultasiediens in een groep saamgevoeg om die verwerking van die data te vergemaklik.

Geslag: Manlik:	30
Vroulik:	58

Bevolkingsgroep: Swart:	12
Kleurling:	6
Indiër:	2
Asiaat:	0
Blank:	68

Om dieselfde redes as bo, is daar besluit om die bevolkingsgroepe saam te voeg in Gekleurde en Blanke tieners.

6.4.1 Navorsingsvraag 1: In watter mate slaag *Slinger-slinger* wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?

Om die respondente se mening oor die antwoord op bogenoemde vraag te kry, het die navorser vrae gestel wat verband hou met sommige van die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie, naamlik tema, karakterisering, en taalgebruik en skryfstyl. Die navorser is gelei deur die kritiek wat in die pers verskyn het oor bogenoemde elemente, en respondente se menings is getoets rakende daardie spesifieke elemente. Die volgende vrae hou verband met elk van die elemente:

Tema: B16 en B17

Karakterisering: B5 en B36

Taalgebruik en skryfstyl: B6, B7, B8 en B34

6.4.1.1 Tema

Vraag B16 is in die vraelys gestel om te bepaal watter van die verskillende temas/onderwerpe wat in *Slinger-slinger* voorkom, vir die respondente die interessantste was. Die respondente moes die onderwerpe in rangorde plaas, met ander woorde, hulle moes die interessantste tema aandui deur dit met 1 te merk, die tweede interessantse tema met 2 te merk, ensovoorts. Die rangorde is bereken op die gemiddelde waardes. Om die data sinvol te analiseer en te beskryf, is daar van aangepaste kruistabelle gebruik gemaak waarin die resultate van Vraag B16 gekombineer is met die resultate van Vrae A1 (Ouderdom), A3 (Geslag) en A4 (Bevolkingsgroep). Vraag B16 word intensief geanaliseer omdat die navorser van mening is dat dit een van die belangrikste vrae in die vraelys is omdat dit dui op tieners se leesbehoefte, en of daardie leesbehoefte deur die aanbieding van die temas bevredig is. Die bevindinge was soos volg:

Tabel 3: Aanduiding van die interessantste temas in Slinger-slinger, volgens ouderdom van respondente

Tema	13-15 jariges	16 jariges	17 jariges	18 jariges	Rangorde
	Gemiddeld	Gemiddeld	Gemiddeld	Gemiddeld	Gemiddeld
1 (Die fietswedren)	6	6	6	6	6
2 (Liefdesverhouding tussen Stephan en Lisa)	1	1	1	1	1
3 (Seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa)	2	2	2	2	2
4 (Huweliks- en ander verhoudinge tussen ouers)	5	4	5	5	5
5 (Lisa se seksuele misbruik)	4	3	5	3	3
6 (Drank- en dwelmmisbruik onder tieners)	3	5	4	4	4
7 (Drankmisbruik onder ouers)	7	7	7	7	7

Dit is uit bostaande tabel duidelik dat daar onder al die respondente eenvormigheid is oor watter temas die eerste, tweede, sesde en sewende interessantste is. Om te bepaal watter temas die derde, vierde en vyfde interessantste is, het die navorser met die gemiddeld gewerk. Dit was vir die navorser insiggewend dat al die respondente die ontwikkeling van die *liefdesverhouding* tussen Stephan en Lisa interessanter gevind het as die ontwikkeling van hul *seksuele* verhouding.

Die volgende stap in die analise van Vraag B16, is om Vraag B16 se resultate met geslag te kombineer om te bepaal of daar 'n verskil is in wat manlike en vroulike respondente as die interessantse tema beskou. Dit is veral nodig indien in ag geneem word dat daar nie 'n eweredige verspreiding manlike en vroulike respondente is nie, en dat dit 'n effek kan hê op bepaling van die interessantste temas. Die volgende verskille het na vore gekom:

Tabel 4: Aanduiding van die interessantste temas in Slinger-slinger, volgens geslag van respondente

Tema	1 (Manlik)	2 (Vroulik)
	Gemiddeld	Gemiddeld
1 (Die fietswedren)	7	6
2 (Liefdesverhouding tussen Stephan en Lisa)	2	1
3 (Seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa)	1	2
4 (Huweliks- en ander verhoudinge tussen ouers)	5	5
5 (Lisa se seksuele misbruik)	4	3
6 (Drank- en dwelmmisbruik onder tieners)	3	4
7 (Drankmisbruik onder ouers)	6	7

Dit blyk uit bostaande tabel dat daar wel kleiner verskille is tussen manlike en vroulike respondente se persepsies oor wat hulle as die interessantste temas in *Slinger-slinger* beskou. Dit moet hier genoem word dat daar 'n klein verskil van slegs 0.003% tussen die vroulike respondente se tweede en derde keuse is. Die manlike en vroulike respondente hou afwisselend die meeste van die liefdes- en seksuele verhoudinge, met Lisa se seksuele misbruik en die drank- en dwelmmisbruik afwisselend in die 3de en 4de plek.

'n Verdere analise wat van Vraag B16 gemaak kan word, is om te bepaal of daar verskille in die gekleurde en blanke respondente se keuses van die interessantste temas is. Hierdie analise kan veral nuttig wees om Afrikaanslesende gekleurde tieners se leesbehoefte te bepaal.

Tabel 5: Aanduiding van die interessantste temas in Slinger-slinger, volgens bevolkingsgroep

Tema	1 (Gekleurd)	2 (Blank)
	Gemiddeld	Gemiddeld
1 (Die fietswedren)	7	6
2 (Liefdesverhouding tussen Stephan en Lisa)	1	1
3 (Seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa)	2	2
4 (Huweliks- en ander verhoudinge tussen ouers)	4	5
5 (Lisa se seksuele misbruik)	3	3
6 (Drank- en dwelmmisbruik onder tieners)	5	4
7 (Drankmisbruik onder ouers)	6	7

Dit is uit bostaande tabel duidelik dat daar nie noemenswaardige verskille in die keuse van die interessantste temas tussen die bevolkingsgroepe is nie, slegs by tema nommers 4 en 6, en tema nommers 1 en 7 wat plekke wissel, terwyl tema

nommer 2, 3 en 5 (die interessantste drie) deur al die bevolkingsgroepe in dieselfde rangorde geplaas is.

Vraag B17 is aan respondente gestel om te bepaal of hulle van mening is dat die hantering van die seksuele tema in *Slinger-slinger* realisties en eksplisiet is, soos dit deur leserkundiges voorgeskryf word om aan tieners se behoeftes en belangstellings te voldoen.

- ♦ 13-15-jarige groep respondente:
 - 64.71% is van mening dat die hantering van die seksuele tema *baie realisties tot realisties* was, en
 - 70.59% van dieselfde groep het die beskrywing van die seksuele tema as *baie eksplisiet tot eksplisiet* ervaar.
- ♦ 16-jarige groep respondente:
 - 79.17% is van mening dat die hantering van die seksuele tema *baie realisties tot realisties* was, en
 - 66.67% van dieselfde groep het die beskrywing van die seksuele tema as *baie eksplisiet tot eksplisiet* ervaar.
- ♦ 17-jarige groep respondente:
 - 70.83% is van mening dat die hantering van die seksuele tema *baie realisties tot realisties* was, en
 - 66.67% van dieselfde groep het die beskrywing van die seksuele tema as *baie eksplisiet tot eksplisiet* ervaar.
- ♦ 18-jarige groep respondente:
 - 60.87% is van mening dat die hantering van die seksuele tema *baie realisties tot realisties* was, en
 - 60.87% van dieselfde groep het die beskrywing van die seksuele tema as *baie eksplisiet tot eksplisiet* ervaar.

Daar kan dus gesê word dat respondente uit alle ouderdomsgroepe van mening was dat die seksuele tema realisties en eksplisiet aan hulle beskryf is. Hierdie bevinding strook met die leserkundige vereistes vir die hantering van seksuele temas in tienerfiksie, en die hantering van die seksuele tema in *Slinger-slinger* voldoen dus volgens die respondente aan daardie leesbehoefte.

6.4.1.2 Karakterisering

Vraag B5 (*Kon jy met die karakters identifiseer, met ander woorde, kon jy jou indink in een of meer van die karakters?*) is gestel om te bepaal of tienerlesers met die karakters in *Slinger-slinger* kan identifiseer, omdat dit kan bydra tot die beleving van die realisme in die verhaal. Vraag B36 (*Dink jy dat die skrywer daarin geslaag het om 'n realistiese beeld van tienerlewe voor te stel, met ander woorde, is tieners oor die algemeen soos wat hulle in Slinger-slinger beskryf word?*) is in die vraelys ingesluit sodat bepaal kan word of al die aspekte van tienerlewe wat in *Slinger-slinger* voorkom, lewensgetrou is. Die navorser was van mening dat indien die respondente bevestigend antwoord op vraag B5 hulle ook bevestigend sou antwoord op Vraag B36, aangesien tienerlesers makliker met realistiese, geloofwaardige tienerkarakters kan identifiseer.

Die navorser gaan van die veronderstelling uit dat antwoorde B36.1 (Ja) en B36.3 (Redelik) positief is, en daarom kan die gevolgtrekking gemaak word dat 90.81% van die respondente van mening is dat die skrywer 'n realistiese beeld van tieners geskep het omdat die verhaaltemas situasies soos in die werklikheid uitbeeld.

Van die respondente kon 71.26% met die karakters in *Slinger-slinger* identifiseer, en dit dui daarop dat hulle die karakters as realisties en geloofwaardig beskou. Die hoofkarakter in *Slinger-slinger* is manlik en daarom is dit insiggewend dat manlike respondente besonder goed met die karakters kon identifiseer, aangesien 80.00% positief op vraag B5 geantwoord het. Die feit dat 67.24% van die vroulike respondente ook positief op vraag B5 geantwoord het, dui daarop dat die skrywer eietydse, realistiese en geloofwaardige karakters geskep het.

Om te bepaal of tienerlesers met die karakters kan identifiseer omdat die skrywer 'n realistiese beeld van tienerlewe voorstel, het die navorser van 'n kruistabel gebruik gemaak (data vir Vraag B5 is met die data vir Vraag B36 gekruistabuleer), en daar is bevind dat daar wel 'n aanduiding van 'n verband tussen die standpunte oor die realistiese uitbeelding van tienerlewe en die mate waarin die lesers met die karakters kan identifiseer, bestaan.

Tabel 6: Realistiese karakterisering

Realistiese beeld van tienerlewe	Identifiseer met karakters				Totaal (N)	
	1 (Ja)		2 (Nee)			
	F	%	F	%	F	%
1 (Ja)	32	36.78	7	8.05	39	44.83

2 (Nee)	1	1.15	7	8.05	8	9.20
3 (Redelik)	29	33.33	11	12.64	40	45.97
Totaal	62	71.26	25	28.74	87	100.00

(Frekwensie uitstaande = 1)

Bostaande tabel word soos volg gelees: 36.78% van die respondente het "Ja" geantwoord op beide Vraag B5 en B36; 8.05% van die respondente wat op Vraag B5 "Ja" geantwoord het, het op Vraag B36 "Nee" geantwoord. Die res van die tabel kan soos bo ontleed word. Die belangrikste gegewens wat uit die analise na vore kom, is dat 32 uit die 39 respondente wat "Ja" op Vraag B5 geantwoord het, ook "Ja" op Vraag B36 geantwoord het. Dit is duidelik dat die respondente oorwegend van mening is dat die karakters in *Slinger-slinger* geloofwaardig is en dat hulle met hulle kan identifiseer. Karakterisering is dus volgens die respondente suksesvol deur die skrywer uitgevoer.

6.4.1.3 Taalgebruik en skryfstyl

Slinger-slinger was omstrede deels as gevolg van die slengtaal, kru taalgebruik en vloekwoorde wat daarin voorkom. In die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* was die navorser van mening dat die kru taalgebruik bydra tot die realisme van die verhaal, maar die respondente moes hul mening daaroor in die vraelys lug en daarom is vrae B7 (*Het die kru taalgebruik in Slinger-slinger jou geskok?*) en B8 (*Is die taalgebruik van die tienerkarakters realisties, met ander woorde, praat tieners so?*) in die vraelys gestel. Uit die bevindinge van die vraelys het dit geblyk dat daar wel 'n verband tussen vrae B7 en B8 bestaan wat daarop dui dat hoewel die kru taalgebruik skokkend is, dit wel realisties is.

Tabel 7: Verband tussen kru en realistiese taalgebruik

Het kru taalgebruik in <i>Slinger-slinger</i> geskok?	Is taalgebruik in <i>Slinger-slinger</i> realities?						Totaal (N)	
	1 (Ja, alle tieners praat so)		2 (Sommige tieners praat so)		3 (Geen tieners praat so nie)			
	F	%	F	%	F	%	F	%
1 (Ja)	5	5.75	10	11.50	0	0	15	17.24
2 (Nee)	27	31.03	45	51.72	0	0	72	82.76
Totaal	32	36.78	55	63.22	0	0	87	100.00

(Frekwensie uitstaande = 1)

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat hoewel 17.24% van die respondente deur die kru taalgebruik in *Slinger-slinger* geskok was, 36.78% van die respondente van mening is dat *alle* tieners kru taalgebruik besig en 63.22% van die respondente was van mening dat *sommige* tieners kru taalgebruik besig. Dit is insiggewend om te bevind dat bykans 83% van die respondente glad nie deur die kru taalgebruik geskok is nie. Die respondente is dus van mening dat die taalgebruik in *Slinger-slinger* realisties is omdat sommige tieners wel kru taal gebruik, en sodoende word daar voldoen aan die kriteria wat gestel word ten opsigte van geslaagde taalgebruik in tienerfiksie.

6.4.1.4 Samevatting

Om die eerste navorsingsvraag, naamlik "In watter mate slaag *Slinger-slinger* wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?" deur die vraeys te probeer antwoord, het die navorser vrae gestel wat verband hou met sommige van die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie, naamlik tema, karakterisering, en taalgebruik en skryfstyl. Dit het aan die lig gekom dat tieners wat *Slinger-slinger* gelees het, van mening is dat die skrywer bogenoemde elemente suksesvol hanteer het.

Volgens die respondente is die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa die interessantste tema, gevolg deur Lisa se seksuele misbruik. Daar was min verskil in die aanduiding van die interessantste temas tussen die manlike en vroulike respondente, sowel as uit die verskillende bevolkings- en ouderdomsgroepe. Die meeste respondente het aangedui dat die skrywer die seksuele tema baie realisties en eksplisiet hanteer het.

Die respondente het ten opsigte van karakterisering aangedui dat die skrywer 'n realistiese beeld van tieners geskep het en dat hulle met die karakters kon identifiseer. Die karakters in *Slinger-slinger* is dus vir die respondente geloofwaardig.

Die respondente het verder aangedui dat die taalgebruik van die tieners in *Slinger-slinger* realisties is en, buiten vir 'n paar respondente, hulle nie geskok het nie.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die elemente vir leserkundige evaluering wat deur die vraelys hanteer is, volgens die respondente geslaagd aangebied is.

6.4.2 Navorsingsvraag 2: In watter mate slaag *Slinger-slinger* as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?

Om die respondente se menings oor hierdie navorsingsvraag te kry, het die navorser vrae gestel wat verband hou met sommige van die kriteria vir die beoordeling van die hantering van die seksuele tema in tienerfiksie, asook vrae oor sekere seksuele subtemas wat in *Slinger-slinger* voorkom. Die volgende kategorieë vrae hou verband met bogenoemde navorsingsvraag:

Beskrywing van gevoel en emosies: B27

Beskrywing van seksuele gedrag: B25 en B28

Onbevooroordeeldheid: B26, B34 en B35

Realisme: B17

Hantering van Lisa se seksuele molestering: B20, B21 en B22

Derek se homoseksualiteit: B23 en B24

Omdat tieners nog nie genoeg lewenservaring het om te oordeel oor die korrektheid van seksuele feite nie, is daar nie vrae daaroor gestel nie.

6.4.2.1 Beskrywing van gevoel en emosies

Die navorser het in die leserkundige evaluering van hierdie element bevind dat die skrywer in sommige gevalle daarin geslaag het om die karakters se gevoelens en emosies baie goed weer te gee, maar in ander gevalle was hy nie so suksesvol nie. Daar is ook in die pers kritiek gepubliseer rakende hierdie gebrek in *Slinger-slinger*.

Vraag B27 is gestel om te bepaal watter aspekte rakende die gevoelens en emosies van die karakters meer uitvoerig deur die skrywer hanteer moes word, omdat dit leserkundig belangrik is dat gevoel en emosies tydens seksuele omgang en oor aspekte van seksualiteit in fiksie beskryf word. Ter wille van volledigheid word die resultate op al die aspekte wat in Vraag B27 genoem word, gegee, en dit word met geslag gekombineer om te bepaal of daar verskille is tussen die geslagte se ervaring van die beskrywing van gevoel en emosies in *Slinger-slinger*.

Tabel 8: Behoeftte aan meer uitvoerige omskrywings van gevoelens en emosies, volgens geslag

Watter onderwerpe/situasies moes meer uitvoerig/duideliker omskryf word in <i>Slinger-slinger</i> ?	Geslag				Getal respondente wat reageer het 88*	
	1 Manlik 30*		2 Vroulik 58*			
	F	%	F	%	F	%
1 (Redes vir Lisa se losbandigheid/rondslapery)	14	46.66	23	39.65	37	42.04
2 (Stephan se gevoelens oor Lisa se losbandigheid)	12	40.00	22	37.93	34	38.63
3 (Lisa se gevoelens oor haar losbandigheid)	11	36.66	32	55.17	43	48.86
4 (Lisa se gevoelens en emosies oor haar misbruik)	14	46.66	42	72.41	56	63.63
5 (Stephan se gevoelens en emosies nadat hy en Lisa seks gehad het)	10	33.33	32	55.17	42	47.72
6 (Lisa se gevoelens en emosies nadat sy en Stephan seks gehad het)	13	43.33	31	53.44	44	50.00
7 (Die morele gevolge van Stephan en Lisa se seksdaad)	16	53.33	25	43.10	41	46.59
8 (Derek se homoseksualiteit)	8	26.66	26	44.82	34	38.63
9 (Stephan se gevoelens oor die moontlike verandering in sy en Derek se vriendskap nadat Derek sy homoseksualiteit onthul het)	6	20.00	27	46.55	33	37.50
10 (Die gevolge van drank- en dwelmmisbruik)	12	40.00	19	32.75	31	35.22

- **Maksimum hoeveelheid respondente**

Dit is uit bostaande tabel duidelik dat 72.41% van die vroulike respondente van mening is dat die skrywer Lisa se gevoelens en emosies oor haar misbruik meer uitvoerig moes behandel, en 46.66% van die manlike respondente stem daarmee saam. Uit die manlike respondente sou 53.33% meer wou lees oor die morele gevolge van Stephan en Lisa se seksdaad, en dit is volgens hulle 'n groter tekortkoming in *Slinger-slinger* as die gebrek aan beskrywing van Lisa se gevoelens en emosies oor haar misbruik. Dit is duidelik dat die respondente van mening is dat die gevoelens en emosies van die karakters, asook die temas in *Slinger-slinger*, duideliker omskryf moes word.

6.2.2.2 Beskrywing van seksuele gedrag

Vraag B25 is in die vraelys gestel om te probeer bepaal of die seksuele beskrywings in *Slinger-slinger* vir die respondente skokkend is, veral na aanleiding van die kritiek wat volwassenes daaroor gelever het. Vraag B28 is gestel om te bepaal of respondente van mening is dat die seksuele beskrywings nodig en gemotiveerd is vir die verloop van die verhaal.

Slegs 5.68% van die respondente het aangedui dat al die seksuele beskrywings in *Slinger-slinger* vir hulle skokkend was, en daarvan was 2.27% manlike en 3.41% vroulike respondente. Dit is verder insiggewend dat slegs 1.14% van hierdie respondente in die ouderdomsgroep 13-15 jaar is. Uit die ouderdomsgroepe 16 jaar en 17 jaar het daar onderskeidelik 2.27% elk aangedui dat al die seksuele beskrywings skokkend is.

Uit die respondente het 43.18% wel aangedui dat sommige van die seksuele beskrywings vir hulle skokkend was, terwyl 51.14% aangedui het dat die seksuele beskrywings glad nie skokkend was nie.

Die manlike en vroulike respondente se ervaring van die beskrywing en hantering van seks in *Slinger-slinger* was naasteby dieselfde, soos dit in die onderstaande tabel aangedui word:

Tabel 9: Tieners se ervaring van die openlike beskrywings van seks, volgens geslag

Was die openlike beskrywing en hantering van seks in <i>Slinger-slinger</i> skokkend?	Geslag				Totaal (N) 88*	
	1 (Manlik) 30*		2 (Vroulik) 58*			
	F	%	F	%	F	%
1 (Ja, al die beskrywings was skokkend)	2	6.67	3	5.17	5	5.68
2 (Ja, sommige van die beskrywings was skokkend)	13	43.33	25	43.10	38	43.18
3 (Nee, geen van die beskrywings was skokkend nie)	15	50.00	30	51.72	45	51.14
Totaal	30	34.09	58	65.91	88	100.00

• **Maksimum hoeveelheid respondente**

Hoewel 48.86% van die respondente aangedui het dat sommige van, of al, die sekstonele vir hulle skokkend was, het 79.55% van die respondente in antwoord op Vraag B28 aangedui dat die openlike sekstonele sinvol en nodig vir die verloop van die verhaal is, teenoor die 20.45% wat nie so dink nie.

Dit is dus duidelik dat die skrywer, volgens die respondente, die sekstonele toepaslik en sinvol aangebied het en dus nie in die sensasionele verval nie. Hierdie bevinding strook met die leserkundige evaluering van die betrokke element deur die navorser.

6.2.2.3 Onbevooroordeeldheid

Vraag B34 is gestel om te bepaal of die respondente ooit die gevoel gekry het dat die skrywer prekerig skryf, en indien hulle positief geantwoord het, moes hulle by Vraag B35 aandui waar in die verhaal dit gebeur het. Die vrae is in die vraelys gestel omdat prekerigheid volgens leserkundiges onaanvaarbaar in tienerfiksie is. Om die woord "didakties" makliker verstaanbaar vir skoolgaande kinders te maak, is dit vervang met "prekerig". Die navorser het egter steeds die gevoel gekry dat die respondente nie die begrip verstaan het nie, aangesien 22.99% aangedui het dat die skrywer soms prekerig was, maar slegs 2 respondente het in Vraag B35 aangedui waar die skrywer didakties geskryf het. Die een respondent was van mening dat die skrywer didakties geklink het tydens die beskrywing van die eerste keer dat Stephan en Lisa seks gehad het en die ander respondent was van mening dat die dwelmgebruik deur die tieners in *Slinger-slinger* didakties beskryf is.

Selfs met die moontlikheid van die bestaan van 'n misverstand rondom die woord/begrip "prekerig" het 75.86% van die respondente aangedui dat die skrywer glad nie didakties was nie. Dit stem ooreen met die bevinding van die navorser in die leserkundige evaluering van die betrokke element.

Die navorser is tog van mening dat die skrywer tienerlesers baie subtiel waarsku dat seks baie meer behels as die blote daad, en dat die gevolge onbekend is. Met die gedeelte wat in die Vraag B26 aangehaal word: "Want hy besef skielik hy is nog nie reg hiervoor nie. Vir die daad, ja, maar nie vir alles wat daarop gaan volg nie. Want hy weet nie wat dit alles kan wees nie." (p. 61) wou die navorser bepaal of die respondente hierdie nuanse raakgelees en verstaan het.

Die respondente het die volgende interpretasies van die aanhaling weergegee:

1. Mens moet fisies en emosioneel gereed wees om seks te beoefen en bereid wees om alle gevolge, emosioneel sowel as fisies, te dra. Seks moet dus met verantwoordelikheid bejeën word.
2. Die skrywer probeer Stephan se onsekerheid oor die seksdaad uitdruk.
3. Die aanhaling dui op Stephan se vrees dat hy nie seksueel vaardig is nie.
4. Die aanhaling dui daarop dat mense mekaar eers goed moet leer ken voordat hulle seks beoefen.
5. Die aanhaling dui daarop dat Stephan voor groepsdruk geswig het en nou seks beoefen.
6. Die aanhaling dui daarop dat die meeste tieners seks beoefen en dat die skrywer hulle nie veroordeel nie.

Daar was 7 respondente wat nie die vraag beantwoord het nie. Uit die oorblywende 81 respondente het 87.65% verskillende weergawes van Interpretasie 1 gegee. Interpretasie 2 is deur 4.94% respondente weergegee, terwyl die orige 6 respondente Interpretasies 3-6 gegee het. Dit is dus duidelik dat die respondente gesnap het wat die skrywer aan hulle probeer oordra.

6.2.2.4 Realisme

Die resultate van Vraag B17 is alreeds onder afdeling 6.2.1.1 bespreek waarin daar bevind is dat respondente uit alle ouderdomsgroepe van mening is dat die seksuele tema realisties en eksplisiet aan hulle beskryf is.

6.2.2.5 Hantering van Lisa se seksuele molestering

Dit het uit die literatuurstudie duidelik geblyk dat wanneer seksuele misbruik en molestering in tienerverhale voorkom, dit met groot omsigtigheid hanteer moet word en dat daar veral gefokus moet word op die slagoffer se emosies soos skuldgevoelens, selfhaat, vertrouensbreuk, emosionele isolasie en hartseer. In Hoofstuk 5, afdeling 5.2.8.2 word die wyse waarop Bloemhof Lisa se seksuele misbruik deur haar pa hanteer, bespreek. Die navorser is van mening dat die skrywer uitstekend daarin geslaag het om Lisa se wanhoop uit te beeld, en vrae B20, B21 en B22 is aan respondente gestel om te bepaal of hulle dieselfde dink, en of hulle begrip vir die gevolge van Lisa se molestering het.

Vraag B20 is aan respondente gestel om te bepaal of hulle van mening is dat Lisa se losbandigheid die gevolg is van haar seksuele molestering deur haar pa. Uit die respondente het 71.59% aangedui dat hulle dink dat Lisa losbandig is as gevolg van haar seksuele molestering, 20.45% van die respondente was van mening dat Lisa se losbandigheid nie die gevolg is van haar molestering nie, en 7.95% was onseker. Daar was nie 'n noemenswaardige verskil in die response tussen die geslagte nie.

Die doel van Vraag B21 was om te bepaal of respondente begrip gekry het vir Lisa se losbandigheid en die wyse waarop sy beter oor haarself wil voel, met ander woorde, dat sy "goedkeuring" wil verkry deur seks toe te laat. Uit die respondente het 68.18% aangedui dat hulle begrip het vir Lisa se losbandigheid, terwyl 21.59% geen begrip toon vir haar losbandigheid nie, en 10.23% was onseker. Daar is wel 'n verskil tussen die response van die verskillende geslagte: 60.00% manlike respondente het begrip vir Lisa se losbandigheid teenoor die 72.41% vroulike respondente wat dieselfde voel; 30.00% manlike respondente het geen begrip vir Lisa se losbandigheid nie, terwyl slegs 17.24% vroulike respondente dieselfde mening deel; en 10.00% manlike respondente en 10.34% vroulike respondente was onseker. Dit is duidelik dat die vroulike respondente goed met Lisa identifiseer het, maar dit is verblydend dat meer as die helfte van die manlike respondente begrip het vir die letsels wat seksuele misbruik op vroue laat.

Die resultate van Vraag B20 en Vraag B21 is ook met mekaar gekombineer om vas te stel of die resultate van die twee vrae mekaar nie weerspreek nie, met ander woorde, die navorser wou vasstel of die respondente konsekwent was met hul

antwoorde en of hulle wel die redes vir Lisa se optrede, en die gevolge van haar seksuele molestering verstaan.

Tabel 10: Begrip vir die redes vir Lisa se losbandigheid

Dink jy dat Lisa losbandig is omdat haar pa haar molesteer?	Het jy begrip vir Lisa se losbandigheid?						Totaal	
	1 (Ja)		2 (Nee)		3 (Onseker)			
	F	%	F	%	F	%	F	%
1 (Ja)	47	53.41	11	12.50	5	5.68	63	71.59
2 (Nee)	11	12.50	6	6.82	1	1.14	18	20.46
3 (Onseker)	2	2.27	2	2.27	3	3.41	7	7.95
Totaal	60	68.18	19	21.59	9	10.23	88	100.00

Bogenoemde tabel word soos volg gelees: 53.41% respondente het "Ja" geantwoord op beide vraag B20 en B21; 12.50% van die respondente wat op vraag B20 "Ja" geantwoord het, het op Vraag B21 "Nee" geantwoord; terwyl 5.68% van die respondente wat op Vraag B20 "Ja" geantwoord het, onseker was oor die antwoord in Vraag B21. Die res van die tabel kan soos bo ontleed word. Die belangrikste gegewens wat uit die analise na vore kom, is dat 47 uit die 63 respondente wat "Ja" op Vraag B20 geantwoord het, het ook "Ja" op Vraag B21 geantwoord, met ander woorde, 74.60% van die respondente het Vrae B20 en B21 ooreenstemmend positief geantwoord, en die resultate van die twee vrae weerspreek mekaar dus nie. Dit blyk dus asof die respondente begrip het vir die redes vir Lisa se losbandigheid, sowel as die gevolge van haar seksuele molestering.

Vraag B22 is gestel om te bepaal of die respondente van mening is dat Stephan die korrekte raad aan Lisa gegee het deur aan te beveel dat sy met 'n volwasse vertroueling oor haar seksuele molestering praat sodat dit kan staak. Feitlik al die respondente, naamlik 97.73%, was van mening dat Stephan korrek opgetree het.

6.2.2.6 Derek se homoseksualiteit

Daar is alreeds in afdeling 5.2.1.4 genoem dat Derek se homoseksualiteit moontlik 'n ongemotiveerde en onontwikkelde verwikkeling kan wees wat die skrywer in *Slinger-slinger* ingevoeg het. Die navorser is van mening dat dit moontlik is dat sommige tieners hul homoseksualiteit so goed kan wegsteek soos Derek. Vraag B23 is in die vraelys gestel om te bepaal of respondente dink dat dit moontlik is dat Stephan nie sou agterkom dat Derek homoseksueel is nie, met ander woorde, of die respondente

dink dat Derek se homoseksualiteit ongeloofwaardig is. Die resultate uit die vraelys word hier onder in 'n tabel weergegee:

Tabel 11: Gemotiveerdheid van Derek se homoseksualiteit, volgens geslag

Is dit moontlik dat Stephan nie sou agterkom dat Derek homoseksueel is nie?	Geslag				Totaal	
	1 Manlik		2 Vroulik		(N)	
	30*		58*		88*	
	F	%	F	%	F	%
1 (Ja)	18	60.00	40	68.97	58	65.91
2 (Nee)	10	33.33	13	22.41	23	26.14
3 (Onseker)	2	6.67	5	8.62	7	7.95
Totaal	30	34.09	58	65.91	88	100.00

* Maksimum hoeveelheid respondente

Dit is insiggewend dat 60.00% van die manlike respondente van mening is dat Derek sy homoseksualiteit wel so goed sou kon wegsteek dat sy boesemvriend dit nie sou kon agterkom nie.

Vraag B24 is in die vraelys gestel om te bepaal of respondente van mening is dat dit realisties is dat Derek en Stephan vriende kan wees selfs al is Derek homoseksueel en Stephan nie. Uit die respondente het 78.41% positief geantwoord, terwyl 11.36% van mening was dat so 'n vriendskap nie moontlik is nie, en 10.23% van die respondente was onseker oor die situasie.

Dit blyk duidelik uit die resultate dat die respondente van mening is dat Derek se homoseksualiteit nie ongeloofwaardig is nie, en dat Stephan en Derek steeds vriende kan wees selfs al is Derek homoseksueel en Stephan nie. Die hantering van die tema is dus volgens die respondente geslaagd, en daaruit kan afgelei word dat Derek se karakterisering geslaagd en realisties is.

6.2.2.7 Samevatting

Om die tweede navorsingsvraag "In watter mate slaag *Slinger-slinger* as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?" deur die vraelys te probeer beantwoord, het die navorser vrae gestel wat verband hou met sommige van die kriteria vir die beoordeling van die hantering van die seksuele as tema in tienerfiksie, naamlik die

beskrywing van gevoel en emosies, die beskrywing van seksuele gedrag, onbevooroordeeldheid, en realisme, asook vrae oor sekere seksuele subtemas wat in *Slinger-slinger* voorkom naamlik die hantering van Lisa se seksuele molestering en Derek se homoseksualiteit.

Die respondente is van mening dat die skrywer Stephan en Lisa se gevoelens en emosies nadat hulle seks gehad het, asook Lisa se gevoelens en emosies oor haar misbruik, beter kon omskryf het. Hoewel sommige respondente deur die openlike beskrywing en hantering van seks geskok is, het die meerderheid respondente die beskrywings sinvol en nodig vir die verloop van die verhaal gevind. Die respondente is verder van mening dat die skrywer nie die seksuele tema didakties benader het nie, maar dit realisties en eksplisiet beskryf het sodat hul lees- en inligtingsbehoefte daardeur bevredig kon word.

Die respondente het aangetoon dat hulle begryp dat Lisa se losbandigheid die gevolg is van haar seksuele molestering deur haar pa, en dat sy deur die losbandigheid 'n beter selfbeeld probeer kry. Die respondente het verder aangetoon dat Stephan, na hul mening, die korrekte raad (om met 'n volwasse vertroueling oor die molestering te praat) aan Lisa gegee het. Dit blyk dus dat die skrywer Lisa se molestering sodanig hanteer het dat tienerlesers kan besef wat die verreikende, negatiewe invloed van seksuele molestering is.

Volgens die respondente is dit wel moontlik dat Derek sy homoseksualiteit só goed sou kon wegsteek dat nie eens sy boesemvriend dit sou kon agterkom nie. Die respondente is ook van mening dat dit realisties is dat Stephan en Derek steeds vriende kan wees selfs al is Derek homoseksueel en Stephan nie. Bloemhof het dus met Derek se karakterisering geslaag om 'n realistiese en positiewe beeld van 'n homoseksuele tiener te skep; en deur Stephan se volgehoue vriendskap met Derek het die skrywer aangetoon dat vriendskap kosbaar is ten spyte van verskille in seksuele oriëntasie.

Uit die resultate blyk dit dus dat die respondente van mening is dat *Slinger-slinger* slaag as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is. Hierdie resultate strook met die navorser se bevindinge in Hoofstuk 5.

6.2.3 Navorsingsvraag 3: Beskou tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie?

Om hierdie vraag bevredigend te beantwoord, moet die resultate van die vrae wat betrekking het op die eerste 2 navorsingsvrae gekombineer word met die resultate van die vrae wat direk verband hou met Navorsingsvraag 3. 'n Kombinasie kan ook gemaak word met van die ander vrae, soos die aanspreek van tieners se leesbehoefte deur die temas (Vraag B16) en of tieners graag soortgelyke realistiese Afrikaanse tienerfiksie sou wou lees (Vraag B38).

Die volgende vrae hou direk verband met hierdie navorsingsvraag:

B4 en B37

In antwoord op Vraag B4 (*Was Slinger-slinger vir jou interessant?*), gekombineer met geslag, is dit insiggewend dat 86.67% van manlike respondente van mening was dat hulle die hele *Slinger-slinger* interessant vind en nog 10% manlike respondente was van mening dat dele van *Slinger-slinger* interessant was. Slegs 3.33% manlike respondente het *Slinger-slinger* glad nie interessant gevind nie. In teenstelling hiermee het 63.16% vroulike respondente die hele *Slinger-slinger* interessant gevind, terwyl 29.82% vroulike respondente dele van *Slinger-slinger* interessant gevind het. Slegs 7.02% vroulike respondente het *Slinger-slinger* glad nie interessant gevind nie. Vraag B37 se resultate word in die tabel uiteengesit.

Om te bepaal of die respondente van mening is dat *Slinger-slinger* geslaagde tienerfiksie is, is 'n kruistabel gebruik om die resultate van vrae B4 (*Was Slinger-slinger vir jou interessant?*) en B37 (*Het jy van Slinger-slinger gehou?*) te kombineer.

Tabel 12: Geslaagdheid van Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*

Was <i>Slinger-slinger</i> vir jou interessant?	Het jy van <i>Slinger-slinger</i> gehou?						Totaal (N)	
	1 (Ja, van die hele boek)		2 (Ja, van dele van die boek)		3 (Nee, glad nie)			
	F	%	F	%	F	%	F	%
1 (Ja, hele boek)	49	56.32	12	13.79	1	1.15	62	71.26
2 (Dele)	5	5.75	13	14.94	2	2.30	20	22.99
3 (Nee, niks)	0	0.00	1	1.15	4	4.60	5	5.75
Totaal	54	62.07	26	29.88	7	8.05	87	100.00

(Frekwensie uitstaande = 1)

Bogenoemde tabel word soos volg gelees: 56.32% respondente het "Ja, hele boek" geantwoord op beide vraag B4 en B37; 13.79% van die respondente wat op vraag B4 "Ja, hele boek" geantwoord het, het op Vraag B37 "Dele [van die boek]" geantwoord; terwyl 1.15% van die respondente wat op Vraag B4 "Ja, hele boek" geantwoord het, by Vraag B37 "Nee, glad nie" geantwoord het (die respondent het geen verduideliking vir dié skynbaar weersprekende antwoord verskaf nie). Uit die 62 respondente wat "Ja, hele boek" op vraag B4 geantwoord het, het 49 ook so op vraag B37 geantwoord, met ander woorde, 79.03% van die respondente het die twee vrae dieselfde beantwoord. Dieselfde ooreenkoms kom voor deurdat uit die respondente wat in Vraag B4 aangedui het dat "Dele [van die boek]" interessant is, 65.00% in Vraag B37 dieselfde geantwoord het. Uit die respondente wat in Vraag B4 geantwoord het dat niks in *Slinger-slinger* interessant is nie, het 80.00% dieselfde geantwoord in Vraag B37.

Die implikasie van tabel 12 is dat die resultate van Vraag B4 en B37 ooreenstem dat die resultate van die twee vrae mekaar breedweg nie weerspreek nie. Daar kan dus aanvaar word dat die grootste groep respondente *Slinger-slinger* interessant gevind en daarvan gehou het. Hierdie bevinding sluit aan by die gesamentlike resultate van die vrae wat verband hou met die eerste twee navorsingsvrae.

6.2.3.1 Samevatting

Ten opsigte van die eerste navorsingsvraag is die respondente se menings omtrent leserkundige elemente van die evalueringsmodel vir tienerfiksie, naamlik tema, karakterisering, en taalgebruik en skryfstyl deur die vraelys ingewin. Die respondente het aangedui dat hulle die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa as die interessantste tema beskou, gevolg deur die tema van Lisa se seksuele misbruik. Hulle het verder aangedui dat die skrywer die seksuele tema baie realisties en eksplisiet hanteer het. Die respondente het die karakterisering as geslaagd beskou omdat die karakters in *Slinger-slinger*, volgens hulle, geloofwaardig is. Die taalgebruik was vir sommige respondente skokkend, maar realisties en daarom geslaagd.

Vrae rakende die geslaagdheid van die seksuele tema in *Slinger-slinger* is gestel om die respondente se menings ten opsigte van die tweede navorsingsvraag te kry. Hoewel die respondente van mening is dat daar leemtes bestaan in die beskrywing van die karakters se gevoel en emosies, het hulle aangedui dat die openlike beskrywing van seksuele gedrag nodig en sinvol vir die verloop van die verhaal is.

Hulle is verder van mening dat die seksuele tema onbevooroordeeld en realisties hanteer is, en dat Lisa se seksuele molestering, en Derek se homoseksualiteit geslaagd aangebied is deur die skrywer.

In antwoord op Vraag B4 en B37 het die respondente aangetoon dat hulle *Slinger-slinger* interessant gevind en daarvan gehou het. In die verdere vrae, wat later bespreek word, oor die respondente se leesbehoefte en -belangstellings, en spesifiek ook hul leesbehoefte rakende seksualiteit, kom die ooreenkoms tussen die inhoud en temas van *Slinger-slinger* en hul leesbehoefte en -belangstellings duidelik na vore, wat ook daarmee sê dat die boek volgens hulle slaag.

Hierdie bevindinge beantwoord dus die derde navorsingsvraag en die aanname kan gemaak word dat die respondente *Slinger-slinger* beslis as geslaagde tienerfiksie beskou. Hierdie bevindinge stem ooreen met die bevindinge van die navorser in Hoofstuk 5.

6.2.4 Navorsingsvraag 4: Wat is die implikasies van die studie vir die evaluering van *Slinger-slinger* en van tienerfiksie in die algemeen?

Die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* in Hoofstuk 5 impliseer dat hierdie tienerboek, volgens leserkundiges, aan die leesbehoefte van tienerlesers voldoen. Die doel van die vraelys is om te bepaal of die respondente met die leserkundige evaluering saamstem of nie, en of hulle van *Slinger-slinger* hou. Indien bepaal word dat die respondente van *Slinger-slinger* hou en hulle van mening is dat die hantering van die seksuele tema suksesvol is, impliseer dit dat die resultate van die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* en die mening van die respondente ooreenstem en dat die boek dus geslaagd is. Al die voorafgaande bevindinge het die verdere implikasie dat dit aan skrywers, bibliotekaris, onderwysers en ouers 'n aanduiding kan gee aan watter tipe fiksie tienerlesers 'n behoefte het en wat die waarde van goeie tienerfiksie is, en dat *Slinger-slinger* nie die kritiek en afkeur wat dit ontvang het, verdien nie.

Die volgende vrae hou direk verband met hierdie navorsingsvraag:

Tieners se leesvoorkeure: A5, A6, A7, A8, B1, B2 en B3

Tieners se leesbelangstellings: A9

Weerbaarheidseffek van *Slinger-slinger*: B10, B11, B12, B13, B14, B15, B29, B30, B31 en B32

Leesbehoefte rakende seksualiteit: B18, B19 en B38

6.2.4.1 Tieners se leesvoorkeure

Ten eerste is gevra of die respondente *Slinger-slinger* alreeds voorheen gelees het (Vraag B1), en indien hulle bevestigend antwoord, waarom hulle dit voorheen gelees het (Vraag B2). Indien hulle negatief op Vraag B1 geantwoord het, moes hulle die rede daarvoor verskaf (Vraag B3). Sodoende kan die moontlike redes waarom tieners nie tienerfiksie lees nie, vasgestel word. Slegs 9 uit die 88 respondente het aangedui dat hulle *Slinger-slinger* voorheen gelees het, en 75 respondente het aangedui dat hulle *Slinger-slinger* nie voorheen gelees het nie omdat hulle nie daarvan geweet het nie.

Na aanleiding van die aannames dat tieners nie tienerfiksie lees nie, is Vraag A5 gestel om te bepaal hoe gereeld tieners storieboeke lees. Daar het aan die lig gekom dat 7.95% van die respondente glad nie storieboeke lees nie, en 38.64% van die respondente het minder as een boek per week gelees. Dit impliseer dat 46.59% van die respondente glad nie of minder as een boek per week lees. Uit hierdie groep nie-lesende respondente is 53.33% manlik.

Vraag A6 is in die vraelys gestel om te bepaal in watter taal die respondente graag storieboeke lees. Uit die resultate op hierdie vraag het interessante, maar ook ontstellende gegewens vir Afrikaanse fiksie, aan die lig gekom.

Tabel 13: Tieners se leesvoorkeure, volgens geslag en bevolkingsgroep

In watter taal is die storieboeke wat jy lees, geskryf?	Geslag				Bevolkingsgroep				Totaal (N)	
	1 (Manlik) 30*		2 (Vroulik) 58*		1 (Gekleurd) 20*		2 (Blank) 68*			
	F	%	F	%	F	%	F	%	F	%
1 (Afrikaans)	5	5.75	14	16.09	0	0.00	19	21.84	19	21.84
2 (Engels)	20	22.99	42	48.27	17	19.54	45	51.72	62	71.26
3 (Ander)	4	4.60	1	1.15	3	3.45	2	2.30	5	5.75
4 (Lees glad nie storieboeke nie)	0	0.00	1	1.15	0	0.00	1	1.15	1	1.15
Totaal	29	33.34	58	66.66	20	22.99	67	77.01	87	100.00

(Frekwensie uitstaande = 1)

* **Moontlike hoeveelheid respondente**

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat slegs 21.84% van die respondente enigsins Afrikaanse fiksie lees, en dat 71.26% van die respondente verkies om Engelse fiksie te lees. Diegene wat verkies om Engelse fiksie te lees, bestaan uit 68.97% manlike

en 72.41% vroulike respondente. Geen van die gekleurde respondente het aangedui dat hulle Afrikaanse fiksie lees nie, 85.00% lees Engelse fiksie en 15.00% lees fiksie wat waarskynlik in inheemse tale geskryf is.

Vraag A7 is aan die respondente gestel om vas te stel of hulle fiksie lees wat vir tieners, volwassenes of vir albei geskryf is. Dit het aan die lig gekom dat 22.99% respondente slegs tienerfiksie lees, 19.24% respondente slegs fiksie vir volwassenes lees (die respondente kom uit al die ouderdomsgroepe) en 57.47% van die respondente lees fiksie wat vir beide tieners en volwassenes geskryf is. Dit het verder aan die lig gekom dat 15.79% van die gekleurde respondente slegs tienerfiksie lees, 26.32% lees slegs fiksie vir volwassenes en 57.89% lees fiksie wat vir beide tieners en volwassenes geskryf is.

Vraag A8 is gestel om te bepaal of die respondente enigsins iets anders as fiksie lees. Uit die respondente het 35.22% aangedui dat hulle graag ook nie-fiksie lees, 82.95% het aangedui dat hulle ook tydskrifte lees, 42.04% lees ook koerante en 30.68% lees graag ook strokiesprente.

6.2.4.1.1 Implikasies van die resultate oor leesvoorkeure

Dit is duidelik dat 'n beduidende groep respondente, naamlik 76.66% manlike en 70.68% vroulike respondente, baie min fiksie lees. Die navorser het, terwyl die vraelyste ingevul is nadat die respondente *Slinger-slinger* gelees het, heelwat positiewe terugvoer van lesers ontvang, byvoorbeeld by die Potchefstroom High School for Boys het die onderwyseres aan die navorser gesê dat die meeste van die respondente *Slinger-slinger* vinnig gelees het, en kom vra het vir nog soortgelyke realistiese tienerfiksie; en by Hoërskool Ferdinand Postma het die taalonderwyseres gesê dat die respondente die boeke vinnig onder hul maats versprei het voordat hulle dit moes teruggee.

Daar kan uit die resultate op Vrae A6 en A7 afgelei word dat respondente wel tienerfiksie lees, maar dat hulle eerder Engelse tienerfiksie lees. Aangesien 96.15% van die respondente aangedui het dat hulle glad nie van *Slinger-slinger* geweet het nie (Vraag B3), bestaan daar 'n moontlikheid dat tieners meer Afrikaanse tienerfiksie sal lees indien dit beskikbaar is, en hulle daarvan weet. Dit impliseer dat uitgewers, skrywers en bibliotekarisse Afrikaanse tienerfiksie meer moet bemark.

'n Verdere punt wat behoort aandag te kry, is dat sommige gekleurde respondente ook tienerfiksie lees, maar dat hulle dit glad nie in Afrikaans lees nie. In hierdie opsig mag leesvaardigheid in Afrikaans 'n negatiewe rol speel. Die navorser moet hier noem dat daar by die skole baie positiewe terugvoer van sommige gekleurde respondente, veral die manlike respondente, ontvang is oor *Slinger-slinger*. Dit impliseer dat skrywers en uitgewers moet besef dat daar wel 'n mark onder gekleurde tieners mag bestaan vir Afrikaanse tienerfiksie, maar dit moet beklemtoon word dat tienerfiksie wat in hul spesifieke behoeftes voldoen, en bemaking, belangrik is.

6.2.4.2 Tieners se leesbelangstellings

Vraag A9 is in die vraelys ingesluit om te bepaal wat die respondente se leesbelangstellings is. Die lys is gebaseer op die lys leesbelangstellings soos bepaal in Hoofstuk 3. Hoewel die bepaling van tieners se leesbelangstellings nie die fokus van hierdie studie is nie, kan die resultate van die vrae moontlik vir skrywers, uitgewers, bibliotekaris en ouers 'n rigtingwyser wees. Die resultate op Vraag A9 is 'n aanduiding of *Slinger-slinger* tieners se leesbehoefte tematies aanspreek. Om hierdie rede is die sinvolste analise van die data om Vraag A9 te kombineer met Vraag A1 wat dan die leesbelangstellings volgens die verskillende ouderdomme weergee, en Vraag A3 wat dan die leesbelangstellings volgens die geslagte weergee. Die volgende tabel verskaf die resultate van Vraag A9 en A1:

Tabel 14: Tieners se leesbelangstellings, volgens ouderdomsgroepe

Temas	Ouderdomsgroepe								Totaal (N) 88*	
	4 (13-15 jaar) 17*		5 (16 jaar) 24*		6 (17 jaar) 24*		7 (18 jaar) 23*			
	F	%	F	%	F	%	F	%	F	%
A9.1.1 Bendes (bv. soos Trompie)	3	17.64	4	16.67	4	16.67	6	26.09	17	19.31
A9.1.2 Ruimte- en toekomsfantasie	5	29.41	4	16.67	3	12.50	8	34.78	20	22.72
A9.1.3 Natuur- en natuurbewaring	3	17.64	2	8.33	3	12.50	7	30.43	15	17.04
A9.1.4 Diere- en jagverhale	2	11.76	3	12.50	3	12.50	6	26.09	14	15.90
A9.1.5 Skool- en koshuisverhale	8	47.05	7	29.16	9	37.50	4	17.39	28	31.81
A9.1.6 Bonatuurlike	5	29.41	8	33.33	12	50.00	13	56.52	38	43.18
A9.2.1 Gesinsverhoudinge	4	23.52	6	25.00	5	20.83	6	26.09	21	23.86
A9.2.2 Verhoudinge met vriende	13	76.47	16	66.66	13	54.16	16	69.56	58	65.90
A9.2.3 Liefdesverhoudinge sonder seks	13	76.47	8	33.33	14	58.33	12	52.17	47	53.40
A9.2.4 Liefdesverhoudinge met seks	10	58.82	15	62.50	14	58.33	10	43.47	49	55.68
A9.2.5 Rasseverhoudinge	5	29.41	4	16.67	3	12.50	4	17.39	16	18.18
A9.3.1 Hantering van groepsdruk	5	29.41	12	50.00	8	33.33	9	39.13	34	38.63
A9.3.2 Drank- en dwelmmisbruik - tieners	11	64.70	9	37.50	10	41.66	7	30.43	37	42.04
A9.3.3 Drank- en dwelmmisbruik - volwassenes	4	23.52	6	25.00	4	16.67	2	8.69	16	18.18
A9.3.4 Bendes/"gangs"	7	41.17	5	20.83	6	25.00	3	13.04	21	23.86
A9.3.5 Gesinsgeweld	4	23.52	5	20.83	5	20.83	4	17.39	18	20.45
A9.3.6 Armoede en werkloosheid	4	23.52	3	12.50	3	12.50	3	13.04	13	14.77
A9.4.1 Fisiese voorkoms/ontw. liggaam	4	23.52	7	29.16	8	33.33	5	21.73	24	27.27
A9.4.2 Siektes/gebreke	4	23.52	5	20.83	2	8.33	3	13.04	14	15.90
A9.4.3 Seks	3	17.64	11	45.83	4	16.67	3	13.04	21	23.86
A9.4.4 Seksuele misbruik/molestering	5	29.41	7	29.16	3	12.50	5	21.73	20	22.72
A9.5.1 Historiese temas	3	17.64	10	41.66	6	25.00	7	30.43	26	29.54
A9.5.2 Stokperdjies	7	41.17	4	16.67	7	29.16	3	13.04	21	23.86
A9.5.3 Sport	8	47.05	9	37.50	6	25.00	9	39.13	32	36.36
A9.5.4 Beroepe	4	23.52	7	29.16	7	29.16	4	17.39	22	25.00

***Maksimum hoeveelheid respondente**

Dit is uit bogenoemde tabel duidelik dat tieners se leesbelangstellings ten nouste saamhang met hul leesbehoefte, soos in Hoofstuk 3 bepaal, want vir al die respondente is verhoudinge met vriende; liefdesverhoudinge met en sonder seks;

die bonatuurlike; en drank- en dwelmmisbruik onder tieners, die belangrikste temas waaroor hulle graag lees.

Die volgende tabel gee die resultate van Vraag A9 en Vraag A3 weer sodat bepaal kan word of daar werklike verskille is tussen die leesbelangstellings van die vroulike en manlike respondente:

Tabel 15: Tieners se leesbelangstellings, volgens geslag

Tema	Geslag				Totaal (N) 88*	
	1 (Manlik) 30*		2 (Vroulik) 58*			
	F	%	F	%	F	%
A9.1.1 Bendes (bv. soos Trompie)	9	30.00	8	13.79	17	19.31
A9.1.2 Ruimte- en toekomsfantasie	10	33.33	10	17.24	20	22.72
A9.1.3 Natuur- en natuurbewaring	9	30.00	6	10.34	15	17.04
A9.1.4 Diere- en jagverhale	9	30.00	5	8.62	14	15.90
A9.1.5 Skool- en koshuisverhale	5	16.66	23	39.65	28	31.81
A9.1.6 Bonatuurlike	11	36.66	27	46.55	38	43.18
A9.2.1 Gesinsverhoudinge	3	10.00	18	31.03	21	23.86
A9.2.2 Verhoudinge met vriende	15	50.00	43	74.13	58	65.90
A9.2.3 Liefdesverhoudinge sonder seks	10	33.33	37	63.79	47	53.40
A9.2.4 Liefdesverhoudinge met seks	16	53.33	33	56.89	49	55.68
A9.2.5 Rasseverhoudinge	2	6.66	14	24.13	16	18.18
A9.3.1 Hantering van groepsdruk	6	20.00	28	48.27	34	38.63
A9.3.2 Drank- en dwelmmisbruik - tieners	8	26.66	29	50.00	37	42.04
A9.3.3 Drank- en dwelmmisbruik - volwassenes	3	10.00	13	22.41	16	18.18
A9.3.4 Bendes/"gangs"	8	26.66	13	22.41	21	23.86
A9.3.5 Gesinsgeweld	3	10.00	15	25.86	18	20.45
A9.3.6 Armoede en werkloosheid	5	16.66	8	13.79	13	14.77
A9.4.1 Fisiese voorkoms/ontw. Liggaam	6	20.00	18	31.03	24	27.27
A9.4.2 Siektes/gebreke	4	13.33	10	17.24	14	15.90
A9.4.3 Seks	16	53.33	5	8.62	21	23.86
A9.4.4 Seksuele misbruik/molestering	6	20.00	14	24.13	20	22.72
A9.5.1 Historiese temas	11	36.66	15	25.86	26	29.54
A9.5.2 Stokperdjies	7	23.33	14	24.13	21	23.86
A9.5.3 Sport	18	60.00	14	24.13	32	36.36
A9.5.4 Beroepe	3	10.00	19	32.75	22	25.00

*** Maksimum hoeveelheid respondente**

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat daar in sommige onderwerpe 'n duidelike verskil tussen die geslagte se belangstelling is, byvoorbeeld 39.65% vroulike respondente wil skool- en koshuisverhale lees, terwyl slegs 16.66% manlike respondente daarin belangstel. Die vroulike respondente stel duidelik meer belang daarin om oor verhoudinge te lees, maar manlike respondente het aangetoon dat

hulle ook daarin belang stel om oor liefdesverhoudinge met seks te lees, asook oor seksuele temas. Die manlike respondente stel veral daarin belang om oor sport te lees.

Die resultate van Vraag A9 word deur die resultate van Vraag B16 bevestig waar die respondente aandui dat die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa vir hulle die interessantste temas in *Slinger-slinger* is. Uit bogenoemde resultate is dit duidelik dat *Slinger-slinger* nie net by tienerlesers se leesbehoefte aansluit nie, maar dat die temas ook direk tot beide manlike en vroulike tienerlesers se leesbelangstellings spreek aangesien die hooftemas van *Slinger-slinger* verhoudinge, seks en sport is.

6.2.4.2.1 Implikasies van die resultate oor leesbelangstellings

Bostaande tabelle beklemtoon dat skrywers, uitgewers, bibliotekaris en ouers bewus moet wees van tieners se leesbehoefte omdat hul leesbelangstellings daaruit voortspruit, en dat hulle meer sal lees indien hul behoefte en belangstellings aangespreek word. Die respondente het aangedui dat hulle graag wil lees oor verhoudinge met vriende; liefdesverhoudinge met en sonder seks; die bonatuurlike; en drank- en dwelmmisbruik onder tieners.

Die vroulike respondente het aangedui dat hulle veral belangstel in fiksie met verhoudinge as tema, terwyl die manlike respondente aangedui het dat hulle veral in fiksie met seksuele verhoudinge, en sport, as temas belangstel. Daar moet deeglik kennis geneem word van die verskille wat bestaan tussen die leesbelangstellings van vroulike en manlike tieners sodat tienerfiksie in die onderskeie geslagte se leesbehoefte en gevolglike leesbelangstellings kan voldoen, want indien tieners se leesbehoefte en -belangstellings aangespreek word, sal hulle meer tienerfiksie lees.

6.2.4.3 Weerbaarheidseffek van *Slinger-slinger*

Vrae B10 en B11 probeer bepaal of die leëwêreld van tieners wat Bloemhof in *Slinger-slinger* skep, soortgelyk is aan dié van die lesers en dit blyk dat hy in *Slinger-slinger* 'n baie realistiese prentjie van tieners en hul leëwêreld geskep het. Al die respondente het op Vraag B10 geantwoord dat dit realisties is dat Angelica, wat in standerd 7 (graad 9) is, rook en drink want sommige meisies wat so oud is, doen dit wel. Dit impliseer dat al die respondente sulke jong meisies al sien rook en drink het, of ten minste gehoor het van meisies wat dit doen.

Vraag B11 is gestel om te bepaal of drank en dwelmmiddels wel so maklik bekombaar is soos dit in *Slinger-slinger* beskryf word. Uit die respondente het 79.55% geantwoord dat dit wel so maklik bekombaar is, 14.77% was onseker en slegs 5.68% het aangedui dat dit nie so maklik bekombaar is nie. Vraag B13 is aan die respondente gestel om te bepaal of hulle groepsdruk ervaar om drank- en dwelmmiddels te gebruik, en 52.27% het aangedui dat hulle dikwels of soms groepsdruk ervaar. Vraag B14 is hierna gestel om vas te stel of die respondente sukkel om hierdie groepsdruk te weerstaan, en 20.69% het aangedui dat dit altyd vir hulle moeilik is terwyl 36.78% aangedui het dat dit soms vir hulle moeilik is om groepsdruk om drank en dwelmmiddels te gebruik, te weerstaan.

Dit blyk dus duidelik uit die response op Vrae B10, B11, B13 en B14 dat sommige hedendaagse tieners vanaf 'n jong ouderdom blootgestel word aan drank en dwelmmiddels en dat sommige tieners groepsdruk ervaar om dit te gebruik. Dit is vir sommige tieners moeilik om hierdie groepsdruk te weerstaan.

Vraag B15 is aan die respondente gestel om te bepaal of hulle van mening is dat die lees van *Slinger-slinger* hulle sal help om groepsdruk om drank en dwelmmiddels te gebruik, te weerstaan. Uit die respondente het 36.36% geantwoord dat die lees van *Slinger-slinger* hulle sal help om groepsdruk te weerstaan, 30.68% het "Nee" geantwoord en 32.95% was onseker oor 'n antwoord. Dit blyk dat die respondente onseker daaroor was of fiksie hulle sou kon help om groepsdruk rakende drank en dwelmmiddels te weerstaan.

Sommige ouers, onderwysers en ander volwassenes voer aan dat die lees van tienerfiksie wat oor drank- en dwelmmisbruik handel, tieners juis sal aanmoedig om dit te misbruik. Dit het alreeds uit die literatuurstudie duidelik geword fiksie nie

waardes daarstel nie, maar dat dit die taak van ouers is. Vraag B12 is aan die respondente gestel om vas te stel of hulle van mening is dat indien hulle oor drank- en dwelmmisbruik lees, dit hulle sal aanmoedig om daarmee te eksperimenteer. Uit die respondente het 74.42% aangedui dat hulle van mening is dat fiksie tieners nie sal aanmoedig om met drank en dwelmmiddels te eksperimenteer nie.

Vraag B29 is in die vraelys gestel na aanleiding van kritiek van sommige ouers, onderwysers en ander volwassenes wat van mening is dat *Slinger-slinger* en soortgelyke tienerfiksie wat oor tienerseksualiteit handel, promiskuiteit en eksperimentering onder tieners sal aanmoedig. Uit die respondente het 61.36% aangedui dat hulle van mening is dat die lees van tienerfiksie wat oor seksualiteit handel, nie aanleiding sal gee tot losbandigheid nie, 15.91% van die respondente was onseker oor 'n antwoord en 22.73% van die respondente was wel van mening dat dit tot losbandigheid sal lei. Dit blyk dat die respondente meer seker was daaroor dat fiksie hulle nie sal aanmoedig om met drank en dwelmmiddels te eksperimenteer as wat hulle was oor die effek van tienerseksualiteit in tienerfiksie. Die verskil dui moontlik daarop dat die respondente nie gewoon daaraan is om oor tienerseksualiteit in fiksie te lees nie, en dat hulle dus twyfel oor die uitwerking daarvan. Dit impliseer dat leserkundiges die waarde van seksualiteit in tienerfiksie meer behoort te beklemtoon.

Vraag B30 is aan die respondente gestel om te bepaal of die verskillende temas en/of situasies wat in *Slinger-slinger* voorkom, so realisties voorgestel is dat hulle uit die hantering daarvan lewensvaardighede geleer het. Uit die respondente het 59.1% aangedui dat hulle, deur *Slinger-slinger* te lees, geleer het hoe om die seksuele misbruik van 'n vriend(in) sowel as voorhuwelikse seks te hanteer. Uit die vroulike respondente het 68.96% aangedui dat hulle die aanbieding van die tema van voorhuwelikse seks besonder leersaam gevind het, terwyl 53.3% van al die manlike respondente die meeste uit die aanbieding van die seksuele misbruik van Lisa geleer het. Hierdie tendens is ook onder die gekleurde respondente bespeur aangesien 66.67% aangedui het dat Lisa se seksuele misbruik die situasie was waaruit hulle die meeste geleer het. Die verskil in die response kan verklaar word vanweë die moontlike verskille in opvoeding en persepsie ten opsigte van seksopvoeding. Dit beklemtoon weereens die belangrikheid van die korrektheid en volledigheid van alle inligting in tienerfiksie.

Dit het uit die resultate van die vraelys duidelik geblyk dat die respondente van mening is Francois Bloemhof die verskillende temas in *Slinger-slinger* so realisties en eksplisiet geskets het dat hulle lewensvaardighede, of kennis oor moontlike probleemsituasies, bygeleer het.

Vraag B32 is gestel om te bepaal of die respondente verkies om eerlike, realistiese en openlike tienerfiksie wat oor alle aspekte van tienerlewe handel, en wat hulle moontlik kan voorberei op die volwasse lewe, te lees. Van die respondente het 89.66% bevestigend hierop geantwoord.

Aangesien sommige aspekte wat in realistiese tienerfiksie kan voorkom, vir tienerlesers nuut en/of ontstellend kan wees, is dit nodig dat ouers/voogde/ander volwassenes dit met tienerlesers bespreek om moontlike onduidelikhede uit die weg te ruim. Tienerfiksie kan dus aanleiding gee tot gesprekke tussen ouers en tieners. Vraag B31 is gestel om vas te stel of die respondente van die seksuele aspekte in *Slinger-slinger* met ouers/voogde/ander volwassenes sou wou bespreek. Van die respondente het 12.79% aangedui dat hulle *al* die seksuele aspekte in *Slinger-slinger* met hul ouers/voogde/ander volwassenes sou wou bespreek, terwyl 43.02% graag *sommige* van die seksuele aspekte in *Slinger-slinger* met hul ouers/voogde/ander volwassenes sou wou bespreek.

6.2.4.3.1 Implikasies van die resultate ten opsigte van die weerbaarheidseffek van tienerfiksie

Daar word baie in die pers en oor televisie berig oor tieners wat drank en dwelmmiddels misbruik; en tienerswangerskappe en die moontlikheid dat tieners VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes kan opdoen, is 'n realiteit. Die implikasie van die resultate op bogenoemde vrae is dat dit blyk dat tieners wel blootgestel word aan drank, dwelmmiddels en seks, en dat die voorkoms daarvan nie net tot die stede beperk is nie. Dit blyk dan ook uit die resultate van die vraelys dat sommige tieners groepsdruk ervaar om drank en dwelmmiddels te gebruik en seks te beoefen. Die feit dat tieners aan al hierdie dinge blootgestel word, bevestig die noodsaaklikheid van korrekte inligting in tienerfiksie om hulle te help om hulself te handhaaf in moeilike situasies en om groepsdruk te weerstaan.

Die resultate op Vraag B30 impliseer dat *Slinger-slinger* 'n weerbaarheidseffek het aangesien die respondente meer kennis uit die realistiese aanbieding van die

sensitiewe temas in *Slinger-slinger* verkry het. Daarby het sommige respondente in Vraag B31 te kenne gegee dat hulle sommige van die seksuele aspekte in *Slinger-slinger* met hul ouers/voogde/ander volwassenes sou wou bespreek.

In die literatuurstudie is daarop gewys dat realistiese tienerfiksie 'n veilige manier is om tieners aan die harde werklikheid van die volwasse lewe voor te stel. Ouers, onderwysers, bibliotekarisse en ander volwassenes moet besef dat goeie kwaliteit, eerlike en realistiese tienerfiksie tienerlesers kan voorberei op moeilike situasies wat hulle moontlik kan teëkom en daarom moet hulle die verantwoordelikheid neem om tienerfiksie wat oor sensitiewe temas handel, te lees en dit aan hul tieners te gee, en die geleentheid wat dit bied om met tieners oor moontlike probleme te gesels, te benut. Sodoende kan tieners toegerus word met lewensvaardighede en korrekte inligting.

6.2.4.4 Leesbehoefte rakende seksualiteit en realistiese tienerfiksie

Dit het reeds uit afdelings 6.2.2 en 6.2.3 duidelik geword dat die respondente van *Slinger-slinger* hou en die hantering van die seksuele tema as geslaagd beskou.

Die navorser wou die vraelys ook gebruik om te bepaal:

- of tieners meer *Afrikaanse* tienerfiksie wat openlik oor tienerseks handel, wil lees,
- oor watter aspekte rakende tienerseksualiteit tieners graag in tienerfiksie wil lees, en
- of tienerlesers graag meer *Afrikaanse* tienerboeke wil lees wat openlik, eerlik en realisties oor alle aspekte van tienerlewe handel.

Gevolgtrek is Vrae B18, B19 en B38 in die vraelys ingesluit.

Vraag B18 is in die vraelys gestel om te bepaal of die respondente van mening is dat meer *Afrikaanse* tienerfiksie openlik oor tienerseks moet handel. Uit die respondente het 65.91% positief geantwoord, 26.14% was onseker en slegs 7.95% was van mening dat *Afrikaanse* tienerfiksie nie oor tienerseks moet handel nie.

Vraag B19 is daarna gestel om te bepaal aan watter aspekte rakende tienerseksualiteit die respondente 'n behoefte het. Vraag B19 is vir hierdie studie van belang omdat dit aansluit by tieners se leesbehoefte, en dit is daarom ook van belang vir skrywers, uitgewers, bibliotekarisse, ouers en onderwysers. Die sinvolste

wyse om hierdie vraag te analiseer, is om dit met Vraag A3 te kombineer aangesien daar definitiewe verskille in die leesbehoefte van manlike en vroulike respondente na vore gekom het. Daar was egter nie noemenswaardige verskille tussen die ouderdomsgroepe nie.

Tabel 16: Tieners se leesbehoefte ten opsigte van die seksuele, volgens geslag

Leesbehoefte ten opsigte van die seksuele	Geslag				Totaal (N) 88*	
	1 (Manlik) 30*		2 (Vroulik) 58*			
	F	%	F	%	F	%
B19.1 Liggaamlike ontwikkeling	10	33.33	10	17.24	20	22.72
B19.2 Die seksdaad	15	50.00	12	20.68	27	30.68
B19.3 Gevoelens en emosies - seksdaad	17	56.66	37	63.79	54	61.36
B19.4 Onsekerheid en vrese - liefdesverhoudinge	8	26.66	47	81.03	55	62.50
B19.5 Onsekerheid en vrese - seksuele verhoudinge	9	30.00	30	51.72	39	44.31
B19.6 Hantering van seksuele misbruik	6	20.00	27	46.55	33	37.50
B19.7 Homoseksualiteit/lesbiënisme	5	16.66	16	27.58	21	23.86
B19.8 Bepaling van eie seksuele identiteit	4	13.33	11	18.96	15	17.04

*** Maksimum hoeveelheid respondente**

Die grootste verskille in die leesbehoefte rakende seksualiteit tussen die geslagte het weereens, soos in afdeling 6.2.4.2, te doen met verhoudinge. Uit die vroulike respondente het 81.03% aangedui dat hulle graag wil lees oor die onsekerhede en vrese rondom liefdesverhoudinge, terwyl slegs 26.66% manlike respondente dieselfde leesbehoefte het. Dieselfde tendens kom na vore as 51.72% vroulike en 30.00% manlike respondente aandui dat hulle 'n leesbehoefte het aan tienerfiksie wat oor die onsekerhede en vrese rondom seksuele verhoudings handel. Uit die vroulike respondente het 46.55% aangedui dat hulle graag oor seksuele misbruik wil lees, terwyl slegs 20.00% van die manlike respondente dieselfde leesbehoefte het. Die manlike respondente fokus meer op die seksdaad self want 50% het dit as 'n leesbehoefte aangedui, terwyl slegs 20.68% van die vroulike respondente dieselfde behoefte toon. Daar is 'n taamlike ooreenstemming tussen die hoeveelheid manlike (56.66%) en vroulike (63.79%) respondente wat aandui dat hulle graag wil lees oor die gevoelens en emosies wat met die seksdaad saamgaan. Onder "Ander" behoeftes (as deel van die vraag) het 5 respondente verder te kenne gegee dat hulle ook 'n behoefte het aan tienerfiksie wat handel oor hoe tieners en ouers gesprekke kan voer oor seks; oor hoe om groepsdruk rakende seks te weerstaan en eie keuses

uit te voer; hoe om van seks te weerhou "in a sex-crazed world" (sic); en hoe om te soen.

Vraag B38 is aan respondente gestel om te bepaal of hulle graag meer boeke soos *Slinger-slinger* in Afrikaans wou lees, met ander woorde, meer Afrikaanse tienerfiksie wat openlik oor alle aspekte van tienerlewe handel. Uit die respondente het 'n meerderheid van 86.36% gesê dat hulle graag meer Afrikaanse realistiese tienerfiksie wil lees, terwyl slegs 13.64% dit nie wil lees nie. Dit was vir die navorser interessant, en verblydend, dat al die gekleurde respondente, wat meestal anderstalig aan huis is, aangedui het dat hulle graag realistiese tienerfiksie in Afrikaans wil lees.

6.2.4.4.1 Implikasies van die resultate oor leesbehoefte rakende seksualiteit en realistiese tienerfiksie

Die resultate van Vrae B18, B19 en B38 bevestig die resultate van die hele vraelys deur aan te dui dat die respondente beslis meer Afrikaanse tienerfiksie wil lees wat openlik oor tienerseks handel, en dat hulle 'n behoefte het aan meer Afrikaanse tienerboeke wat openlik, eerlik en realisties oor alle aspekte van tienerlewe handel. Dit is verder duidelik dat daar 'n mark onder anderstaliges vir Afrikaanse, realistiese tienerfiksie bestaan.

Hierdie resultate impliseer dat skrywers en uitgewers moet let op tieners se leesbehoefte rakende seksualiteit sodat sensitiewe, maar eerlike en realistiese tienerfiksie gepubliseer kan word, en dat dit deur ouers, onderwysers, bibliotekarisse en ander volwassenes aan tieners beskikbaar gestel moet word.

6.2.4.5 Samevatting

Om die vierde navorsingsvraag "Wat is die implikasies van die studie vir die evaluering van *Slinger-slinger* en van tienerfiksie in die algemeen?" deur die vraelys te probeer beantwoord, het die navorser vrae gestel wat verband hou met tieners se leesvoorkeure, tieners se leesbelangstellings, die weerbaarheidseffek van *Slinger-slinger*, en tieners se leesbehoefte rakende seksualiteit.

Daar is uit die resultate van die vraelys bevind dat die respondente wel tienerfiksie lees, maar dat hulle Engelse tienerfiksie bo Afrikaanse tienerfiksie verkies. Die

gekleurde respondente het aangedui dat hulle glad nie Afrikaanse tienerfiksie lees nie. Daarby blyk dit verder dat die respondente, ten spyte van die opspraak rondom *Slinger-slinger*, meestal nie van die tienerboek bewus was nie. Dit impliseer dat Afrikaanse tienerfiksie moontlik beter bemark kan word.

Ten opsigte van leesbelangstellings het dit uit die resultate van die vraelys geblyk dat die respondente oorwegend belangstel om tienerfiksie met verhoudinge met vriende; liefdesverhoudinge met en sonder seks; die bonatuurlike; en drank- en dwelmmisbruik onder tieners as temas, te lees. Seks as tema is vir die manlike respondente belangriker as vir die vroulike respondente wat meer belangstel in die gevoelens en emosies wat met die seksdaad gepaardgaan, en dit impliseer dat die leserkundige vereistes wat aan die hantering van seksuele temas gestel word, naamlik dat die seksdaad realisties en eksplisiet beskryf moet word, tesame met die gevoel en emosies wat daarmee saamgaan, korrek is en in manlike sowel as vroulike leesbehoefte sal voldoen.

Die studie hou ook implikasies in vir ouers, onderwysers, bibliotekaris en ander volwassenes wat aan tieners leiding gee. Hedendaagse tieners word meer as ooit blootgestel aan drank, dwelmmiddels, seks, en nog vele meer. Ongelukkig moet tieners alles wat hulle sien, hoor en beleef, self verwerk en volwassenes kan bloot aan hulle leiding gee. Volwassenes moet die verantwoordelikheid neem om met tieners oor die gevare van die wêreld te praat, en eerlike, sensitiewe en realistiese tienerfiksie kan as 'n vertrekpunt dien. In hierdie studie word kriteria verskaf waarvolgens tienerfiksie beoordeel kan word, en volwassenes kan dit op tienerfiksie met sensitiewe temas toepas. Sodoende kan volwassenes tienerfiksie met sensitiewe temas lees en 'n ingeligte besluit neem of die boek geslaagd is of nie, alvorens dit aan tienerlesers gegee word. Bibliotekaris behoort hul evalueringsvaardighede betreffende tienerfiksie op te skerp sodat hulle leiding aan ouers, sowel as aan tienerlesers, kan gee.

Daar is verder bevind dat die respondente beslis 'n behoefte het aan openlike, eerlike en realistiese Afrikaanse tienerfiksie. Dit het uit die resultate van die vraelys duidelik geblyk wat die respondente se algemene leesbehoefte en -belangstellings is, asook hul leesbehoefte rakende seksualiteit. Hierdie studie verskaf duidelike riglyne aan skrywers oor wat die leesbehoefte en ontwikkelingstake van tieners is, sodat hulle tienerfiksie kan skryf wat daaraan voldoen.

Die resultate van die vraelys hou ook implikasies in vir uitgewers. Dit blyk baie duidelik dat die respondente 'n groot behoefte het aan eerlike, realistiese tienerfiksie en dat hulle dit beslis sal lees indien hulle daarvan weet. Dit het uit die studie duidelik geword dat daar onder gekleurde respondente dieselfde leesbehoefte as onder blanke respondente bestaan en dat uitgewers hieraan aandag behoort te gee. Dit impliseer dus dat daar 'n mark is vir realistiese *Afrikaanse* tienerfiksie, en tweedens dat hierdie tienerfiksie *beter bemark* moet word.

6.3 Gevolgtrekking

Die vraelys vir die leserkundige evaluering van Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* is in hierdie hoofstuk geanaliseer sodat die vier navorsingsvrae wat in hierdie studie gestel word, beantwoord kan word. Die hoofdoel van die vraelys was om die derde navorsingsvraag, "Beskou tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie?" te beantwoord. Die vrae in die vraelys is egter so opgestel dat al die navorsingsvrae deur die menings van die respondente toegelig kon word.

Om die **eerste navorsingsvraag** "In watter mate slaag *Slinger-slinger* wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?" het die navorser vrae gestel wat verband hou met sommige van die elemente vir die leserkundige evaluering van tienerfiksie, naamlik tema, karakterisering, en taalgebruik en skryfstyl. Die navorser is gelei deur die kritiek wat in die pers verskyn het oor bogenoemde elemente, en die respondente se menings is ingewin rakende daardie spesifieke elemente. Dit het uit die resultate van die vraelys duidelik geblyk die respondente die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa, en Lisa se seksuele misbruik as die interessantste temas beskou, en dat hierdie temas volgens die respondente baie realisties en eksplisiet aangebied is. Betreffende die karakterisering het die respondente aangedui dat Bloemhof realistiese, geloofwaardige karakters in *Slinger-slinger* geskep het. Die taalgebruik van die tieners in *Slinger-slinger* is, volgens die respondente, realisties. Die respondente se mening oor *Slinger-slinger* kom grotendeels ooreen met dié van die navorser se leserkundige evaluering dat dit 'n goeie, lekkerlees tienerboek is.

Ten opsigte van die **tweede navorsingsvraag** "In watter mate slaag *Slinger-slinger* as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?", het die respondente op die verbandhoudende vrae aangedui dat daar wel leemtes is in die beskrywing van die tienerkarakters se gevoel en emosies in sommige situasies, soos byvoorbeeld

Stephan en Lisa se gevoelens en emosies nadat hulle seks gehad het, asook Lisa se gevoelens en emosies oor haar misbruik. Sommige respondente is deur die openlike beskrywing en hantering van seks geskok, maar die meerderheid respondente is van mening dat die beskrywings sinvol en nodig vir die verloop van die verhaal is. Die respondente het verder aangedui dat die skrywer Lisa se molestering realisties en geslaagd aangebied het, en dat Derek se homoseksualiteit nie ongemotiveerd voorkom nie. Daar is dus oorkoepelend bevind dat die respondente beslis van mening is dat *Slinger-slinger* geslaagd is as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is. Hierdie resultate strook met die navorser se bevindinge in Hoofstuk 5.

Die **derde navorsingsvraag**, naamlik "Beskou tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie" word beantwoord deur die resultate van die vrae in die vraelys wat verband hou met die eerste twee navorsingsvrae, sowel as die vrae wat direk verband hou met die derde navorsingsvraag, asook vrae wat die vierde navorsingsvraag beantwoord, kollektief te beskou. Daaruit blyk dit dat die respondente *Slinger-slinger* beslis as geslaagde tienerfiksie wat met hul leesbehoefte en -belangstellings ooreenstem, beskou. Hierdie bevindinge stem ooreen met die bevindinge van die navorser in Hoofstuk 5.

Om die **vierde navorsingsvraag** "Wat is die implikasies van die studie vir die evaluering van *Slinger-slinger* en van tienerfiksie in die algemeen?" deur die vraelys te probeer beantwoord, het die navorser vrae gestel wat verband hou met tieners se leesvoorkeure, tieners se leesbelangstellings, die weerbaarheidseffek van *Slinger-slinger*, en tieners se leesbehoefte rakende seksualiteit. Die respondente het aangedui dat hulle wel 'n behoefte het aan realistiese *Afrikaanse* tienerfiksie, maar dit blyk dat hulle nie altyd van moontlike titels bewus is nie. Daar is verder bevind dat die respondente veral belangstel in openlike, realistiese tienerfiksie met alle aspekte rakende verhoudinge, die bonatuurlike, drank- en dwelmmisbruik onder tieners, en sport, as temas. Hoewel die respondente nie werklik begrip toon vir die weerbaarheidseffek van tienerfiksie nie, het hulle tog aangedui dat hulle lewensvaardighede uit die lees van *Slinger-slinger* verkry het. Dit het wel uit die literatuurstudie duidelik geblyk dat realistiese tienerfiksie kan bydra tot die weerbaarheid van tieners, veral as ouers/voogde/ander volwassenes die sensitiewe temas wat daarin voorkom, met hulle bespreek. Sommige respondente het dan ook aangedui dat hulle van die seksuele aspekte wat in *Slinger-slinger* voorkom, met hul ouers/voogde/ander volwassenes sou wou bespreek.

Die studie hou implikasies in vir skrywers en uitgewers van tienerfiksie deurdat dit duidelik is dat tieners 'n behoefte het aan realistiese Afrikaanse tienerfiksie met seksualiteit as tema. In hierdie studie word duidelike riglyne aangaande tieners se leesbehoefte en -belangstellings, en hul ontwikkelingstake aan skrywers verskaf. Dit het verder uit die resultate van die vraelyk geblyk dat Afrikaanse tienerfiksie beter bemark moet word.

Dit het uit die hele studie duidelik geword dat Francois Bloemhof se tienerboek *Slinger-slinger* leserkundig slaag en dat die hantering van die seksuele tema daarin suksesvol hanteer is. Die resultate van die vraelys bevestig die navorser se leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* as die tieners wat die boek gelees het, aandui dat hulle dit as 'n interessante en geslaagde tienerboek beskou. Dit blyk ook duidelik uit die resultate dat hierdie studie implikasies inhou vir skrywers, uitgewers, ouers, bibliotekarisse en ander volwassenes wat aan tieners leiding gee.

Vervolgens kan die gevolgtrekking asook aanbevelings wat uit die studie voortgespruit het, in Hoofstuk 7 bespreek word.

HOOFSTUK 7

Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings
--

7.1 Inleiding

Die feit dat *Slinger-slinger* in 1996 'n pryswenner in die beginnerkategorie van Sanlam se wedstryd vir jeuglektuur was, en die weersprekende en negatiewe kommentaar wat daaroor in die pers verskyn het, het as motivering vir hierdie studie gedien. Daarby het Francois Bloemhof as kommentaar oor die negatiewe publisiteit rondom *Slinger-slinger* gesê dat hy graag tienerlesers se mening oor *Slinger-slinger* sou wou hoor (Nicholas, 1998:3). Die navorser het die studie gevolglik vanuit twee uitgangspunte benader, naamlik of *Slinger-slinger* leserkundig geslaagd is, en wat tienerlesers se mening oor *Slinger-slinger* is.

Om bogenoemde navorsingsprobleme op te los, is die volgende navorsingsvrae vir die studie opgestel:

1. In watter mate slaag *Slinger-slinger* wanneer dit gemeet word aan die leserkundige kriteria gestel vir geslaagde tienerfiksie?
2. In watter mate slaag *Slinger-slinger* as tienerfiksie waarin seksualiteit die hooftema is?
3. Beskou tienerlesers *Slinger-slinger* as geslaagde tienerfiksie?
4. Wat is die implikasies van die studie vir die evaluering van *Slinger-slinger* en van tienerfiksie in die algemeen?

Vervolgens word 'n *samevatting* verskaf oor die wyse waarop elke navorsingvraag van die studie beantwoord is.

7.2 Samevatting

Ten einde te bepaal of Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* geslaagde tienerfiksie is, is eerstens 'n agtergrondstudie gedoen oor die eienskappe van tienerlesers met die klem op hul ontwikkelingstake. Gedurende adolessensie ontwikkel tieners op liggaamlike, emosionele en verstandelike vlak tot volwassenheid, en dit is ook gedurende hierdie tydperk dat hulle 'n eie identiteit ontwikkel. Die basiese stappe wat tieners na volwassenheid neem, is deur Havighurst (1972:45-76) in 'n

ontwikkelingstaakmodel omskryf, en omdat dié model deur verskeie leserkundiges, sielkundiges en opvoedkundiges gebruik word, is dit ook in hierdie studie gebruik. Wanneer tienerlektuur evalueer word, is dit nodig om te weet wie tienerlesers is en in watter ontwikkelingsstadium hulle is, omdat dit volgens verskeie leserkundiges hul leesbehoefte en -belangstellings bepaal. Hierdeur is die eerste kernprobleem van die Leserkunde, soos deur Hatt (1976:21) geïdentifiseer, naamlik "Wie is die leser?" beantwoord.

Voorts is 'n literatuurstudie oor tieners se leesbehoefte en -belangstellings gedoen ten einde 'n antwoord te kry op Hatt se tweede kernprobleem, naamlik "Wat is die leser se behoefte?" Steenberg (1988:167-172) noem dat tieners drie basiese groepe leesbehoefte het, naamlik behoeftes wat te doen het met die self, met ander wat die self beïnvloed, en met 'n drang om nie-realistiese dimensies te verken. Daar is vervolgens bepaal dat indien tienerfiksie wil voldoen aan tieners se leesbehoefte en -belangstellings, dit nodig is dat dit realisties moet wees ten einde sensitiewe temas soos seksualiteit, homoseksualiteit, verkragting, drank- en dwelmmisbruik, armoede, werkloosheid, die dood en geweld, geloofwaardig en op 'n korrekte, en interessante wyse aan tienerlesers bekend te stel.

Ten aanvang is dus bepaal wat tienerlesers se algemene eienskappe, leesbehoefte en -belangstellings is, wat dien as basis vir die leserkundige evalueringsmodel wat gebruik is.

Om Hatt (1976:21) se derde en vierde kernprobleme van die Leserkunde, "Wat is die aard van die teks?" en "Hoe kom die leser en die teks bymekaar?" (in antwoord op die studie se eerste drie navorsingsvrae) aan te spreek, moes *Slinger-slinger* eerstens leserkundig evalueer word en die hantering van die seksuele tema beoordeel word. Ten einde die evaluering wetenskaplik te benader, is 'n evalueringsmodel vir tienerfiksie met 'n seksuele tema opgestel en gebruik wat uit die verhaalelemente intrige, tema, karakterisering, vertelinstansie en perspektief, agtergrond (ruimte- en tydsbeelding), taalgebruik en skryfstyl, vanuit 'n leserkundige perspektief toegepas op tienerbehoefte, sowel as die vereistes vir die hantering van die seksuele in tienerfiksie, soos deur leserkundiges bepaal (die weergee van die korrekte feite, beskrywing van gevoel en emosies, beskrywing van seksuele gedrag, onbevooroordeeldheid, 'n wye leesspyskaart, en realisme). Tweedens is 'n vraelys opgestel om tienerlesers se mening omtrent die geslaagdheid van *Slinger-slinger* in te win. Vrae is na aanleiding van die elemente van die leserkundige

evalueringsmodel, sowel as die kritiek wat in die pers oor *Slinger-slinger* verskyn het, opgestel. Die vraelys is aan 88 Afrikaanslesende, Gekleurde en Blanke, respondente tussen 13 en 18 jaar (graad 8-12) in 4 hoërskole in Potchefstroom gegee om te voltooi nadat hulle *Slinger-slinger* gelees het.

Uit bogenoemde empiriese ondersoeke het die volgende na vore gekom:

In *Slinger-slinger* staan drie intriges uit in die verhaal, naamlik die groei van Stephan en Derek se vriendskap; die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa; en die fietswedren, ondersteun deur die tieners se alledaagse doen en late soos partytjies en verlief raak. Leserkundig word die intriges suksesvol hanteer want daar vind geen toevallige gebeure plaas nie; die storielyne is boeiend en verval nie in sentimentaliteit en sensasie nie; daar is genoeg konflik in die verhaal; en die einde is geloofwaardig, oop en nie onwaarskynlik gelukkig nie.

Slinger-slinger se tema is verskillende aspekte van tienerseksualiteit, soos seksuele ontwaking en die vind van 'n seksuele identiteit. Dit vind neerslag in 'n liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa, Derek se homoseksualiteit en liefde vir Stephan, en die ouers se seksuele- en huweliksverhoudinge as hoof- en subintriges. Die seksuele tema, en newetemas soos dwelm- en drankmisbruik, sport, verhoudinge met vriende en ouers, sluit ten nouste aan by die leesbehoefte van tieners soos geïdentifiseer en daarom slaag dit leserkundig. Die respondente het aangedui dat hulle die meeste van die liefdes- en seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa as tema gehou het. Hulle het verder aangedui dat die seksuele tema realisties en eksplisiet hanteer is. Die respondente beskou die hantering van die temas in *Slinger-slinger* as geslaagd aangesien hulle van mening is dat die skrywer 'n realistiese beeld van tieners geskep het omdat die verhaaltemas situasies soos in die werklikheid om hulle uitbeeld. Verder is bevind dat die tema slaag omdat dit by tieners se leesbelangstellings aansluit, soos deur die respondente in die vraelys aangedui.

Hoewel van die karakters, soos Lisa en Derek, se karakterisering volgens die navorser beter gedoen kon word omdat hulle nie ten volle ontwikkel nie, was die respondente oorwegend van mening dat die karakters in *Slinger-slinger* so geloofwaardig is dat hulle met hulle kon identifiseer omdat 'n realistiese beeld van hedendaagse tieners geskep is. Die gebruik van Stephan as interne fokalisator het hierin 'n bepalende rol gespeel aangesien die respondente goed met hom kon

identifiseer omdat hulle presies weet wat hy ervaar, hoe hy voel en wat hy dink, en omdat die verhaal vanuit die perspektief van 'n tiener vertel word.

Die taalgebruik en skryfstyl het bygedra tot die geslaagdheid en realisme van *Slinger-slinger* omdat die skrywer gemaklike, vloeiende taal en dialoog gebruik. Die reguit vertelstyl sluit aan by lesers se praat- en denkpatrone deurdat die skrywer gebruik maak van slengtaal, vloekwoorde en kru taalgebruik. In die leserkundige evaluering is bevind dat die taalgebruik bydra tot die realisme in die verhaal omdat dit funksioneel is, en dat die kru taal en vloekwoorde meestal gebruik word om emosies oor te dra en dus nie geforseerd voorkom nie. Hoewel sommige respondente aangedui het dat die kru taal hulle geskok het, is die oorgrote meerderheid van mening dat die taalgebruik in *Slinger-slinger* realisties is omdat sommige tieners wel sulke taal gebruik.

Rakende die hantering van die seksuele in *Slinger-slinger* is bevind dat Bloemhof die korrekte feite rondom alle aspekte van die seksuele, soos seksuele fantasieë, verwysings na geslagsdele, homoseksualiteit, die seksdaad en voorbehoeding nugter, korrek en op 'n natuurlike wyse sonder didaktiek of sensasie in die verhaal aangebied het. Die seksuele misbruik van Lisa word, sonder om grafiese beskrywings te gee, so gesuggereer dat die leser daaroor inligting kry en die afgryse daarvan besef, sonder ontstellende detail.

Die respondente het in die vraelys aangedui dat hulle sou wou hê dat Bloemhof veral Lisa se gevoelens oor haar molestering en losbandigheid beter moes beskryf. Hulle was verder van mening dat Stephan en Lisa, sowel as Derek, se gevoelens en emosies rakende seksuele kwessies beter beskryf kon word. Die respondente se mening stem gedeeltelik ooreen met dié van die navorser wat bevind het dat Stephan se gevoelens en emosies oor die seksdaad, sowel as sy gedagtes oor die gevolge van die daad, meer omvattend behandel moes word.

Die wyse waarop die seksdaad plaasvind, watter optrede geverg word by liefkosings, soene en kondoomgebruik, en die emosies wat daarmee saamgaan, word eksplisiet, maar sonder om in die sensasionele te verval, aan tienerlesers gegee. Leserkundig slaag Bloemhof baie goed daarin om seksuele gedrag te beskryf en sodoende in tieners se leesbehoefte rakende die seksuele te voldoen. Vrae is in die vraelys gestel om te bepaal of die seksuele beskrywings in *Slinger-slinger* vir die respondente skokkend was, en of die respondente van mening was dat die seksuele

beskrywings nodig en gemotiveerd is vir die verloop van die verhaal. Hoewel van die respondente aangedui het dat sommige van die sekstonele vir hulle skokkend was, het die meerderheid aangedui dat die openlike sekstonele sinvol en nodig vir die verloop van die verhaal is.

Bloemhof benader geen van die seksuele kwessies, soos Stephan en Lisa se seksuele verhouding of Derek se homoseksualiteit, met vooroordeel nie. Sodoende laat hy die leser toe om self hul persoonlike waardes, etiek en ideologieë rakende die seksuele kwessies in *Slinger-slinger* te bepaal en saam met die hoofkarakter te oordink. In ooreenstemming met die navorser se bevindinge, het die respondente in die vraelys aangetoon dat Bloemhof nie didakties (prekerig) oor enige kwessie geskryf het nie. Daar is voorts bevind dat *Slinger-slinger* 'n eerlike, realistiese tienerverhaal is wat lesers se inligting- en leesbehoefte bevredig. Respondente uit alle ouderdomsgroepe was ook van mening dat die seksuele aspekte realisties en eksplisiet aan hulle beskryf is.

In *Slinger-slinger* kom 'n wye verskeidenheid van kontroversiële onderwerpe, standpunte en praktyke soos seksuele fantasieë, masturbasie, seksuele eksperimentering tussen seuns, die seksdaad tussen 'n seun en meisie, buitewettelike seks tussen volwassenes, seksuele misbruik en moontlike oplossings daarvoor, asook homoseksualiteit, voor. Daar is bevind dat Bloemhof baie goed daarin slaag om die meervlakkigheid van seksualiteit aan tienerlesers oor te dra.

Uit die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* blyk dit dat dit 'n geslaagde tienerboek is wat aan tieners se leesbehoefte en -belangstellings voldoen, en tieners kan help om hul ontwikkelingstake te bereik. Hierdie bevinding word ook deur die respondente gehuldig as hulle aandui dat hulle *Slinger-slinger* interessant gevind het en daarvan hou.

7.2.1 Ander bevindinge uit die studie

Daar is uit die vrae oor tieners se leesvoorkeure bevind dat min respondente Afrikaanse fiksie lees, en dat hulle verkies om dit in Engels te lees; geen van die gekleurde respondente aangedui het dat hulle enigsins Afrikaanse fiksie lees nie. Hierdie bevinding is interessant indien dit vergelyk word met die bevinding dat die meerderheid van die respondente aangedui het dat hulle graag meer *Afrikaanse* tienerfiksie, soos *Slinger-slinger*, wat oor alle aspekte van tienerlewe handel, wil lees.

Daarby het die navorser heelwat positiewe terugvoer van lesers, en ook die gekleurde lesers, ontvang wat aangedui het dat hulle graag soortgelyke tienerfiksie wil lees. Van die onderwyseresse het ook te kenne gegee dat hulle glo dat tienerfiksie soos *Slinger-slinger* 'n leeskuiluur onder tieners kan vestig.

Die tieners wat aan die studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle veral belangstel in fiksie met liefdesverhoudinge, met en sonder seks; verhoudinge met vriende; gesinsverhoudinge; hantering van groepsdruk; drank- en dwelmmisbruik onder tieners; die bonatuurlike; en sport; as temas. Hierdie leesbelangstellings stem met tieners se behoeftes en ontwikkelingstake ooreen soos in die literatuurstudie bevind is. Dié bevinding sluit verder aan by die respondente se aanduiding dat hulle graag soortgelyke tienerfiksie as *Slinger-slinger* wil lees, omdat feitlik ál hul hoofleesbelangstellings in *Slinger-slinger* voorkom.

Die respondente het aangedui dat hulle, net soos die karakters in *Slinger-slinger*, blootgestel word aan drank en dwelmmiddels, en dat hulle groepsdruk ervaar om dit te gebruik. Tieners word aan 'n wye verskeidenheid seksuele praktyke blootgestel deur televisie, film en gedrukte media, en hulle weet nie altyd hoe om dit te hanteer nie. Al hierdie dinge veroorsaak dat tieners 'n hoë-risikogroep vir dwelmmiddel- en drankmisbruik, en afhanklikheid daarvan, sowel as VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes, vorm. Tienerfiksie kan, soos ook deur die respondente aangedui, 'n positiewe bydrae lewer om tieners 'n kennis van die nodige lewensvaardighede te verskaf ten einde ingeligte keuses omtrent lewensbelangrike kwessies te maak.

7.3 Gevolgtrekking

Die sentrale teoretiese stellings, soos gestel in die navorsingsbeplanning, word as volg korrek bewys:

Die eerste twee sentrale teoretiese stellings, naamlik dat *Slinger-slinger* slaag omdat dit aan die kriteria vir die evaluering van tienerfiksie voldoen; en dat *Slinger-slinger* slaag omdat dit aan die kriteria vir die evaluering vir die hantering van seksualiteit in tienerfiksie voldoen (leserkundige evalueringsmodel), is as waar bewys. Daar is bevind dat *Slinger-slinger* leserkundig slaag; dat dit voldoen aan tieners se leesbehoefte en -belangstellings; en dat dit die bereiking van hul ontwikkelingstake stimuleer.

Die derde sentrale teoretiese stelling, dat *Slinger-slinger* deur tienerlesers as geslaagd beskou word, is ook as korrek bewys omdat daar deur middel van die vraelys bevind is dat die tieners wat *Slinger-slinger* gelees het, van mening is dat dit geslaagde tienerfiksie is, dat die seksuele tema suksesvol aangebied is, en dat hulle daarvan gehou het. Daar kan hieruit afgelei word dat leserkundiges en tieners se standpunte oor *Slinger-slinger* dieselfde is, en dat ouers, onderwysers en ander volwassenes wat anders dink, daarvan moet kennis neem.

Die vierde sentrale teoretiese stelling, dat die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger* kan bydra tot 'n beter begrip van die opbouende waarde van *Slinger-slinger* en ander soortgelyke tienerfiksie, is as grondig bewys omdat hierdie studie impliseer dat *Slinger-slinger* 'n goeie, realistiese tienerboek is wat aan tienerlesers se leesbehoefte en -belangstellings voldoen, en nie al die negatiewe kritiek wat daaromtrent in die pers verskyn het, verdien nie. Die bevindinge impliseer ook dat soortgelyke fiksie eerder 'n positiewe as 'n negatiewe uitwerking op tieners het omdat dit hulle voorberei om moeilike situasies, soos drank- en dwelmmisbruik, groepsdruk en seksuele situasies, op 'n ingeligte en verantwoordelike wyse te hanteer. Ouers, onderwysers en ander volwassenes kan realistiese tienerfiksie, en tienerfiksie met 'n seksuele tema, gebruik om 'n aanknopingspunt tot gesprekke oor sensitiewe kwessies met tieners, te verkry. Sodoende kan die weerbaarheidseffek van goeie, realistiese tienerfiksie verhoog word omdat tieners deur middel van korrekte inligting met lewensvaardighede toegerus word. Die bevindinge uit die vraelys dat die respondente graag realistiese, *Afrikaanse* tienerfiksie soortgelyk aan *Slinger-slinger* wil lees, impliseer dat skrywers en uitgewers moet beseft dat 'n mark bestaan vir tienerfiksie wat uit die perspektief van tieners geskryf is.

7.4 Aanbevelings

Teen die agtergrond van die studie en die afleidings uit die bevindinge van die leserkundige evaluering van Francois Bloemhof se *Slinger-slinger* sowel as die vraelys word die volgende aanbevelings gemaak:

- Francois Bloemhof se skryfstyl is gewild; en sy, en ander soortgelyke tienerfiksie kan by Afrikaanse en Engelse skole voorgeskryf word aangesien dit die leesgewoonte onder tieners sal kan bevorder.
- Met die oog op die bevordering van die leesgewoonte onder Afrikaanslesende tieners van alle ouderdomme en rasse, is dit noodsaaklik dat skrywers ook

realistiese tienerfiksie skryf wat aansluit by tieners se leesbehoefte en ontwikkelingstake.

- Skrywers móét realistiese tienerfiksie met sensitiewe temas vir tienerlesers skryf aangesien dit uit hierdie studie duidelik blyk dat tieners 'n besliste behoefte daaraan het, veral tienerfiksie met temas soos die verloop van liefdes- en seksuele verhoudinge, seksuele misbruik en drank- en dwelmmisbruik.
- Geslaagde tienerfiksie lok 'n groter lesersmark en dit hou voordele in vir skrywers en uitgewers.
- Skrywers en uitgewers moet bewus wees van tieners se leesbehoefte, -belangstellings en hul ontwikkelingstake sodat tienerfiksie wat daaraan sal voldoen, geskryf en uitgegee kan word.
- Uitgewers móét realistiese tienerfiksie met sensitiewe temas publiseer en bemark omdat tieners fiksie sál lees wat aan hul leesbehoefte en -belangstellings voldoen.
- Uitgewers moet tienerfiksie baie beter bemark omdat dit moontlik is dat tieners nie altyd bewus is van titels wat hulle mag interesseer nie.
- Kennis van tieners se leesbehoefte en -belangstellings, sowel as hul ontwikkelingstake, is vir bibliotekaris en onderwysers noodsaaklik om tienerfiksie te evalueer en aan te beveel.
- Bibliotekaris, uitgewers en onderwysers moet bewus gemaak word van die evalueringsmodel vir tienerfiksie sodat hulle self die geslaagdheid van tienerfiksie kan bepaal, en dié tienerfiksie wat aan die evalueringskriteria voldoen, vir tieners kan aanbeveel.
- In die lig van die geestelike en emosionele eise wat aan hedendaagse tieners gestel word, is dit van groot belang dat ouers, onderwysers, bibliotekaris en ander volwassenes bewus moet wees van die weerbaarheidseffek van goeie, realistiese tienerfiksie, en dit aan tieners moet aanbeveel, beskikbaarstel en bewus wees van tienerlesers se standpunte daarvoor.
- Realistiese tienerfiksie met 'n seksuele tema kan by sekonderrig tuis en by die skool gebruik word omdat dit geleentheid tot gesprek bied.
- Geslaagde, interessante tienerfiksie wat tieners graag wil lees, stimuleer hul leesvaardigheid, en kan, hoewel dit nie die hoofdoel mag wees nie, 'n belangrike inligtingsoordragrol speel.

Benewens bogenoemde aanbevelings met betrekking tot die leserkundige evaluering van *Slinger-slinger*, is daar in die verloop van hierdie studie sekere probleemareas geïdentifiseer wat oënskynlik verdere navorsing regverdig.

7.5 Verdere navorsing

Dit het duidelik uit die resultate van die vraelys geblyk dat daar verskille bestaan ten opsigte van die behoeftes van manlike en vroulike respondente met betrekking tot seksuele temas. 'n Studie van hierdie verskille kan beslis lei tot die voorsiening van tienerfiksie wat beter sal voldoen aan tienerlesers se leesbehoefte ten opsigte van seksualiteit.

Dit het ook duidelik geblyk uit die resultate van die vraelys dat Gekleurde Afrikaanslesende tieners 'n besliste, maar onbeantwoorde behoefte aan tienerfiksie het. 'n Studie waarin daar gefokus word op die leesbehoefte van Gekleurde tieners kan lei tot die ontwikkeling van 'n lesersgroep wat in Suid-Afrika tot dusver grootliks geïgnoreer is.

'n Studie van die redes waarom tieners nie Afrikaanse tienerfiksie lees nie, mag moontlik insiggewende resultate vir skrywers en die uitgewersbedryf lewer.

Die gebruik van tienerfiksie in die opvoedkunde vir byvoorbeeld die verbetering van leesvaardigheid, seksonderrig, en multikulturele begrip, mag moontlik vir onderwysers en ander opvoedkundiges van belang wees.

Omdat tieners die grootste risikogroep vir VIGS is, sal 'n studie wat fokus op die rol wat tienerfiksie en -verhale, spesifiek in Suid-Afrikaanse omstandighede, kan speel en hoe dit aangewend kan word in inligtingsoordrag oor seksuele gedrag, moraliteit en VIGS, insiggewende resultate kan oplewer en 'n groot bydrae kan maak.

7.6 Slotgedagte

Ten slotte word die opinie uitgespreek dat realistiese tienerfiksie wat aan die leesbehoefte van tieners voldoen, 'n beduidende rol kan speel in die ontwikkeling van tieners na 'n gebalanseerde volwasseheid.

Die waarde van hierdie studie lê eerstens daarin dat skrywers, uitgewers, onderwysers, bibliotekarisse, en ouers daarvan bewus kan wees dat tieners beslis 'n behoefte aan realistiese tienerfiksie het, en dat hulle dit sal lees indien dit aan hul leesbehoefte voldoen. Tweedens is daar in hierdie studie 'n duidelike, praktiese leserkundige evalueringsmodel vir tienerfiksie met seks as tema ontwikkel en op 'n tienerboek toegepas. Derdens is dit belangrik om te beklemtoon dat tieners en ouers, onderwysers en ander volwassenes se standpunte oor tienerfiksie kan verskil, maar dat kennis van tieners se behoeftes (soos in die Leserkunde) kan help om begrip te bewerkstellig sodat die positiewe bydrae en leeservaring van tienerfiksie ingesien kan word.

BYLAE A

DEKBRIEF AAN SKOOLHOOFDE (AFRIKAANS)

Studentenr.: 11714166

Posbus 20054

NOORDBRUG

Tel.: (018) 290 8517 (H)

2522

(018) 299 2835 (W)

10 Mei 2001

E-pos: fpbmnw@puknet.puk.ac.za

Geagte Meneer de Villiers

DEELNAME AAN M-STUDIE DEUR LEES VAN 'N TIENERBOEK EN DIE VOLTOOIING VAN VRAELYTE

Ek is tans 'n ingeskrewe M.Bibl. student in die Skool vir Kommunikasiestudies aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die geregistreerde titel van die skripsie waaraan ek werk, is: "Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*: 'n leserkundige evaluering met verwysing na Afrikaanslesende tieners". Die doel van die studie is om te bepaal of tienerlesers die tienerboek as geslaagd beskou al dan nie. Om dit te bepaal is dit nodig dat 'n vooraf geselekteerde groep bestaande uit vyf-en-twintig tieners tussen die ouderdom van 13 en 18 jaar *Slinger-slinger* lees en 'n week later 'n vraelys invul.

Dit sal hoog op prys gestel word indien u my kan bystaan in die navorsing wat vir die studie vereis word.

Baie dankie.

Die uwe

M.N. Wiggill (Mev.)

BYLAE B

DEKBRIEF AAN SKOOLHOOFDE (ENGELS)

Student no.: 11714166

P.O. Box 20054

Tel.: (018) 290 8517 (H)
(018) 299 2835 (W)

NOORDBRUG
2522

10 May 2001

E-mail: fpbmnrw@puknet.puk.ac.za

Mr Cartwright

**PARTICIPATION IN M-STUDY THROUGH THE READING OF A TEENAGE NOVEL AND
COMPLETION OF QUESTIONNAIRES**

I am a registered M.Bibl. student in the School of Communication Studies at the Potchefstroom University for Christian Higher Education.

The registered title of the thesis I am working on, is: "Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*: 'n leserkundige evaluering met verwysing na Afrikaanslesende tieners." It is the purpose of this study to determine whether or not teenagers consider the novel as successful. It is thus necessary that a predetermined group of teenagers between the ages of 13 and 18 years old read *Slinger-slinger* and complete a questionnaire a week later.

It would be much appreciated if you can assist me in the research necessary for this study.

Thank you.

Yours sincerely

M.N. Wiggill (Mrs.)

BYLAE C
TOESTEMMINGSBRIEF (AFRIKAANS)

Studentnr.: 11714166

Tel.: (018) 290 8517 (H)
(018) 299 2835 (W)

E-pos: fpbmnrw@puknet.puk.ac.za

Posbus 20054
NOORDBRUG
2522

10 Mei 2001

Geagte ouers

TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN M-STUDIE NAVORSINGSPROJEK

Ek is tans 'n ingeskrewe M.Bibl. student in die Skool vir Kommunikasiestudies aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die geregistreerde titel van die skripsie waaraan ek werk, is: "Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*: 'n leserkundige evaluering met verwysing na Afrikaanslesende tieners". Die doel van die studie is om te bepaal of tienerlesers die tienerboek as geslaagd beskou al dan nie. Om dit te bepaal is dit nodig dat 'n vooraf geselekteerde groep bestaande uit vyf-en-twintig tieners uit elke hoërskool in Potchefstroom tussen die ouderdom van 13 en 18 jaar *Slinger-slinger* lees en 'n week later 'n vraelys invul.

Die tienerboek het opspraak verwek oor die taalgebruik en seksuele verwysings wat daarin voorgekom het. Bekende kenners van tienerfiksie, soos Maritha Snyman en Marina le Roux is van mening dat dit 'n goedgeskrewe en suksesvolle tienerboek is, alhoewel sommige ouers en onderwysers anders gedink het. Om hierdie rede is dit nodig dat ek u toestemming dat u kind aan die navorsingsprojek mag deelneem, verkry. Let asseblief daarop dat selfs al sou u toestemming verleen dat u kind aan die navorsingsprojek mag deelneem, dit mag gebeur dat hy/sy nie sou deelneem nie aangesien slegs 5 (vyf) tieners uit elke graad gekies sal word om aan die projek deel te neem.

Voel asseblief vry om met my te skakel indien u enige navrae in verband met die navorsingsprojek het.

Sal u asseblief u keuse in die ruimte onderaan die brief aandui en saam met u kind terugstuur skool toe.

Baie dankie vir u samewerking.

Die uwe

M.N. Wiggill (Mev.)

Ja, my kind mag *Slinger-slinger* lees en die vraelys invul

.....(Naam en van)(Handtekening)

Nee, my kind mag nie *Slinger-slinger* lees en die vraelys invul nie

.....(Naam en van)(Handtekening)

BYLAE D

TOESTEMMINGSBRIEF (ENGELS)

Student no.: 11714166

Tel.: (018) 290 8517 (H)
(018) 299 2835 (W)

E-mail: fpbmnw@puknet.puk.ac.za

P.O. Box 20054
NOORDBRUG
2522

10 May 2001

Dear parents

PARTICIPATION IN M-STUDY THROUGH THE READING OF A TEENAGE NOVEL AND COMPLETION OF QUESTIONNAIRES

I am a registered M.Bibl. student at the School for Communication Studies at the Potchefstroom University for Christian Higher Education.

The registered title of the thesis I am working on, is: "Francois Bloemhof se *Slinger-slinger*: 'n leserkundige evaluerende met verwysing na Afrikaanslesende tieners". It is the purpose of this study to determine whether or not teenagers consider the novel as successful. It is thus necessary that a predetermined group of teenagers between the ages of 13 and 18 years old read *Slinger-slinger* and complete a questionnaire a week later.

The teenage novel was controversial because of its language usage and sexual references. Well-known researchers on teenage literature, like Maritha Snyman and Marina le Roux, hold the view that the teenage book is well-written and successful, while some parents and teachers held a different viewpoint. This is the reason why it is necessary to obtain your consent for your child to participate in this research project. Please note that even if you do give your permission for your teenager to participate in this research project, it may happen that he/she is not chosen to be one of the 5 (five) participants from each grade.

Please feel free to contact me if you have any questions on this research project.

Please indicate your choice in the undermentioned form and send this letter back to school.

Thank you for your co-operation.

Yours sincerely

M.N. Wiggill (Mrs.)

Yes, my child may read *Slinger-slinger* and complete the questionnaire

.....(Full name)(Signature)

No, my child may not read *Slinger-slinger* and complete the questionnaire

.....(Full name)(Signature)

BYLAE E
VRAELYS

Vraelysnr.

--	--	--

Vir Kantoorgebruik

**VRAELYS VIR DIE LESERKUNDIGE EVALUERING VAN FRANCOIS
BLOEMHOF SE SLINGER-SLINGER**

Die beantwoording van hierdie vraelys geskied **anoniem** en dit is nie moontlik om enige identifikasie aan 'n vraelys te heg nie. Beantwoord dus die vrae so **eerlik** en **noukeurig** moontlik.

Trek 'n kring om die nommer teenoor die toepaslike antwoord . Slegs **een antwoord** per vraag word vereis; tensy anders vermeld.

Alle vrae moet beantwoord word.

Voorbeeld van hoe 'n vraag beantwoord moet word:

Wat was jou ouderdom met jou laaste verjaarsdag?

Jonger as 13j.	1
13j.	2
14j.	3
15j.	4
16j.	5
17j.	6
18j.	7
Ouer as 18j.	8

AFDELING A

1. Wat was jou ouderdom met jou laaste verjaarsdag?

Jonger as 13j.	1
13j.	2
14j.	3
15j.	4
16j.	5
17j.	6
18j.	7
Ouer as 18j.	8

2. Graad:

8	1
9	2
10	3
11	4
12	5

3. Geslag:

M	1
V	2

4. Bevolkingsgroep:

Swart	1
Kleurling	2
Indiër	3
Asiaat	4
Blank	5

5. Hoe gereeld lees jy storieboeke?

Ek lees glad nie storieboeke nie	1
Minder as 1 boek per week	2
Ongeveer 1 boek per week	3
Ongeveer 2 boeke per week	4
Meer as 2 boeke per week	5
Minder as bogenoemde	6

6. In watter taal is die storieboeke wat jy graag lees, **gewoonlik** geskryf, met ander woorde, in watter taal lees jy die **meeste**?

Afrikaans	1
Engels	2
Ander	3
Lees glad nie storieboeke nie	4

7. As jy wel storieboeke lees (soms of dikwels), vir wie is dit **gewoonlik** geskryf?

Tieners	1
Volwassenes	2
Beide	3

8. Wat anders (behalwe storieboeke) lees jy graag? **(Merk soveel jy wil):**

8.1 Nie-fiksie (feiteboeke)	1
8.2 Tydskrifte	2
8.3 Koerante	3
8.4 Strokiesprente (comix)	4

9. Oor watter **temas** lees jy graag? **(Merk soveel jy wil):**

9.1 Avontuur

9.1.1 Bendevertale	1
9.1.2 Ruimte- en toekomsfantasie	2
9.1.3 Natuur- en natuurbewaring	3
9.1.4 Diere- en jagvertale	4
9.1.5 Skool- en koshuisvertale	5
9.1.6 Bonatuurlike	6

9.2 Verhoudinge

9.2.1 Gesinsverhoudinge	1
9.2.2 Verhoudinge met vriende	2
9.2.3 Liefdesverhoudinge sonder seks	3
9.2.4 Liefdesverhoudinge met seks	4
9.2.5 Rasseverhoudinge	5

9.3 Sosiale probleme

9.3.1 Hantering van groepsdruk, dit wil sê, druk van maats en ander tieners	1
9.3.2 Drank- en dwelmmisbruik onder tieners	2
9.3.3 Drank- en dwelmmisbruik onder volwassenes	3
9.3.4 Bendes/"gangs" (NIE avontuur, soos Trompie NIE)	4
9.3.5 Gesinsgeweld	5
9.3.6 Armoede en werkloosheid	6

9.4 Fisiese sake

9.4.1 Fisiese voorkoms/ontwikkelende liggaam	1
9.4.2 Siektes/gebreke by ander adolessente	2
9.4.3 Seks	3

9.4.4 Seksuele misbruik/molestering	4
-------------------------------------	---

9.5 Ander

9.5.1 Historiese temas	1
9.5.2 Stokperdjies	2
9.5.3 Sport	3
9.5.4 Beroepe	4

AFDELING B

1. Het jy *Slinger-slinger* alreeds voorheen gelees?

Ja	1
Nee	2

3. Indien ja, waarom het jy *Slinger-slinger* voorheen gelees?

Omdat dit 'n nuwe boek was	1
Ek het geweet wat die temas was, en het daarin belanggestel	2
My ouers/voog/onderwyser(es) het dit aanbeveel	3
Ander redes	4

3. Indien nee, waarom het jy *Slinger-slinger* nie gelees nie?

Ek het nie van die boek geweet nie	1
Ek het geweet wat die temas was, en het glad nie daarin belanggestel nie	2
Ek wou dit nie lees nie as gevolg van die skokkende inhoud	3
Ek is verbied om dit te lees	4
Ander redes:	

.....

--	--

4. Was *Slinger-slinger* vir jou interessant?

Ja, die hele boek was interessant	1
Dele van die boek was interessant	2
Nee, niks was interessant nie	3

5. Kon jy met die karakters identifiseer, met ander woorde, kon jy jou indink in een of meer van die karakters?

Ja	1
Nee	2

6. Het jy van die skrywer se skryfstyl gehou?

Ja, dwarsdeur die hele boek	1
Ja, in dele van die boek	2
Nee, glad nie	3

7. Het die kru taalgebruik in *Slinger-slinger* jou geskok?

Ja	1
Nee	2

8. Is die taalgebruik van die tienerkarakters realisties, met ander woorde, praat tieners so?

Ja, alle tieners praat so	1
Sommige tieners praat so	2
Nee, geen tieners praat so nie	3

9. Is jy van mening dat *Slinger-slinger* steeds so omstrede sou wees, met ander woorde, sou mense nog so 'n bohaai daaroor gemaak het, indien dit in Engels geskryf was?

Ja	1
Nee	2
Ek weet nie	3

10. Is dit realisties dat Angelica, wat in standerd 7 (graad 9) is, rook en drink, dit wil sê, doen sommige meisies wat so oud is, dit wel?

Ja	1
Nee	2

11. Is drank en dwelmmiddels so maklik bekombaar vir tieners soos wat dit in *Slinger-slinger* beskryf word?

Ja, dit is so maklik bekombaar	1
Nee, dit is nie so maklik bekombaar nie	2
Ek is onseker	3

12. Sommige mense is van mening dat indien tieners oor drank- en dwelmmisbruik lees, dit hulle sal aanspoor om daarmee te eksperimenteer, terwyl ander mense nie so dink nie. Wat is **jou** mening daaromtrent?

- | | |
|--|---|
| Ja, dit sal tieners aanspoor om te eksperimenteer | 1 |
| Nee, dit sal tieners nie aanspoor om te eksperimenteer nie | 2 |

13. Ervaar jy groepsdruk, dit wil sê, druk van vriende en ander tieners, om drank en dwelmmiddels te gebruik?

- | | |
|----------------|---|
| Ja, dikwels | 1 |
| Ja, soms | 2 |
| Nee, nooit nie | 3 |

14. Is dit moeilik om groepsdruk om drank en dwelmmiddels te gebruik, te weerstaan?

- | | |
|------------|---|
| Ja, altyd | 1 |
| Ja, soms | 2 |
| Nee, nooit | 3 |

15. Dink jy dat *Slinger-slinger* jou sal help om groepsdruk om drank en dwelmmiddels te gebruik, te weerstaan?

- | | |
|-------------|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |
| Ek weet nie | 3 |

16. Watter van die volgende temas in *Slinger-slinger* was vir jou die interessantste? Dui aan hoe interessant die temas was deur die interessantste tema met 'n 1 te merk, die tweede interessantste tema met 'n 2, ens.)

- | | | |
|--|----------------------|---|
| Die fietswedren | <input type="text"/> | 1 |
| Ontwikkeling van die liefdes verhouding tussen Stephan en Lisa | <input type="text"/> | 2 |
| Ontwikkeling van die seksuele verhouding tussen Stephan en Lisa | <input type="text"/> | 3 |
| Huweliks- en ander verhoudinge tussen die ouers | <input type="text"/> | 4 |
| Lisa se seksuele misbruik deur haar pa | <input type="text"/> | 5 |
| Drank- en dwelmmisbruik onder die tieners | <input type="text"/> | 6 |
| Drankmisbruik onder die ouers | <input type="text"/> | 7 |

17. Is die hantering van die seksuele tema in *Slinger-slinger* (Merk een antwoord uit 17.1 en een antwoord uit 17.2):

- | | | |
|-----|---|---|
| 1.1 | Baie realisties | 1 |
| | Realisties | 2 |
| | plek-plek realisties/plek-plek onrealisties | 3 |
| | onrealisties | 4 |
| | Baie onrealisties | 5 |
| 1.2 | Baie eksplisiet/duidelik | 1 |
| | Eksplisiet/duidelik | 2 |
| | plek-plek eksplisiet/plek-plek implisiet | 3 |
| | implisiet/vaag | 4 |
| | baie implisiet/vaag | 5 |

18. Baie tieners meen dat meer Afrikaanse tienerboeke openlik oor tienerseks moet handel, terwyl net so baie die teenoorgestelde meen. Wat is **jou** mening hieroor?

- | | |
|--|---|
| Ja, meer tienerboeke moet openlik oor tienerseks handel | 1 |
| Nee, minder tienerboeke moet openlik oor tienerseks handel | 2 |
| Ek is werklik onseker | 3 |

19. Oor watter aspekte rakende tienerseksualiteit sou jy graag wou lees in tienerboeke? **(Merk soveel jy wil):**

- | | |
|---|---|
| 19.1 Liggaamlike ontwikkeling | 1 |
| 19.2 Die seksdaad | 2 |
| 19.3 Gevoelens en emosies rondom die seksdaad | 3 |
| 19.4 Onsekerheid en vrese tydens liefdesverhoudinge | 4 |
| 19.5 Onsekerheid en vrese tydens seksuele verhoudinge | 5 |
| 19.6 Hantering van seksuele misbruik | 6 |
| 19.7 Homoseksualiteit/lesbiënisme | 7 |
| 19.8 Bepaling van eie seksuele identiteit | 8 |
| 19.9 Ander | |

.....

.....

.....

--	--

20. Dink jy dat Lisa losbandig is omdat haar pa haar molesteer?

- | | |
|---------|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |
| Onseker | 3 |

21. Het jy, nadat jy van Lisa se situasie gelees het, begrip vir die wyse waarop sy beter oor haarself wil voel, met ander woorde, dat sy "goedkeuring" van mans/seuns wil verkry deur seks toe te laat?

- | | |
|--|---|
| Ja, ek het begrip vir haar losbandigheid verkry | 1 |
| Nee, ek begryp nie hoekom haar molestering lei tot losbandigheid nie | 2 |
| Ek is onseker | 3 |

22. Dink jy dat die raad wat Stephan aan Lisa gee - om met 'n vertroueling oor die molestering te gaan praat - korrek is?

- | | |
|---------|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |
| Onseker | 3 |

23. Dink jy dit is regtig moontlik dat Stephan nie sou agterkom dat Derek homoseksueel is nie?

- | | |
|---------|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |
| Onseker | 3 |

24. Is dit moontlik dat Stephan en Derek nog kon vriende wees selfs al is Derek homoseksueel en Stephan nie, met ander woorde, het die skrywer Derek se onthulling en Stephan se reaksie daarop, realisties hanteer?

Ja 1
Nee 2
Onseker 3

25. Sommige tieners het die openlike beskrywing en hantering van seks in *Slinger-slinger* skokkend gevind, terwyl dit ander nie geskok het nie. Hoe het **jy** dit ervaar?

Ja, al die beskrywings was skokkend 1
Ja, sommige beskrywings was skokkend 2
Nee, geen van die beskrywings was skokkend nie 3

26. "Want hy besef skielik hy is nog nie reg hiervoor nie. Vir die daad, ja, maar nie vir alles wat daarop gaan volg nie. Want hy weet nie wat dit alles kan wees nie." (p. 61) Na hierdie gedagte van Stephan het hy en Lisa die eerste keer seks. Watter boodskap dink jy probeer die skrywer hier aan sy lesers oordra?

.....
.....
.....
.....
.....

--	--

27. Watter onderwerpe/situasies moes na jou mening meer uitvoerig deur die skrywer hanteer word, met ander woorde, wat moes duideliker omskryf word in *Slinger-slinger* ? (**Merk soveel jy wil**)

- 27.1 Die redes vir Lisa se losbandigheid/rondslapery 1
- 27.2 Stephan se gevoelens oor Lisa se losbandigheid 2
- 27.3 Lisa se gevoelens oor haar losbandigheid 3
- 27.4 Lisa se gevoelens en emosies oor haar misbruik 4
- 27.5 Stephan se gevoelens en emosies nadat hy en Lisa seks gehad het 5
- 27.6 Lisa se gevoelens en emosies nadat sy en Stephan seks gehad het 6
- 27.7 Die morele gevolge van Stephan en Lisa se seksdaad 7
- 27.8 Derek se homoseksualiteit 8
- 27.9 Stephan se gevoelens oor die moontlike verandering in sy en Derek se vriendskap nadat Derek sy homoseksualiteit onthul het 9
- 27.10 Die gevolge van drank- en dwelmmisbruik 10

28. Dink jy dat die openlike sekstonele sinvol en nodig is vir die verloop van die verhaal?

Ja 1
Nee 2

29. Sommige mense is van mening dat 'n tienerboek wat oor seksualiteit handel, aanleiding kan gee tot losbandigheid, terwyl ander nie so dink nie. Wat is **jou** mening daaromtrent?

Ja, dit kan aanleiding gee tot losbandigheid 1

Nee, dit sal nie aanleiding gee tot losbandigheid nie	2
Ek is onseker	3

30. Watter van die volgende situasies sal jy beter kan hanteer met die inligting wat jy uit *Slinger-slinger* gekry het, met ander woorde, het jy meer **kennis** uit *Slinger-slinger* gekry? (**Merk soveel jy wil**):

30.1 Drank- en dwelmmisbruik onder maats	1
30.2 Groepsdruk om drank en dwelmmiddels te gebruik	2
30.3 Seksuele misbruik/molestering van 'n vriend/in	3
30.4 Homoseksualiteit/lesbiënisme by 'n vriend/in	4
30.5 Voorhuwelikse seks	5

31. Sommige mense is van mening dat *Slinger-slinger* kan dien as aanknopingspunt vir 'n gesprek oor seks tussen ouers en tieners. Dink jy dat daar seksuele aspekte van *Slinger-slinger* is wat jy graag met jou ouers/voog/ander volwassenes sou wou bespreek?

- Ja, ek sou al die seksuele aspekte van <i>Slinger-slinger</i> graag met my ouers/voog/ander volwassenes wou bespreek	1
- Ja, ek sou sommige van die seksuele aspekte van <i>Slinger-slinger</i> graag met my ouers/voog/ander volwassenes wou bespreek	2
- Nee, ek wil nie enige van die seksuele aspekte van <i>Slinger-slinger</i> graag met my ouers/voog/ander volwassenes bespreek nie	3

32. Sommige mense is van mening dat tienerboeke wat openlik en realisties oor alle aspekte van tienerlewe handel, 'n **veilige** manier is om tieners aan die harde werklikheid van die volwasse lewe voor te stel, terwyl ander mense voel dat tienerfiksie glad nie so realisties moet wees nie. Wat is **jou** mening hieromtrent?

Ja, ek verkies dat tienerfiksie eerlik, realisties en openlik geskryf moet wees om my voor te berei op die volwasse lewe

1

Nee, ek dink dit is onnodig dat tienerfiksie eerlik, realisties en openlik moet wees aangesien dit my nie kan voorberei op die volwasse lewe nie

2

33. Het *Slinger-slinger* jou laat **dink** oor al die situasies waarin die hoofkarakters hulle bevind het, met ander woorde, het jy daaroor gedink en **besluit** hoe **jy** sou optree indien jy in hul skoene was?

- | | |
|--|---|
| Ja, ek het oor al die situasies gedink en besluit hoe ek daarin sal optree | 1 |
| Ja, ek het oor sommige van die situasies gedink en besluit hoe ek daarin sal optree | 2 |
| Nee, ek het oor geen van die situasies gedink nie | 3 |

34. Het jy ooit die gevoel gekry dat die skrywer "prekerig" skryf, met ander woorde, dat hy sy siening oor 'n saak aan jou wou opdwing?

- | | |
|---|---|
| Nee, die skrywer was nooit prekerig nie | 1 |
| Ja, die skrywer was soms prekerig | 2 |
| Ja, die skrywer was heeltyd prekerig | 3 |

Indien jy in vraag 34 "Ja" geantwoord het, waar het jy gevoel dat die skrywer "prekerig" geskryf het?

.....
.....
.....
.....
.....

--	--

36. Dink jy dat die skrywer daarin geslaag het om 'n realistiese beeld van tienerlewe voor te stel, met ander woorde, is tieners **oor die algemeen** soos wat hulle in *Slinger-slinger* beskryf word?

- | | |
|---------|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |
| Redelik | 3 |

37. Het jy van *Slinger-slinger* gehou?

- | | |
|---|---|
| Ja, van die hele boek | 1 |
| Ja, van dele van die boek | 2 |
| Nee, ek het glad nie van die boek gehou nie | 3 |

38. Sou jy graag meer boeke soos *Slinger-slinger* in **Afrikaans** wou lees, met ander woorde, sou jy graag meer **Afrikaanse** tienerfiksie wou lees wat openlik oor **alle aspekte** van tienerlewe handel?

- | | |
|-----|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

BAIE DANKIE VIR JOU TYD EN SAMEWERKING AAN HIERDIE STUDIE.

BIBLIOGRAFIE

ANON. 1996. Kaapse skrywer kry hoë lof. *Burger*:4, Nov. 9.

- ANON. 1998a. Storm bars los oor tonele in jeugboek voorgelê vir ATKV-kinderboektoekenning. *Volksblad*:3, Sept. 2.
- ANON. 1998b. Tienerboek maak opslae in KZN. *Vrydag*, 4(40):3, Okt. 8.
- ANON. 1998c. Skrywer hou nie van geslinter vir jonges. *Beeld*:15, Sept. 3.
- ATKINSON, J. 1988. The portrayal of parents in young adult fiction: authors have their say. *Journal of youth services in libraries*,1:310-320, Spring.
- BEAUFORT, A. 1998. Mag tiener dit nie in Afrikaans lees? *Burger*:14, Sept. 16.
- BJORN, I., LARSEN, S., OTTOSEN, A.M. & SOENDERGAARD, I. 1994. Anything goes: sex in Danish books for children and young people. *Bookbird*, 32(2):16-19, Summer.
- BLOEMHOF, F. 1997. Slinger-slinger. Kaapstad : Tafelberg.
- BREWIS, W.L.E. 1997. Science fiction in the public library: essence and selection. Pretoria : UNISA. (Thesis - D Litt. et Phil. (Inligtingkunde))
- BRINK, A.P. 1987. Vertelkunde : 'n inleiding tot die lees van verhalende tekste. Pretoria : Academica.
- BRYMAN, A. 1988. Quantity and quality in social research. London : Routledge.
- BURNER, J. 1989. All in the family: parents in teen fiction. *School library journal*, 35:42-43, Nov.
- CAMPBELL, P. 1996. The sand in the oyster. *Horn book magazine*, 72(6):776.
- CARLSEN, G.R. 1967. Books and the teen-age reader: a guide for teachers, librarians, and parents. New York : Harper & Row.
- CART, M. 1996. From romance to realism: 50 years of growth and change in young adult literature. New York : HarperCollins.

CART, M. 1999a. Carte blanche: the bleak goes on. *Booklist*, 96(2):248, September 15.

CART, M. 1999b. Saying no to stereotypes. *Booklist*, 95(19-20):1810-1811, June 1-15.

CHARBONNEAU, E. 1995. If you want to write a young adult novel ... *Writer*, 108(4):18 (3 p.) [In EBSCOHost : Academic Search Elite, Full Text : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 7 Jul. 2000].

CIUPAK, S.M. 1992. Are your YA novels politically correct? *Emergency librarian*, 19(5):9 (4 p.) [In EBSCOHost : Academic Search Elite, Full Text : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 7 Jul. 2000].

DE GALE, A. 1993. Writing for the teenage market. London : A & C Black.

DUIGAN, A. 1983. Adolescent behaviour in S.A. *Medical news tribune*, 1(3):10, Oct. 6.

DU PLESSIS, H. 2000. Die oorbrug van 'n generasiegaping: die volwasse jeugboekskrywer in gesprek met die jong leser. *Literator*, 21(2):51-62, Aug.

EHRIANDER, H. 1999. Recent trends in Swedish youth literature. *Bookbird*, 37(4):17-21.

EISELEN, U. 1993. Die seksuele in die Afrikaanse tienerboek: 'n leserkundige ondersoek. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – M.Bibl.)

ELLIOTT, M. 1996. Keeping in touch with teenagers and their reading. *Access*, 10(3):15-17, Aug.

EMANS, R. & PATYK, G. 1973. Why do high school students read? (In Meade, R.A. & Small, R.C., eds. Literature for adolescents: selection and use. Columbus, Oh. : Charles E. Merrill. p. 60-66.)

FARRELL, S. 1997. Sex: see also "Hornet's Nest". *School library journal*, 43(6):51, June.

- FENWICK, E. 1994. Writing for young people about sex. *Bookbird*, 32(2):6-9, Summer.
- FERGUSON, M. 2000. High times for SA teens. *Mail and guardian*:11, Aug. 25-31.
- FOURIE, E. 1998. Meningsverskille oor omstrede jeugboek. *Beeld*:15, Sept. 3.
- FOURIE, J.A. 1989. Die versamelingbouproses: 'n raamwerk. (In Bekker, J., Gericke, E.M. & Fourie, J.A. Biblioteekmedia- en gebruikerstudie: enigste studiegids vir BMG201-P. Inleiding tot Gebruikerstudie, met spesiale verwysing na die kind en adolessent as gebruikers. Pretoria : UNISA. p. 183-191.)
- FOURIE, J.A. 1989. Keuring van materiaal in die mediasentrum en kinderbiblioteek. (In Bekker, J., Gericke, E.M. & Fourie, J.A. Biblioteekmedia- en gebruikerstudie: enigste studiegids vir BMG201-P. Inleiding tot Gebruikerstudie, met spesiale verwysing na die kind en adolessent as gebruikers. Pretoria : UNISA. p. 208-238.)
- FOURIE, J.A. 1998. Reading motivation and the teenager. *Mousaion*, 16(1):15-34.
- GERICKE, E.M. 1994. Die rol van leserkunde in die bevordering van geletterdheid en lees. *Mousaion*, 12(2):111-132.
- GHESQUIERE, R. 1982. Het verschijnsel jeugdliteratuur. Leuven : Acco.
- GOVENDER, P. 1999. The secret lives of teens. *Sunday times*:5, Oct. 17.
- GRAMS, A. 1980. Understanding the adolescent reader. (In Lenz, M. & Mahood, R.M. Young adult literature: background and criticism. Chicago : American Library Association. p. 18-26.)
- HATT, F. 1976. The reading process: a framework for analysis and description. London : Bingley.
- HAVIGHURST, R.J. 1972. Developmental tasks and education. 3rd ed. New York : David McKay.

HENDRICKSON, L. 1994. Quenchable flames: expression and suppression of sexuality in three American novels for young adults. *Bookbird*, 32(2):20-24, Summer.

HOUGH, B. 1997. En nou ook 'n byderwetse hygverhaal vir die jeug! *Rapport*, 27(40):33, Nov. 2.

HYNDS, S.D. 1985. Interpersonal cognitive complexity and the literary response processes of adolescent readers. *Research in the teaching of english*, 19(4):386-402, Dec.

JANZEN VAN VUUREN, G. 1998. "Christelike" ATKV agter deur. *Beeld*:8, Sept. 5.

JENSEN, P. 2001. The lowdown on an Ecstasy high. *Cape argus*:10, Apr. 17.

KEURIS, M. 1992. Tyd in die literatuur. (*In* Cloete, T.T., red. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria : HAUM Literêr. p. 543-546.)

LEEDY, P.D. 1993. Practical research: planning and design. 5th ed. New York : MacMillan.

LE ROUX, M. 1986. Die trae tienerleser. *Klasgids*, 21(2):24-34, Apr.

LE ROUX, M. 1997. Tieners seks skaamteloos ontbloot, dissekteer. *Burger*:17, Okt. 15.

LOUW, E. 1998. Slinger-slinger deur vuurwarm seks. *Huisgenoot*, 66:136-137, Sept. 17.

LUKENS, R.J. & CLINE, R.K.J. 1995. A critical handbook of literature for young adults. New York : HarperCollins.

MALAN, M. 1999. Tieners soek grafiese beskrywings in boeke. *Die Burger*:4, Mei 17.

MARSHALL, M.R. 1975. Libraries and literature for teenagers. London : André Deutsch.

MARSHALL, M.R. 1988. An introduction to the world of children's books. 2nd ed. Aldershot : Gower.

MAUGHAN, S. 1999. Making the teen scene. *Publishers weekly*, 246(42):28-31, Oct. 18.

MILLARD, E. 1997. Differently literate: gender identity and the construction of the developing reader. *Gender and education*, 9(1):31-48, March.

MOKOENA, M. 1999. Let's talk about sex: seriously. *City press*:24, Sept. 5.

MONTEITH, J.L. de K. 1988. Adollessensie: 'n opvoedingsperspektief. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F., Scott, M. & Van der Westhuizen, G.J. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria : Academica. p. 9-28.)

MOORE, J.N. 1998. Street signs: semiotics, Romeo and Juliet, and young adult literature. *Theory into practice*, 37(3):211 (9 p.), Summer. [*In* EBSCOHost : Academic Search Elite, Full Text : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 7 Jul. 2000].

MUFWEBA, Y. 2000. Condoms not high on teenagers' list: pregnancies, HIV transmission increasing. *Cape argus*:4, Sept. 12.

MULLER, P. 1997. Wenboek 'oop' oor tienerseksualiteit. *Burger*:5, Aug. 21.

NEL, C. 1998. Lees is cool! *Taalgenoot*, 67(10):36, Okt.

NIEUWOUDT, S. 1999. Min oorspronklik en van gehalte verskyn. *Beeld, Kalender*:13, Sept. 16.

NICHOLAS, P. 1998. Jeugboek onttrek aan ATKV leeslys. *Burger*:3, Sept. 3.

NILSEN, A.P. 1994. That was then, this is now. *School libray journal*, 40(4):30-33, April.

NILSEN, A.P. & DONELSON, K.L. 1988. The new realism comes of age. *Journal of youth services in libraries*, 1(3):275-282, Spring.

NILSEN, A.P. & DONELSON, K.L. 1993. Literature for today's young adults. 4th ed. New York : HarperCollins.

OOSTHUIZEN, B.L. 1982. Keuring van biblioteekversamelings. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir biblioteek- en inligtingwese*, 50(2):64-69, Okt.

OOSTHUIZEN, B.L. 1992. Teksevaluering soos gedoen deur die keurder, die literator en die sensor. Johannesburg : RAU. (Proefskrif - DLitt. et Phil. (Biblioteekkunde)).

OOSTHUIZEN, B.L. 1994. Selection of fiction in the public library: a model of the decision-making process. *South African journal of library and information science*, 62(3):85-89.

OSGOOD, C.E., SUCI, G.J. & TANNENBAUM, P.H. 1957. The measurement of meaning. Urbana : University of Illinois Press.

POLESE, C. 1989. Sexual abuse: its place in childrens fiction. *School library journal*, 35(12):86-87, Aug.

POSTMA, F. 1988. Fisieke ontwikkeling. (*In* Monteith, J.L. de K., Postma, F., Scott, M. & Van der Westhuizen, G.J. Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent. Pretoria : Academica. p. 47-66.)

REID, S. & STRINGER, S. 1997. Ethical dilemmas in teaching problem novels: the psychological impact of troubling YA literature on adolescent readers in the classroom. *The ALAN review*, 24(2), Winter. [Web:] <http://borg.lib.vt.edu/ejournals/ALAN/winter97/w97-05-Reid.html> [Datum van gebruik: 20 Des. 2000].

REYNOLDS, K. 1993. Consuming fictions: a healthy diet for young readers? Contemporary trends in juvenile publishing and children's reading habits. *Early child development and care*, 84:49-58.

RIDYARD, J. 1999. Teen addicts. *Citizen*:24, Apr. 22.

SAMUELS, B.G. 1989. Young adults' choices: why do students "really like" particular books? *Journal of reading*, 32(8):714-719, May.

SARANTAKOS, S. 1998. Social research. 2nd ed. South Yarra : MacMillan Education Australia.

SAS System for Windows Release 8(2000). SAS Institute, Cary, NC, USA.

SCHMIDT-DUMONT, G. 1994. Poetic encryption and "sex scrubbed clean": a report from Germany. *Bookbird*, 32(2):10-15, Summer.

SEBESTYEN, Q. 1995. What's the good word? *Horn book magazine*, 71(6):723 (4 p.). [In EBSCOHost : Academic Search Elite, Full Text : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 7 Jul. 2000].

SLAYTON, P. & VOGEL, B. 1986. People without faces: adolescent homosexuality and literature. *English in education*, 20(1):5-13, Spring.

SMALL, R.C. 1992. The literary value of the young adult novel. *Journal of youth services in libraries*, 5(3):277-285, Spring.

SNYMAN, M. 1994. Die Afrikaanse jeugliteratuur: 'n herbesinning. *Tydskrif vir letterkunde*, 32(3):39-53, Aug.

SNYMAN, M. 1998. Luister na Bob Dylan, en gee pad as jy nie kan help. *Beeld*:8, Sept. 5.

SNYMAN, M. 2001. My kind seksueel aktief? *Rooi rose*, 59(2):88-90, Feb.

SPAARWATER, P. 1998. Preutsheid is gesonde openheid se grootste vyand. *Burger*:11, Sept. 12.

SPENCER, P. 1990. Winners in their own right. *School library journal*, 36(7):23-27, July.

SPENCER, P. 1992. Winners in their own right. Part II. *School library journal*, 38(3):163-167, March.

SPILLER, D. 1991. Book selection: principles and practice. 5th ed. London : Bingley.

SPITZ, D. 1999. Reads like teen spirit. *Time*, 154(3):79 (1p), July 19. [In EBSCOHost : Academic Search Elite, Full Text : <http://www-sa.ebsco.com>] [Datum van gebruik : 6 Jun. 2000].

STEENBERG, E. 1988. Primêre behoeftes van tieners waarin hul boeke voorsien. (In Cilliers, I., ed. Towards understanding: children's literature for Southern Africa. Cape Town : Maskew Miller Longman. p. 167-172.)

STEYN, H.S. 1999. Praktiese beduidenheid: die gebruik van effekgroottes. Potchefstroom : PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes, Reeks B: Natuurwetenskappe, nr. 117.)

STUCKY, C. 1999. There's a need for programmes specifically for adolescents. *Sunday independent*:1, Mar. 7.

SUTTON, R. 1982. The critical myth: realistic YA novels. *School library journal*, 29(3):33-35, Nov.

THOM, D.P. 1990. Adolessensie. (In Louw, D.A., red. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM-Tersiêr. p. 393-467.)

TRUTER, S. 1999. Francois Bloemhof: kop vol idees. *Sarie*, 50:26-28, Feb. 10.

VAN DER MERWE, H. 1996. Die navorsingsproses: probleemstelling en navorsingsontwerp. (In Garbers, J.G., red. Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing: navorsingsbestuur vir navorsers, studieleiers en M- en D-kandidate. Pretoria : Van Schaik. p. 285-300.)

VAN DER WESTHUIZEN, B. 1989. Jeugprosa: die ontbrekende skakel. *Klasgids*, 24(2):3-18, Mei.

VAN ZYL, I. 1988. Kinderliteratuur of -letterkunde?: 'n grensafbakening. *Klasgids*, 23(2):3-14, Mei.

VAN ZYL, I. 1990. Jeugdige se leesvoorkeure: 'n ondersoek. *Facets*, 9(1):8-19, July.

VISSER, B. 1995. Tienerliteratuur: 'n teken van ons tyd. *Kaapse bibliotekaris*, 39(6):8-11, Junie/Julie.

VISSER, D.J. 1998. Red letterkunde van dié "roes". *Burger*:8, Sept. 7.

VOLD, K.B. 1999. "Golden ages" at the turns of a century: Norwegian writing for children and young people. *Bookbird*, 37(4):22-27.

WALKER, K. & BAUER, M.D. 1994. The gay/lesbian connection: two authors talk about their books. *Bookbird*, 32(2):25-30, Summer.

WESTIN, B. 1996. Children's literature in Sweden. 2nd ed. Falköping : Elanders Gummessons.

WICKS, J. 1995. Patterns of reading among teenage boys: the reading habits and book preferences of 13-15-year-old boys. *New library world*, 96(5):10-16. [In MCB Emerald Online : <http://www.emerald-library.com/>] [Datum van gebruik: 6 Jun. 2000].

WIEHAHN, R. 1991. Kinder- en jeugboeke: volwaardige literatuur? *Klasgids*, 26(3):6-16, Aug.

WOODGATE, S. 2000. Reaching out to the youth of South Africa. *Star*:18, Feb. 15.

ZINDEL, P. 1979. Words into life. (In Kennerley, P., ed. Teenage reading. London : Ward Lock Educational. p. 43-48.)